

**'N ALLEDAAGSE ANDERSHEID: 'N ONDERSOEK NA LAUREN BEUKES SE *ZOO CITY*
AS VOORBEELD VAN HETEROTOPIESE LITERATUUR, MET VERWYSING NA
ANIMAL'S PEOPLE DEUR INDRA SINHA**

EN

IKABOD

ALETTA JACOBA VAN DEN HEEVER



Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Kreatiewe Afrikaanse Skryfkunde in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch

STUDIELEIERS: PROF. MARLENE VAN NIEKERK EN DR. WILLEM ANKER

Maart 2016

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2016

Kopiereg © 2016 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

SUMMARY

In the first part of this thesis Foucault's concept of heterotopia is used to investigate the difference between narrative complexity and complexity itself. Lauren Beukes's novel *Zoo City* is analyzed within the framework of heterotopic literature. The question is asked whether the novel illustrates the "liberated imagination" Gerald Gaylard refers to – "[an imagination that] can lay the foundations for the resolution of many a complex and sensitive post-colonial tribulation Africa must wrest with" (Wertlen, 2011:16) – or whether Beukes's *Zoo City* is rather – as Corrigan (2013:18) suggests about *The Shining Girls* (2013) – a "cop-out; [alleviating] the need to negotiate the sometimes irreconcilable socio-political issues of our times".

In comparison I discuss Indra Sinha's *Animal's People* as an example of heterotopic literature. With this analysis I want to show what the difference is between a novel in which heterotopic spaces and aspects can be found and a novel which constitutes a critical-ethical heterotopia in itself.

The second part of the thesis is a novel titled *Ikabod*. In the novel issues around conservation, decline, and the economy and politics of survival are investigated.

OPSOMMING

In die eerste gedeelte van die tesis gebruik ek Foucault se begrip ‘heterotopie’ as ’n instrument om die verskil tussen literatuur wat op ’n narratiewe vlak kompleks is en literatuur wat ’n dieperliggende kompleksiteit openbaar, te ondersoek. Lauren Beukes se *Zoo City* (2010) word binne die raamwerk van heterotopiese literatuur ontleed. Die vraag word gevra of die roman die ‘bevryde verbeelding’ waarna Gerald Gaylard verwys – “[an imagination that] can lay the foundations for the resolution of many a complex and sensitive post-colonial tribulation Africa must wrest with” (Wertlen, 2011:16) – openbaar, en of Beukes se spekulatiewe fiksie in die geval van *Zoo City* ’n ontvlugtingsopsie is, “[alleviating] the need to negotiate the sometimes irreconcilable socio-political issues of our times” (Corrigall, 2013:18)?

Ter vergelyking bespreek ek Indra Sinha se *Animal’s People* as voorbeeld van heterotopiese literatuur. Sodoende wil ek aandui wat die verskil is tussen ’n roman waarin heterotopiese ruimtes en aspekte voorkom en ’n roman wat op sigself ’n krities-etiese heterotopie konstitueer.

Die tweede gedeelte van die tesis is ’n roman getiteld *Ikabod*. Hierin word kwessies rondom bewaring, verval, en die ekonomie en politiek van oorlewing ondersoek.

ERKENNINGS

My dank aan my studieleiers, Professor Marlene van Niekerk en Dokter Willem Anker.

Dank ook aan familie en vriende vir hulle ondersteuning. Spesiaal dankie aan my ouers wie se ondersteuning en hulp nie in 'n sin opgesom kan word nie en my telkens nederig maak. Baie dankie aan Ricko Kellerman vir sy moeite met Meconium se kaart; ook dat hy my van my voetspoor op hierdie aarde bewus gemaak het en met geduld luister na alles wat ek oor lukrake onderwerpe opdiep.

INHOUD

'n Alledaagse andersheid: 'n Onderzoek na Lauren Beukes se *Zoo City* as voorbeeld van heterotopiese literatuur, met verwysing na *Animal's People* deur Indra Sinha, bl. 7.

Ikabod, bl. 108.

'N ALLEDAAGSE ANDERSHEID: 'N ONDERSOEK NA LAUREN BEUKES SE *ZOO CITY* AS
VOORBEELD VAN HETEROTOPIESE LITERATUUR, MET VERWYSING NA *ANIMAL'S
PEOPLE* DEUR INDRA SINHA

A.J. VAN DEN HEEVER

AKADEMIESE OPSTEL VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A. (KREATIEWE AFRIKAANSE SKRYFKUNDE)

INHOUDSOPGAWE

1.	Hoofstuk 1: Inleiding – Heterotopie as instrument om die kompleksiteit en/of oppervlakkigheid van die ‘bevryde verbeelding’ te ondersoek	11
2.	Hoofstuk 2: Foucault se tekstuele en geografiese heterotopieë en verdere nadenke daaroor met besondere verwysing na die letterkunde	
	1. Inleidend	14
	2. Terminologiese verheldering: Ruimte, plek, terrein	17
	3. Heterotopieë by Foucault	19
	3.1 <i>The Order of Things</i>	19
	3.2. “Of Other Spaces”	20
	3.2.1 Heterotopie in “Of Other Spaces”	20
	3.2.2 Beginsels van heterotopologie	22
	3.2.3 Kritiek op “Of Other Spaces”	26
	4. Verdere nadenke oor die toeëiening en toepassing van die konsep van heterotopie	30
	4.1 Heterotopie as ruimte van verset?	31
	4.2 Heterotopie en (voorlopige) orde(ning)	32
	4.2.1 Hetherington en sy “Badlands of Modernity”	32
	4.2.2 Dumm en die uitdrukking van oorskryding	33
	4.2.3 Topinka en die leesbaarheid van orde	34
	5. Gevolgtrekking	36
	6. Heterotopiese literatuur	37
	6.1 ’n Oorsig van die bestaande gebruik van die term	37
	6.2 ’n Eie begrip van heterotopiese literatuur	43

3.	Hoofstuk 3: <i>Zoo City</i> as voorbeeld van heterotopiese literatuur	
1.	Dieretuine as geografiese heterotopieë en manifestasie van ’n kontinuïteitsgaping in Westerse epistemologie – ’n geskiedkundige oorsig	48
2.	Die heterotopiese lae van Lauren Beukes se “zoos”	52
3.	<i>Zoo City</i> : Heterotopiese ruimtes en vlakke	57
3.1	<i>Zoo City</i>	58
3.2	Heterotopiese aspekte van ander prominente geografiese ruimtes in <i>Zoo City</i>	64
3.2.1	<i>Gated Communities</i>	64
3.2.2	Die rehabilitasiesentrum	65
3.2.3	Die Nie-Hawe	67
3.2.4	Die stormwaterdreine	69
3.3	Die magiese sfeer	71
3.4	Virtuele ruimte: die internet	72
4.	Teks en taal – Bloot verbeeldingryk of ook heterotopies?	73
4.1	Taalgebruik	74
4.2	Vormgewing	74
5.	Gevolgtrekking	76
4.	Hoofstuk 4: <i>Animal’s People</i> (2007) as krities-etiese heterotopie	78
1.	Enkele opmerkings oor die agtergrond waarteen <i>Animal’s People</i> afspeel	79
2.	Gronde vir vergelyking: Enkele ooreenkomste tussen <i>Animal’s People</i> en <i>Zoo City</i> wat betref genre en temas	80
3.	Die heterotopiese lae van <i>Animal</i>	81

4. Die heterotopiese ruimtes in <i>Animal's People</i> : Khaufpur en sy “slums of shit and plastic”	87
5. Jamisponding: Taalgebruik, vormgewing en heterotopiese aspekte rakende die tema van taal en letterkunde	91
6. Gevolgtrekking: 'n Alternatiewe ordening van die kantlyne	96
5. Hoofstuk 5: Gevolgtrekking	98
6. Bronnelys	101

HOOFSTUK 1

Inleiding

Lauren Beukes is in 2013 as Suid-Afrika se “hottest current writer in world terms” (De Kock, 2013) en een van die jong Suid-Afrikaanse skrywers “wired to a global idiom” (Jamal, 2013) beskryf. Die mate waarin Beukes daarin slaag om met ’n internasionale mark in gesprek te tree, is duidelik uit die sukses en positiewe ontvangs van veral haar laaste drie romans: *Zoo City* (2010), *The Shining Girls* (2013) en *Broken Monsters* (2014). Vir eersgenoemde het sy die gesogte Arthur C. Clarke-toekenning vir wetenskapsfiksie in 2011 ontvang en gevolglik toenemende aandag in die plaaslike, asook die internasionale media geniet. *The Shining Girls* het op die kortlys vir die Crime Writer’s Association se Goldsboro Gold Dagger verskyn (Van der Leek, 2013:20) en die Universiteit van Johannesburg se letterkundeprys ontvang (laurenbeukes.com). Boonop is die filmregte vir laasgenoemde roman deur MRC en Leonardo DiCaprio se Appian Way bekom (Van der Leek, 2013:20). Soos *The Shining Girls* – wat onder andere goeie resensies in *The New York Times* en *The Guardian* gekry het (Van der Leek, 2013:20) – het *Broken Monsters* met die aanvang van Beukes se boekbekendstellingstoer in September 2014 in die VSA reeds publisiteit in verskeie bekende Amerikaanse publikasies ontvang (vergelyk skakels beskikbaar by laurenbeukes.com). Boonop kon sy dit met ’n twiet van Stephen King (@StephenKing, 7 Augustus 2014) bemark: “Broken Monsters, by Lauren Beukes: Scary as hell and hypnotic. I couldn’t put it down. Next month. I’d grab it, if I were you.” Aan die einde van die toer het Beukes op Twitter bekendgemaak dat ’n ooreenkoms vir die filmregte vir *Broken Monsters* in die pyplyn is (laurenbeukes.com).

Beukes as “literêre rockster” (Viktor, 2013:14) het reeds met haar eerste roman, *Moxyland* (2008), van alternatiewe bemerking gebruik gemaak: ’n klankbaan, asook speelgoed, is na aanleiding van die roman vervaardig (Haw, 2013:9). Toe sy die Clarke-toekenning ontvang het, het Beukes haar uitrusting

afgerond met 'n verwysing na die beskermdier van haar hoofkarakter in *Zoo City*, Sloth: sy het 'n luidier-serp gedra (Haw, 2013:9). Die musikant Nechama Brodie se enkelsnit, Cold, is deur *The Shining Girls* geïnspireer en Beukes het in samewerking met Jacki Lang 'n kunsuitstalling gereël waarin 50 kunstenaars 'n uitgeskeurde bladsy uit *The Shining Girls* gekry het wat as inspirasie tot 'n kunswerk moes dien. Die uitstalling was egter nie bloot 'n bemerkingsfoefie nie, maar 'n fondsinsameling vir die Rape Crisis Cape Town Trust (Maditla, 2013:11). Die feit dat Beukes in die laaste paar jaar 'n literêre 'celebrity' geword het, kan verder toegeskryf word aan die doeltreffende wyse waarop sy sosiale media en haar eie webtuiste aanwend om haar eie, asook ander plaaslike skrywers se werk te bemark.

Beukes se sukses as skrywer en as 'literêre rockster' is dus nie te betwyfel nie. Mahala (2014:15) skryf dat Beukes haar in 'n elite kategorie van wêreldliteratuur bevind omdat sy die vermoë het om verskillende kulture en geografiese grense te transendeer. Ook De Kock en Jamal is dit eens dat Beukes se sukses deels daarin geleë is dat sy in 'n 'postnasionale' wêreld (De Kock, 2013 se term) die beperkende grense van nasionale identiteit oorskry (Jamal, 2013).

Wertlen (2011:16), in 'n resensie oor Beukes se *Zoo City*, het dit spesifiek oor die Afrika-konteks, maar verwys ook na die bevrydende aspek van Beukes se werk wanneer sy skryf: "Beukes clearly illustrates 'the liberated imagination' that the acclaimed academic, Gerald Gaylard, argues can lay the foundations for the resolution of many a complex and sensitive post-colonial tribulation Africa must wrest with."

Is die 'bevryde verbeelding' wat in *Zoo City* gemanifesteer word die 'bevryde verbeelding' waarna die 'postnasionale' psige skynbaar smag? Of is daar werklik ook sprake van Gaylard se 'bevryde

verbeelding’ wat nie terugdeins vir of ontsnap aan ’n spesifieke en ingewikkelde konteks nie? Anders gestel is die vraag wat ek in hierdie opstel wil vra of *Zoo City* die kompleksiteite van ons samelewing ‘oopskryf’ en of dit – in Corrigan (2013:18) se woorde oor *The Shining Girls* – ’n “copout” is; “[alleviating] the need to negotiate the sometimes irreconcilable socio-political issues of our times”.¹ Corrigan vra of *The Shining Girls* nie bloot ’n rondskuif van die (oppervlakkige) oppervlak van die narratief is nie. Sy maak verder twee belangrike stellings: eerstens sê sy dat dit ’n fout sal wees om narratiewe kompleksiteit aan kompleksiteit self gelyk te stel; tweedens sê sy dat die distopiese perspektief in die roman geen ideologiese openbarings/ontdekkings aanbied nie (Corrigan 2013:18).

In hierdie opstel wil ek die begrip ‘heterotopie’ as ’n instrument gebruik om die verskil tussen literatuur wat op ’n narratiewe vlak kompleks is en literatuur wat ’n dieperliggende kompleksiteit openbaar, verder te ondersoek. Ek begin deur die geskiedenis van die begrip ‘heterotopie’ na te spoor en te kyk na die wyse waarop teoretici en kritici die term toepas. Daarna sal die kwessie van heterotopiese literatuur aan bod kom. My eie begrip van wat ’n heterotopiese teks konstitueer en in watter mate ’n teks op sigself as ’n heterotopie kan funksioneer, sal die bespreking van Lauren Beukes se roman, *Zoo City* (2010), rig. Ter vergelyking en in minder detail sal daar na nog ’n roman, *Animal’s People* (2007) deur Indra Sinha, verwys word om sodoende aan te dui hoe heterotopiese tekste verskillende funksies kan vervul wat betref die uitbeelding van heterotopieë en ook die konstituering van heterotopieë op die vlak van vorm, styl en/of inhoud. Op grond van hierdie vergelyking en die analise van *Zoo City* as heterotopiese roman, sal ek die vraag of Beukes se spekulatiewe fiksie in die geval van *Zoo City* ’n ontvlugtingsopsie in die hantering van dikwels onversoembare sosio-politiese kwessies is, beantwoord.

¹ Corrigan vra hierdie vraag oor Beukes se keuse om *The Shining Girls* in Chicago te plaas. Ek gebruik dus ’n bietjie vryheid deur die konteks van die aanhaling aan te pas.

HOOFSTUK 2

Foucault se tekstuele en geografiese heterotopieë en verdere nadenke daaroor met besondere verwysing na die letterkunde

1. Inleidend

In die artikel, ‘Mapping Power: Cartography and Contemporary Cultural Theory’, wys Elizabeth Ferrier (1990:36) op die kwynende invloed van die Cartesiaanse ruimtelike orde op postindustriële denke en hoe ’n groot rol ’n kritiek op hierdie ruimtelikheid binne die postmoderne estetika speel. Binne die Cartesiaanse ruimtelike orde word ruimtelikheid gesien in terme van tweeledige opposisies, hiërargieë en hegemonie (Ferrier, 1990:36). Dit roep assosiasies van onbeweeglikheid, doodsheid en ’n afkeer in dialektiek op (Soja, 1989:7). Die vorme wat die kritiek op Cartesiaanse ruimtelikheid aanneem en die pogings om dit te vervang, is divers en uiteenlopend (Genocchio, 1995:35). Tog is daar volgens Genocchio (1995:36) ’n raakpunt tussen die teoretici wat hulleself van die epog van Cartesiaanse ruimtelikheid wil distansieer naamlik, “a collective desire to promote new forms of conceiving social space in an attempt to account for an eclectic occupation and engagement with an increasingly segregated, oppressively functionalist and electronically monitored everyday reality.” Binne hierdie kritiese posisies wat gedefinieer word in terme van ’n ruimtelike orde wat in die eerste plek gekarakteriseer word deur hibriditeit, kan daar volgens Genocchio (1995:35-36) twee hoofkategorieë geïdentifiseer word: aan die een kant is daar teoretici wat saam met Jean Baudrillard slegs uitsigloosheid in ’n oneindige simulering van die ‘werklikheid’ verwag; aan die ander kant is daar teoretici (hier noem hy Foucault, Bourdieu, De Certeau, Deleuze en Guattari) wat gewag maak van verskuilde, maar tog reële moontlikhede vir aktiewe en konstruktiewe ingryping.

Die verskillende teorieë oor ons heterogene sosiale ruimte bevat dikwels konsepte wat poog om met behulp van die Ander en andersheid in te gryp en die logosentrisme van die Westerse metafisika

sodoende omver te werp. Voorbeelde hiervan is Bhabha se “third space”, liminaliteit en liminale ruimtes (vgl. Hetherington, 1997:4) en in sekere opsigte ook Augé se “non-places” (*Non-places: Introduction to an Anthropology of Supermodernity*, 1995). In die algemeen word daar ook na hierdie ruimtes as ‘marginale’ of ‘paradoksale’ ruimtes verwys (Hetherington, 1997:41). Die konsep waarop ek wil fokus, is Foucault se heterotopieë, of absoluut Ander ruimtes.

Die woord ‘heterotopie’ is ’n samestelling van twee Griekse woorde: ἕτερος (héteros) wat ‘ander’, maar ook ‘verskillend’ kan beteken, en τόπος (tópos) wat ‘plek’, in Latyn ‘locus’, kan beteken, maar ook ‘posisie’ en ‘passasie, uittreksel, gedeelte’ uit ’n skrywer se werk. (*An Intermediate Greek-English Lexicon*, 1972, s.v. ‘héteros’ en ‘tópos’)

Lefebvre gebruik die term onder andere in *The Urban Revolution* (1970). Hierin word heterotopie gestel teenoor die homogeniteit van isotopie (waar ‘iso-’ ‘dieselfde’ of ‘eenders’ beteken) – ’n ruimte wat deur beplanning en die onderdrukking van simbole, inligting en spel gekenmerk word. ’n Utopiese stedelike dimensie kom te voorskyn uit die dialektiek tussen heterotopie en isotopie deur die versoening van verskil (“by uniting difference”). (Johnson, 2006:83-84) Foucault se heterotopieë het op die oog af meer in gemeen met Lefebvre se utopiese ruimtes as met sy gebruik van heterotopie – sprekend van hoe die term in die teoretisering oor ruimte op verskillende maniere en met verskillende doeleindes in gedagte, gebruik is en word. Foucault is egter die mees prominente in die gebruik van hierdie konsep (Hetherington, 1997:8) en in onlangse interpretasies word daar sonder uitsondering in ’n meerdere of mindere mate na sy beskrywing en uiteensetting van heterotopieë verwys (sien onder andere Dehaene & De Cauter, 2008; Hetherington, 1997; Johnson, 2006, 2012; Marks, 1995; Topinka, 2010).

In 1966 het Foucault in sowel sy boek, *Les Mots et les choses* [*The Order of Things*] (1966), en 'n radiolesing, "Les Hétérotopies" (Boyer, 2008:53), na die konsep van heterotopie verwys. Na aanleiding van laasgenoemde is Foucault in 1967 deur 'n groep argitekte genooi om 'n lesing oor die studie van ruimte te lewer waarin hy die konsep van heterotopie in meer detail uitgewerk het. Foucault was blykbaar lugtig om die lesing te publiseer (Johnson, 2006:76), maar kort voor sy dood, in 1984, verskyn die lesingnotas wel as 'n artikel, 'Des espaces autres. Une conférence inédite de Michel Foucault', in die Franse joernaal *Architecture, Mouvement, Continuité* (De Caüter & Dehaene, 2008:13). In 1986 het 'n Engelse vertaling deur Jay Miskowiec in die tydskrif, *Diacritics*, as "Of Other Spaces" verskyn. In hierdie opstel word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van laasgenoemde vertaling, behalwe waar daar spesifiek na die vertaling deur De Caüter & Dehaene (2008:13-28) verwys word.

In *The Order of Things* is Foucault geïnteresseerd in die heterotopiese karakter van taal en die wyse waarop 'n tekstuele diskoers versteur kan word wanneer die verwagte reëls en konvensies nie gevolg word nie. In "Of Other Spaces" bring hy heterotopie in verband met spesifieke sosiale ruimtes waarvan die sosiale betekenis nie inpas binne sekere geografiese verhoudings nie, maar dit versteur. (Hetherington, 1997:8) Die twee verskillende uiteensettings van heterotopieë wat Foucault in *The Order of Things* en "Of Other Spaces" gee, lei tot uiteenlopende interpretasies en toepassings. Alhoewel daar meestal gefokus word op heterotopie soos beskryf in "Of Other Spaces", probeer talle denkers ook om die twee uiteensettings in een definisie saam te vat. Een van hierdie samevattende definisies kom van Hetherington. Hy gee een van die mees volledige beskrywings van heterotopie in sy *The Badlands of Modernity: Heterotopia and Social Ordering* (1997) en beskryf heterotopieë as volg: "[S]ites of contrast whose existence sets up unsettling juxtapositions of incommensurate things within either the body of society or within a text" (Hetherington, 1997:8). Ons sou kon praat van geografiese

en tekstuele heterotopieë. Hetherington (1997:43) som wat hy as die belangrikste kenmerk van 'n heterotopie by Foucault beskou, as volg op:

[A]s sites – and these can be textual sites just as much as geographical ones – they bring together heterogeneous collections of unusual things without allowing them a unity or order established through resemblance. Instead, their ordering is derived from a process of similitude which produces, in an almost magical, uncertain space, monstrous combinations that unsettle the flow of discourse.

Voordat ek oorgaan tot 'n bespreking van Foucault se beskrywing van heterotopie in beide bronne, die kritiek daarop en die wyse waarop verskillende denkers – dikwels met ideologies-gedrewe motiewe – die konsep toegeëien en aangepas het, wil ek ter wille van duidelikheid enkele opmerkings maak aangaande die wyse waarop sekere terme gebruik word.

2. Terminologiese verheldering: Ruimte, plek, terrein

In 'n gesprek oor enige woord wat “tópos” as stam het, is dit onvermydelik om woorde soos “ruimte”, “plek” en “terrein” te gebruik. Binne die studieveld van die geografie lei die onderskeid tussen ruimte en plek steeds tot debat, 'n debat waarin die een begrip dikwels voorkeur kry of waarin 'n opheffing van die onderskeid bepleit word.² In my navorsing oor heterotopieë het ek egter nooit afgekom op 'n problematisering van hierdie begrippe nie en ek gaan gevolglik nie 'n onnodig gedetailleerde uitleg gee nie. Terwyl daar, veral in die spreektaal, in 'n groot mate oorvleueling tussen hierdie terme bestaan, is dit belangrik om hier die verskille aan te dui, veral in soverre Foucault dit gebruik. Daar moet in gedagte gehou word dat “Of Other Spaces” oorspronklik lesingnotas was en dat konsekwentheid in die gebruik van hierdie geografiese terme daarom nie so vanselfsprekend is soos by die lees van Foucault se meer afgeronde werk nie.

² Vir 'n uiteensetting van die debat, sien Wainwright & Barnes, 2009.

Foucault gebruik die begrip “space” (*l’espace*), wat ek met ‘ruimte’ vertaal, as omvattende begrip en onderskei tussen “internal space” en “external space” (Foucault, 1986:23). Laasgenoemde definieer hy as die ruimte waarbinne ons lewe. In sy bespreking van hierdie uiterlike ruimtes verwys hy na verskillende “sites” (*emplacements*)³ wat ek met ‘terreine’ vertaal: “The site is defined by relations of proximity between points or elements; formally, we can describe these relations as series, trees, or grids” (Foucault, 1986:23). Volgens Foucault word die ruimte waarbinne ons lewe in die huidige era deur die verhoudings tussen terreine gekonstitueer (Foucault, 1986:23). Hy verwys onder andere na terreine van vervoer en terreine van tydelike ontspanning (Foucault, 1986:23-24). Die terreine waarin Foucault egter die meeste belangstel, verdeel hy in twee groepe: utopieë en heterotopieë. Eersgenoemde is terreine wat nie ooreenstem met werklike plekke nie terwyl laasgenoemde wel uit werklike plekke bestaan. (Foucault, 1986:24) Terreine is dus nie noodwendig geografiese plekke nie.

Waar ‘ruimte’ binne die literatuurteorie gesien word as ‘plek’ soos ervaar of geïnterpreteer deur ’n karakter of verteller, is die onderskeid soos verwoord deur Yi-Fu Tuan (in Wainwright & Barnes, 2009:968) meer algemeen in die debat binne die geografie: “What begins as undifferentiated space, becomes place as we get to know it better and endow it with human value.”⁴ Foucault se gebruik van ‘plek’ en ‘ruimte’ is nie so netjies afgebaken nie en herinner eerder aan die gebruik daarvan in die spreektaal. Foucault sê dat die geskiedenis van ruimte in die Middeleeue deur ’n hiërargiese versameling van plekke gekenmerk is: “sacred places and profane places, protected places and open, exposed places; urban places and rural places (all these concern the real lives of men)” (Foucault, 1986:22). Verder praat hy byvoorbeeld van die begraafplaas as “a place unlike ordinary cultural

³ In ’n vertaling van “Of Other Spaces” deur De Cauter & Dehaene merk hulle op dat die Franse woord *emplacement* beide “site” en “location” kan beteken (De Cauter & Dehaene, 2008:23) . Hulle kies daarom om Foucault se *emplacement* met “emplacement” in plaas van “site” te vertaal, maar praat tog van die “space of localization” (De Cauter & Dehaene, 2008:15) waar die oorspronklike vertaling na die “space of emplacement” verwys (Foucault, 1986:22-23).

⁴ Die gebruik van die woord “undifferentiated space” verraai Yi-Fu Tuan se vooroordeel teen ruimte binne die ruimte-plek onderskeid (soos ook bespreek deur Wainwright & Barnes, 2009:968). Ek wil egter nie in hierdie debat betrokke raak nie.

spaces” en die “sacred space of the church” (Foucault, 1986:25). Hy sê ook: “The heterotopia is capable of juxtaposing in a single real place several spaces, several sites that are in themselves incompatible” (Foucault, 1986:25). Myns insiens maak dit dus sin om Foucault se gebruik van ‘plek’ as lokaliteit te verstaan, maar om te sê dat hy ‘ruimte’ as ‘ongeïnterpreteerd’ of ‘leeg van menslike waarde’ sien, sou onakkuraat wees. ‘Ruimte’ is wel meer oorkoepelend, minder spesifiek en kan nie noodwendig fisies aangedui word nie.

3. Heterotopieë by Foucault

3.1 *The Order of Things*

In die voorwoord van *The Order of Things* is Foucault geïnteresseerd in die heterotopiese karakter van taal en die wyse waarop ’n tekstuele diskoers versteur kan word wanneer die verwagte reëls en konvensies nie gevolg word nie (Hetherington, 1997:8). In die res van die boek ondersoek hy die “great checkerboard of distinct identities established against the confused, undefined, faceless” op grond waarvan die mens vanaf die Klassieke tot die moderne era klassifikasies maak (Foucault, 2002:xxi).

As voorbeeld van ’n tekstuele heterotopie verwys Foucault na ’n gedeelte uit Borges se werk waarin diere in ’n ‘sekere Chinese ensiklopedie’ onderverdeel word in onder andere “(a) belonging to the Emperor”, “(f) fabulous”, “(h) included in the present classification”, “(k) drawn with a very fine camelhair brush”, “(l) *et cetera*” (Foucault, 2002:xvi). Volgens Foucault versteur sodanige klassifikasie nie bloot ons gevestigde onderskeid tussen “Dieselfde” en die “Ander” nie, maar dreig dit ook om hierdie onderskeid ineen te laat stort (Foucault, 2002:xvi). Hy is oortuig daarvan dat die orde waarin hy geïnteresseerd is veral in die leë ruimtes van sisteme geleë is, in die afstand tussen dinge: “[I]t is only in the blank spaces of this grid that order manifests itself in depth as though already there” (Foucault, 2002:xxi). Dit is juis hierdie “leë ruimtes” of afstand tussen identiteite – noodsaaklik vir klassifikasie

en orde – wat in Borges se tekstuele heterotopie, gekenmerk deur oorvleueling, afwesig is. Vir Foucault lê die nut van hierdie soort heterotopie daarin dat dit ons die gemeenskaplike basis op grond waarvan ons dinge klassifiseer, laat bevraagteken (Foucault, 2002:xxi). Dit maak ons dus bewus daarvan dat nie net ons gebruik van ordeningsisteme nie, maar ook die sisteme self, nie vanselfsprekend is nie.

3.2 “Of Other Spaces”

3.2.1 Heterotopie in “Of Other Spaces”

In “Of Other Spaces” speel Foucault kartograaf van ruimtes van andersheid of geografiese heterotopieë. Hy is soms heel spesifiek in die identifisering van hierdie heterotopieë, soos byvoorbeeld in die geval van tronke en sielsiekegestigte; die wittebroodhotel en 19de eeuse kosskool. Talle kritici spreek hulle egter ook uit oor die vaagheid van en teenstrydighede in die artikel. Edward Soja (in Cenzatti, 2008:75) som sy gevoel oor die artikel as volg op: “Frustratingly incomplete, inconsistent, incoherent”. Volgens Topinka (2010:58) is Foucault se definisie van die konsep onsamehangend en lukraak, in so ’n mate dat dit moeilik is om ’n deeglike kritiese interpretasie van die onderwerp te waag. Volgens hom is dit die rede waarom verskeie kritici heterotopieë slegs in die verbygang definieer – met min verwysing na Foucault – en dit dan na willekeur toepas.

Ten spyte van die teenstrydigheid en onsamehangendheid van Foucault se heterotopie, hou die begrip aan om kritici se aandag te trek in wat Foucault voorspel het dalk die epog van ruimte sal wees. Hy begin “Of Other Spaces” deur te verwys na ’n paradigmaskuif wat hy vermoed reeds begin gebeur het:

The great obsession of the nineteenth century was, as we know, history: with its themes of development and of suspension, [...] themes of the ever-accumulating past, with its great preponderance of dead men and the menacing glaciation of the world [...] The present epoch will perhaps be above all the epoch of space. We are in the epoch of simultaneity: we are in the epoch of juxtaposition, the epoch of the near and far, of the side-by-side, of the dispersed (Foucault, 1986:22).

Foucault begin om ons begrip van ruimte te ontleed deur te wys hoe die konsep van heiligheid steeds hierdie begrip beïnvloed.⁵ Die opposisies wat ons ruimtelike bestaan organiseer – private teenoor publieke ruimtes, familieruimte teenoor sosiale ruimte, kulturele ruimte teenoor funksionele ruimte, die ruimte van ontspanning teenoor dié van werk – word volgens Foucault in stand gehou deur die verborge teenwoordigheid van die heilige. (Foucault, 1986:23)⁶

Die weifelende invloed van die heilige verander egter nie ons funksionering in die ruimte waarbinne ons leef nie. Foucault (1986:23) praat van die ruimte waarbinne ons leef as 'n ruimte wat ons uit onself trek, 'n ruimte waarbinne die verwerking van ons lewens, ons tyd en ons geskiedenis plaasvind, 'n ruimte wat aan ons klou en knaag. Hierdie ruimte is 'n heterogene ruimte. Foucault verduidelik laasgenoemde as volg:

We do not live inside a void that could be colored with diverse shades of light, we live inside a set of relations that delineates sites which are irreducible to one another and absolutely not superimposable on one another (Foucault, 1986:23).

Foucault is bewus daarvan dat 'n mens hierdie terreine sou kon beskryf deur die versameling van verhoudings wat hulle definieer, na te spur. Hy verwys hier onder andere na terreine van tydelike ontspanning (strande, kafees, bioskope) en terreine van rus (die huis, slaapkamer, bed). Hy is egter besonder geïnteresseerd in daardie terreine wat in verhouding staan met al die ander; verbind aan al die terreine, teenstrydig met almal. Foucault (1986:24) verduidelik die verbintenis as volg: “[These sites] have the curious property of being in relation with all the other sites, but in such a way as to suspect [suspend],⁷ neutralize, or invert the set of relations that they happen to designate, mirror, or reflect”.

⁵ Alhoewel Foucault nie omskryf wat hy met “heiligheid” bedoel nie, noem hy wel dat die opposisie tussen “sacred places and profane places” reeds sedert die Middeleeue hiërargiese ruimteverhoudings onderlê .

⁶ Teenoor hierdie Cartesiaanse orde met die onderliggende heiligheid sou Deleuze en Guattari se “holey space” geplaas kan word: ruimte as onderbroke, gekenmerk deur gapings en skeure (Ferrier, 1990:45).

⁷ In die oorspronklike Engelse vertaling is die werkwoord “suspendre” verkeerdelik as “to suspect” in plaas van “to suspend” vertaal (Purdy, 2005:30).

Hierdie terreine kan in twee tipes verdeel word: utopieë en heterotopieë. Die heterotopie word in die eerste plek beskryf deur dit in verband te bring met die utopie (’n skuif wat strook met Foucault se heterotopologie). Utopieë – wat ’n perfekte weergawe van die samelewing of ’n omvergewerpte samelewing voorstel – is fundamenteel onwerklike plekke. Hierteenoor word heterotopieë as volg beskryf:

[R]eal places – places that do exist and that are formed in the very founding of society – which are something like counter-sites, a kind of effectively enacted utopia in which the real sites, all the other real sites that can be found within the culture, are simultaneously represented, contested, and inverted. Places of this kind are outside all places, even though it may be possible to indicate their location in reality (Foucault, 1986:24).

Reeds in die beskrywing van heterotopie as “enacted utopia” word dit duidelik dat die een nie bloot die teenoorgestelde van die ander is nie. Hierdie ingewikkelde verhouding tussen utopieë en heterotopieë word met behulp van die spieël as volg verduidelik:

I believe that between utopias and these quite other sites, these heterotopias, there might be a sort of mixed, joint experience, which would be the mirror. The mirror is, after all, a utopia, since it is a placeless place. In the mirror, I see myself there where I am not [...] But it is also a heterotopia in so far as the mirror does exist in reality, where it exerts a sort of counteraction on the position that I occupy [...] The mirror functions as a heterotopia in this respect: it makes this place that I occupy at the moment when I look at myself in the glass at once absolutely real, connected with all the space that surrounds it, and absolutely unreal, since in order to be perceived it has to pass through this virtual point which is over there (Foucault, 1986:24).

3.2.2 Beginsels van heterotopologie

Foucault gaan dan voort om die beginsels van sy heterotopologie of studie van heterotopieë uiteen te sit.

Die eerste beginsel is dat daar binne alle kulture en samelewings heterotopieë bestaan. Alhoewel daar geen universele vorm van heterotopie te vind is nie, kan ’n mens tussen twee hoofkategorieë onderskei. Die krisisheterotopieë is veral kenmerkend van sogenaamd primitiewe samelewings. Hierdie ruimtes word gereserveer vir individue wat hulleself, in verhouding tot die samelewing, in ’n krisis bevind:

adolesente, swanger vrouens, bejaardes. Volgens Foucault is krisisheterotopieë – soos militêre diens vir jong mans en die wittebroodreis vir meisies – besig om te verdwyn en vervang te word met wat hy die heterotopieë van afwyking noem. Voorbeelde hiervan is tronke, sielsiekegestigte en ouetehuse. (Foucault, 1986: 24-25) Cenzatti (2008:76-77) verduidelik die verskillende wyses waarop die krisisheterotopieë en die heterotopieë van afwyking funksioneer deur te verwys na eersgenoemde as terreine vir oorgang tussen sosiale rolle; hierteenoor staan laasgenoemde: “They are for deviants, people who do not fit into the dominant social norm and, even if individually they may return to productive, normal, social roles, as a group they remain excluded from the working of society.”

Die tweede beginsel van heterotopologie is dat die funksie van ’n heterotopie binne ’n samelewing kan verander. So byvoorbeeld was begraafplase vir eeue lank deel van die heilige hart van ’n stad met ’n ereplek reg langs die kerk. In pas met ’n veranderende perspektief op die dood en siekte is die begraafplaas egter gedurende die 19de eeu na die buitewyke geskuif waar elke familie in ‘die ander stad’ ’n donker rusplek gehad het. (Foucault, 1986:25)

Die derde beginsel is dat heterotopieë in staat is om binne een reële plek verskeie ruimtes en terreine wat op sigself onversoenbaar is, naas mekaar te stel. As voorbeelde word die teaterverhoog, die filmteater, die Persiese tuin en tapyt genoem. Aan die hand van die Persiese tuin verduidelik Foucault in detail wat hy bedoel: Tradisioneel was dit ’n heilige ruimte wat veronderstel was om in sy reghoek die vier uithoeke van die wêreld uit te beeld en bymekaar te bring, met die nawel van die wêreld (die fontein en bad) in die middel – “The garden is the smallest parcel of the world and then it is the totality of the world.” (Foucault, 1986:25-26) De Cauter en Dehaene (2008:93) maak hierdie beginsel op die teater van toepassing. Die twee verskillende terreine is die werklike terrein van die gehoor en die

virtuele terrein van die toneel: “When the play begins, the virtual becomes real (and the real disappears); when the play is over, the reverse happens and we return to so-called reality.”

Volgens Foucault (1986:26) is heterotopieë meestal gekoppel aan grepe binne tyd, of heterochronieë – sy vierde beginsel: “The heterotopia begins to function at full capacity when men arrive at a sort of absolute break with their traditional time.” So byvoorbeeld is die begraafplaas ’n besonder heterotopiese plek omdat dit vir ’n individu met hierdie ingrypende heterochronie, die verlies van lewe, begin. Verder is daar heterotopieë wat deur die onbeperkte versameling van tyd gedefinieer word, soos museums en biblioteke. En daarteenoor heterotopieë wat gekoppel is aan tyd in sy vervlietendheid, aan tyd in die modus van die fees, bv. die pretpark en, in ’n mindere mate, die vakansiedorp. Oor heterotopieë se verhouding met tyd sê Dumm (1996:40):

[I]t usually intensifies certain chronological effects, by either serving as a repository for what might be called the products of time (museums and libraries, for instance) or as depositories of time itself (as in festivals, fairs, vacation villages, and other places that emphasize entertainment).

Die vyfde beginsel het te make met ’n veronderstelde sisteem van toegang en uitsluiting. Dit maak die heterotopie beide toeganklik en geïsoleerd. Toegang is óf verpligtend óf onderhewig aan rites en reinigingsrituele. Vir toegang het jy gewoonlik toestemming nodig of moet jy aan sekere toelatingsvereistes voldoen. (Foucault, 1986:26) Soja (1995:16) verduidelik die implikasies van hierdie beginsel as volg:

Here the heterotopia takes on the qualities of human territoriality, with its surveillance of presence and absence, its demarcation behaviors, its protective definition of the inside and the out. Implicit in this regulation of opening and closing are the working of power, of disciplinary technologies.

Foucault (1986:26) noem die voorbeelde van die *hammam* van die Turke en Skandinawiese sauna. Nog voor die hand liggende voorbeelde is die tronk en sielsiekegestig.

Die laaste beginsel van die heterotopologie is dat heterotopieë ’n funksie het ten opsigte van alle ander ruimtes. Hierdie funksie speel hom uit tussen twee uiterste pole:

Either their role is to create a space of illusion that exposes every real space, all the sites inside of which human life is partitioned, as still more illusory [...] Or else, on the contrary, their role is to create a space that is other, another real space, as perfect, as meticulous, as well arranged as ours is messy, ill constructed, and jumbled. This latter type would be the heterotopia, not of illusion, but of compensation (Foucault, 1986:27).

As voorbeeld van ’n heterotopie van illusie noem Foucault die bordeel, terwyl hy vermoed dat sekere kolonies – soos Jesuïtiese kolonies in Suid-Amerika waarin alle aspekte van bestaan gereguleer is – in ’n sekere mate as heterotopieë van kompensasie gefunksioneer het (Foucault, 1986:27). Dit is myns insiens op grond van hierdie beginsel dat verskeie denkers met Hetherington (1997:8) saamstem dat daar niks inherent heterotopies aan heterotopieë is nie: “Heterotopias do not exist in themselves” (1997:8); “they only exist in relation, that is, they are established by their difference in a relationship between sites rather than their Otherness deriving from a site itself” (Hetherington, 1997:43).

Een van die redes waarom Foucault se heterotopologie so los en vas toegepas word, is moontlik daarin geleë dat Foucault voorbeelde by elke beginsel noem, maar nie wys hoe al die beginsels tegelyktydig in ’n paar voorbeelde manifesteer nie. Dit sou ook nie altyd moontlik wees nie, omdat al die voorbeelde nie in dieselfde mate heterotopies is nie. Johnson (2006:78) is van mening dat elke heterotopie in ’n sekere mate met al die beginsels in verband gebring behoort te kan word, maar dat die versameling beginsels gesien moet word as ’n “diverse group of family resemblances”. Binne so ’n siening sou die suggestie dat sommige heterotopieë meer “fully functioning” of “highly heterotopic”⁸ is, sin maak (in Johnson, 2006:78). Foucault (1986:27) noem (as ’n nagedagte) die skip die heterotopie *par excellence*. Die skip was sedert die 16de eeu tegelykertyd die grootste instrument vir ekonomiese ontwikkeling én

⁸ Hierdie terme word in ’n nuwe vertaling van “Of Other Spaces”, “Different Spaces” (in Faubion, J. (red.) 1998. *Aesthetics: The Essential Works*, 2. Londen: Allen Lane) gebruik.

die grootste reserwe van verbeelding: dit bied avontuur in plaas van spioenering; seerowers in plaas van die polisie (Foucault 1986:27).

3.2.3 Kritiek op “Of Other Spaces”

Wanneer ’n mens na Foucault se lys van voorbeelde van geografiese heterotopieë kyk, kry jy ’n idee van die omvang van hierdie begrip. Bordele, kerke, hotelkamers, museums, biblioteke, tronke, sielsiekegestigte, Romeinse baddens, die Turkse *hammam*, die Skandinawiese sauna, die teaterverhoog, die Oosterse tuin en tapyt en die skip. Genocchio (1995:38) voeg nog by: kermisse, markte, rioolstelsels, pretparke en winkelsentrums (vgl. ook Muzzio & Muzzio-Rentas, 2008:139; Kathleen Kern, 2008:106). Hetherington (1997) fokus in detail op die Palais Royal tydens die Franse Rewolusie, die Vrymesselaarslosie en die fabriek (spesifiek in Brittanje gedurende die tweede helfte van die 18de eeu). Ook die vlugtelingskamp en toevlugsoord word deur Dehaene en De Cauter (2008:97) genoem, terwyl Setha Low (2008:162) ’n saak uitmaak vir “gated communities”⁹ as heterotopiese ruimtes. Sonder veel ironie word daar dan ook deur die redakteurs van *Heterotopia and the City* (2008) verklaar: “In our contemporary world heterotopia is everywhere. Museums, theme parks, malls, holiday resorts, wellness hotels, festival markets – the entire city is becoming ‘heterotopian’” (Dehaene & De Cauter, 2008:5). Johnson (2006:81) som die probleem goed op:

This open-ended and ambiguous analysis [verwysend na “Of Other Spaces”] has in turn provoked many conflicting interpretations and applications across a range of disciplines, particularly sociology, human geography and architecture. A dazzling variety of spaces have been explored as illustrations of heterotopia [...] As Ritter and Knaller-Vlay comment, the various uses are ‘not only contradictory and opposed to each other but also in some cases completely incomparable’.

⁹ Ek kies om “gated communities” nie te vertaal nie, omdat dit in die alledaagse gebruik sekere konnotasies het wat met “omheinde gemeenskappe” verlore gaan. Ek gaan dit vervolgens in skuinsdruk gebruik.

Hetherington (1997:41) probeer om die verskillende wyses waarop die term heterotopie (of die gewilde plaasvervangers: marginale ruimte, paradoksale ruimte of “third space”) in onlangse interpretasies gebruik is, uiteen te sit:

1. As terreine wat deur sosiaal oorskrydende praktyke as teenstrydig of paradoksaal opgestel word.
2. As terreine wat ambivalent en onseker is as gevolg van die veelvoudige sosiale betekenis wat daaraan verbind is; dikwels omdat die betekenis van die terrein verander het of omstrede is.
3. As terreine wat deur ’n aura van geheimsinnigheid, gevaar of oorskryding gekenmerk word.
4. As terreine wat deur absolute volmaaktheid gedefinieer word, omring deur ruimtes wat nie so duidelik gedefinieer kan word nie.
5. As terreine wat binne die dominante sosiale ruimte gemarginaliseer is.
6. Teenstrydige vorme van skrywing en teks wat diskursiewe stellings uitdaag en onmoontlik maak.

Gegewe hierdie uiteenlopende maniere van dink oor en gebruik van die begrip heterotopie, ontstaan die vraag of dit bloot ’n soort gonswoord is wat elkeen na goeddunke kan gebruik en misbruik. Genocchio (1995:39) formuleer die kritiek op hierdie wye gebruik van die term as ’n vraag: Wat sal dan nié as ’n heterotopie aangedui kan word nie? Die gevolg van hierdie wye toepassing van die begrip het volgens hom tot gevolg dat die “new theorists of social space” die term gebruik en uitbrei vir ’n spesifieke doel, nl. “to reveal the possibility of socially constructed counter-sites embodying a form of ‘resistance’ to our increasingly surveyed, segregated and simulated socio-spatial order” (Genocchio, 1995:36). Volgens hom is die meerderheid van hierdie onkritiese toepassings van die term as ’n onsamehangende ruimte van weerstand, problematies (Genocchio, 1995:39).

Noel Gray (in Best, 1991:31) meen hierdie losse toepassing spruit uit die onsamehangendheid in Foucault se argument.¹⁰ Volgens Gray moet Foucault, om koherensie te behou tussen sy aanspraak dat heterotopieë ‘buite’ of absoluut anders is as die orde waaraan dit behoort én terselfdertyd ‘binne’ en in verhouding tot die sosiale ruimte staan, ’n duidelike ‘interne’ karakter van heterotopieë onderskei. Wat dus volgens Gray (soos gelees deur Genocchio) in Foucault se argument kortkom, is die middele om daardie verskil(le) wat sigbaar binne heterotopieë funksioneer, te bepaal en sodoende ’n duideliker omskrywing van heterotopieë te verskaf (Genocchio, 1995:38-39).

Volgens Genocchio (1995:39) is Foucault se argument nie bloot onvolledig nie, maar is enige idee van onderbroke ruimte problematies as dit in die lig van die onmoontlikheid van die transending van die metafisika van teenwoordigheid beskou word. Na aanleiding van Derrida se teorie oor laasgenoemde kan ’n mens vra: Hoe formuleer ek hierdie absoluut ander ruimte vanuit my posisie midde-in die ruimtelike orde waarbinne die heterotopie in verhouding tot ander ruimtes funksioneer? In Genocchio (1995:39) se woorde:

[I]n any attempt to mobilize the category of an outside or absolutely differentiated space, it follows logically that the simple naming or theoretical recognition of that difference always to some degree flattens or precludes, by definition, the very possibility of its arrival as such.

Steven Connor (in Topinka, 2010:58) voer dieselfde argument aan: “[O]nce a heterotopia ‘has been cited and re-cited, it is no longer the conceptual monstrosity which it once was, for its incommensurability has been in some sense bound, controlled and predictively interpreted, given a centre and illustrative function.’”

¹⁰ Hy maak hierdie bewering in sy inleiding tot die sessie getiteld “Heterotopias and Other Spaces” wat by die Australian Art Association se jaarlikse konferensie aangebied is (Best, 1991:31).

Topinka (2010:58) is egter van mening dat laasgenoemde argument ongeldig is: “Heterotopias do not dissolve once located. Moreover, more important than their location is their relationship to other sites.”

Hy voeg by:

[R]emaining connected to other spaces does not enervate the productive capabilities of heterotopias. Instead, the connection between heterotopias and other systems of ordering creates a productive clash of spaces as one system of order challenges another [...] Even if we could concretely locate heterotopias either inside or outside, we would not undermine their usefulness, for inside and outside are not stable.

Dit lyk ook asof Topinka nie met die kritiek van Gray en Genocchio saamstem nie: sy klem op die verhouding tussen heterotopieë en ander terreine (wat deur verskeie denkers as een van die belangrikste beginsels van heterotopologie beskou word) – in teenstelling met ’n fokus op die ligging van heterotopieë – ondermyn in ’n mate die argument dat die afwesigheid van ’n gedefinieerde interne karakter van heterotopieë Foucault se argument onvolledig maak.

Inaggenome die ontstaansgeskiedenis van “Of Other Spaces” is dit belangrik om die kritiek daarop ernstig op te neem en, afhangend van die studieveld, relevante aspekte daarvan tydens toepassing te integreer. Alhoewel daar ’n korrelasie bestaan, moet daar onderskei word tussen kritiek op Foucault se teorie en kritiek op die losse toepassing van die teorie. Die ‘onvolledigheid’ van die teorie behoort nie as verskoning gebruik te kan word om die begrip ‘heterotopie’ te misbruik nie. Teoretici moet juis spesifiek wees oor die aspekte van Foucault se heterotopologie wat gebruik en/of geïgnoreer word en noukeurig wees om aan te dui waar Foucault se teorie eindig en hulle eie siening en agenda begin. Alhoewel lukrake toepassing dalk die reël is, sal die volgende bespreking laat blyk hoe sommige akademici daarin slaag om Foucault se teorie op ’n verantwoordbare en deursigtige wyse met hulle eie interpretasie te integreer en aan te vul.

4. Verdere nadenke oor die toeëiening en toepassing van die konsep van heterotopie

Daar is verskeie pogings om Foucault se twee beskrywings van heterotopie te versoen.

Genocchio (1995:37) identifiseer die verskil tussen die aanwending van die term ‘heterotopie’ in *The Order of Things* en “Of Other Spaces” as ’n verskil in toepassingsveld: in eersgenoemde – die diskursiewe of linguistiese; in laasgenoemde – “werklike”, buitetalige liggings. Die ooreenkoms tussen die tekstuele en geografiese heterotopieë is beide se status as ’n voorbeeld van ’n ruimtelik onsamehangende terrein – ’n status wat beide die vermoë gee om enige beweerde koherensie of totaliteit van selfgenoegsame ordes of sisteme te ondermyn of te oorskry (Genocchio, 1995:37).

Topinka (2010:58) stem saam met Genocchio oor die funksie van heterotopieë in die algemeen. Hy wys ook op die spanning tussen die tekste as gevolg van die verwysing na onderskeidelik tekstuele en geografiese heterotopieë en verduidelik dan sy standpunt as volg:

[A]ttacking the space for writing or speaking also entails an attack on the principles according to which texts are written: grammar, syntax, and more generally, order. Thus the description from *The Order of Things* can clarify the desultory definition from “Of Other Spaces” and demonstrate the function heterotopias have in relation to all other spaces. This function is to problematize the order that undergirds knowledge production (Topinka, 2010:58).

Johnson (2006:85) gebruik ook *The Order of Things* as uitgangspunt in sy poging om Foucault se twee weergawes te versoen en, soos Genocchio en Topinka, doen hy dit deur ’n gemeenskaplike funksie uit te wys: “[In *The Order of Things*], [heterotopias] are unthinkable spaces that reveal the limits of our language, but to different degrees, both accounts splinter the familiar.”

Daar is ook ander pogings tot ’n versoening van Foucault se twee weergawes van heterotopie. Die meeste kritici verwys egter nie direk na beide tekste in hulle definiëring, toeëiening en toepassing van die term nie. “Of Other Spaces” is gewoonlik die enigste bron en dan word dit dikwels op selektiewe

wyse gebruik. Daar is enkeles wat ’n meer genuanseerde lees beoefen, dikwels met die bytrek van of selfs hooffokus op *The Order of Things*. Vervolgens sal sekere tendense wat duidelik uit die interpretasies en aanwending van die begrip ‘heterotopie’ blyk, bespreek word.

4.1 Heterotopie as ruimte van verset?

Meeste kritici verwys na die feit dat heterotopieë meestal as ruimtes van verset uitgebeeld is en word.¹¹

Hetherington (1997:42) meen: “In general, the term [heterotopia] has been used to try and capture something of the significance of sites of marginality that act as postmodern spaces for resistance and transgression – treating them in many ways as liminal spaces.” Dehaene & De Cauter (2008:6) verwys na die dominante gebruik van die term as sinoniem met die “marginal, interstitial, subliminal spaces that, by their eccentric position, defy the reigning logic of a dominant culture.” Ook Topinka (2010:55) verwys daarna dat heterotopieë tradisioneel as “sites of resistance” verstaan word. Heidi Sohn (2008:47) sien in hierdie tendens ’n paradoks:

[W]hile Foucault’s initial formulations of heterotopia as quasi ‘unrepresentable’ match his later elaborations of heterotopology as an inconclusive arrangement, and heterotopia as a restricted system liable to permissions, exclusions and concealment, the postmodern perspectives tend to regard these spaces of otherness as alternative urban formations characterized by their inclusiveness, ‘radical openness’ and unlimited connectivity, something that renders them as sites of political and social relevance for the empowerment of minority groups and marginal subgroups through the use of space.

Sohn (2008:48) sien hierdie tendens as sprekend van ’n gretige soeke na ’n teenvoeter vir die strewe na homogeniteit. Daar is egter eenstemmigheid tussen meeste kritici dat so ’n interpretasie te eensydig is. Sohn (2008:48-49) sluit haar argument as volg af: “Spatial heterotopias are exceptions that differ so greatly from all categories that they cannot be fitted and fixed into any rigid taxonomy.” Sy laat dit egter aan ander kritici oor om hierdie uitsonderings in meer detail uit te werk.

¹¹ In my navorsing het ek dit selde raakgeloop dat ’n heterotopie eksplisiet en ongenuanseerd slegs as ruimte van verset uitgebeeld word. Die denkers wat hierdie aanspraak maak, noem ook nie voorbeelde nie. Een voorbeeld – en selfs hier is dit nie duidelik of dit die eksklusiewe doel van die heterotopia is nie – is Charley (2012:12) wat die volgende stelling maak: “The Situationists’ ‘revolutionary urbanism’, Lefebvre’s ‘differential space’ and Foucault’s ‘heterotopia’, redirected our gaze to the site of difference – of rebellion, of the covert and underground, to the places and spaces that fall outside of the normal pathologies of power and governance.”

Johnson wys ook die idee van heterotopieë as ruimtes van verzet af. Hy beskou beide tekstuele en geografiese heterotopieë as ruimtes wat ons beskouing van die bekende versplinter (vgl. bl. 30 in hierdie teks; Johnson, 2006:85). As sodanig lei dit tot die bevraagtekening van mag, nie as 'n uitdrukking van verzet nie, maar juis ook as 'n problematisering van verzet en oorskryding (Johnson, 2006:86). Hy brei as volg op hierdie stellings uit:

It is an attempt to think differently about, and uncouple the grip of, power relations: to overcome the dilemma of every form of resistance becoming entangled with or sustaining power [...] They offer no resolution or consolation, but disrupt and test our customary notions of ourselves. These different spaces, which contest forms of anticipatory utopianism, hold no promise or space of liberation (Johnson, 2006:87).

4.2 Heterotopie en (voorlopige) orde(ning)

4.2.1 Hetherington en sy “Badlands of Modernity”

Hetherington definieer heterotopieë as ruimtes van alternatiewe ordening. Heterotopieë organiseer 'n deel van die sosiale wêreld op 'n ander manier as die sosiale wêreld wat dit omring. (Hetherington, 1997:viii) Hierdie alternatiewe ordening is gegrond op 'n proses wat Hetherington, na aanleiding van 'n begrip van Louis Marin, “utopics” noem en wat gepaardgaan met 'n spanning wat in moderne samelewings tussen idees van vryheid en idees van beheer en dissipline bestaan (Hetherington, 1997:x).

Marin self is geïnteresseerd in die wyse waarop utopiese ideale – verweef in die idee dat die goeie, vryheid en orde sinonieme is – gebruik is om die moderne samelewing deur die ordening van ruimtes te help vorm. Hierdie proses noem Marin “utopics”, 'n proses wat hy grond op 'n dekonstruktiewe lees van Thomas More se *Utopia* (1516). Die proses is 'n ambivalente spel, in die styl van Derrida se *différence*, tussen die twee betekenisse wat in More se ‘utopia’ vervat is: ‘ou-topia’, wat nêrens beteken, en ‘eu-topia’, wat goeie plek beteken. Marin is egter nie geïnteresseerd in een van hierdie

betekenis op sigself nie, maar in die gaping of spasie tussenin, 'n gaping wat hy die 'neutrale' ("neutral") noem. "Utopics" is dus 'n proses van uitstel, die beweging en onoplosbare spanning tussen 'ou-topia' en 'eu-topia' waardeur probeer word om die gaping te oorbrug. Marin se 'neutrale' is beide 'n "Other place" én 'n "Other of Place". Vir Hetherington is Marin se neutrale spasie min of meer dieselfde as Foucault se heterotopie. (Hetherington, 1997:11,66-67,68)

Binne die spel van "utopics" kan heterotopieë volgens Hetherington beide die vorm van ruimtes van totale vryheid en ruimtes van totale beheer aanneem – beide is immers ruimtes van sosiale ordening (Hetherington, 1997:42). Hy brei hierop uit:

Heterotopia do not exist in the order of things, but in the ordering of things. They can be both marginal and central, associated with both transgressive outsidership as well as 'carceral' sites of social control and the desire for a perfect order. But in both cases heterotopia are sites of all things displaced, marginal, novel or rejected, or ambivalent (Hetherington, 1997:46).

Die belangrikste aspek van heterotopieë, dit wat hulle volgens Hetherington (1997:46) onderskei, som hy as volg op: "It is how being, acting, thinking or writing differently comes to be seen as Other, and the use to which that Otherness is put as a mode of (dis)ordering that is the most significant aspect of heterotopia".

4.2.2 Dumm en die uitdrukking van oorskryding

Volgens Dumm (1996:40) word heterotopieë van ander terreine onderskei deurdat dit by uitstek die uitdrukking van oorskryding is. Dumm se gebruik van die woord "transgression" moet egter nie met die algemene gebruik daarvan tesame met vernet verwag word nie. Hy verwys spesifiek na Foucault se gebruik van die term in die artikel, "A Preface to Transgression", waar dit in 'n nuwe verband gebring

word met die grens, grensloosheid en die wyse waarop dit die bestaan van verskil aandui (Dumm, 1996:45).¹²

Sy siening van heterotopieë as ruimtes van oorskryding, skakel met hoe hy die uitbeelding van ooreenkoms in 'n heterotopie beskryf. Hy verduidelik dit met verwysing na die wyse waarop ooreenkoms sigself in 'n utopiese en distopiese wêreld manifesteer:

In a utopian world, the principle of resemblance is purely and clearly communicated. A utopian world also allows for the development of its opposite, the dystopia. Dystopias share one crucial feature with utopias; the complete determination of conditions and outcomes of existence, the imagination of a place where power does not exist, only force. However, the function of a heterotopia in reference to representation is quite different. In a heterotopic space the circle of resemblance is never perfect. It operates not as an expression of linguistic clarity and perfection but, instead, as a series of displacements of the desire for perfection (Dumm, 1996:108).

Die proses van ordening word dus volgens Dumm, soos in die geval van Hetherington met sy “utopics”, as 'n voortdurende verplasing of uitstel gesien: die begeerte na volmaaktheid word nooit volledig voltrek nie, maar telkens weer na die volgende bestemming verplaas (Dumm, 1996:108).

4.2.3 Topinka en die leesbaarheid van orde(ning)

Topinka fokus in sy bespreking van heterotopieë op die rol wat hierdie ruimtes in die ontstaan van kennis speel (vgl. die verwysing na sy siening op bl. 30 in hierdie teks). In sy artikel, “Foucault, Borges, Heterotopia: Producing Knowledge in Other Spaces”, gebruik Topinka hoofsaaklik die uiteensetting van heterotopieë in *The Order of Things*, maar nie met uitsluitlike verwysing na tekstuele heterotopieë nie – hy gebruik juis hierdie teks in 'n poging om ook die geografiese heterotopieë van “Of Other Spaces” te verhelder.

¹² “Transgression does not seek to oppose one thing to another, nor does it achieve its purpose through mockery or by upsetting the solidity of foundations [...] Transgression is neither violence in a divided world (in an ethical world) nor a victory over limits (in a dialectical or revolutionary world) [...] Perhaps it is simply an affirmation of division; but only insofar as division is not understood to mean a cutting gesture, or the establishment of a separation or the measuring of a distance, only retaining that in it which may designate the existence of difference” (Foucault in Dumm, 1996:45).

Soos talle ander kritici, fokus Topinka hoofsaaklik op die funksie van heterotopieë voordat hy 'n bondige definisie van wat heterotopieë *is*, gee. Hy identifiseer die primêre funksie van heterotopieë as volg: “making order legible” (Topinka, 2010:55). Hierdie proses geskied via 'n ompad:

When many spaces converge in one site, the gaps separating objects become blurred; the rules of order become unintelligible. This does not mean, though, that the rules of order have somehow been destroyed or that power relations have been overcome. Instead, the absence of a solid conceptual space, of a discernible operating table,¹³ demonstrates the need for that very space. Through the absence of order, heterotopias reveal the rules that construct knowledge (Topinka, 2010:68).

Uit hierdie verduideliking tree nog 'n funksie van heterotopieë na vore: dit onthul die noodsaaklikheid van orde. Dit bly egter nie hierby nie: heterotopieë herorden ook; nie slegs kennis nie, maar ook mag – heterotopieë neem dus net so veel deel aan die vorming van kennis en mag as aan die verzet daarteen. (Topinka, 2010:65)

Hierdie funksies van heterotopieë manifesteer sigself in 'n proses wat Topinka met woorde soos “battle” en “combat” beskryf (2010:64). Die rede: “[Knowledge] must be carved out in a clash between forces” (Topinka, 2010:64). Sy bondige definisies sluit hierby aan: “Heterotopias are sites in which epistemes collide and overlap, creating an intensification of knowledge” (Topinka, 2010:55); “Heterotopias, with their intrinsic contestation of order, are spatial organs of knowledge production” (Topinka, 2010:66).

¹³ Foucault, in sy Voorwoord tot *The Order of Things*, verwys meer as een keer na die operasietafel, onder andere in die volgende aanhaling: “What has been removed, in short, is the famous ‘operating table’; and rendering to Roussel [the French novelist, Raymond Roussel] a small part of what is still his due, I use that word ‘table’ in two superimposed senses: the nickel-plated, rubbery table swathed in white, glittering beneath a glass sun devouring all shadow – the table where, for an instant, perhaps forever, the umbrella encounters the sewing-machine; and also a table, a *tabula*, that enables thought to operate upon the entities of our world, to put them in order, to divide them into classes, to group them according to names that designate their similarities and their differences – the table upon which, since the beginning of time, language has intersected space” (Foucault, 2002:xviii-xix). Hier verwys hy dan ook na die bekende beeld, oorspronklik van Lautréamont, wat deur die Surrealiste as tekenend van die teenstrydighede en absurdheid van bestaan gesien is. Lautréamont skryf naamlik oor 'n karakter: “He is as handsome ... as the fortuitous encounter on a dissecting table of a sewing machine and an umbrella.” (Shattuck, 1965:25)

Topinka is daarvan oortuig dat heterotopieë nooit 'n volkome ontkoming aan die ruimtes waartoe dit in verhouding staan, tot gevolg kan hê nie: dit bied 'n alternatiewe blik op die operasionele tabel, maar nie 'n totale ontkoming daaraan nie (Topinka, 2010:69). Hy som sy siening van heterotopieë as volg op:

Heterotopias, real and accessible, combine and juxtapose many spaces in one site, creating an intensification of knowledge that can help us resee the foundations of our own knowledge; but they cannot take us outside of this knowledge or free us from power relations (Topinka, 2010:70).

Die mees abstrakte interpretasies word nie hier bespreek nie, omdat beide Hetherington en Topinka dit in 'n mate in hulle interpretasies inkorporeer. Dit sluit in die werk van Marks en Genocchio, waarin heterotopieë onderskeidelik as 'n “image of thought, or rather of thought which seeks to escape the image of recognition” (Marks, 1995:69) en as meer van 'n idee oor ruimte as 'n werklike ruimte beskryf word.¹⁴

5. Gevolgtrekking

Ek verstaan heterotopie as die ontstigende naasmekaarstelling/naasmekaarbestaan van verskillende kontrasterende geografiese of tekstuele terreine (ruimtes). Die “naasmekaar” is van groot belang. Die terreine op sigself is nie heterotopies nie. 'n Heterotopie word gekonstitueer in die verhouding tussen terreine. Hierdie terreine kan nie in mekaar opgaan nie. Die een is 'n kontra-terrein van die ander, in die een word die ander gelyktydig verteenwoordig, bevraagteken, ondermyn en omgekeer. Heterotopieë bevestig en ondermyn gelyktydig bestaande orde(ning).

¹⁴ “It is an idea that insists that the ordering of spatial systems is subjective and arbitrary [...] It is an idea which consequently produces/theorizes space as transient, contestory, plagued by lapses and ruptured sites” (Genocchio, 1995:43).

6. Heterotopiese literatuur

6.1 'n Oorsig van die bestaande gebruike van die term

My interpretasie van heterotopiese literatuur spruit uit die siening dat dit literatuur is wat op sigself, of in die ruimtes of diskoerse wat in die teks tot stand kom, heterotopieë tot stand bring. Binne hierdie siening word daar dikwels gefokus op die definisie van heterotopie in Foucault se *The order of things* en is die ordeningsbeginsel(s) wat binne die literatuur geld, veral belangrik. Die begrip ‘heterotopiese literatuur’ soos wat ek dit wil omskryf en toepas, is daarom nie bloot ’n subgenre van utopiese literatuur nie en ook nie ’n postmoderne vorm van die utopiese roman nie. Binne my verstaan van die begrip sou ’n roman tegelykertyd ’n utopiese én ’n heterotopiese teks kon wees. Of dit sou as heterotopies beskryf kon word sonder dat dit as postmodern geklassifiseer hoef te word. Tog plaas sekere teoretici dit binne die breër diskoers van utopiese literatuur. Gevolglik kan ’n mens nie heeltemal die veelvuldige onderskeidings binne die utopiese genre vermy nie. Ek gebruik egter Barendse (2013) se oorsig as verwysingspunt om nie verstrengel te raak in die verwickeldheid van die utopiese diskoers nie. Vervolgens sal enkele standpunte oor heterotopiese literatuur uiteengesit word.

Volgens Pordzik (2001:3) kan die verskil tussen literatuur wat gekenmerk word deur opeenvolgende en logiese vertelling, en literatuur wat gekenmerk word deur ’n heterogene versameling modusse en diskoerse, laasgenoemde afkomstig van ’n verskeidenheid bronne, verstaan word as die verskil tussen tradisionele of ‘klassieke’ vorme van utopiese literatuur en die postmoderne teenbeeld daarvan, naamlik heterotopie.¹⁵ Hy vind die term ‘heterotopie’ behulpsaam in die klassifisering van tekste wat op dieselfde manier as ’n utopiese roman geskryf is, maar terselfdertyd die geloof in die moontlikheid van ’n perfekte toekoms ondermyn en aan die kaak stel (Pordzik, 2001:3-4). Heterotopieë word gekenmerk deur die eienskap van “differential negativity” (Riese soos vertaal deur Pordzik, 2001:5),

¹⁵ Dit is opmerklik (en ek meen verwarrend) dat Pordzik telkens na hierdie postmoderne teenbeeld as ‘heterotopie’ verwys en nie as ‘heterotopiese literatuur’ nie.

met ander woorde hulle is nie mimetiese tekste, ingebed in 'n stroom van ooreenstemmende en gepaste gebeure gerig op 'n logiese gevolgtrekking nie (Pordzik, 2001:5). Intendeel, die postmoderne heterotopie ry enige poging deur die leser om 'n koherente illusie van geskiedenis, betekenis of voorstelling binne die teks te skep, in die wiele (Pordzik, 2001:5). Hierdie nuwe modus van of genre binne utopiese literatuur

dissolve[s] the boundaries of eutopia and dystopia, of pro-eutopia and anti-utopia, constituting a utopic/heterotopic space, in the alterity and exteriority of which incommensurable times, places, ideologies and cultures as well as literary strategies and genres, parody and exemplification are subversively juxtaposed or mingled (Hirsch in Pordzik, 2001:164).

Pordzik beklemtoon dan ook die politiese waarde van die roman wat as 'n postkoloniale heterotopie aktuele debatte opneem, in fiksionele terme vertaal en sodoende die ideologiese vooroordele van die Westerse geskiedskrywing onder verdenking plaas (Pordzik, 2001:31).

Binne die breër diskoers oor utopiese literatuur toon Pordzik se heterotopie ooreenstemming met Baccolini en Moylan (in Barendse, 2013:57) se kritiese distopie:

[C]ritical dystopias more often blur the received boundaries of the dystopian form and thereby expand its creative potential for critical expression. [...R]ecognizing the importance of difference, multiplicity, and complexity, of partial and situated knowledge, as well as hybridity and fluidity, the critical dystopias resist genre purity in favor of an impure or hybrid text that renovates dystopian sf [science fiction] by making it formally and politically oppositional.

Ter syde wil ek noem dat Stobie (2012) *Zoo City* bespreek as voorbeeld van 'n teks waarin 'n kritiese distopie tot stand kom. Na aanleiding van Sargent (1994) se uiteensetting en met verwysing na die kritiese distopie skryf Stobie (2012:368–9):

Despite the grimness of the worlds described, critical dystopias allow for some hope, or “social dreaming” within the reader; they activate “the dreams and the nightmares that concern the ways in which groups of people arrange their lives and which usually envision a radically different society than the one in which the dreamers live”.

Stobie (2012:378) kom tot die gevolgtrekking dat daar in *Zoo City* 'n doeltreffende en uitdagende kritiese distopie geskep word wat maak dat die leser aan die einde van die roman met radikale hoop

deurtrek is. Soos later sal blyk, word daar na my mening nie 'n samelewing wat radikaal anders is, in die vooruitsig gestel nie; boonop is die hoop waarmee die leser gelaat word, eerder sussend as radikaal. Hiermee wil ek egter nie sê dat 'n roman nie tegelyk heterotopies en krities distopies sou kon wees nie (vergelyk die eerste paragraaf van hierdie afdeling); eerder dat die heterotopiese raamwerk – dalk juis omdat dit nie soveel bagasie in die vorm van klassifikasiesisteme het nie – in die geval van *Zoo City* 'n meer direkte antwoord op die sentrale vraag van hierdie opstel kan gee.

'n Ander uitgangspunt wat heterotopiese literatuur ook binne die postmodernisme plaas, gebruik die terme 'heterotopie' en 'heterotopies' om tendense binne postmodernistiese literatuur te benoem en groepeer. Die postmodernisme is dus die bril waardeur gekyk word en nie 'n begrip wat bloot in die verbygang gebruik word om die tendense in utopiese literatuur onder kaart te bring nie. In sy boek, *Postmodernist Fiction* (1987), begin Brian McHale die hoofstuk, "In the zone", deur te verwys na Italo Calvino se *Invisible Cities* (1972). In die ryk van die Grote Khan is daar Penthesilea, 'n stad van nimmereindigende voorstede sonder enige gedefinieerde sentrum; Cecilia, 'n stad wat oor die jare alle omringende terreine verswelg het; en Trude, 'n stad "which does not begin and does not end" (Calvino in McHale, 1987:43). Meer nog as die epistemologiese kwessies wat in die teks na vore kom, is die ontologiese kwessies dít wat vir McHale uitstaan, spesifiek die vraag na die tipe ruimte waarbinne al hierdie onversoenbare en wederkerig uitsluitende wêrelde geakkommodeer kan word. Die antwoord lê in 'n heterotopie wat 'n eggo van Foucault se uiteensetting daarvan in *The Order of Things* is: "Radically discontinuous and inconsistent, it juxtaposes worlds of incompatible structure. It violates the law of the excluded middle" (McHale, 1987:44).

McHale, na aanleiding van postmodernistiese skrywers na wie hy vlugtig verwys, noem hierdie heterotopiese ruimtes 'sones' (McHale, 1987:44). Binne hierdie sones word ruimte eerder

gedekonstrueer as gekonstrueer, of tegelykertyd gebou én afgebreek. Vir hierdie gelyktydige dekonstruksie/konstruksie word daar op 'n aantal strategieë staatgemaak, waaronder jukstapositionering, invoeging/tussenplasing (“interpolation”), superponering en wantoeskrywing (“misattribution”). So byvoorbeeld sal 'n sone gekonstitueer word deur ruimtes wat op die wêreldkaart ver van mekaar verwyderd is, maar in die teks aan mekaar grens. (McHale, 1987:45) 'n Sone kan die vreemde ruimte wees wat binne-in 'n bekende ruimte geplaas word of twee bekende ruimtes wat bo-op mekaar geplaas word, sodat die spanning 'n derde ruimte tot gevolg het wat nie as een van die twee geïdentifiseer kan word nie (McHale, 1987:46). Die sone kan ook gekenmerk word deur die misplasing en verbreking van outomatiese assosiasies en die vervanging van laasgenoemde met lukrake en ongeoorloofde assosiasies (McHale, 1987:48).

In 'n poging om heterotopiese literatuur te klassifiseer (en sodoende te identifiseer), bied McHale meer as bloot kenmerkende strategieë. Hy impliseer 'n onderskeid wat heel nuttig is in 'n gesprek oor die verhouding tussen die teks en heterotopiese ruimte:

Mimesis, clearly, is alive and well in postmodernist fiction. Postmodernist texts such as *Impressions d'Afrique* or *Alphabetical Africa* may not reflect objective African realities, but they do faithfully reflect our culture's ontological landscape, which allots a certain space to an unreal zone called “Africa”. In a similar, and equally disturbing way postmodernist fiction also reflects the disruption of that landscape by twentieth-century war. War in our country has forced us to rethink the received categories of space, conceptual as well as geographical space; it has taught us to think in terms of the zone (McHale, 1987:55).

Hier sien ons dus weer watter rol uitbeelding in die konstituering van heterotopieë kan speel. In die eerste geval is die modus van uitbeelding mimesis: die ontologiese landskap word onaangeraak gelaat. Hier sou 'n mens van 'n ornamentele heterotopie kon praat. Wanneer die ontologiese landskap egter omvergegooi word, is dit nie slegs die oppervlakkige ordening van dinge wat met kraters van vervreemding besaai is nie, maar die ‘wees’ in die sone wat gede- of herkonstrueer word.

McHale fokus ook op ander heterotopieë, byvoorbeeld die heterotopie wat as ‘ander’ van ’n vertroude diskoers opgestel word (McHale, 1987:163). Behalwe vir die voorbeeld uit die literatuur wat McHale gebruik, stem dit egter grootliks ooreen met Foucault se verduideliking van heterotopie soos gemanifesteer in Borges’s se Chinese ensiklopedie.

In ’n hoofstuk oor Janet Frame se romans gebruik Norbert Platz (1993) McHale se heterotopiese sones om sy onvermoë om *Scented Gardens for the Blind* bevredigend in sy eie kognitiewe sisteem te akkommodeer, te verduidelik. Sy gevolgtrekking is dat die heterotopiese andersheid van die roman in ’n aantal aspekte geleë is. Eerstens verwys hy na “the fact that the text does away with traditional rules of logic (or syntax, if you like) which regulate semantic relations”, tweedens na “an abundance of signifiers and signifying devices (such as character, story, leitmotif, intertext) for which specifiable signifieds cannot – or cannot easily – be found”. Derdens, en dit wat vir hom die meeste uitstaan van hierdie heterotopie, is “the co-possibility of logical impossibilities posited”. (Platz, 1993:214) Elders in die hoofstuk verwys Platz (1993:211) dan ook eksplisiet na die epistemologiese en ontologiese sferes wat onderskeidelik deur die teks in chaos gedompel word.

Travis Hubbs (2011) gebruik in sy uiteensetting van heterotopiese literatuur¹⁶ elemente uit Foucault se hele oeuvre asof laasgenoemde se filosofie uit die idee van heterotopie ontspring het.¹⁷ Na aanleiding van sy begrip van Foucault se oeuvre in geheel, identifiseer hy die belangrikste element van heterotopiese literatuur as die konstituering van ’n fundamenteel etiese benadering (Hubbs, 2011:3). Die etiese verantwoordelikheid van die skrywer is om sisteme te skep waarvan die funksie nie is om

¹⁶ Hy gebruik wel nooit die woord ‘uiteensetting’ nie, maar verwys in vae terme na die teoretiese hoofstuk wat sy bundel kortverhale voorafgaan, onder andere as “[a]n engagement with the radical incomprehensibility of my creative inspiration” (Hubbs, 2011:23).

¹⁷ Die gevaar hiervan lê daarin dat Foucault nooit eksplisiet na die konsep van heterotopie teruggekeer het nie, ten spyte daarvan dat hy in detail op die komplekse ruimtelike ordening in ’n verskeidenheid van instellings gekonsentreer het. Laasgenoemde stelling maak Johnson (2012) in ’n ander konteks, naamlik om saam met ander teoretici te wonder of hierdie feit nie vroeër laat ontstaan oor die potensiële nuttigheid van die konsep nie.

betekenis, begrip, kompromie en interpretasie te fasiliteer nie, maar om te getuig van ’n sekere horison, ’n liminale punt (Hubbs, 2011:3-4). Gevolglik beskou Hubbs (2011:11) heterotopiese literatuur as volg:

[T]he art of presenting to the world a closed system of radical otherness – [...] – that would demonstrate, either in the constitution of itself or in its narrative encounters, the limit of human knowledge. Its author, therefore, would strive to reintroduce a certain awareness of discursive horizons and to belie the openness of ostensibly universal systems. His narrative would constitute, in its own material presence or in the world of its story, a network of transitory connections, grids of moving and becoming defined by identifiable relations of proximity yet still harboring the possibility of extension, imagination, and creation.

Uit hierdie definisie – spesifiek die frases “either in the constitution of itself or in its narrative encounters” en “in its own material presence or in the world of its story” – word dit duidelik dat Hubbs heterotopiese literatuur op ooreenstemmende (alhoewel nie identiese) wyse as McHale kategoriseer. Hy stel dit dan ook eksplisiet dat hy twee kategorieë wil voorstel: een waar die teks as sodanig ’n heterotopie konstitueer; en een waar die heterotopieë binne die vertelde wêreld en die ontmoetings van verskillende karakters binne hierdie wêreld geskep word (Hubbs, 2011:4-5).

’n Laaste stem in die gesprek oor heterotopiese literatuur waarna ek vlugtig wil verwys, is die van Thomas Beebee.¹⁸ Beebee (2008:2-3) beskryf heterotopieë as “fictional places that invokes readers’ lived experiences of space and place” en verwys na die kognitiewe dissonansie wat met heterotopieë gepaardgaan. Wat in Beebee (2008:6) se breë en soms oorsigtelike uiteensetting uitstaan, is sy verwysing na Hayden White se konsep van “*diataxis*” (letterlik: “movement through”):

White argues that “discourse must be analyzed on three levels: that of the description (*mimesis*) of the ‘data’ found in the field of inquiry being investigated or marked out for analysis; that of the argument or narrative (*diegesis*) running alongside of or interspersed with the descriptive materials; and that on which the combination of these previous two levels is effected (*diataxis*). The rules which crystallize on this last, or diatactical, level of discourse determine possible objects of discourse, the ways in which description and argument are to be combined, the phases through which the discourse must pass in the process of earning its right of closure [...]” (in Beebee, 2008:6).

¹⁸ Alhoewel Beebee vlugtig na Foucault verwys, lyk dit asof hy meer in die algemeen van heterotopieë as ‘ander ruimtes’ praat. Tog is daar enkele aspekte in sy artikel wat ’n moontlike gereedskapskis meer volledig sal maak.

Anders as White – hy praat van ‘sluiting’ – wil Beebee dit hê dat die beweging tussen hierdie drie vlakke aanhoudend en siklies van aard is. Hy praat van drie onderling gegrendelde ratte: *mimesis* – die beskrywing van ruimtelike verhoudings, *diegesis* – die konstruksie van narratiewe gebeure binne ’n tydsraamwerk, en *diataxis* – die dryfkrag vir interaksie tussen *mimesis* en *diegesis*. Volgens Beebee is *mimesis* en *diegesis* waarneembaar, terwyl *diataxis* die ‘derde term’ tussen hulle word wat deur die leser afgelei moet word. Vir Beebee is *diataxis* die ‘geografiese onbewuste’ van heterotopiese literatuur. (Beebee, 2008:6)

6.2 ’n Eie begrip van heterotopiese literatuur

Met verwysing na die werk van die teoretici wat ek bespreek het, wil ek my begrip van heterotopiese literatuur uiteensit. Alvorens is dit egter nodig om te erken dat die reikwydte wat ek aan ‘heterotopiese literatuur’ as sambreelterm wil toeken, problematies is. Ek wil naamlik onder hierdie term onder andere na tekste kan verwys waarin taal as heterotopie funksioneer, maar ook na tekste waarin daar geografiese heterotopieë uitgebeeld word. Gevolglik sal die uitspraak dat ’n teks ’n voorbeeld van ‘heterotopiese literatuur’ is, nie veel sonder kwalifisering beteken nie – in elk geval nie binne hierdie model nie. Die ‘vlak’ waarop die teks heterotopies funksioneer of waarop die heterotopie voorkom, moet gespesifiseer word.

Heterotopiese literatuur is daarom nie ’n genre op sigself nie en ook nie ’n sub-genre van utopiese literatuur nie. Dit word gekonstitueer deur onder andere die jukstapositionering, invoeging, superponering en wantoeskrywing van en binne onversoenbare strukture, plekke, betekenis, ideologieë, kulture, literêre strategieë en genres. By gebrek aan ’n beter woord sou ’n mens dit ’n literêre ‘middel’ kon noem deur middel waarvan kognitiewe dissonansie bewerkstellig word en ’n

proses van alternatiewe ordening en/of wanordening en/of herordening van sekere aspekte van die teks, die tekstuele wêreld en/of die wêreld buite die teks op die kaart geplaas word.

Hierdie alternatiewe ordening kan lei tot die versplintering van die epistemologiese en/of ontologiese bekende. 'n Mens sou alternatiewelik kon differensieer tussen die tekstuele en geografiese bekende wat versplinter kan word. Of tussen die vertelde wêreld en ge/beleefde wêreld as bekendes wat versplinter word. Dit is egter heel belangrik om op die 'en/of' van hierdie differensiasies te let: Heel dikwels sal die versplintering van die een tot die herordening van die ander lei. Verder is die genoemde bekendes wat potensieel deur heterotopieë versplinter kan word nie 'n volledige lys nie, maar 'n poging om 'n greep op die verskillende manifestasies van heterotopieë binne literatuur te kry.

Na aanleiding van 'n ondersoek na die aard van die alternatiewe ordening wat binne 'n teks plaasvind, sou 'n mens kon onderskei tussen verskillende vlakke van heterotopiese literatuur. In die eerste plek sou daar, soos Hubbs voorstel, onderskei kon word tussen tekste waarbinne daar bloot heterotopieë gevind kan word en tekste wat self as heterotopieë funksioneer (later meer oor laasgenoemde).¹⁹ In eersgenoemde geval sou 'n mens weer kon identifiseer of die heterotopieë in die teks geografies of tekstueel van aard is en in watter mate hulle as heterotopieë funksioneer.

Tekstuele heterotopieë sou op die vlak van betekenis 'n passasie soos dié van Borges kon wees. Op die vlak van taal en grammatika sou 'n mens aan die gebruik van brabbeltaal of die ondermyning van sekere taalstrukture of –konvensies kon dink. Wat betref vormgewing sou die jukstaponering van verskillende literêre strategieë en genres as voorbeelde van heterotopiese praktyke kon dien. Net soos in die geval van geografiese heterotopieë is dit heel belangrik om by die identifisering van tekstuele

¹⁹ Laasgenoemde sluit natuurlik nie eersgenoemde uit nie.

heterotopieë – veral op die vlak van taatgebruik en vormgewing – na die verhouding tussen elemente van die teks, asook die verhouding tussen die betrokke teks en die letterkundige konteks waarbinne dit geskryf is, te kyk. In die 21ste eeu is die jukstapenering van verskillende genres binne een teks op sigself byvoorbeeld nie meer onkonvensioneel of ‘heterotopies’ nie. Tog sou ’n skrywer die jukstapenering van genres op so ’n wyse kon aanwend dat dit bydra tot die konstituering van die teks as krities-etiese heterotopie. Dieselfde geld vir vervreemdende tegnieke op die vlak van taal en grammatika wat nie meer as vernuwend beskou word nie.

Verder sou die verhouding tussen die heterotopie(ë) en heersende ideologieë²⁰ ondersoek kon word. As agtergrond tot so ’n ondersoek wil ek kortliks (en gevolglik vereenvoudigend) na Terry Eagleton se uiteensetting van die verhouding tussen teks en ideologie verwys. In sy opbou na ’n wetenskaplike benadering tot die teks verwys hy onder andere na die Algemene Ideologie, die Estetiese Ideologie en die Outeursideologie. Na analogie van Freud, onderskei Eagleton tussen die literêre teks se “uppermost dream layer” en “‘real’ dream-text”. Eersgenoemde is “the text as it would ‘want’ to appear, as spontaneous, complete and so as ideological” en laasgenoemde is die onbewuste van die teks, “constituted by that relation to ideology which it cannot speak of directly but can only manifest in its mutilations”. (Eagleton, 2006:91) Ideologie verskyn dus ‘in’²¹ die teks as ’n modus van wanorde (Eagleton, 2006:91). Eagleton praat van die “conflicting ways in which ideology presses the text into disorder” en noem as een voorbeeld die verskil tussen die wanorde van betekenis (of vlakke van betekenis) en die wanorde van vorm (Eagleton, 2006:94). Die vrae waarop ek wil fokus in die

²⁰ Ek wil nie verstrengel raak in die kompleksiteit van die konsep ‘ideologie’ nie. Ek verstaan dit wel nie bloot in die pejoratiewe sin nie en is, vir die doel van die opstel, gemaklik daarmee om dit op te som as ’n stel idees, oortuigings en houdings wat bewustelik of onbewustelik onderskryf word. As sodanig kan dit ons begrip (of wanbegrip) van die sosiale en politieke wêreld reflekteer, sowel as beïnvloed of vorm. (Craig, 2005:438) Ideologie-kritiek geskied nooit vanuit ’n ideologie-vrye sone nie. Om kritiek op die heersende ideologie waarbinne jy funksioneer, raak te lees en te erken of om vanuit ’n teks ’n ander perspektief op hierdie ideologie te verkry, beteken nie dat jy eweskielik van buite na die ideologie kan kyk nie.

²¹ Eagleton plaas die ‘in’ in aanhalingstekens om te kenne te gee dat hy nie daarmee die komplekse verhouding tussen teks en ideologie wil vereenvoudig nie.

verhouding tussen heterotopie en ideologie, is die volgende:²² Word die wanorde waarvan Eagleton praat, verhul met die gevolg dat die betrokke ideologie op onsigbare, dog bevestigende wyse in die teks neerslag vind? Word die wanorde ontbloot, met die gevolg dat 'n sekere bewustheid van die verhouding tussen teks en ideologie in die teks neerslag vind? Word die ideologie (van watter aard ook al), in so 'n mate ondermyn dat daar vanuit die teks 'n nuwe perspektief tot stand kan kom? Ek sou dus wou onderskei tussen heterotopiese tekste wat ideologieë op mimetiese en onkritiese wyse uitbeeld en heterotopiese tekste wat ideologieë versplinter en aan alternatiewe ordening onderhewig maak. Laasgenoemde oorvleuel met Hubbs se siening van heterotopiese tekste as bowenal krities-etiese tekste.

'n Mens kan ook die vrae oor die verhouding tussen teks en ideologie in meer algemene terme stel. Die vraag kan naamlik gestel word hoe die heterotopiese teks met betrekking tot bepaalde waarnemings van die werklikheid funksioneer.²³ Dien dit as ontvlugting van die werklikheid of 'n spesifieke benadering tot die werklikheid? Dien dit as bevestiging van sekere waarnemings van die werklikheid? Dien dit as aanvulling tot 'n sekere perspektief op die werklikheid? Word sekere waarnemings van die werklikheid bevraagteken en omvergewerp? Myns insiens is dit relatief eenvoudig om te identifiseer wat die funksie van heterotopieë binne 'n teks ten opsigte van bepaalde waarnemings oor die geskryfde werklikheid is. Juis as gevolg van die aard van ideologie, is dit meer ingewikkeld om te bepaal of die teks as geheel sekere waarnemings oor die werklikheid of heersende ideologieë ondermyn en nuwe

²² Ek is bevrees hierdie vrae is nie getrou aan Eagleton se pogings om die kompleksiteit van die verhouding tussen teks en ideologie(ë) te behou nie.

²³ Hierdie vraag sou nie met betrekking tot alle heterotopiese tekste ewe relevant wees nie. Waar 'n teks op sigself 'n heterotopie konstitueer ten opsigte van 'n heersende estetiese ideologie of literêre tradisie, sou die relevansie van die vraag afhang van die estetiese ideologie of literêre tradisie ter sprake.

maniere van dink en wees inisieer. Dit is slegs as dit wel gebeur dat 'n mens kan praat van 'n teks wat op sigself 'n heterotopie konstitueer.²⁴

Vervolgens gaan ek Lauren Beukes se *Zoo City* binne die raamwerk van heterotopiese literatuur bespreek. Eerstens sal die dieretuin in die lig van Foucault se heterotopologie ondersoek word. Daarna gaan ek na die moontlike heterotopieë en heterotopiese aspekte in *Zoo City* kyk: die fenomeen van die “Zoo Plague”, *Zoo City* self, die *gated communities*, die rehabilitasiesentrum, die haweloses, die stormwaterdreine, die magiese sfeer, die internet en die teks self wat betref vormgewing en taal. Laastens sal ek *Zoo City* binne my begrip van heterotopiese literatuur plaas.

²⁴ So 'n uitspraak sal natuurlik ook nie gemaak kan word net op grond van die plasing van 'n teks “teenoor” 'n spesifieke ideologie nie. Kwessies van vormgewing en die ‘verpakking’ van idees sal noodwendig betrokke wees. Hier sou 'n mens kon dink aan 'n teks wat ideologiekritiek op didaktiese wyse aanpak en gevolglik daarin faal om heterotopies te funksioneer.

HOOFSTUK 3

Zoo City as voorbeeld van heterotopiese literatuur

1. Dieretuine as geografiese heterotopieë en manifestasie van 'n kontinuïteitsgaping in Westerse epistemologie – 'n geskiedkundige oorsig

Na aanleiding van sy voorbeeld van Persiese tuine as 'n plek waarin verskillende onversoenbare ruimtes in jukstaposisie tot mekaar kan saambestaan (die derde beginsel van sy heterotopologie), verwys Foucault na die dieretuin as 'n uitvloeiing van die tuin as “a sort of happy, universalizing heterotopia since the beginnings of antiquity” (Foucault, 1986:26). Foucault impliseer 'n ander kant van hierdie ‘vrolike heterotopie’ wanneer hy in sy ontleding van Jeremy Bentham se Panopticon, laasgenoemde met die Schonbrunn plan²⁵ vergelyk (Wirtz, 1997). Die dieretuin en tronk deel immers 'n hele paar eienskappe waarvan gevangenisskap en bewaking die mees voor die hand liggende is.

In terme van Foucault se eerste beginsel sou 'n mens kon sê dat die dieretuin in sy oorsprong beide 'n heterotopie van afwyking én 'n krisisheterotopie was. In Europa – waar daar in die 19de eeu 'n spanning bestaan het tussen die idee van die dieretuin as wetenskaplike ruimte en die dieretuin as “‘vulgar’ entertainment attractions” (Wirtz, 1997) – het die dieretuin, as kenmerkende stedelike fenomeen, 'n belangrike rol gespeel in die wyse waarop die digotomie tussen natuur en mens versterk is. Hierdie versterking was nou verbonde aan die fisiese uitleg van dieretuine. Waar die mens wilde diere gewoonlik met vrees en verwondering aanskou, het die dieretuin 'n spesifieke verhouding tot gevolg: “[W]hereas a tiger viewing a human in the wild has sinister overtones, a tiger viewing a human through cage bars becomes a mini-triumph of human mastery” (Wirtz, 1997). Dit bevestig meerderwaardigheid. In die dieretuin was dit verder nie slegs die diere wat as ‘anders’ en ‘afwykend’

²⁵ In 1752 ontwerp sodat die diereversameling by die Schonbrunn Paleis naby Wenen met min moeite besigtig kon word: “The designers placed the animals in enclosures which radiated outward from the central pavilion with long, tree-lined paths running between them like spokes of a wheel” (Wirtz, 1997).

vertoon is nie; mense uit die kolonies het dikwels deel uitgemaak van uitstallings, in een geval as deel van die aapuitstalling.²⁶ In hierdie konteks is die dieretuin dus ’n heterotopie van afwyking.

In Amerika het die dieretuin in ’n groot mate as krisisheterotopie ontstaan. Anders as in Europa, het die eerste dieretuine in Amerika as gevolg van kommer oor die beskerming van die plaaslike wildernis tot stand gekom (Wirtz, 1997). Die New York Soölogiese Park, een van die eerste prominente dieretuine, se opening in 1899 is onder andere gedryf deur ’n elite organisasie van grootwildjagters (Wirtz, 1997). Jag is gesien as ’n sport wat met ’n sekere etiek en fatsoenlike maniere saamhang en die organisasie wou hulle daarom distansieer van diegene wat diere doodgemaak het om hulle velle en vere te verkoop (Wirtz, 1997). Amerikaanse dieretuine is gestig om “surrogate Noah’s Arks”²⁷ te wees: “sites where wildlife species were not only protected but saved as genetic specimens to repopulate the wilderness after curbing the deluge of destruction” (Wirtz, 1997). Die dieretuin moes ’n tussenin ruimte wees waar wilde diere – wat hulleself in ’n krisis ten opsigte van (of liever as gevolg van) die menslike omgewing bevind het – kon voortbestaan met die oog op latere herintegrasie in die natuur.

Foucault se tweede beginsel – die verskynsel dat heterotopieë met die verloop van tyd ander funksies in ’n samelewing kan aanneem – is reeds in ’n groot mate geïllustreer deur die verskillende funksies wat dieretuine in Europa en Amerika in hul bestaansjare vervul het. Die verskillende funksies sal op sekere tydskiede na aanleiding van die breër diskoerse en morele klimaat wat binne ’n samelewing heers, van meerdere of mindere belang wees. Die vroegste diereversamelings (“menageries”) was hoofsaaklik ’n statussimbool vir die privateienaars en dikwels ’n teken van koninklikheid; van die eerste Europese dieretuine was slegs toeganklik vir lede van soölogiese klubs en hul gaste; vanweë finansiële oorwegings het dit later ook die funksie van publieke vermaak vervul (Wirtz, 1997). Alhoewel die een

²⁶ Ota Benga, ’n Batwa pigmee uit die Belgiese Kongo, is in 1904 in die New York Soölogiese Park in die aapuitstalling ingesluit (Wirtz, 1997).

²⁷ Nogal gepas in die lig daarvan dat Foucault die skip as die heterotopie *par excellence* beskryf het (Foucault, 1986:27).

funksie nie die ander heeltemal vervang nie (soos in Foucault se voorbeeld van die begraafplaas), kan en het die hoof funksie van dieretuine deur die jare verander.

Die derde beginsel – waarna reeds verwys is omdat Foucault dieretuine as voorbeeld gebruik – manifesteer duidelik in dieretuine. Dieretuine bring nie slegs diere van regoor die wêreld in een ruimte bymekaar nie, maar dit is ook die ruimte waarbinne die stad en die wildernis – twee skynbaar onversoenbare ruimtes – mekaar ontmoet. Die dieretuin – as verteenwoordigend van die wildernis – bly immers 'n stedelike skepping. Binne hierdie wildernis was daar reeds in die 19de eeu restaurante, publieke ontmoetingsplekke en netjiese paadjies (Wirtz, 1997). Die wildernis word dus stad toe gebring, net sodat die stad weer die wildernis kan binnedring en reguleer.

Die beginsel waarvolgens heterotopieë gewoonlik aan heterochronieë verbind kan word, is ook op dieretuine van toepassing. Aan die een kant funksioneer dieretuine as museums (heterotopieë van die onbeperkte versameling van tyd): hulle probeer die voortbestaan van bedreigde spesies verseker en stal dikwels opgestopte voorbeelde van reeds uitgestorwe spesies uit. Aan die ander kant funksioneer hulle ook soos sirkusse en kermisse (heterotopieë van vervlietendheid), omdat hulle vir die algemene publiek 'n tydelike vorm van vermaak en 'ontsnapping' uit die stad bied (vgl. Wirtz, 1997).

Die vyfde beginsel, naamlik dat heterotopieë 'n sisteem van oop- en toemaak veronderstel, manifesteer sigself op twee vlakke in dieretuine. In die eerste plek is toegang vir die diere verpligtend en in- en uitgang tot hulle hokke word deur personeel gereguleer. Soos reeds genoem, het toegangsvereistes vir die groter samelewing deur die jare verander: die bring van 'n kat of hond om die leeus te voer,²⁸

²⁸ Dit was die geval by die Tower of London se diereversameling wat reeds in die 13de eeu begin is en oop was vir die publiek. Alternatiewelik kon 'n toegangsfooi betaal word. (Wirtz, 1997)

lidmaatskap van 'n klub en die betaal van 'n toegangsfooie het in verskillende tydsgleuwe toegang moontlik gemaak.

Die laaste beginsel, naamlik dat heterotopieë in verhouding tot alle omliggende ruimtes 'n funksie het, óf as heterotopieë van illusie óf as heterotopieë van kompensasie, kan ook in 'n groot mate op dieretuine van toepassing gemaak word. Dieretuine is “another real space, as perfect, as meticulous, as well arranged as ours is messy, ill constructed, and jumbled” (Foucault, 1986:27). Teoreties is dit in elk geval so. Wirtz (1997) sê van dieretuine: “[T]he animal space was a controlled space”. Dit is nie bloot beheersd en georden in terme van die diere se fisiese ruimte nie; dit is ook 'n ruimte waarbinne diere geklassifiseer word volgens 'n gestandaardiseerde sisteem.

Hierdie klassifikasiesisteem wys op 'n raakpunt tussen die geskiedenis van die dieretuin en Foucault se konsep van heteropia soos uitgewerk in *The Order of Things*. Die ontwikkeling van die dieretuin as wetenskaplike instansie het saamgehang met 'n nuwe epistemo of operasionele tabel wat betref die ordening van die Westerse wêreld. Foucault se argument in *The Order of Things* is dat daar twee groot kontinuïteitsgapings in die epistemologie van die Westerse kultuur geïdentifiseer kan word: die eerste een, ongeveer in die middel van die 17de eeu, lei die Klassieke era in; die tweede, aan die begin van die 19de eeu, die moderne era. Hy wys op 'n “quasi-continuity on the level of ideas and themes” wat 'n mens blind maak vir hierdie kontinuïteitsgapings (laasgenoemde word onomwonde van 'n idee van rasionele progressie gedistansieer). (Foucault, 2002:xxiv) In terme van die klassifikasie van diere en plante, verduidelik Foucault sy punt as volg:

In the sixteenth century, the identity of plants or animals was assured by the positive mark [...] which they all bore: what distinguished the various species of birds [...] was] the fact that this one hunted its food at night, that another lived on the water, that yet another fed on living flesh [...] But, from the seventeenth century, there can no longer be any signs except in the analysis of representations according to identities and differences (Foucault, 2002:157).

Hy bring hierdie breuk ook in verband met die ontstaan van soölogiese versamelings:

It is often said that the establishment of botanical gardens and zoological collections expressed a new curiosity about exotic plants and animals. In fact, these had already claimed men's interest for a long while. What had changed was the space in which it was possible to see them and from which it was possible to describe them. To the Renaissance, the strangeness of animals was a spectacle [...] The natural history room and the garden, as created in the Classical period, replace the circular procession of the 'show' with the arrangement of things in a 'table' (Foucault, 2002:143).

Die dieretuin, met sy Latynse benamings en klassifikasie van diere volgens spesie, is dus nie die uitvloeisel van 'n langverwagte verwoording van iets wat sedert die oorsprong van tyd sigbaar was maar wat as gevolg van "a sort of invincible distraction of men's eyes" ongesê gebly het nie: "In fact, it was not an age-old inattentiveness being suddenly dissipated, but a new field of visibility being constituted in all its density" (Foucault, 2002:144). In een opsig sou dit dus as heterotopies gesien kon word: die Latynse benamings is in die 19de eeu immers juis gebruik om die publiek te vervreem en sodoende van die meerderwaardigheid van die soöloë bewus te maak (Wirtz, 1997); as sodanig kon dit soos Borges se lys funksioneer as 'n bewusmaking van die modus van ordening. Aan die ander kant sou dit vandag as isotopies gesien kon word in die sin dat dit hierdie nuwe epistemoort voortgesit en genormaliseer het.

2. Die heterotopiese lae van Lauren Beukes se "zoos"

Die Johannesburgse stadsgebied waarna die titel van Lauren Beukes se roman, *Zoo City*, verwys, is vernoem na die inwoners van die gebied wat as gevolg van 'n gewelddadige misdaad met die permanente teenwoordigheid van 'n diermetgesel gestraf/geseën is.²⁹ Een van hierdie "zoos"³⁰ is die

²⁹ Dit stem ooreen met die fenomeen van "familialism" of gediensige geeste (vgl. die wetenskaplike naam van die "zoo"-fenomeen: "Acquired Aposymbiotic Familiarism"). Histories was hierdie geeste "low-ranking demons in constant attention to witches for the purpose of carrying out spells and bewitchments". Hulle het meestal die vorm van diere – veral katte, paddas, uile, muise en honde – aangeneem. Buite die konteks van heksejagtery is daar ook in die bestaan van welwillende gediensige geeste geglo wat byvoorbeeld towenaars en genesers gehelp het om siektes te diagnoseer of verlore goedere of skatte te vind. Eietydse hekse en sjamane regoor die wêreld het steeds gediensige geeste wat verskeie fisiese vergestaltungs kan aanneem. (Guiley, 1999:119-120)

³⁰ In die algemene spreektaal word daar ook verwys na die "animalled", maar die wetenskaplik en polities korrekte term is "Aposymbiots" (Beukes, 2010:157).

verteller, Zinzi December. Haar “Former Life”, soos sy gereeld daarna verwys, het geëindig toe sy tronk toe is ná die moord op haar broer. Hy is dood nadat ’n koeël wat vir Zinzi bedoel was (vanweë haar betrokkenheid by dwelms), hom getref het. Deur Zinzi se perspektief, asook fiksionele uittreksels van boeke, webtuistes en akademiese en koerantartikels, ontvou ’n wêreld wat deur ’n “Zoo Plague”³¹ op sy kop gedraai is.

Die *Zoo Plague*, soos wat dit eers bekend gestaan het, of “Acquired Aposymbiotic Familiarism” bring interessante kwessies na vore. Dit is ’n onverklaarbare verskynsel waar die mens en sy dier se lewens van mekaar afhang. Die dier kry seer wanneer die mens seergemaak word, maar nie andersom nie (Beukes, 2010:273).³² Die mens ervaar wel erge pyn wanneer sy nie fisies naby die dier is nie (82, 124). Indien die dier sterf, kom die *Undertow* / “black cloud” (62) en die mens verdwyn in die niet of, soos die polites meer korrekte term dit stel, “shadow-self absorption” vind plaas (157). Hugo (2010:4) noem dit “’n letterlike syntsontbinding – tydelik afgeweer deur die verskyning van ’n Beskermdier”. Die dier kan wel nog ’n ruk lank leef nadat die mens gesterf het, afhangend van faktore wat nie duidelik uitgespel word nie. Daar is egter ook ’n ander aspek: Saam met die dier kry die mens ’n *shavi* (’n bomenslike talent wat onderskeidelik deur Zinzi as geskenk en vloek – 6 – beskryf word). In Zinzi se geval is dit die vermoë om verlore goedere op te spoor. Zinzi beskryf haar luidier, Sloth, per geleentheid as “handicap” (114) en sê met verwysing na hom: “...I’m haunted enough already” (21). Sy vertel egter ook van die mans wat sy in haar beginndae in Zoo City raakgeloop het: “But the men in the lift didn’t carry their animals like burdens [...] They carried them the way other men carry weapons” (52).

³¹ Vervolgens gaan ek terme soos “Zoo Plague”, “zoo”, “shavi” en “Undertow” in kursief tik om die leesproses te vergemaklik. Waar daar spesifiek na die term self verwys word, sal ek egter steeds aanhalingstekens gebruik.

³² Vervolgens sal daar met verwysing na *Zoo City* slegs bladsynommers gegee word.

Meer as een binêre opposisie word in hierdie gegewe ondermyn. Roos bespreek hierdie ondermyning in haar artikel “‘The war of the worlds’: Relocating the boundaries between the human and the non-human” op meer komplekse wyse. Sy kyk daarna vanuit die perspektief van die ekokritiek en praat van die “blurring and eventual erasure of boundary markers in *Zoo City*” (Roos, 2011:59). Een van die mees voor die hand liggende voorbeelde is die uitbeelding van kultuur en natuur. Die natuur – wat tradisioneel gestel word teenoor kultuur – verklaar indirek die mens se stelsels van reg en geregtigheid as onvoldoende deur geweldenaars met die versorging van ’n dier en ’n verhoogde bewussyn van sterflikheid te straf. Die *shavi* is verder óf totaal en al skadeloos óf dit kan geweld vergemaklik. Die ‘ingryping’ is dus nie slegs positief nie. Die kultuur/natuur onderskeid en veralgemenings wat daarmee gepaard gaan, word gekompliseer en ondermyn.

Dieselfde gebeur met die opposisie tussen mens en dier. Reeds in die simbiotiese verhouding tussen die *zoo* en haar dier word die soewereiniteit van die *zoo* ondermyn. Verder funksioneer Sloth in ’n groot mate as Zinzi se beskermmer en gewete: Hy sal byvoorbeeld haar gewese minnaar byt wanneer hy haar probeer soen (137), grom wanneer dinge gevaarlik word (15) en hy het ’n sterk afkeer daarin as sy rook (7) of drink (tot so ’n mate dat hy haar drankie sal probeer omgooi - 194). Hy gee verder ’n “contemptuous bark” wanneer Zinzi haar baas help om twee Amerikaners te bedrieg (36). Wanneer Zinzi teen haar beterwete by die soektog na ’n vermiste tiener (die vroulike lid van die tweeling-sangsensasie iJusi) betrokke raak, moet sy met die pleegouer, mevrou Luthuli, gaan gesels. Tydens hierdie besoek moedig Sloth haar aan om ’n vertroostende arm om mevrou Luthuli te sit wanneer laasgenoemde bewoë raak (107). Dit is dus duidelik dat Zinzi en Sloth se verhouding nie aan gewone verwagtinge voldoen nie: die gewete, wat as kenmerk van die mens gesien word, is hier in ’n groot mate in die dier gesetel. Hierteenoor sê Zinzi egter: “...but animals are still animals. And animals can be assholes, too” (43) en “People tend to think animals are better than humans. But birds have their

own serial killers. Chimpanzees commit murder. The only difference between us is that animals don't feel guilty about it" (101). Laasgenoemde stelling weerspreek die optrede en mentaliteit van talle *zoos* (vgl. Mark en Amira, twee professionele skurke, en Odi, die musiekvervaardiger) wat geen skuld ervaar nie. Die duidelike onderskeid tussen mens en dier en veralgemenings wat hiermee gepaard gaan, word dus telkens in die roman ondermyn.

Die laaste opposisie waarna ek wil verwys, is dié tussen die rasonele en die irrasionele (spesifiek soos teenwoordig in die bo-natuurlike). Die fenomeen van AAF (Acquired Aposymbiotic Familiarism) ondermyn alle redelike verklarings. Daar is verskeie teorieë oor die “animalled”: Sommige sien dit as die vergestaltung van skuld (24); die Nuwe Adventiste sien dit as die fisiese manifestasie van die mens se sondes (51-52); daar is 'n teorie dat die diere *zvidhoma* of “witches' familiars” is (52). Twee meer uitgewerkte teorieë is die volgende: Volgens die een is die diere die middel waardeur ons sondes die wildernis ingestuur kan word om te sterf. Die ander een is die “Toxic Reincarnation theory” waarvolgens die spirituele ryk deur aardverwarming, besoedeling en gifstowwe wat in die omgewing wegspoel, omvergegooi is. Indien 'n mens trauma beleef, breek 'n stuk van jou siel weg en kom terug as die dier waarin jy gereïnkarnear sou word (154). Die ontoereikendheid van al hierdie teorieë wys op die onverklaarbaarheid van die verskynsel en, desondanks, die geloof van verskillende groepe dat dit nie 'n nuwe (wan)ordering van kennis veronderstel nie. Die wyse waarop hierdie fenomeen die fundamente van rasionaliteit geskud het, kom na vore in Zinzi se volgende woorde:

That was before the world changed. It's a fragile state – the world as we know it. All it takes is one Afghan warlord to show up with a Penguin in a bulletproof vest, and everything science and religion *thought* they knew goes right out the window (21).

Die “Afghan warlord” na wie Zinzi verwys, het in die laat 90's verkeerdelik bekend geword as “Patient Zero” van AAF.³³ In 'n opsomming van 'n dokumentêr oor sy lewe, *The Warlord and the Penguin: The*

³³ Die eerste aangetekende geval, wat in retrospek geïdentifiseer is, is 'n Australiese skelm, Kevin Warren. Hy is in 1986 tydens 'n bankroof deur die polisie doodgeskiet – sy “troeteldier” kangaroetjie aan sy sy (62).

Untold Story of Dehqan Baiyat, word daar gesê: “The film [also] interrogates [...] everything we understand about the animalled and the ontological Shift that happened around [Dehqan Baiyat]” (63). Die verwysing na ’n ontologiese verskuiwing suggereer dat die verskyning van hierdie fenomeen die manier van bestaan, die syn self, verander het. Op ’n epistemologiese vlak het hierdie verskuiwing tot gevolg dat ook die opposisie rasionaliteit/irrasionaliteit geïnterproblematiseer word.

Die fenomeen voer hierdie problematisering op ander vlakke verder. Daar is byvoorbeeld geen logiese verbintenis tussen die misdaad wat gepleeg is, die plek waar dit plaasgevind het, die dier wat die misdadiger kry of die *shavi* wat met die dier gepaardgaan nie. Sloth, ’n luidier wat tradisioneel in die woude van Suid- en Sentraal-Amerika voorkom en ’n boombewoner is, bevind homself in Johannesburg, ’n mensgemaakte woud, waar hy vir Zinzi help om verlore goedere te vind. In ’n uittreksel uit *Caged: Animalled Behind Bars* (een van die bronne in die roman wat ter wille van agtergrond ingevoeg is) vertel Caleb Carter uit die HM Barwon Tronk in Australië:

That night, at about the same time Deke was dying in a hospital in Geelong, the Tapir appeared outside my cell. I heard her scratching at the door of solitary confinement [...] The guards said she was still covered in jungle mud when they found her.
I mean, there’s cameras everywhere. And this thing’s from a different continent [...] How did she get here? (81)

Die een misdadiger kry ’n skoelapper (83), die ander een ’n albino krokodil (289). Mevrouw Khan met haar swart skerpioen se *shavi* is om gelukbringers wat diefstal verhoed te weef; Benoît met sy muishond verdoof ander mense se *shavi*'s. Dit blyk dus dat hierdie fenomeen geen rede ken nie.

Laastens sou ’n mens na die keuse van die woord “zoo” kon kyk.³⁴ In die geskiedenis van die dieretuin was dit immers die kultuur, die mens en die rasionaliteit wat telkens as meerderwaardig uit die stryd getree het. Hierteenoor regverdig die kompleksiteit en teenstrydige verhouding tussen kultuur/natuur,

³⁴ Vergelyk ook Zinzi se beskrywing van die bordeel se “parade” waarin “[the] girls and their menagerie” by die straat afgestap het (207).

mens/dier, rasionaliteit/irrasionaliteit wat in die verhouding tussen die misdadiger en sy dier uitgebeeld word nie op die oog af die term “zoo” nie. Die term sou dalk toegeskryf kan word aan ’n onbewustelike poging deur die samelewing in *Zoo City* om die fenomeen binne ’n bestaande modus van ordening vas te vang.

Dit blyk dat die *Zoo Plague* binne die roman as heterotopiese fenomeen funksioneer. Dit versplinter die bekende (Johnson, 2006:85) en problematiseer die orde wat die produksie van kennis onderlê (Topinka, 2010:58). Die *zoo* is ’n “site of contrast whose existence sets up unsettling juxtapositions of incommensurate things” (Hetherington, 1997:8). Dit neem ’n wêreld waarin mense hulle denke hoofsaaklik volgens wetenskaplike beginsels of (toenemend fundamentalistiese) godsdienstige oortuigings orden en konfronteer dit met ’n nuwe ordeningsbeginsel wat vorige maniere van weet en wees omvergooi.

3. *Zoo City*: Heterotopiese ruimtes en vlakke

Die Johannesburg waarin Zinzi December na verlore goedere en vermiste mense soek, herinner aan die moderne stad waaroor Saskia Sassen (1996:23) sê: “[It] leaves one with the impression that each contains many cities: the corporate city of high-rise office buildings, the old dying industrial city, the immigrant city”.³⁵ Zinzi bevind haar dan ook by tye in suburbia, opgegradeerde suburbia (die *gated communities*), die “hip town” waar jappies deur die dag bymekaarkom, die nuutste klubs; en, as verlenging van die stad en sy behoeftes: die rehabilitasiesentrum wat in die rustigheid van die platteland die sondes van die stad besweer. Nader aan haar woonarea, *Zoo City*, is daar die park waar haweloses in die son bak, die hawe vir haweloses, die ondersteuningsgroep vir verslaafdes, die

³⁵ Sy praat wel spesifiek oor stede in Wes-Europa en die VSA waar die verwysing na die sterwende industriële stad meer sin maak.

stormafloopdreine en die mynhope. Vervolgens die heterotopiese aspekte van die mees prominente ruimtes binne die roman.

3.1 Zoo City

Zinzi verwys per geleentheid na die verwaarloosde en in sommige gevalle bouvallige Zoo City, 'n area in Hillbrow, as 'n krotbuurt (5). In 'n gesprek met 'n ander *zoo*, Mark, insinueer sy dat Zoo City 'n plaasvervanger van die eertydse kwarantynkampe vir *zoos* is (85). Wanneer sy die onwettige kragdrade wat tussen woonstelle gespan is, beskryf, verwys Zinzi na Zoo City as 'n “decrepit circus” (53).

Zoo City is nie die area waar Zinzi gehoop het om haar ‘Nuwe Begin’ te maak nie. Na die vyfde verhuringsagentskap egter na haar vrylating uit die tronk hul neuse vir haar en Sloth opgetrek het en gevra het of sy al in Hillbrow 'n plek probeer kry het, het sy besef dat Zoo City onvermydelik is. Zoo City is nie slegs vir *zoos* nie (“[T]here’s no rule saying it’s obligatory. We’re all about tolerance in Zoo City” – 44); die gemene deler is eerder “mutually assured desperation” (44), wat beteken dat byvoorbeeld vlugteling uit Afrika ook deel van die bevolking uitmaak.

Zoo City is in 'n groot mate die tipiese ‘downtown’ wat gekenmerk word deur armoede, agteruitgang, misdaad en ander onwettige bedrywighede. Die woonstelblok waarin Zinzi bly, Elysium Heights, is jare gelede reeds as onbewoonbaar verklaar. Dit ruik na “stewing garbage and black mould” (2), die hysbak is alewig stukkend (53), daar is gereeld probleme met krag en van buite af sien jy stukkende vensters en doringdraad (50). Die agteruitgang word geïllustreer deur die wyse waarop Zinzi kortpaaie vind:

I duck into number 615, abandoned ever since the fire tore through here, and scramble down through the hole in the floor that drops into 526, which has been gutted by scrap rats who ripped out the floorboards, the pipes, the fittings – anything that could be sold for a hit (5).

Elysium Heights is met al die omliggende geboue verbind “via officially constructed walkways or improvised bridges” sodat dit “one sprawling ghetto warren” vorm (50). Die buurblok, Aurum Place, is net so vervalde (5) en die gemeenskaplike eienaar van die twee blokke is te “snoep” om vir privaatsekuriteit te betaal (206). Verder is die polisie “a joke with a punchline you’ve heard before” (206). Die gevolg is dat die bendes hulle oorloë in vrede voer. Die inwoners van Elysium Heights kyk dan ook een nag na ’n bendeskietery waartydens ’n beer doodgeskiet word en die *Undertow* vir die *zoo* kom, asof dit alledaagse vermaak is (206). Zinzi se kommentaar hierop is: “This is not the strangest thing I have seen in our street” (206).

Die vreemdste ding wat Zinzi wel al in Zoo City gesien het, was die aand toe die plaaslike bordeel se eienaar haar meisies sonder klere en met hulle diere by die straat af paradeer het met die hoop om nuwe kliënte te trek (207). Ten spyte van die gevare bestaan daar dus ’n gees van verdraagsaamheid en gemeenskap in Zoo City. Mev. Khan, Zinzi se buurvrou, het een nag die mans op hulle vloer wakker gemaak om ’n poging tot verkragting te onderbreek – die mans het die skuldige so geslaan dat hy in ’n koma verval het (207). Zinzi noem ook dat die dak van Elysium Heights soms gebruik word vir partytjies om troues of verjaarsdae te vier, of vir ’n spitbraai waarmee die plaaslike bendes ’n bietjie “community goodwill” wil koop (118). Zinzi en haar kêrel, Benoît, gaan ook gereeld na die plaaslike kroeg, Makhaza’s Place, wat as gevolg van die tekort aan ontspanningsfasiliteite in die area al vroegmiddag “vibey” is (42). Hier is daar ’n “holding pen” vir almal se diere en, nie-amptelik, ’n gedragskode vir die diere (43).

Zoo City se gesondheidsdienste is van so ’n aard dat die inwoners op bonatuurlike magte moet staatmaak. In Zinzi se woorde: “Proper diagnoses are as rare as real doctors around here” (115). Daar is wel baie *nyangas*, sangomas en geloofshelers (116).

Dit is duidelik dat Zoo City in sekere opsigte heterotopies is. Eerstens funksioneer dit in 'n groot mate as heterotopie van afwyking waarheen die onverklaarbare verskynsel van *zoos* en ander desperate 'elemente' van die gemeenskap in 'n sin verban word, sodat die 'norm' van die samelewing teenoor hierdie afwykendheid gehandhaaf kan word.

Wat Foucault se tweede beginsel betref, is dit nie so eenvoudig om aan te dui dat Zoo City (of 'n soortgelyke ruimte in 'n ander deel van die land/wêreld) se funksie oor tyd sou kon verander nie,³⁶ wel dat dit met verloop van tyd nuwe funksies verkry. Behalwe vir die feit dat dit as kwarantyngebied dien, het dit immers ook 'n bron van sekere vaardighede (met verwysing na die *zoos* se *shavi's*) geword. Dit is verder 'n plek wat mense met 'n soort verwondering vul (vgl. Dave se opgewondenheid oor 'n "guided tour" deur Zoo City – 134) – 'n besienswaardigheid, 'n letterlike dieretuin.

Derdens sou 'n mens wel kon sê dat Zoo City in 'n werklike plek verskillende skynbaar onversoerbare ruimtes naas mekaar stel: Binne hierdie stadsruimte is daar menslike inwoners en diere (beide wild én getem). Die menslike leefruimte word egter nie, soos in 'n dieretuin, aangepas om die mens te beskerm nie (daar is geen hokke in Zoo City nie) – dit word eerder ingerig vir die aanpassing van die wilde diere. So sien ons byvoorbeeld in Zinzi se woonstel "loops of rope hanging from the ceiling" (1) – "the closest I can get to providing authentic Amazon jungle vines" (2).

Foucault se vierde beginsel – dat heterotopieë meestal verbind is aan heterochronieë – is nie werklik van toepassing op Zoo City nie. Die tradisionele tydsbesef bepaal die funksionering van die grootste deel van Zoo City (met uitsonderings, bv. die bordeel).

³⁶ Hier sou 'n mens seker kon argumenteer dat die spesifieke deel van die stad se funksie met die verloop van tyd verander het (vgl. Zoo City se "Former Life" as "cosmopolitan central" en onlangse pogings tot verburgerliking - 42). Ek kies egter om hier na Zoo City as stad van *zoos* te kyk, nie bloot na die geografiese ruimte voor of ná *zoos* nie.

Vyfdens is daar wat Zoo City betref in 'n groot mate 'n “system of opening and closing that both isolates [it] and makes [it] penetrable” (Foucault, 1986:26). Alhoewel toegang nie verpligtend is nie, is dit – óf as gevolg van 'n dier óf as gevolg van totale desperaatheid – onvermydelik. Wat betref die toegang van *zoos* tot ander dele van die stad, sien ons dat dit verskil. In die voorstede is die teenwoordigheid van *zoos* ongewoon. Wanneer Zinzi in 'n straat in die voorstad, Killarney, loop, lok sy 'n aggressiewe getoet uit, met die reaksie: “I give them the finger. Not my fault if they're so cloistered in suburbia that they don't get to see zoos” (11). Wanneer Zinzi en twee ander *zoos* tot 'n gholflandgoed in Midrand toegang wil verkry, word daar talle vrae gevra en foto's geneem. Mark se opmerking is, “Animalists everywhere” (85). Zinzi se gewese minnaar stel vir hulle eerste herontmoeting 'n kuierplek, Reputation, voor, maar die plek het 'n ‘beleid’ (111) – geen *zoos* word toegelaat nie. In 'n koerantartikel waarin berig word van 'n winkelsentrumroof waar die bende 'n leeu by hulle gehad het, word gesê: “Makes me wonder if we don't need a pass system for zoos after all!” (27).

Foucault se laaste beginsel, naamlik dat heterotopieë 'n funksie in verhouding tot die omringende ruimte het, óf as heterotopieë van illusie óf as heterotopieë van kompensasie, is nie so maklik om op Zoo City van toepassing te maak nie. 'n Mens sou kon argumenteer dat Zoo City, soos Foucault se voorbeeld van die bordeel, 'n voorbeeld van 'n heterotopie van illusie is. Die vryheid van wetlikheid wat in 'n groot mate in Zoo City heers en die verdraagsaamheid teenoor onwettige aktiwiteite en die Ander, onthul in 'n sekere opsig die beginsels van die res van die samelewing, wat in hulle voorstede en *gated communities* as sogenaamd voorbeeldige burgers woon, as 'n illusie (as denkbeeldig of bedrieglik – “illusory”). Foucault se sentiment teenoor die bordeel is egter positief – hy verwys na “those famous brothels of which we are now deprived” (27) – terwyl Zoo City nie, soos die bordeel

met sy seksuele pret of die sirkus of teater as ontsnapping aan die alledaagse, dieselfde ‘suiwere’ fantasie beliggaam nie.

Dit is redelik duidelik dat Zoo City heterotopies is ten opsigte van die res van Johannesburg soos uitgebeeld in die roman. Die bouvalligheid staan in kontras met die grootste deel van die stad, die wetteloosheid en gevaar is teenstrydig met die wet en orde wat veronderstel is om in die res van die stad te heers, die gebrek aan gesondheidsorg is kontrasterend met die gevorderde mediese sorg wat vir dié met geld beskikbaar is en daar bestaan ’n gemeenskapsbesef wat skynbaar in die *gated communities* afwesig is. Aangesien die *Zoo Plague* egter nie slegs eie aan Johannesburg is nie, maar ’n wêreldwye verskynsel, sou ’n mens ook na Zoo City binne ’n globale raamwerk kon kyk en die vraag vra: Is dit ’n ruimte waarvan die betekenis nie inpas binne sekere geografiese verhoudings nie (vgl. Hetherington, 1997:8)? Ondermyn dit die beweerde koherensie of totaliteit van selfgenoegsame ordes (vgl. Genocchio, 1995:37)? Ek wil hierdie vrae met ’n ompad beantwoord.

Volgens die sosioloog, Peter Langer, word metafore van die stad as basaar en “jungle” vanaf die 19de eeu tot vandag toe gebruik (King, 1996:3). Hierby kan natuurlik die doolhof en ander chaotiese ruimtes gevoeg word. Peter Marcuse (1995:243), in sy hoofstuk “Not Chaos, but Walls: Postmodernism and the Partitioned City”, lewer interessante kommentaar op hierdie fenomeen:

A curious inversion has taken place in urban theory today. If the history of the modern cities has been an attempt to impose order on the apparent chaos that is the individual experience of the impact of capitalism on urban form [...], then what is happening today may be considered the attempt to impose chaos on order, an attempt to cover with a cloak of visible (and visual) anarchy an increasingly pervasive and obtrusive order.

Die orde waarna Marcuse verwys, is die toenemende teenwoordigheid van ’n patroon van hiërargiese verhoudings tussen mense en die weerspieëling en versterking hiervan in die ordening van stadsruimte.

Hierdie hiërargie word dan bedek met 'n mantel van fynbeplande lukraakheid wat, ironies genoeg, dikwels ook deur die ordening van stadsruimtes geskied. (Marcuse, 1995:243)

Hierdie siening inaggenome, sou ek wou argumenteer dat Zoo City, of enige ander soortgelyke ruimte waar gemarginaliseerdes woon, op 'n globale skaal nie ten volle as heterotopieë kan funksioneer nie. In die lig van Marcuse se kommentaar sou 'n mens Zoo City as deel van die heersende modus van ordening kon sien. Dit strook met die geografiese verhoudings binne kapitalistiese sisteme. Die benaming, Zoo City, staan in kontras met die meer bekende beeld van die 'jungle city'. Laasgenoemde sou dan ook meer gepas gewees het, indien 'n mens die wildheid en vryheid van die diere en die wetteloosheid van talle inwoners in ag neem. Die naam sou egter juis as 'n leidraad tot die verhouding tussen Zoo City en die res van die stad gesien kon word: Zoo City is deel van 'n ordelike geheel al lyk dit op die oog af soos 'n deel van die anargie en lukraakheid wat hierdie orde moet versteek. In die roman word dit uitgebeeld as 'n vrye en anargistiese ruimte, 'n alternatief tot die heersende orde, maar 'n mens sou kon argumenteer dat hierdie uitbeelding deel van die illusie is: die illusie dat dit wel moontlik is om buite die heersende orde te staan.

Met hierdie argument wil ek Zoo City nie sy andersheid of heterotopiese eienskappe ontsê nie. In sy verhouding tot die res van die stad funksioneer dit wel as heterotopie en dit is hierdie verhouding waarop die roman fokus. Indien ons egter die fokus sou verskuif van verhoudings tussen verskillende terreine in die stad na verhoudings tussen stedelike gebiede op 'n nasionale of internasionale vlak, sien ons dat Zoo City min of meer volgens die huidige bloudruk van stedelike verhoudings in die kapitalisties-gedrewe stad funksioneer en binne die globale stel verhoudings nie heterotopies is nie. 'n Finale uitspraak oor of Zoo City 'n volledig funksionerende heterotopie is, sal dus in 'n groot mate afhang van die versameling verhoudings wat in ag geneem word.

3.2 Heterotopiese aspekte van ander prominente geografiese ruimtes in *Zoo City*

Na aanleiding van die argument waarop my huiwering om *Zoo City* as 'n volledig funksionerende heterotopie te identifiseer gegrond is, sou 'n mens dieselfde logika kon gebruik om na te dink oor byvoorbeeld *gated communities*. Vervolgens die heterotopiese aspekte van *gated communities* en ander prominente geografiese ruimtes binne *Zoo City*.

3.2.1 *Gated communities*

In die boek *Heterotopias and the City* maak Setha Low 'n saak daarvoor uit dat *gated communities* as heterotopieë funksioneer. *Gated communities* word deur inwoners gesien as “a safe haven against the violence of society” en funksioneer, soos verskeie ander heterotopiese ruimtes, as toevlugsoord (Low, 2008:155). Vir die inwoners om hierdie illusie in stand te hou, word 'n eksterne landskap van vrees geskep wat hulle argitektoniese en sosiale keuses rasionaliseer en legitimeer. Anders as in die geval van tradisionele voorstede waar afstand en straatuitleg huise skei en afsonder, funksioneer die mure en hekke hier as 'n drumpel wat 'binne' en 'buite' skei en toegang tot die *gated communities* beheer. (Low, 2008:156-7) Low se troefargument is die *gated community* se oorsprong as Victoriaanse ontspannings- en aftree-oord: Soos sy voorganger funksioneer die *gated community* as 'n soort vakansie van die gewone lewe, “a leave from the disorder of the everyday and, in a sense, from society all together” (Low, 2008:162).

In *Zoo City* figureer twee *gated communities*: die een waarin die musiekvervaardiger, Odi Huron, woon; die ander waar die tweeling en musieksensasie, Song en S'bu, woon. Siende dat die leser deur Zinzi se oë na hierdie *gated communities* kyk, is dit nie verbasend dat sy die illusie van die *gated community* as veilige hawe beklemtoon nie. Waar die *gated community* op die oog af as heterotopie van kompensatie funksioneer – dit doen sigself immers voor as 'n perfekte en geordende terrein – ontbloot

Zinzi die skynheiligheid daarvan. Sy verwys twee keer na die perfekte voorkoms van die *gated communities*: “The grassy verges on the pavement are more manicured than a porn star’s topiary” (68); “cookie-cutter townhouses with their perfect green lawns and chorus line of hissing sprinklers” (86). Hierteenoor praat sy van die “rotten heart of leafy suburbia” (67). Sy wys op die ironie dat die sekuriteitswagte meestal *zoos* is³⁷ en sy sê, “Anything could happen behind those walls and you wouldn’t know a thing. Maybe that’s the point” (68). Die waarheid van hierdie stelling word bewys wanneer Odi Huron se albino krokodil tydens die klimaksgebeure van die roman ontbloot word. Terwyl geweld tydens hierdie gebeure letterlik ondergronds plaasvind, geld Zinzi se woorde: “And in the meantime, dream city is dreaming” (279).

Ek sou wou argumenteer dat die *gated communities* soos in *Zoo City* uitgebeeld – en ander ooreenkomstige toevlugsoorde waar die droom van ’n utopie in die klein nie realiseer nie – nie sonder meer as heterotopieë aangedui behoort te word nie. Ten spyte van die feit dat ’n paar van Foucault se beginsels maklik van toepassing gemaak kan word, moet nie uit die oog verloor word hoeveel Foucault se utopie en heterotopie met mekaar in gemeen het nie. As sodanig wil ek aanvoer dat die *gated community*, soos ontbloot in *Zoo City*, dalk eerder ’n mislukte utopie van homogeniteit as ’n heterotopie is. Ten spyte van die feit dat homogeniteit nie ten volle verwerklik word nie, bly dit immers die eintlike doel.

3.2.2 Die rehabilitasiesentrum

Rehabilitasiesentrums sou in sekere opsigte op ’n kontinuum tussen hospitale en tronke geplaas kon word. Siende dat beide laasgenoemde instansies al as heterotopieë geïdentifiseer is en die ooreenkomste voor die hand liggend is (afhangend natuurlik van die relevante individuele instansie), is

³⁷ “The uniformed guard has a Rat in his pocket [...] Zoos do okay in the security sector, especially with Sentinel, which is the largest and therefore, as a matter of practicality, the most open-minded armed-response company in the city” (67).

dit nouliks nodig om in detail te kyk hoe Foucault se beginsels op rehabilitasiesentrums van toepassing gemaak sou kon word. Ek wil wel kyk hoe hierdie instansie in *Zoo City* uitgebeeld word.

Die rehabilitasiesentrum waar Zinzi na leidrade oor Song se lewe gaan soek, is 'n plek genaamd “Haven”: “A residential facility set on a tranquil and secluded country estate near the Cradle of Humankind, Haven provides a safe and supportive environment in which to reclaim your sense of self” (147). Haven is geleë agter 'n swart hek, omring deur elektriese heinings en toegang word deur 'n interkomstelsel gereguleer (148). Zinzi besoek Haven onder die voorwendsel dat sy die opkoms van “rehab safaris” vir die *Mach*-tydskrif wil ondersoek. Tydens haar onderhoud met die bestuurder vind sy uit dat 15-20% van die pasiënte van ander lande afkomstig is. Die bestuurder verwys spesifiek na die VK en verduidelik dit as volg: “It’s a last resort for the families – that old attitude of ‘send the troublemakers to the colonies!’” (153).

Haven funksioneer dus as 'n heterotopie van afwyking vir sover dit ooreenkomste toon met die kolonie waarheen ongewenste elemente van die samelewing gestuur is. As “rehab-safari” bring dit egter ook twee skynbaar uiteenlopende wêrelde bymekaar: die rehabilitasiesentrum en die ontdekkingsvakansie. Dit is asof verslaafdes – spesifiek diegene uit lande soos die VK – die ‘wildernis’ ingestuur word om hulleself te herontdek. Hierdie privaatinstansies is so duur dat die toegang veel eerder van geld afhang as dat iemand as gevolg van 'n ‘afwyking’ gedwing word om te gaan. Dit funksioneer dus eintlik as krisisheterotopie vir die individu – die pasiënt moet 'n sekere proses deurgaang voordat sy weer by die samelewing geïntegreer kan word.

'n Meisie by die sentrum met wie Zinzi gesels, praat egter van 'n “revolving door”: “You go out, you come back in. Might take years, might take hours. It’s inevitable” (150). Sy sien haarself as “just meat

with faulty programming” (150). In hierdie opsig het die rehabilitasiesentrum se plek in die samelewing ook verander soos wat die diskoers oor verslawing verander het; dalk ook soos wat die probleem van verslawing meer algemeen of sigbaar geword het. Waar dit wel voorheen as “some bits of screwy DNA” (150) (ook die meisie se woorde) gesien is (die siening word steeds in sekere kringe gehuldig), is daar nou by talle sentrums “a multi-disciplinary approach, including counselling, the 12-step programme and cognitive-behavioural therapy” (147). Daar is ’n pad terug na jouself en die samelewing toe en drastiese metodes en tronkomsandighede³⁸ is nie nodig om daar uit te kom nie – die rehabilitasiesentrum as heterotopie van afwyking is vir welgesteldes in ’n groot mate deur die rehab-safari vervang.

3.2.3 Die Nie-Hawe

In die voorwoord tot Thomas Dumm se *Michel Foucault and the Politics of Freedom* beklemtoon Morton Schoolman (1996:xvii) die belangrikheid van die idee van “homelessness” vir Dumm se begrip van demokrasie:

Are the homeless perhaps those who find oppressive, Dumm is asking, the circumstances that govern organized, normalized life? Are the homeless not seeking out alternatives, desperate ways to live outside the containment fields that circumscribe modern experience and fix our identities? Do the homeless articulate a desire in each of us to disappear, to become anonymous and thus escape the new enclosures?

Hierdie “enclosures”, so suggereer Schoolman (1996:xviii), het dalk so fundamenteel en universeel geword dat haweloosheid die enigste manier is om daarvan te ontsnap. Daar is dus ’n verbintenis tussen haweloosheid en vryheid (Schoolman, 1996:xvii). Schoolman verwys na die situasie in Amerika waar ’n stryd met haweloosheid ’n stryd téén haweloses geword het: Deur inperkings en regulasies word publieke areas ontoeganklik vir haweloses. Hierdie proses is nie uniek aan Amerika nie: Verburgerliking en die semi-privatisering van parke is prosesse wat ook in Suid-Afrika plaasvind.

³⁸ Zinzi verwys wel na ’n ander rehabilitasiesentrum, “Donkerpoort” (93), wat assosiasies met Noupoort oproep.

As 'n mens weer na Dumm se begrip van heterotopieë – as die uitdrukking van oorskryding, die uitstel van volmaaktheid na die volgende bestemming (Dumm, 1996:108) – gaan kyk, is dit duidelik dat haweloosheid hiervolgens as heterotopie geïdentifiseer sou kon word. Die voorstedelike huis met die veilige witgeverfde omheining word nooit gebou nie – die hawe is altyd die volgende bestemming. Haweloosheid staan dan teenoor omheining wat die geografiese norm geword het.

In *Zoo City* word dit egter duidelik dat die romantiese idee van haweloosheid as 'n uitdrukking van vryheid en die ondermyning van die samelewing se verwagtinge, aangevul moet word met die aspek van weerloosheid. Een van die mense wat vermoor word sodat sy dier vir moetiese gebruik kan word om Odi Huron van sy krokodil te bevry, is 'n hawelose man, Patrick Serfontein. Hy is lewendig verbrand onder 'n brug in Troyeville waar hy op daardie stadium in 'n kartondoos gebly het (255). Ook die kinders wat verbrand het in S'bu en Song se huis – laasgenoemdes se dood word só vervals – was straatkinders wat nie vermis sou word nie (284).

Wanneer Zinzi op Patrick Serfontein se spoor kom en meer oor hom wil uitvind, bevind sy haar onder andere by die Carol Walters Shelter en Joubert Park, aandoenplekke vir haweloses. Die bestuurder van die skooling, ene Snyman, neem Zinzi na die park sodat sy die gereelde besoekers kan ondervra. Oor Patrick Serfontein sê die een man, Hannes: “He was his own man [...] The shelter isn't for everybody, hey. Some people like their freedom. They can't be dealing with other people's rules all the time” (264). Hierdie vryheid kom Patrick egter duur te staan; sy vryheid van beweging beteken dat niemand sy afwesigheid snaaks vind nie. Soos Snyman vir Zinzi sê: “A lot of our residents come and go” (264). Die feit dat hy op sy eie beweeg en leef, maak hom weerloos.

Haweloosheid is ’n versameling van plekke waar ’n alternatiewe (wan)ordering van elemente en idees deur die spanning tussen vryheid en gevaar teweeggebring word. Soos die skip is dit dalk ook ’n heterotopie *par excellence*.

3.2.4 Die stormwaterdreine

Soos reeds genoem, word rioolstelsels deur Genocchio (1995:38) as heterotopieë geklassifiseer. Zinzi bevind haar gereeld in die stormwaterdreine om verlore goedere te vind. Sy sê aan Mevrouw Luditsky dat sy die dreine haat, maar bevind haarself as gevolg van desperaatheid wel in die dreine om na Mevrouw Luditsky se ring te gaan soek: “[Which is] how I found myself shin-deep in shit in the stormwater drains beneath Killarney Mall. Not actual shit, at least, because the sewage runs through a different system, but years of musty rainwater and trash and rot and dead rats and used condoms make up their own signature fragrance” (10).

Dit is by die ingang na ’n stormwaterdrein – op soek na die skelms wat by haar kar ingebreek en haar selfoon gesteel het – waar Zinzi in ’n gevaarlike struweling met drie hawelose kinders betrokke raak. Uit desperaatheid om weg te kom, vlug sy by die drein in. Hier beskryf Zinzi die sement wat verkrummel en glad van die slym is (184), “the modern cement giving way to ancient brickwork [...], a Victorian relic from the town’s golden days” (185), die “scuttly things” wat haar kielie en wat sy hoop net kakkerlakke is (185). In die ontsnappingsproses verloor Zinzi amper vir Sloth. Wanneer sy en Sloth weer bymekaar uitkom, is hulle op onbekende terrein:

It’s not like I’m the world authority on Joburg’s storm drains, but I’ve been down here enough times looking for lost things to know the basic lie of the land. This is all unfamiliar. The tunnels are a scramble of pitch-black termite holes, some of them narrowing away to nothing, like whoever was digging them got bored and wandered off (187).

Na ure se ronddwaal, word hulle amper slagoffers van die Gautrein, maar ten minste kan hulle – met aansienlike moeite as gevolg van sekuriteit – deur die Sandtonstasie weer bogronds kom (190).

Dit is voor die hand liggend dat die ‘ondergrondse stad’, soos wat Mumford (1966:546) dit noem, ’n terrein is wat deur ‘andersheid’ gekenmerk word: Die mens se natuurlike habitat is immers bogronds waar volop lug en lig beskikbaar is. In die dreine vind ’n mens dit waarvan ontslae geraak moet word, dit wat onooglik en onwelriekend en vuil is, dit wat die ordening van die bogrondse stad omver kan werp. Mumford praat ook van ondergrondse winkelsentrums, parkeerareas, ensovoorts. ’n Mens kan vanuit twee perspektiewe na hierdie ruimte kyk. Mumford (1966:546) vergelyk die lewe van die werker in die ondergrondse stad met ’n vroegtydige begrafnis: “Unfortunately, the underground city demands the constant attendance of living men, also kept underground; and that imposition is hardly less than a premature burial.”

Hierteenoor vind ’n mens in die literatuur dat die ondergrondse stad dikwels simbool word van ondermyning, veral waar daar ’n keuse vir die ondergrondse stad gemaak word. So byvoorbeeld word daar van China Miéville se karakter in *King Rat*, Saul, gesê dat sy beperkte menslike siening van die stad verbreed word soos wat hy die versteekte topografie van rioolstelsels, agterstrate en geheime gange ontdek (Maczynska, 2010:75). Daar word oor hom geskryf: “[H]e inhabits an underground metropolis that defeats ‘the conspiracy of architecture, the tyranny by which the buildings that men and women had built had taken control over them, circumscribed their relations, confined their movements’” (Miéville in Maczynska, 2010:75-76). Die idee van die stad se argitektuur as ’n sameswering en vorm van tirannie, stel die ondergrondse stad as ’n ruimte van bevryding en ondermyning op.

Alhoewel ’n mens heterotopiese eienskappe by rioolstelsels sou kon identifiseer – byvoorbeeld die feit dat dit die realiteit van die samelewing as ’n geval van ‘bo blink onder stink’ ontbloot, die feit dat dit

beide as graf en as ruimte van bevryding kan funksioneer – moet dit myns insiens nie uit die oog verloor word dat die rioolstelsel deel van die heersende orde(ning) van die ‘beskaafde’ wêreld is nie. In *Zoo City* sien Zinzi haar besoeke aan die rioolpype nie as ’n manier om die hoofstroom te ondermyn nie; dit spruit uit haar desperaatheid om ’n inkomste uit haar *shavi* te verdien. Die feit dat Zinzi via die Sandtonstasie uit die ondergrondse tunnels ontsnap, beklemtoon die gevorderdheid van die moderne ondergrondse stad. ’n Goeie, werkende rioolstelsel vorm deel van die sameswering van die bogrondse argitektuur. Al is dit ’n marginale ruimte, is dit myns insiens, soos uitgebeeld in *Zoo City*, nie ’n ruimte wat as heterotopie funksioneer nie.

3.3 Die magiese sfeer

Die feit dat moeties die storielyn van die roman dryf, wys op die belangrikheid wat toorkuns en die magiese in *Zoo City* speel. Zinzi kom uit ’n huis waar haar ma uiters bygelowig was, maar haar pa geglo het dat dit dié “superstitious rubbish” is wat die kontinent terughou (164). In *Zoo City*, soos reeds genoem, is daar baie sangomas en geloofsgenesers. Odi Huron se verlore goedere, wat Zinzi gewoonlik sou kon sien waar dit met drade aan sy persoon verbind is (’n deel van haar *shavi*), is deur ’n sangoma afgekap (74). Ook die tweeling-musieksensasie sien elke maand ’n sangoma om hulle met spanning te help (109).

Zinzi self is skepties wanneer sy na ’n sangoma wat Vuyo, haar baas, aanbeveel het, gaan. Sy sien die D7G-logo op sy hemp en dink, “So much for the simple life of serving the spirits of the ancestors” (167). Wanneer hy na sy iPhone as kommunikasiemiddel met die geeste verwys, reageer sy as volg: “I didn’t know the ancestors were SMSing now.” Hierop reageer die sangoma: “No, he calls me. The spirits find it easier with technology. It’s not so clogged as human minds” (167). Saam met die skulpies

en klippies wat Zinzi moet skommel en gooi, is daar ook 'n MTN pay-as-you-go simkaart en 'n figuurtjie wat lyk asof hy uit 'n McDonald's Happy Meal gekom het (168).

Aan die een kant wil dit dus voorkom asof die magiese binne 'n bestel waar die *Zoo Plague* alle redelikheid ondermyn, veld gewen het. Saam met die *zoo*-fenomeen dui dit op 'n ondermyning van die hiërargieë waarvolgens kennis redelik georden word. Aan die ander kant is daar ook die invloed van tegnologie op hierdie magiese sfeer. Behalwe die reeds genoemde voorbeelde is daar ook die onverklaarbare e-posse wat Zinzi ontvang en wat elke keer 'n leidraad tot 'n moetiesmoord op 'n *zoo* is. Wanneer sy na aanleiding van haar besoek aan die sangoma uit desperaatheid haar eie moeties maak, kry sy leidrade in die drome wat op haar toorkuns volg. Zinzi is dus alles behalwe die tradisionele speurder wat met behulp van haar rede en deduksievaardighede die moetiesmoorde oplos – sy doen dit met behulp van haar *shavi*, 'n sangoma, misterieuse e-posse wat skynbaar vanuit die doderyk gestuur word en haar eie moeties. 'n Mens sou dus kon argumenteer dat die magiese sfeer in *Zoo City* heterotopies funksioneer vir sover dit ook op 'n klemverskuiwing binne die heersende sisteem van denke dui.

3.4 Die virtuele ruimte: Internet

Die internet is wel nie 'n geografiese ruimte nie, maar die werklikheidseffek daarvan is al telkemale bewys. As virtuele ruimte sou 'n mens die heterotopiese eienskappe daarvan kon identifiseer. Alhoewel die internet nie as heterotopie van afwyking óf krisisheterotopie, heterotopie van illusie óf heterotopie van kompensasië geklassifiseer kan word nie, is dit 'n vergestaltung van Foucault se derde beginsel: dit stel terreine wat op sigself onversoenbaar is, naas mekaar. Daar is webtuistes waar mense wat as 'abnormaal' of 'afwykend' beskou word, 'n gemeenskap kan vind waar hulle inpas. Daar is onder andere forums vir swanger vrouens en mense met spesifieke siektes wat as 'n tipe krisisheterotopie

dien. Daar is pornografiese webtuistes wat herinner aan Foucault se klassifikasie van die bordeel as heterotopie van illusie; aanlyn ensiklopedieë, biblioteke en kolleges wat as heterotopieë van kompensasië funksioneer. Daar is virusse, geselsgroepe en markte. 'n Hele wêreld van uiteenlopende webtuistes; mense wat geografies ver van mekaar verwyder is, maar in reële tyd kan kommunikeer – dit en nog meer word op die internet byeengebring.

Zinzi werk vir “The Company”, 'n gedentraliseerde maatskappy wat onder andere spesialiseer in e-posbedrog ('419 scamming'). Sy werk om haar dwelmskuld af te betaal en moet e-posse stuur wat mense oorreed om hulle geld vir een of ander goeie rede beskikbaar te stel aan 'n slagoffer van een of ander aard – gewoonlik iemand uit 'n oorloggeteisterde land in Afrika wat nie toegang tot hulle geld het nie, maar belooft om die volle bedrag plus rente terug te betaal. Sy neem dus in effek verskillende identiteite aan, onder andere dié van Frances, 'n vlugteling uit 'n kamp in die Ivoorkus (31). Binne hierdie ruimte word simpatie en gierigheid, tragedie en uitbuiting vermeng om te wys tot watter mate die internet menseverhoudings en standvastigheid van identiteit herorden.

Om verder te illustreer hoe omvangryk en onverstaanbaar die internet is, kry Zinzi drie e-posse wat leidrade oor die moetiese moorde bevat – asof die slagoffers self uit die dood hulle moorde wil help oplos. Die idee van tegnologie as produk van die mens se rasionaliteit word dus ondermyn en die internet word ook draer van misterieuse data.

4. Teks en taal – Bloot verbeeldingryk of ook heterotopies?

Om *Zoo City* binne die raamwerk van heterotopiese literatuur te ontleed, is dit nodig om na meer as bloot die geografiese ruimtes in die roman te kyk. Die taalgebruik en vormgewing binne die teks sal kortliks onder die loep geneem word.

4.1 Taalgebruik

Lauren Beukes is ’n besonder talentvolle storieverteller – daaroor is resensente dit eens. Haar styl word beskryf as ‘cool’, humoristies en skerp (sien o.a. Hugo, 2010:4). Een resensent sê oor haar skryfwerk: “It’s so real you could be reading high definition” (Bayne, 2010:1). In pas met die hoë-definisie-leesgenot blyk dit dat taal ondergeskik aan die storielyn en ander verhaalelemente is. Taal is bloot die middel waardeur ’n alternatiewe wêreld geskep en aan die leser verstaanbaar gemaak word. Dit is daarom nie verbasend dat Beukes se taalgebruik nie ’n alternatiewe ordening van woorde, betekenis of taalstrukture openbaar nie. Heterotopiese praktyke op die vlak van die teks is immers geneig om lesers te vervreem en dit is duidelik nie deel van die leeservaring wat Beukes vir haar mark in gedagte het nie. Haar taalgebruik is verbeeldingryk en kreatief – hiervan spreek die konsepte rondom die *zoo*-fenomeen, die hergebruik van reeds bestaande terme wat intertekste aktiveer en sommige metafore.³⁹ Dit poog nêrens in die teks om heterotopies te funksioneer nie.

4.2 Vormgewing

Terwyl Zinzi, die eerste persoonverteller, vir die grootste deel van die roman aan die woord is, sluit die teks ook ’n aanlynresensie, die “Crime Watch” van ’n poniekoerant, ’n uittreksel uit ’n nie-fiksie boek en ’n akademiese artikel in. Ons sien dus die naasmekaarstelling van uiteenlopende genres wat die tradisionele romanstruktuur herorden. In hierdie opsig voldoen *Zoo City* in ’n groot mate aan Pordzik (2001) se definisie van heterotopie (sien bl. 37-38 in hierdie opstel). Soos reeds in my uiteensetting van heterotopiese literatuur genoem, is dit egter nodig om by die oorweging van hierdie tipe literêre strategie die relasionele aard van heterotopieë in ag te neem. Die feit dat die herordening van die tradisionele romanstruktuur binne ’n postmoderne raamwerk glad nie meer onkonvensioneel is nie en,

³⁹ Vir twee opinies oor onderskeidelik Beukes se oordadige en suksesvolle gebruik van vergelykings, sien Norwood-Young (2010:6) en Szczurek (2010:30).

intendeel, deel vorm van 'n modieuse 'chaotiese ordening', lei tot die gevolgtrekking dat hierdie vorm nie meer as heterotopies geklassifiseer kan word nie. Dieselfde tipe argument sou geld vir die feit dat Beukes ander skrywers gebruik het om byvoorbeeld die akademiese artikel en 'n onderhoud met die musiekvervaardiger, Odi Huron, te skryf.

In 'n onderhoud met Beukes wat agterin die tweede druk van *Zoo City* (2011) verskyn, word dit duidelik dat sy onder geen illusie verkeer wat betref die andersheid of vervreemdende effek van die roman se samestelling nie. Sy noem Alan Moore as haar groot inspirasie om verskillende genres en stemme te gebruik. Verder verwoord sy die doel daarvan as volg: "I hate painful exposition and there was a lot here that needed to be explained. It was easier and more fun to do it using intertextual elements that allowed for some ambiguity and interpretation."

Zoo City konfronteer die leser op geen vlak met 'n tekstuele heterotopie nie: nie in die styl van Borges nie (vgl. Foucault se definisie van tekstuele heterotopieë), en ook nie op die vlak van taal of vormgewing nie. Dit is egter duidelik dat die teks nooit ten doel gehad het om op hierdie wyse heterotopies te funksioneer nie en so 'n uitspraak kan dus nie werklik as kritiek opgestel word nie. Ek wil egter weer verwys na Corrigan (2013:18) se resensie van *The Shining Girls*. Die titel is, "She glitters, but now she must be bold". Indien Beukes, behalwe vir haar verbeeldingrykheid, ook meer dapperheid (selfs vermetelheid) aan die dag gelê het in die taalgebruik en vormgewing van *Zoo City*, sou dit 'n merkbare bydrae kon lewer tot die heterotopiese aspekte van die geografiese ruimtes, sowel as die moontlike heterotopiese funksionering van die roman.

5. Gevolgtrekking

Zoo City speel grootliks af in ruimtes wat heterotopiese eienskappe het, ruimtes wat binne sekere verhoudings as heterotopieë funksioneer en ruimtes wat volgens sommige teoretici 'hoogs funksionerende' heterotopieë is. Die roman kan myns insiens met vrug binne die raamwerk van heterotopiese literatuur ontleed en as sodanig geklassifiseer word.

Die hoogtepunt van *Zoo City* as heterotopiese roman is egter die *zoo*-fenomeen. Meer nog as deur enige geografiese ruimte word veral die epistemologiese, maar ook die ontologiese bekende in die vertelde ruimte hierdeur versplinter. Verder sou 'n mens kon sê dat die binêre opposisies wat dikwels deur lippediens aan die postmodernisme verwerp word, maar tog geneig is om sigself onder die oppervlak van sowel populêre as literêre fiksie te verhul, hierdeur geproblematiseer en ondermyn word. Die leser kan nie ontken dat sy met 'n alternatiewe en ander wêreld/sone gekonfronteer word nie. Is dit egter genoeg om tot die slotsom te kom dat die roman op sigself 'n heterotopie konstitueer?

Om hierdie vraag te beantwoord wil ek die verhouding tussen *Zoo City* en my waarneming van die heersende sosio-politiese ideologieë in ons land in oënskou neem. In die eerste plek kan 'n mens Beukes nie daarvan beskuldig dat sy nie die aktuele kwessies en probleme van Suid-Afrika, spesifiek binne die stedelike landskap, onder die loep neem nie. Dit is alles daar: armoede, werkloosheid, haweloosheid, diskriminasie, onwettige immigrasie en xenofobia, geweld, dwelmmisbruik, mensehandel, moetiese misdade, internetbedrog. Sommige word bloot in die verbygang genoem, ander word in fyn detail uitgewerk. Word hierdie kwessies egter op 'n ander wyse aangebied as byvoorbeeld in ander eietydse romans of die media? In so 'n mate dat ek as leser nie bloot na Beukes se slimgestruktureerde alternatiewe sone verplaas word nie, maar ook na 'n ruimte van waaruit ek 'n ander perspektief op my waarneming van die werklikheid kry?

In my geval het ek my na 'n eerste lees en ook na 'n deeglike stiplees steeds binne 'n ruimte bevind waar liberalisme hoogty vier en waar versigtige hoop en 'n oorlewingsmondering met vlymskerp sinisme as noodsaaklike wapen die norm is. Binne Zoo City sien ons immers 'n verdraagsame gemeenskap waarbinne inwoners in voeling is met hulle donker kante, waar dit nie saak maak of jy 'n luidier of 'n skerpioen het nie – jy is 'n *zoo*. Ons kyk deur die oë van 'n verteller wat dink dat sy nog nooit 'n goeie mens was nie (55), maar wat tog aan die einde van die roman die lang pad na Kigali vat waar haar kêrel – kritiek in die hospitaal as gevolg van haar speurwerk – se vrou en kinders dalk in 'n vlugtelingkamp is. Zinzi bevind haarself op die grens tussen Suid-Afrika en Zimbabwe en dink: “And even here, there’s that Zoo City hustle going on. Maybe it’s not peculiar to Hillbrow. Maybe it’s South Africa. You do what it takes, you take the opportunities” (307). Zinzi, en die leser saam met haar, is in voeling met die sosio-ekonomiese probleme in die land, maar dit wil voorkom asof dit alles deel is van die “hustle” wat ons ‘uniek’ en ‘interessant’ maak. Die roman sluit as volg af: “It’s going to be the best thing I’ve done with my miserable life. And after that? Maybe I’ll get lost for a while” (309). Zinzi is dus nog nie ‘verlore’ nie en die “lost” waarna sy verwys, het positiewe konnotasies.

Wanneer Hubbs (2011:3-4) van die teks as etiese heterotopie praat, verwys hy na die verantwoordelikheid van die skrywer om sisteme te skep waarvan die funksie nie is om betekenis, begrip, kompromie en interpretasie te fasiliteer nie, maar om te getuig van 'n sekere horison of liminale punt (sien bl. 41-42 in hierdie opstel). Beukes se alternatiewe wêreld fasiliteer juis betekenis: Dit gee vertroostende begrip vir die Suid-Afrikaanse situasie; dit laat die leser beter voel oor ons land en sy uitdagings. Vervolgens dan 'n bespreking van *Animal's People*, 'n roman wat myns insiens wel van 'n liminale punt getuig en die kantlyne herorden.

Hoofstuk 4

Animal's People (2007) as krities-etiese heterotopie

In hierdie hoofstuk sal *Animal's People*, 'n roman wat ook breedweg in die genre van spekulatiewe fiksie val, betrek word. 'n Bespreking van hierdie roman – geskryf deur die Indies-gebore Britse skrywer, Indra Sinha – kan nie direk bydra tot die gesprek rondom tendense in die Suid-Afrikaanse letterkunde wat deur Beukes en skrywers soos Deon Meyer en Margie Orford ontlok word nie (sien De Kock, 2013). 'n Mens sou kon argumenteer dat die betrekking van 'n Suid-Afrikaanse roman meer lig op die groter gesprek sou kon werp. Met my keuse van *Animal's People* wil ek ook nie te kenne gee dat daar nie in die Suid-Afrikaanse letterkunde romans is wat dieselfde fasette van heterotopiese literatuur sou kon belig nie. Ek is egter nie bewus van 'n ander Suid-Afrikaanse roman wat tematies, ruimtelik en op die vlak van genre soveel duidelike ooreenkomste met *Zoo City* vertoon nie. Myns insiens maak dit dus meer sin om binne die bestek van hierdie hoofstuk die Suid-Afrikaanse literêre toneel ter syde te skuif (iets waarvoor 'n verskoning in die 'postnasionale' era vir sommige oorbodig sou lyk) en te fokus op 'n vergelyking van die gekose romans. Beide romans val binne die raamwerk van heterotopiese literatuur. In hierdie hoofstuk wil ek egter argumenteer dat *Animal's People*, anders as *Zoo City*, ook as roman 'n krities-etiese heterotopie konstitueer.

Aangesien *Animal's People* nie in soveel detail as *Zoo City* bespreek sal word nie, gaan ek begin met enkele opmerkings oor die agtergrond waarteen die roman afspeel. Daarna sal die mees voor die hand liggende gronde vir vergelyking van die twee romans ter sprake kom. Vervolgens sal die heterotopiese lae van die hoofkarakter, Animal, die heterotopiese ruimtes binne die roman en die heterotopiese aspekte van die taalgebruik en die siening van taal en letterkunde wat na vore tree, bespreek word. In die gevolgtrekking sal 'n argument daarvoor uitgemaak word dat *Animal's People* as krities-etiese heterotopie funksioneer.

1. Enkele opmerkings oor die agtergrond waarteen *Animal's People* afspeel

Die hoofkarakter en verteller in die roman is Animal, 'n negentienjarige Indiërseun wat in Khaufpur woon. In Urdu beteken Khaufpur 'stad van terreur' (Nixon, 2011:60). Animal meet sy ouderdom aan Daardie Nag, omdat hy ten tye daarvan 'n pap baba was. Daardie Nag is 'n gebeurtenis wat nie net Animal se lot nie, maar ook die lot van almal in Khaufpur, veral diegene in die krotbuurte, bepaal het. Daardie Nag het die "Kampani" ('company'), 'n Amerikaanse maatskappy wat onder valse voorwendsels gif vervaardig het, ontplof en die dood van duisende, onder andere Animal se ouers, veroorsaak. Twintig jaar later leef die gemeenskap steeds met die gevolge van die ontploffing saam – verwante siektes, vergiftigde water, ens. Die Kampani weier om voor die Indiese howe te verskyn en het verskeie amptenare in hulle sak om hulle belange in Indië te beskerm.

Animal het die fisiese gevolge van die gif wat hy as baba ingekry het op sesjarige ouderdom begin voel: onuithoudbare pyn in sy rug was die begin van 'n ruggraat wat krom getrek het en hom genoop het om soos 'n dier, op al vier ledemate, te loop. Vandaar die spotnaam wat hy as kind gekry het. Dan is daar ook die stemme in sy kop wat soms dreig om hom mal te maak.

Animal's People word opgestel as 'n transkripsie van 'n reeks bande waarop Animal sy storie op versoek van 'n Australiaanse joernalis vertel. In die "Editor's Note" word daar gesê dat die bande net so uit Hindi (en Frans) vertaal is en dat daar geen ander veranderings aangebring is nie.

2. Gronde vir vergelyking: Enkele ooreenkomste en verskille tussen *Animal's People* en *Zoo City* wat betref genre en tema

Die toekenning van die Arthur C. Clarke-prys aan Beukes (spesifiek vir *Zoo City*) impliseer dat die roman binne die genre van wetenskapsfiksie val. 'n Aanlyndebat oor die geldigheid van só 'n klassifikasie wat op die toekenning gevolg het (Ansell, 2011:7), bring 'n mens tot die gevolgtrekking dat die breër etiket van spekulatiewe fiksie veiliger is. Ook Beukes, wat geen ontsag het vir wat sy die 'genre-oorlog' noem nie, plaas *Zoo City* binne die genre van spekulatiewe fiksie, stedelike fantasie of "New Weird" (Ansell, 2011:7). Waar *Zoo City* as genre-fiksie en populêre fiksie aangebied word, word *Animal's People* – met sy benoeming vir die Man Booker-prys (2007) en as streekswenner van die Gemenebes van Nasies-prys vir die beste boek (Europa en Asië) (2008) – meer spesifiek as literêre fiksie gelees. Ten spyte van Sinha se sinspeling op werklike gebeure in Bhopal in 1984, is die versameling van nagevolge van Daardie Nag in *Animal's People* so uiteenlopend en ver verwyder van die ervaring van die meerderheid van die wêreldbevolking dat sekere aspekte daarvan aan spekulatiewe fiksie herinner.⁴⁰

Die mees voor die hand liggende rede om *Zoo City* en *Animal's People* naas mekaar te plaas, is die wyse waarop beide die mens/dier tweeledigheid tematiseer en problematiseer, onderskeidelik deur die *Zoo*-fenomeen en die mens-dier hoofkarakter, Animal. Hieroor meer in die volgende afdeling.

'n Ander duidelike ooreenkoms is die mag wat beide "The Company" (in Zinzi se geval) en die Kampani (in *Animal* en die Khaufpuri's se geval) oor die karakters het. Zinzi is 'n werknemer van 'n maatskappy gesetel in Afrika wat deur middel van e-posbedrog misbruik maak van die ellende in Afrika om die gierigheid van ryk mense uit te buit. Hierteenoor is *Animal* en die Khaufpuri's die

⁴⁰ Allison Carruth (2011:90) skryf oor die roman: "Dwelling on the cultural and physical geography of Khaufpur, we can read the novel as not only a retrospective story of industrial disaster but also a speculative fiction of what I will term, following Nixon's cue, the mutagenic city."

slagoffers van ’n multi-nasionale maatskappy wat hulle hoë risiko fabriek in ontwikkelende lande met goedkoop arbeid bou en bedryf. Beide buit dus uit, maar die een (hoe moreel korrup dan ook al) buit diegene wat reeds uit kapitalisme voordeel getrek het uit, terwyl die ander die armstes van die armes uitbuit.

3. Die heterotopiese lae van *Animal*

“I used to be human once”(Sinha, 2007:1)⁴¹. So begin *Animal* sy verhaal. Hier beteken “human” om regop en op twee bene te loop; ook dat ander jou as ’n mens sien. Idees rondom die betekenis van “menswees” word egter in die loop van die roman gekompliseer en op geen oomblik word duidelikheid hieroor gegee nie⁴². Wanneer Nisha as *Animal* se weldoener begin optree, kom Zafar – haar kêrel en die held in die stryd teen die Kampani – ook in sy lewe. Tussen *Animal* en Zafar begin ’n lang argument oor wat ’n dier is en wat dit beteken om mens te wees (24). Tydens hulle eerste ontmoeting sê Zafar: “Plus you should not allow yourself to be called *Animal*. You are a human being, entitled to dignity and respect. If you haven’t a name then this is a great opportunity for you. You can choose your own.” Waarop *Animal* reageer: “You’re wrong, I’m thinking. Let me be as I am, like Nisha does, you would never say such things [...] ‘My name is *Animal*,’ I say. ‘I’m not a fucking human being, I’ve no wish to be one’”(23). Dit is dan ook ’n refrein in *Animal* se lewe: “How many times did I tell Ma Franci, ‘I no longer want to be human’”(1).

Dit is nie heeltemal waar nie. *Animal* het twee ‘onmoontlike wense’: die eerste is om regop te loop, die tweede om seks te hê (75-76). Hy maak egter duidelik watter een die eintlike oorweging is: “[B]ut why did I want [to stand upright] if not because it led to [sex]” (76). Dit word duidelik dat *Animal* op meeste vlakke met sy lewe tevrede is; hy verag immers die mens met sy godsdienste (“I don’t fucking

⁴¹ Vervolgens sal daar in hierdie hoofstuk met verwysing na *Animal’s People* slegs bladsynommers gegee word.

⁴² In navolging van die skrywer probeer ek dit vermy om essensialisties met begrippe soos ‘mens’ en ‘dier’ om te gaan. Ter wille van leesbaarheid gaan ek egter nie elke keer hierdie begrippe in aanhalingstekens plaas nie.

forgive. I'm not a Muslim, I'm not a Hindu, I'm not an Isayi, I'm an animal, I'd be lying if I said religion meant a damn thing to me. Where was god the cunt when we needed him?" – 14). Hy voel ook 'n "twisted fuck" vir die mens se politiek (124). Hy sê vir Farouq: "[W]ith us animals, our religion's eating, drinking, shitting, fucking, the basic stuff you do to survive" (89). Nisha wys daarop dat hy trots moet wees op sy naam (Jaanvar), omdat 'Jaan' 'lewe' beteken (35). Animal wil nie regop loop om 'meer mens' te wees nie, maar om sy 'dierlike lewe' meer te geniet. Meeste van sy dae word gedryf deur sy seksdrang en sy liefde vir Nisha – nie deur verhewe ideale en oortuigings nie. Soos hyself sê: "[T]he highest part of me was my arse" (15).

Dit wat die mens verbind, dit wat hom van die dier onderskei, word telkens bevraagteken. So byvoorbeeld sê Elli oor haar onvermoë om die mense van Khaufpur te verstaan: "Animal, I don't know what such suffering is like, but it doesn't mean we've nothing in common. There's simple humanity? Isn't there?" (185-186). Hierop reageer hy: "Cheap lying bastard, I'm. 'No good asking me,' I tell her. 'I long ago gave up trying to be human'" (186). Sy leuen is in die feit geleë dat hy nie heeltemal opgegee het nie en ook in sy ongeloof in hierdie "simple humanity" wat hy nie wil erken nie, omdat hy niks wil doen om "Elli doctress" te ontstel nie. Die verwesenliking van sy wens om regop te loop, hang immers van haar af (186).

Die ondermyning van die onderskeid tussen mens en dier word op die spits gedryf tydens en na 'n gesprek tussen Nisha en Animal wanneer al twee verkeerdelik dink dat Zafar dood is:

'I'll tell you what's of no use,' she cries. 'My father's precious justice is of no use, our government's of no use, courts are of no use, appeals to humanity are no use, because these people are not human, they're animals.'
'Nish,' I say, ignoring her insult to animals, 'I will devote my whole life to making you happy.' (332)

Hier sien ons die tipiese aanklag dat gemene, selfsugtige mense ‘diere’ is. Dít van Nisha, die een wat Animal toelaat om ‘homself’ te wees en aanmoedig om trots op sy naam te wees. Animal, op sy skynbaar onselfsugtigste, eien hierdie belediging vir homself toe. Wie is dan mens en wie is dier?

Hierdie oorvleueling word verder gevoer nadat Animal Nisha vra om te trou en sy nee gesê het:

‘...If I were human maybe I could be your lover. No chance of that now!’

‘Animal, please!’

‘I’ll always be nothing but a fucking animal!’

She looks at me with crazy eyes. ‘If you are an animal then fuck off and be one! Go and live in the jungle and see how much of an animal you are. Just leave me alone!’ (333)

Animal beland wel in die wildernis nadat hy ’n tweede ontploffing by die fabriek oorleef. Hier word hy weer met homself, die stemme in sy kop en die vraagstuk rondom menswees gekonfronteer. Hy word gekoggel deur ’n akkedis: “‘A broken rib may mend,’ says the lizard, ‘but your nature you can never change. You are human, if you were an animal you would have eaten me’” (346). En hy rig sy vrae aan die wesens wat hom vermy: “‘Come out,’ I cry. ‘Come out and tell me, am I a man?’ ‘WHAT IS A MAN?’ The voice roars right in my ear like a thunderclap, it flattens me” (347).

Animal glo dat hy in die wildernis sterf en wanneer hy in die paradys kom, lyk dit so:

There are animals of every kind [...S]ome have horns some have tails they are neither men nor animals, or else they are both, then I know that I have found my kind [...T]his is the deep time when there was no difference between anything when separation did not exist when all things were together, one and whole before humans set themselves apart and became clever and made cities and kampanis and factories (352).

Hierdie gesig van die paradys is egter die gevolg van onder andere ontwatering. Hy het nie gesterf nie en nadat sy vriende hom teruggeneem het Khaufpur toe, moet hy besluit of hy Amerika toe wil gaan om ‘mens’ te word. Animal kies vir ’n lewe waarin hy nie krukke of ’n rolstoel nodig het nie. Hy wil sy spaargeld gebruik om die prostituutmeisie wat hy op die strate leer ken het en met wie hy ’n geborgde nag spandeer het, vry te koop. Animal kies dus om homself te onderskei van die mens wat ‘slim’ geword het. Hy doen dit vir pas genoemde persoonlike oorwegings en ook vir die volgende rede:

[I]f I agree to be a human being, I'll also have to agree that I'm wrong-shaped and abnormal. But let me be a quatre pattes animal, four-footed and free, then I am whole, my own proper shape, just a different kind of animal from say Jara [sy hond], or a cow, or a camel (208).

Al gaan dit vir Animal meestal oor sy persoonlike agenda, is daar die suggestie dat hy, as dier, polities meer sou kon vermag. Hy word daarvan beskuldig dat hy sy dierwees as 'n verskoning gebruik om nie aan die wette van die samelewing gehoorsaam te wees nie (87). Die waarheid in hierdie beskuldiging blyk duidelik wanneer Animal na 'n filosofiese gesprek oor die verset tussen sy vriende luister en by homself dink:

An animal isn't subject to the laws of men, I will slit their eyeballs, I will rip out their tongues with red hot pliers, I will shit in their mouths. Blood's shaking my heart, I'm giddy with rage (284).

Wanneer geweld uitbreek en die opstand sy hoogtepunt bereik, word Nisha deur inspekteur Fatlu seergemaak. Animal vertel dit as volg:

I will kill this bastard and eat his heart.
Fatlu never sees his death approach, I've come running up behind, he's missed me because I'm so low to the ground [...] My hands fasten round his throat [...] 'No more torture for you, sisterfucker,' I shout in his ear then take the ear in my teeth [...] That's just the beginning, I am going to tear out his throat and gouge his eyes (313).

Animal word op hierdie punt gestop, maar dit is ook skynbaar hy (self kan hy niks daarvan onthou nie) wat later die fabriek aan die brand steek. Dit is Nisha wat die opmerking maak: "[I]f the law is useless, does it matter if we go outside it?"(284). Animal is die een wat in die grootste mate hierdie beginsel na die verset bring, juis omdat hy nie vasklou aan idees rondom menslikheid nie. Dalk ook omdat hy glo dat die magtigste ding in hierdie wêreld die genade tussen 'n vrou se bene is: "[...T]he power of this grace makes nuclear bombs look like firecrackers" (244).

Sowel in die karakter van Animal, as in die roman as geheel, word die mens/dier tweeledigheid tot so 'n mate geproblematiseer dat daar op die ou end geen antwoorde oor die 'aard' van mens of dier gebied word nie. Animal vervat in hom hierdie twee skynbaar onversoenbare wesens en alhoewel die

skeidslyn gehandhaaf word, word die onderskeid nooit duidelik nie. Soos Beukes se *zoo*-plaag, versplinter die karakter van Animal die bekende (Johnson, 2006:85) en is hy ’n “site of contrast whose existence sets up unsettling juxtapositions of incommensurate things” (Hetherington, 1997:8). Myns insiens is die hantering van hierdie tweeledigheid in die karakter van Animal egter meer verwickeld as in die geval van die *zoos*. Dit is onder andere daarin geleë dat Animal ’n mens-dier in die lyf van ’n dier-mens is, terwyl die *zoo* en haar dier op die ou end tog apart funksioneer. In *Animal’s People* is die simbiose tussen mens en dier per implikasie ’n twee-rigting afhanklikheid (wat inskakel met die omgewingskwessies wat in die roman aangespreek word). Die *zoo*-fenomeen in *Zoo City* behels dat die dier seerkry wanneer die mens seerkry, maar nie andersom nie. Waar die *zoo*-fenomeen dus ’n slim truuk is om, in vereenvoudigende terme, te sê dat die mens homself nie van sy dierlikheid kan distansieer nie, vind die leser in haar kennismaking met Animal minder netjiese antwoorde en meer vrae oor wat dit dan presies behels om as mens, en as mens wat dier ook is, te leef.

Hier is egter meer ter sprake as die verhouding tussen mens en dier soos in Animal self vergestalt. Alhoewel Animal se persoonlike storie op ’n positiewe noot eindig – hy aanvaar homself en daar is die vooruitsig van menslike intimiteit en seks – is daar vir die leser geen versoening of troos wanneer sy die “story sung by an ulcer” (12) klaar gelees het nie, want Animal, die karakter met wie jy so graag wil identifiseer, onderskei homself steeds van die leser en die ‘mensdom’. Hy kîes om Animal te bly. Dumm se siening van heterotopie as uitdrukking van oorskryding (soos gedefinieer deur Foucault), tree hier na vore:

Perhaps it is simply an affirmation of division; but only insofar as division is not understood to mean a cutting gesture, or the establishment of a separation or the measuring of a distance, only retaining that in it which may designate the existence of difference” (Foucault in Dumm, 1996:45).

Animal is hierdie “affirmation of division”. En hier gaan dit nie bloot om die skeiding tussen mens en dier nie. Dit gaan oor die verskil tussen die wyse waarop ryk (die leser) en arm (Animal en sy mense)

menslikheid en dit wat menslikheid konstitueer, sien. Wat hierdie verskil behels, word nie heeltemal duidelik nie. Al waarop daar blykbaar ooreengekom kan word, is dat beide sienings “eating, drinking, shitting, fucking, the basic stuff you do to survive” (89) insluit. Wat die leser weer met die vraag laat: Hoe verskil dit dan van dierlikheid?

In sy boek, *Slow Violence and the Environmentalism of the Poor* (2011), ondersoek Rob Nixon die fenomeen van “slow violence” – geweld wat nie tot ’n spesifieke gebeurtenis, tydstip of skending verbind kan word nie, maar wat met verloop van tyd manifesteer en dan dikwels steeds onsigbaar is omdat dit op die sellulêre vlak gebeur (Nixon, 2011:3). Nixon (2011:52-53) wys daarop dat Sinha se roman ’n aantal grense bevraagteken: die grensgebiede tussen mens en dier, die ekonomiese grense tussen ryk en arm en die dieperwordende kloof tussen diegene wat verhewe is bo wette en regulasies en diegene wat areas bewoon waar die impak gevoel word van verafgeleë, ekonomiese “overlords” se verontagsaming van die plaaslike omgewings waar hulle besighede fisies bedryf word. Volgens Nixon (2011:52) sou *Animal* gesien kon word as ’n “bodily shorthand for Khaufpur’s transnational plight”. Deur ’n versteekte ekonomiese verhouding in sy verteller se liggaam te manifesteer, kry Sinha dit reg om aan sy roman ’n plaaslike wesenlikheid te gee en terselfdertyd die web van transnasionale magte wat alles deurdring en aan die plaaslike vorm gee, te ontbloot (Nixon, 2011:52). *Animal’s People* vra dus wat dit beteken – in biologiese, eksistensiële, etiese en ekonomiese terme – om tot dieselfde spesie te behoort (Nixon, 2011:53).

In *Zoo City* is die verteller, Zinzi, ook ’n anti-held, maar nie in dieselfde sin as *Animal* nie. As *zoo* is sy eerder ’n karakter deur wie die leser vrede kan bewerkstellig tussen die goed en kwaad, die “mens” en “dier” wat in almal saamleef. Sy is spitsvondig en snaaks, maar nooit op ’n manier wat skok of aanstoot gee nie. Sy nooi die leser om met haar te identifiseer en saam met haar die verskeidenheid en

lewendigheid van ons Suid-Afrikaanse konteks – en per implikasie die groeiende diversiteit binne buurte van ons ‘globale dorpie’ – te omarm. In daardie opsig is sy dus nie die “affirmation of division” wat ons in *Animal* vergestalt sien nie.

4. Die heterotopiese ruimtes in *Animal’s People*: Khaufpur en sy “slums of shit and plastic”

Elli, die Amerikaanse dokter, sien Khaufpur as “just the strangest place I’d ever been” (151). Sy erken dat sy Khaufpur – grootliks verwysend na die minder gegoede en krotbuurte – glad nie verstaan nie. Die rede: “Never before have I lived in a town where milk’s sold by the spoonful. Where people buy cigarettes one at a time and ride three to a bicycle.” Vir Elli is die vreemdste egter dat die stad verdwyn wanneer die son sak, omdat meeste van die strate en voertuie nie ligte het nie (151). Die buitelandse joernaliste wat na Khaufpur kom, kom vir die droewige stories oor Daardie Nag en om misvormdes, soos *Animal*, op te spoor. In verhouding tot die ontwikkelde wêreld is die grootste deel van Khaufpur dus ’n heterotopie van afwyking. Sedert Daardie Nag is dit egter ook ’n krisisheterotopie waar die inwoners desperaat op skadevergoeding en die rehabilitasie van hulle omgewing wag. Faqri, ’n vriend van *Animal*, noem Khaufpur die “World capital of fucked lungs” (230). Zafar sê tydens sy hongerstaking: “What a place is this Khaufpur [...] where even the sky is broken and when rain comes it’s just a loan against long overdue debts”(296).

Foucault se tweede beginsel kan ook op Khaufpur van toepassing gemaak word. Voor Daardie Nag was die funksie van Khaufpur, veral die krotbuurte, om goedkoop arbeid aan ’n Amerikaanse fabriek te verskaf. Na Daardie Nag is talle inwoners nie meer tot werk in staat nie en Khaufpur se krotbuurte is slegs ’n irritasie en verleentheid vir die regering en die ryker inwoners van die stad.

In die krotbuurte van Khaupur word verskeie ruimtes en terreine wat op sigself onversoenbaar is, naas mekaar gestel (vgl. Foucault se derde beginsel). Die lewendes en die dooies woon saam. Hier verwys ek nie net na die dooies wat Daardie Nag gesterf het nie, maar ook die lewendes wat besig is om dood te gaan as gevolg van die nagevolge van die gif, asook die dooies wat nooit 'n kans gehad het om te lewe nie. Die armste deel van die krotbuurte is die Nutcracker en dit is hier waar Animal en Ma Franci, 'n Franse non, in 'n “falling down tower of stone with grass growing out of its walls” naby die treinspore bly (43). Die toring was dalk 'n graf – nog 'n gegewe wat die idee van lewende dooies versterk – alhoewel niemand doodseker oor sy oorspronklike funksie is nie (42-43). Na Daardie Nag bestaan hulle deel van die Nutcracker meestal uit 'n “death factory” (29). Voordat Animal saam met Ma Franci in die toring gaan bly het, het hy in die verlate fabriek gewoon. Die uitsig van die dak af het die “killing grounds” van daardie nag ingesluit (31). Juis as gevolg hiervan sal die “Apokalis” en die opstanding van die dooies volgens Ma Franci in Khaupur se krotbuurte begin – soveel opgestane dooies sal immers 'n groot indruk maak. In die Nutcracker word moedersmelk en gif – lewensgewend en dodelik – saam in vrouens se borste gevind – tot so 'n mate dat 'n vrou haarself leegmelk terwyl haar baba honger ly (106-107).

Die Nutcracker is 'n plek waar teenpole van die mens se produksieproses mekaar ontmoet. Alles word bedek deur ontlasting (so natuurlik as kan kom, 'n bemestingstof en in krotbuurte gewoonlik die oorsaak van siektes) en plastiek (so mensgemaak as kan kom, 'n bron van besoedeling en teken van industrialisasie). Animal is blind hiervoor totdat hy Elli met 'n staatsdokter hoor praat: “Hardly surprising they are ill [...] Look at this filth, litter and plastic all over, open drains stinking right outside the houses” (105). Verder sê sy dit lyk asof die hele distrik deur 'n aardbewing omgegooi is. Die woord ‘aardbewing’ laat iets pynlik in Animal se kop gebeur:

When Elli says earthquake suddenly I'm seeing it as she does [...] Like drunks with arms round each others' necks, the houses of the Nutcracker lurch along this lane which, now that I look,

isn't really even a road, just a long gap left by chance between the dwellings. Everywhere's covered in shit and plastic. Truly I see how poor and disgusting are our lives (106).

Dit is dus 'n plek waar die euwels van ontwikkeling duidelik sigbaar is, maar waar die voordele daarvan (bv. goeie gesondheidsorg) ontbreek.

Dit bring ons by nog twee skynbaar onversoenbare aspekte van Khaufpur. Die gesondheidsorg is veronderstel om gratis te wees, maar die armes het nie toegang daartoe nie. Weens korrupsie in die gesondheidsorg is die staatshospitale “[the] kind of free no one can afford” (74).

Wat Foucault se vierde beginsel betref – die verbintenis van heterotopieë aan heterochronieë – is die krotbuurte in Khaufpur 'n interessante geval. Die mense daar leef ongebonde aan die Westerse uur en minuut. Laasgenoemde tydsbesef suggereer 'n skedule, beplanning en 'n toekoms. Zafar, wat 'n belangrike man in die vernet is, dra glad nie 'n horlosie nie. In 'n poging om Elli te laat verstaan hoe min sy oor Khaufpur verstaan, vra Animal haar waarom sy 'n horlosie nodig het. Wanneer sy antwoord, “To tell the time of course”, reageer Animal as volg: “Elli, I don't need a watch because I know what time it is. It's now-o'clock. Look, over there are the roofs of the Nutcracker. Know what time it's in there? Now-o'clock, always now-o'clock. In the Kingdom of the Poor, time doesn't exist” (185). In die Ryk van die Armes vind ons dus 'n absolute wegbreek van tradisionele tyd.

Foucault se vyfde beginsel – wat saamhang met 'n veronderstelde sisteem van toegang en uitsluiting – kan nie met veel vrug op prominente ruimtes in die roman van toepassing gemaak word nie. Toegang tot die krotbuurte word immers nie gereguleer nie. 'n Mens kan wel sê dat dit baie moeilik is om bo die armoede en siekte uit te styg en uit die krotbuurte te ‘ontsnap’.

Khaufpur se krotbuurte vervul ten opsigte van talle ander ruimtes 'n funksie baie soortgelyk aan dié van Foucault se heterotopie van illusie. Anders as die bordeel, die sirkus en die teater is dit nie 'n ruimte wat die illusie self gebruik om die bedrieglike (“illusory”) aard van aspekte van die werklikheid uit te wys nie. Dit is die harde werklikheid wat in Khaufpur se geval hierdie funksie vervul. Dit is 'n ruimte wat die idees rondom 'n ‘gemeenskaplike menslikheid’ en die ‘universele’ toepaslikheid en waarde van menseregte en moreel verantwoordbare besigheidsbestuur as 'n illusie uitwys. Dit wys op die skynheiligheid van multi-nasionale maatskappye wat vanuit ontwikkelde lande besigheid doen, maar die goedkoop arbeid en gebrek aan wetgewing (of die gebrekkige toepassing daarvan) in ontwikkelende lande misbruik om hoë risiko vervaardiging teen lae kostes te laat doen, sonder enige ontsag vir die skade wat aangerig word. Dalk sou 'n mens kon sê dat Khaufpur se krotbuurte as heterotopieë van dis-illusie of ontgogeling funksioneer.

Soos in die geval van Zoo City, sien ons dus dat spesifiek die krotbuurte van Khaufpur as heterotopiese ruimtes uitgebeeld word. Dieselfde argument wat gemaak is in verband met Zoo City – naamlik dat krotbuurte as deel van 'n mantel van fynbeplande lukraakheid help om die toenemende hiërargiese ordening van stede te verbloem (vgl. bl. 63 in hierdie opstel) – sou ook met betrekking tot Khaufpur se krotbuurte gemaak kon word. Hier wil ek eerder kortliks raak aan die verskillende wyses waarop die twee ruimtes as heterotopieë in verhouding tot die res van die stad funksioneer. Die gewelddadige daad in die *zoos* se verlede, die dier (dikwels uiters gevaarlik) aan hulle sy en die *shavi* wat daarmee gepaardgaan, verleen aan hulle geheimsinnigheid en 'n eksotiese aantreklikheid. Dit maak ook van hulle 'n moontlike bedreiging. Gevolglik is daar skynbaar – ten spyte van die feit dat *zoos* in 'n groot mate deur die samelewing verwerp word – 'n aansienlike hoeveelheid mag in Zoo City gesetel. Hierteenoor het die Khaufpuri's, in Zafar se woorde, slegs die “power of nothing” (54). Uit die ‘geen mag’ en ‘niks’ wat hulle lot blyk te wees, maak Zafar 'n slagspreuk wat soos 'n teenstelling klink. Die

‘bemagtiging’ in Khaufpur geskied dus vanuit hulle onmag en nie, soos in *Zoo City*, vanuit meer tradisionele magsmiddele nie. Waar *Zoo City* dus die illusie van ’n ruimte van verset en agentskap bied, is daar in Khaufpur ’n meer realistiese greep op die magteloosheid wat hulle verhouding met die res van die stad, die regering en die buitewêreld definieer. Aangesien daar geen illusie van mag is nie, is die retoriek opgesluit in Zafar se “power of nothing” meer as waaraan die mense gewoon is.⁴³ Myns insiens is die krotbuurte van Khaufpur meer geslaagd daarin om die ruimtes waartoe dit in verhouding staan as illusie uit te wys as in die geval van *Zoo City*, juis omdat hierdie krotbuurte nie opgestel word as sentrums van verset en mag wat die heersende orde van buite af kan ondermyn nie.

5. Jamisponding – Taalgebruik, vormgewing en heterotopiese aspekte rakende die tema van taal en letterkunde

Soos in die geval van *Zoo City* is die taalgebruik en vormgewing in *Animal’s People* ook nie as sodanig heterotopies nie. Wat die vormgewing betref: Die roman word in hoofstukke verdeel wat ooreenstem met die bande waarop Animal sy verhaal opneem. Dit het tot gevolg dat die einde van ’n hoofstuk byvoorbeeld deur Animal se behoeftes bepaal word, en nie deur ’n natuurlike breuk in die gegewe of die spanningslyn nie: “I’m tired of talking, tape’s nearly gone, mouth’s dry, I should make chai, plus it’s past time for me to shit” (20).

Soos reeds uit aangehaalde gedeeltes geblyk het, wyk Animal gereeld af van konvensionele taalgebruik. In die “Editor’s Note” word daar gesê: “True to the agreement between the boy and the journalist who befriended him, the story is told entirely in the boy’s words as recorded on the tapes. Apart from translating to English, nothing has been changed.” Wat dus gelees word as Animal se ‘taal’

⁴³ Tydens die hongerstaking word die Khaufpuri’s se afhanklikheid van retoriek eksplisiet deur Animal verwoord: “I can see Elli’s expression, I know what’s in her mind, which is that they’ll soon learn how hard it is to survive on rhetoric. Despite living among us and speaking our language, she knows next to nothing about us Khaufpuris” (292). In *Animal* sien ons dus die Khaufpuri’s se sinisme teenoor retoriese taalgebruik; en tog ook die wete dat hulle self nie veel meer het nie.

is eintlik 'n fyn gestruktureerde 'vertaling' waardeur die implisiete outeur 'n sekere vreemdheid aan die leeservaring wil verleen. 'n Mens sou ook kon aanvoer dat hy sy spore as vertaler wil 'doodvee' – perfekte Engels sou immers die karakter minder geloofwaardig gemaak het.

Animal se taalgebruik (of dan die 'vertaler' se konstruksie hiervan) dra egter wel by tot die konstituering van die roman as krities-etiese heterotopie, juis omdat dit die heterotopiese aspekte onderstreep wat na vore tree met die uitbouing van die tema van taal en letterkunde. Vervolgens dan 'n bespreking van laasgenoemde.

In die roman word 'n paar filosofiese kwessies oor taal aangeraak wat tot 'n bespreking van die roman as voorbeeld van heterotopiese literatuur kan bydra. Eerstens kom die kwessie van ideologie en mag⁴⁴ prominent na vore. Nou verbonde hieraan is die kwessie van vertaling: nie bloot die vertaling van Animal se woorde uit Hindi in Engels nie, maar ook die vertaling van die diskoers van rykes na die diskoers van armes. Die wyse waarop hierdie kwessies sigself in die verhouding tussen Animal en Eyes (Animal se aanspreekvorm vir die leser) uitspeel, speel 'n belangrike rol in die konstituering van die roman as krities-etiese heterotopie.

Die kwessie van taal en die ideologie en mag daaraan verbonde word veral aangespreek in die figuur van Ma Franci, die non wat Animal van kleins af ken en na wie hy begin omsien. Animal vertel die storie van Ma Franci en die gevolge van Daardie Nag as volg aan Nisha:

On that night all sorts of people lost all kinds of things, lives for sure, families, friends, health, jobs, in some cases their wits. This poor woman, Ma Franci, lost all knowledge of Hindi [...] In that great méla of death, those rowdy, unforgettable festivities, her mind was wiped clean of Hindi, and of Inglis too, which she had also been able to speak à sa manière [...] But there was

⁴⁴ Sien voetnota op bl. 45 van hierdie opstel in verband met my gebruik van 'ideologie'. 'Mag' verwys hier na die vermoë van 'n individu, groep of institusie om ekonomiese, sosiale of politieke magte te mobiliseer ten einde 'n spesifieke doel te bereik, sowel as 'n alomteenwoordige, onpersoonlike aspek van die samelewing wat alle sosiale verhoudings en sisteme kenmerk. Laasgenoemde siening stem ooreen met dié van Foucault. (Blackburn, 1994:295-296)

a further twist to Ma Franci's madness, when she heard people talking in Hindi or Inglis [...] or any other tongue used in Khaufpur, she could no longer recognise that what they were speaking was a language, she thought they were just making stupid grunts and sounds [...] None of the remaining sisters spoke francais [...] The Indian sisters did take the trouble to learn a few things [...] but this only made the old woman crazier. If they knew what proper language was, why did they keep on with their beastly gibbering? (37-38)

Hier is 'n skynbaar welmenende non – in die tweede ontploffing offer sy haar lewe op om ander te help – wat haar lewe aan die armes gegee het en nou as gevolg van Daardie Nag glo dat almal in haar aangenome stad slegs dom geluide kan maak. Dit blyk dus dat sy nie kan ontsnap aan die koloniale houding van meerderwaardigheid wat taal betref nie. Dit gaan egter oor meer as net die neerbuigende houding van die kolonis of sendeling. Nadat Animal leer Frans praat, probeer hy om vir die ou vrou te verduidelik wat aangaan:

'It is not rubbish Ma Franci, it is another language.'

'Go on with you,' she says. 'I know many languages. These people are just drivelling. Why do they do it? Why won't they treat me like a human being?'

Je ne sais pas, Ma, je suis un animal (40).

Ma Franci voel dat haar eie menswaardigheid deur diegene wat hulleself skynbaar aspris nie aan haar verstaanbaar wil maak nie, aangetas word. Oor Elli sê Animal vir Ma Franci: "She speaks human"(199). Dit gaan dus nie hier bloot oor Frans of Hindi of Urdu nie. Dit gaan daaroor of jy 'mens' of 'dier' praat. Aangesien Ma Franci tegelyk magteloos is, 'n nederige lewe lei én glo dat haar moedertaal die enigste 'menslike' taal is, word die tradisionele verhouding tussen kolonis en gekoloniseerde soos uitgespeel op die vlak van taal, hier gekompliseer. 'n Verdere ondermyning is die feit dat Animal oor die algemeen die enigste een is wat Ma Franci – vanuit haar perspektief – soos 'n 'mens' behandel. Animal praat 'mens' terwyl die meeste 'menslike' karakters 'dier' praat.

Die onverstaanbaarheid tussen diegene wat 'mens' en 'dier' praat, geld ook tussen diegene wat hulle binne die diskoers van die rykes en die diskoers van die armes bevind. Wanneer die Kampani se advokate Khaufpur toe kom, sien ons die onversoenbaarheid van hierdie 'tale'. Wanneer iemand die

buffel (hoof van onderhandeling aan die kant van die Kampani) buite die hof vra wanneer 'n ooreenkoms geteken gaan word, antwoord hy: “Can’t be too soon for me [...] I’m missing home. I have two Italian greyhounds. They sleep on my bed” (306). 'n Ou vrou, Gargi, wie se rug amper so krom soos Animal s'n is, sê vir die buffel: “[I]f the Kampani has any honour it must stand trial, and it should pay just and proper compensation for all the wrongs it has done”. Wanneer hy vir 'n joernalis vra om te vertaal wat sy sê, sê die joernalis dat sy geld vra. Die buffel se reaksie word as volg beskryf: “The buffalo reaches in his red-lined coat, gets out his wallet. ‘Buy yourself something nice,’ he says” (307). 'n Mens verwag dat hierdie Hollywoodfrase⁴⁵ gesê sal word teenoor 'n bedorwe vrou wat daaraan gewoond is dat geld en inkopies haar wêreld 'n beter plek maak. Net soos opreggeteelde honde wat op beddens slaap, is die idee om iets fraais te gaan koop, onverstaanbaar in die diskoers van armes wat nie beddens of geld vir kos en medisyne het nie.

Ons het hier nie te make met 'n geval van die tekstuele heterotopie wat Foucault in *The Order of Things* – as die afwesigheid van onderskeidende ruimtes tussen kategorieë – definieer nie. Tog sien ons hier in die filosofie oor taal en vertaling wat na vore tree hoe die onversoenbare terreine van ryk en arm ook soos die sambreel en naaimasjien op Foucault se operasietafel ontmoet (vgl. die voetnoot op bl. 35 van hierdie opstel).

Teen die agtergrond van die skynbare onversoenbaarheid tussen die taal van die Khaufpuri's en Animal, en die taal van Eyes / ryk mense / die Weste – dit word onderstreep deur die eiesoortige Engels wat die ‘vertaler’ Animal laat praat – kan die leser se vooropgestelde idees ook 'n hindernis tot begrip word. Animal praat van sy werk as ‘informatieversamelaar’ as “Namispond! Jamispond!” (26). My vermoede was aanvanklik dat dit spreektaal is wat nie in Engels vertaal kan word nie. Later word dit

⁴⁵ 'n Webtuiste waarop 'n mens kan soek uit watter films en reekse 'n spesifieke aanhaling kom, gee ses resultate vir hierdie frase, onder andere *The New Batman Adventures: Holiday Knights* (1997) (www.subzin.com).

duidelik dat hy na “My name is Bond. James Bond” verwys. Sy situasie is egter so ver verwyder van dié van die Britse spioen met sy tegnologiese hulpmiddele en die ondersteuning van ’n magtige organisasie dat hierdie Westerse verwysing nie verwag word nie. Die implikasie is onder andere dat die diskoers van kommersialisme tog beide die diskoers van arm en ryk onderlê. Waar Topinka van mening is dat heterotopieë deur middel van die afwesigheid van orde die reëls van die totstandkoming van kennis sigbaar maak (Topinka, 2010:68; bl. 35 in hierdie opstel), het ons hier ’n geval waar die aanvanklike afwesigheid van begrip daartoe lei dat die kommersiële operasionele tabel, wat globaal die totstandkoming van kennis beheer, ontbloot word.

Die onverstaanbaarheid wat tussen ryk en arm heers, kom ook ter sprake in Animal se denke rondom letterkunde, veral in sy aanvanklike onwilligheid om sy eie storie te vertel. Vir Chunaram – die man wat die joernalis na hom toe bring – sê hy:

What can I say that they will understand? Have these thousands of eyes slept even one night in a place like this? Do these eyes shit on railway tracks? When was the last time these eyes had nothing to eat? These cuntish eyes, what do they know of our lives? (7-8)

Animal se huiwering het te make met sy skeptisisme oor die mag en impak van boeke en literatuur. Vir die joernalis sê Animal:

[M]any books have been written about this place, not one has changed anything for the better, how will yours be different? You will bleat like all the rest. You’ll talk of *rights, law, justice*. Those words sound the same in my mouth as in yours but they don’t mean the same, Zafar says such words are like shadows the moon makes in the Kampani’s factory, always changing shape. On that night it was poison, now it’s words that are choking us (3).

Wanneer die joernalis vir Animal die bande en bandopnemer stuur, stuur hy ook ’n boodskap: “Animal, you think books should change things. So do I [...] If you tell the truth from the heart, they will listen” (10). Dit is egter nooit duidelik dat Animal dink boeke behoort dinge te verander nie. Hy begin nie onmiddellik om sy storie te vertel nie en hy het geen illusie oor verandering nie: “You were like all the

others, come to suck our stories from us, so strangers in far off countries can marvel there's so much pain in the world" (5).

Wanneer Animal wel sy storie begin vertel, is dit vir eie gewin. Nie om die wêreld te verander of mense bewus te maak van sy eie en ander Khaufpuri's se lot nie. Hy sê dan ook: "So I got it back, my familiar life, I have it back. Everything the same, yet everything changed." Dit wat dieselfde gebly het, is die gesloer met die hofsak teen die Kampani, die hoeveelheid siekes in Khaufpur, die fabriek, die vreemde joernaliste. Wat verander het, is dat hy 'n kans het om regop te loop. Daar is 'n vorm wat hy moet teken om die proses aan die gang te sit. Terwyl hy met die vorm gesit en dink het, het hy besef hy moet die storie vertel: "It's then I've remembered the tape mashin in the wall. I will tell this story, I thought, and that way I'll find out what the end should be. I'll know what to do" (365). Die storie is dus nie regtig vir Eyes nie. Dit is vir Animal om tot 'n besluit te kom. In hierdie opsig slaag die storie in sy doel, maar ook: Animal bly Animal, die armes bly die armes. Geen konkrete verandering word voorsien nie, behalwe in die getalle: "All things pass, but the poor remain. We are the people of the Apokalis. Tomorrow there will be more of us" (366).

6. Gevolgtrekking: 'n Alternatiewe ordening van die kantlyne

Dit word aan die leser oorgelaat om te besluit of hierdie laaste stelling 'n dreigement is teen diegene wat die diskoers van die rykes besig. Dit kan as onskuldig afgemaak word, maar hoe sou Eyes, wat niks verstaan nie, seker kon wees? In die *Editor's Note* word gesê dat sommige van die bande vir groot dele geen spraak bevat nie, maar bloot geluide, soos fietsklokkies, voëls, grepe uit musiek en in een geval 'n paar minute van aanhoudende en onverklaarbare gelag. Waaroor word daar gelag? Wat weet ons nie?

Saam met Elli moet ons uitroep: “HEY, ANIMAL’S PEOPLE! I DON’T FUCKING UNDERSTAND YOU!” (183) Meer nog as Elli: Ons is die Eyes wat ’n traan pik oor al die pyn in die wêreld en dan die boek toemaak. Ons is die Eyes wat aan die ander ent van die kapitalistiese stelsel die joernalis en sy uitgewer ryk maak en dan die boek toemaak. Ons sê saam met Elli: “Oh poor Animal, what a life!” (184). Waarop hy reageer:

I’ll tell you what disgusts me about this place, which isn’t what disgusts you, such as scorpions, filth, lack of hygiene, etc. It’s not that if I want a shit, I must visit the railway line [...] What really disgusts me is that we people seem so wretched to you outsiders that you look at us with that so-soft expression, speak to us with that so-pious tone in your voice (184).

In *Zoo City* sien die leser die heterotopiese ruimtes deur die oë van Zinzi as ruimtes wat haar walg of haar flymskerp sinisme en sarkasme ontlok. Die roman kom nie verder as die uitbeelding van heterotopiese ruimtes en die heterotopiese *zoo*-fenomeen nie. In *Animal’s People* is dit grootliks as gevolg van die wyse waarop taal en letterkunde uitgebeeld word, asook die wyse waarop Animal as verteller funksioneer, wat die roman dit in my oë regkry om ’n alternatiewe ordening van die kantlyne daar te stel. Die sussende sienings oor diegene wat geïgnoreer word en diegene wat uitbuit en/of simpatiseer word tot so ’n mate omvergegooi dat dit die leser met nuwe, dommer Oë laat kyk. Soos McHale (1987:44) oor heterotopiese literatuur sê: “Radically discontinuous and inconsistent, it juxtaposes worlds of incompatible structure”. Meer nog: *Animal’s People* vervul die krities-etiese heterotopiese funksie wat Hubbs (2011) as fundamenteel beskou in die konstituering van ’n teks as heterotopie. Dit funksioneer as heterotopie van dis-illusie omdat dit die hulpverlening en onskuld, die ‘basiese begeertes’ en ‘ontwikkelde behoeftes’ van Eyes en kie as illusie ontbloot.

Hoofstuk 5

Gevolgtrekking

Ek wil my oorspronklike vraag oor of Beukes se “high-concept” spekulatiewe fiksie in die geval van *Zoo City* ’n ‘ontvlugtingsopsie’ is, as volg begin beantwoord: In my alledaagse omgang met my portuurgroep en rondgaan in Kaapstad is die ideologiese landskap van *Zoo City* my wêreld. Meestal minus die verbeeldingryke truuks. Ek is dus geneig om Corrigan se kommentaar oor *The Shining Girls* te eggo: Die narratiewe kompleksiteit van *Zoo City* is soms verblindend, maar op die ou end is die ideologiese argitektuur van die roman ’n mimetiese representasie van my leefwêreld.

Wanneer Jamal (2013) praat van die globale idioom waarby Beukes en ander jong Suid-Afrikaanse skrywers inskakel, kwalifiseer hy: “It is not of course the universalism of our suffering and triumph that our writers have tactically engineered that matters here, but the transnational commercial idiom they have finally mastered”. Nixon (2011:38) glo dat dit nodig is om gebiede en studieverde wat anderkant postkolonialisme se konvensionele rykwydte val, in transnasionale terme aan te spreek. Tog spreek hy sy kommer as volg uit: “I do feel some concern about how the categorical turn, in literary studies, to world literature often ends up deflecting attention away from the anti-imperial concerns that a materialist postcolonial studies foregrounded” (Nixon, 2011:38). Die invloed wat die transnasionale kommersiële idioom het op die wyse waarop kwessies rondom diskriminasie en “*rights, law, justice*”⁴⁶ (Sinha, 2007:3) aangepak word, weerhou *Zoo City* myns insiens daarvan om as teks ’n heterotopie te konstitueer. Anders as in die geval van *Animal’s People* word daar nie werklik bo die politiek-korrekte uitgestyg nie en val die kritiek sag op liberaal-kapitalistiese oë.

⁴⁶ Vir die konteks waarbinne hierdie woorde in *Animal’s People* gebruik word, sien bl. 95 in hierdie opstel.

Beukes sê (met aanhalings uit Ben Williams van BookSA se opmerkings oor Suid-Afrikaanse literatuur) die volgende:

[A]lthough South African literary fiction is still wedded to “one white man’s lonely journey into his own interior through the country’s interior”, it’s in genre fiction that the readers will find fast, gritty stories “densely populated with a cross-section of South African society. That’s very exciting. And very new” (in Ansell, 2011:7).

Hierdie siening inaggenome klink die volgende aanhaling van die kritikus Nicholas Fagan dalk soos ’n pryslied vir die Suid-Afrikaanse literêre fiksie waarna Beukes en Williams verwys. Tog wil ek op hierdie punt ’n passasie van hom betrek:

Every Kurtz must have his Marlow – and Marlow will always come to take Kurtz home. It is a mark of our respect for those who lead us into darkness that we bring them back for burial, pay their debts and console their loved ones with lies. This process is played out over and over – and with every journey up the river, we discover that Kurtz has penetrated just a little farther than his counterparts before him. Poor old Marlow! Every time he heads upstream, he is obliged to a longer journey, through darker mysteries (in Pordzik, 2001:158).

Die donkerte of heterotopie waarheen ’n roman die leser kan neem, het myns insiens nie te make met of dit ‘literêre’ of ‘genre’ fiksie is nie. Dit wil wel voorkom of die ‘postnasionale psige’ redelik kieskeurig en selfs voorskriftelik is oor die tipe of graad van donkerte waarmee sy gekonfronteer wil word. As daar ’n soeke na ’n ‘bevryde verbeelding’ is, is dit dalk nie Gaylard se weergawe – wat die fundamente kan verskaf vir die oplossing van ingewikkelde en sensitiewe postkoloniale kwessies – wat in aanvraag is nie. Die verbeelding wat by die ‘transnasionale kommersiële idioom’ inskakel, is ’n verbeelding wat ons van die onuithoudbaarheid van sekere sosio-politiese realiteite ‘bevry’ deur dit binne ’n globale raamwerk aan te bied. Hierteenoor staan die effek van ’n roman soos *Animal’s People* wat spore van die Ander in jou agterplaas en ’n beklemming op jou bors laat.

Die donkerte waarheen Beukes se *Zoo City* ons neem, is nie ’n donkerte wat Marlow óf Zinzi noop om ’n ent véerder stroomop te reis nie. Soos wat Szczurek (2013:30) oor die roman opmerk: “As with *Moxyland*, engaging with Beukes’s fantasy is duly rewarded as you arrive safely back on shore.” Dus

geen sprake van *Zoo City* of hierdie weergawe van die bevryde verbeelding as volwaardig heterotopiese skip nie. Die troosbootjies is genoeg en voldoen aan eerstewêreldse standaarde.

Bronnelys

An Intermediate Greek-English Lexicon Founded on the 7th Edition of Liddell and Scott's Greek English Lexicon. 1972. S.v. 'héteros' en 'tópos'. Oxford: Oxford University Press.

Ansell, Gwen. 2011. Behind all the monkey business. *Mail and Guardian*, 12 Mei:7.

Barendse, Joan-Mari. 2013. *Distopiese toekomsromans in die Afrikaanse literatuur ná 1999*. Universiteit van Stellenbosch. Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in the Wysbegeerte in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Bayne, Annette. 2010. Dark City. A magic twist on a very real place. *Citizen*, 10 Julie:1.

Beebee, Thomas O. 2008. Geographies of Nation and Region in Modern European and American Fiction. *Comparative Literature and Culture* [Elektronies]. 10(3). Beskikbaar: <http://docs.lib.purdue.edu/clcweb> [2013, 18 Mei].

Best, S. 1991. Window Dressing up as Art. *Transition*, 35: 20-31.

Beukes, Lauren. 2010. *Zoo City*. Johannesburg: Jacana.

Bindella, M. en G. Davis (reds.). 1993. *Imagination and the creative impulse in the New Literatures in English*. Amsterdam-Atlanta: Rodopi.

Blackburn, S. 1994. *Oxford Dictionary of Philosophy*. Oxford en New York: Oxford University Press.

Boyer, M.C. 2008. The many mirrors of Foucault and their architectural reflections. In M. Dehaene en L. De Cauter (reds.) *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Carruth, Allison. 2011. The City Refigured. In S. LeMenager, T. Shewry en K. Hiltner (reds.). *Environmental Criticism for the Twenty-First Century*. New York: Routledge.

Cenzatti, M. 2008. Heterotopias of difference. In M. Dehaene en L. De Cauter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Charley, J. 2012. Time, Space and Narrative – Reflections on architecture, literature and modernity. In S. Edwards en J. Charley (reds.). *Writing the Modern City: Literature, architecture, modernity*. Londen: Routledge.

Corrigall, Mary. 2013. She glitters, but now she must be bold. *The Sunday Independent*, 12 Mei:18.

Craig, E. (red.) 2005. *The Shorter Routledge Encyclopedia of Philosophy*. Londen & New York: Routledge.

De Cauter, L en M. Dehaene. 2008. The space of play: Towards a general theory of heterotopia. In M. Dehaene en L. De Cauter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Dehaene, Michiel & De Cauter, Lieven (reds.) 2008. *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Dehaene, M en L. De Cauter. 2008. Introduction. In M. Dehaene en L. De Cauter (reds.) *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

De Kock, Leon. 2013. Does ‘SA Literature’ matter?. Beskikbaar: <http://sundayindybooks.blogspot.com/2013/03/does-sa-literature-matter.html>. 24 Februarie. [2013, 13 Mei].

Dumm, Thomas L. 1996. *Michel Foucault and the Politics of Freedom. Modernity and Political Thought, Volume 9*. Thousand Oaks & Londen & New Delhi: SAGE Publications.

Eagleton, Terry. 2006 (1976). *Criticism And Ideology: A Study in Marxist Literary Theory*. Londen & New York: Verso.

Edwards, S. & Charley, J. (reds.) 2012. *Writing the Modern City: Literature, architecture, modernity*. Londen: Routledge.

Ferrier, Elizabeth. 1990. Mapping Power: Cartography and Contemporary Cultural Theory. *Antithesis*, 4(1): 35-49.

Foucault, Michel. 2002 (1970). *The Order of Things: An archaeology of the human sciences*. Londen & New York: Routledge Classics.

–. 1986. Of Other Spaces. Vertaal uit die Frans deur J. Miskowiec. *Diacritics*, 16(1): 22–27.

–. 2008. Of Other Spaces. Vertaal uit die Frans deur L. De Cauter en M. Dehaene. In M. Dehaene en L. De Cauter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Genocchio, B. 1995. Discourse, Discontinuity, Difference: The Question of ‘Other’ Spaces. In Watson, S. en K. Gibson (reds.). *Postmodern Cities and Spaces*. Oxford: Blackwell.

Guiley, R.E. 1999. *The Encyclopedia of Witches and Witchcraft*. New York: Checkmark Books.

Haw, P. 2013. Time travel and the tricks of marketing. *Business Day*, 7 Mei:9.

Hetherington, Kevin. 1997. *The Badlands of Modernity: Heterotopia & Social Ordering*. Londen & New York: Routledge.

Hubbs, T. 2011. “*Civilizations Without Boats*”: *Stories*. *Universiteit van Texas*. Tesis ingehandig vir ’n meestersgraad.

Hugo, Johan. 2010. Panache + Humor = leesplezier. *Rapport*, 20 Junie:4.

Jamal, Ashraf. 2013. Lauren Beukes: At the forefront of the global invasion. *Mail and Guardian* [Aanlyn], 1 Maart. Beskikbaar: <http://mg.co.za/article/2013-03-01-00-lauren-beukes-at-the-forefront-of-the-global-invasion/>. [2013, Augustus 1]

Johnson, Peter. 2006. Unravelling Foucault's 'different spaces'. *History of the Human Sciences*, 19(4):75-90.

Johnson, Peter. 2012. *Interpretations of Heterotopia* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.heterotopiastudies.com/wp-content/uploads/2012/05/3.1-Interpretations-pdf.pdf> [2013, April 20].

Kern, K. 2008. Heterotopia of the theme park street. In M. Dehaene en L. De Caeter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

King, A.D. (red.) 1996. *Re-presenting the City: Ethnicity, Capital and Culture in the 21st-Century Metropolis*. Londen: Macmillan Press.

King, A.D. 1996. Introduction: Cities, texts and paradigms. In A. D. King (red.). *Re-presenting the City: Ethnicity, Capital and Culture in the 21st-Century Metropolis*. Londen: Macmillan Press.

LeMenager, S., Shewry, T. en K. Hiltner (reds.). *Environmental Criticism for the Twenty-First Century*. New York: Routledge.

Lotz, Sarah. 2011. Interview with Lauren Beukes by Sarah Lotz. In L. Beukes. 2de Druk. *Zoo City*. Johannesburg: Jacana Media.

Low, S. 2008. The gated community as heterotopia. In M. Dehaene en L. De Caeter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Maczynska, Magdalena. 2010. This Monstrous City: Urban Visionary Satire in the Fiction of Martin Amis, Will Self, China Miéville, and Maggie Gee. *Contemporary Literature*, 51(1): 58-86.

Maditla, Neo. 2013. Artists take a page out of Beukes novel to raise funds. *Cape Argus*, 23 Augustus:11.

Mahala, S. 2014. Why 2013 was a good year for readers. *Sunday Independent*, 5 Januarie:15

Marcuse, P. 1995. Not chaos, but walls: Postmodernism and the partitioned city. In S. Watson en K. Gibson (reds.). *Postmodern Cities and Spaces*. Oxford: Blackwell.

Marks, John. 1995. A New Image of Thought. *New Formations*, 25: 66-76.

McHale, Brian. 1997. *Postmodernist Fiction*. New York & Londen: Methuen.

Mumford, L. 1966. *The City in History*. Harmondsworth: Penguin Books.

Muzzio, D. en J. Muzzio-Rentas. 2008. 'A kind of instinct': The cinematic mall as heterotopia. In M. Dehaene en L. De Caeter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Nadeau, M. 1965. *Love and Laughter. Surrealism reappraised*. Vertaal uit die Frans deur R. Howard. New York: Collier Books.

Nixon, Rob. 2011. *Slow Violence and the Environmentalism of the Poor*. Cambridge, Massachusetts, London: Harvard University Press.

Norwood-Young, Jason. 2010. A wash in the simile. *Mail and Guardian*, 8 Julie:6.

Platz, N.H. 1993. Janet Frame's Novels, in M. Bindella & G. Davis (reds.) 1993. [208-214]

Pordzik, Ralph. 2001. *The Quest for Postcolonial Utopia: A Comparative Introduction to the Utopian Novel in the New English Literatures*. New York: Peter Lang Publishing.

Purdy, Anthony. 2005. Toward an Anthropology of Place in Migrant Writing: Place, Non-Place, and “Other Spaces” in Fiction by Régine Robin. *Quebec Studies*, 39:17-31, Lente/Somer.

Roos, H. 2011. The war of the worlds: Relocating the boundaries between the human and the non-human. *Journal of Literary Studies*, 27(4):50–70.

Sassen, S. 1996. Rebuilding the Global City: Economy, Ethnicity and Space. In A. D. King (red.). *Representing the City: Ethnicity, Capital and Culture in the 21st-Century Metropolis*. Londen: Macmillan Press.

Schoolman, M. 1996. Preface. In Dumm, Thomas L. *Michel Foucault and the Politics of Freedom. Modernity and Political Thought, Volume 9*. Thousand Oaks & Londen & New Delhi: SAGE Publications.

Shattuck, R. 1965. Introduction. In Nadeau, Maurice. *Love and Laughter. Surrealism reappraised*. New York: Collier Books.

Sohn, H. 2008. Heterotopia: anamnesis of a medical term. In M. Dehaene en L. De Caeter (reds.). *Heterotopia and the City: Public space in a postcivil society*. Londen & New York: Routledge.

Soja, Edward W. 1989. *Postmodern Geographies: The Reassertion of Space in Critical Social Theory*. Londen & New York: Verso.

–. 1995. Heterotologies: A remembrance of other spaces in the Citadel-LA. In S. Watson en K. Gibson (reds.). *Postmodern Cities and Spaces*. Oxford: Blackwell.

Stobie, C. 2012. Dystopian dreams from South Africa: Lauren Beukes’s *Moxyland* and *Zoo City*. *African Identities*, 10(4):367–80.

Szczurek, K.M. 2010. A whacky, captivating tale. *Sunday Independent*, 18 Julie:30.

Topinka, Robert J. 2010. Foucault, Borges, Heterotopia: Producing Knowledge in Other Spaces. *Foucault Studies*, 9, September:54-70.

Van der Leek, N. 2013. The state of publishing in South Africa. *Finweek*, 26 September:20.

Viktor, Anél. 2013. Koningin van gruwel. *Beeld*, 26 April:14.

Wainwright, J.& Barnes, T.J. 2009. Nature, economy, and the space-place distinction. *Environment and Planning D: Society and Space*, 27:966-986.

Watson, S. & Gibson, K.(reds.). 1995. *Postmodern Cities and Spaces*. Oxford: Blackwell.

Wertlen, Erika. 2011. There is a place for science fiction in SA. *Daily Dispatch*, 25 Junie:16.

Wirtz, Patrick H. 1997. Zoo City: Bourgeois values and scientific culture in the industrial landscape. *Journal of Urban Design* [Elektronies], 2(1), Februarie: 61-83. Besikbaar: <http://search.ebscohost.com.ez.sun.ac.za/login.aspx?direct=true&db=aph&AN=9707262309&site=ehost-live> [2012, 30 November].

<http://www.subzin.com/search.php?q=Here.+Buy+yourself+something+nice>. [2014, 25 Mei]

laurenbeukes.com [2015, 24 Januarie]

IKABOD

A.J. VAN DEN HEEVER

ROMAN VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD M.A. (KREATIEWE AFRIKAANSE SKRYFKUNDE)

Inhoudsopgawe

Saad: Hoofstuk 1	110
<i>Verskiet: Kaart van Meconium soos uitgebeeld in Invaders</i> 101	126
<i>Verskiet: Georgie se kaart van Meconium en omgewing</i>	127
Verskiet – 2081	128
Saad: Hoofstuk 2	147
Saad: Hoofstuk 3	167
Skyt – 2065	173
Saad: Hoofstuk 4	176
Skoot – 2061	192
Saad: Hoofstuk 5	200
Saad: Hoofstuk 6	210
Vet – 2057	228
Saad: Hoofstuk 7	238
Stof – 2037	244
Saad: Hoofstuk 8	266
Saad: Hoofstuk 9	269
Bronnelys	273

Hoofstuk 1

Dit is 'n platstof onwintersdag. Juliemaand het verloor nog voor hy begin het. Haar ouma sou gesê het die son is drie desembers sterk. As 'n mens te lank kyk, sal die Banghoekberge se gebewe jou die floute gee. Glare Gone-lense of te not. Amper kyk anderpad. Oorkant is die ou wasplek. Een van die min geboue in die nederset wat heel vensters het. *Godliness. Keep your heart clean and your laundry cleaner*, staan dit in vier uit elke vyf letters. Die man voor haar draai sy mummie-kop en sien waarna sy kyk.

“Hou jou gat skoon en jou dunderm skoner,” sê hy.

Amper ignoreer hom. Laventel. Jasmyn. Sitroengras. Sy het dit nooit self geruik nie, maar uit haar vals geheue kom dit uit die kaalgesteelde wasmasjiene aangesweef. Die ry beweeg vorentoe. In 'n glasbrok regs van haar gaan staan 'n meisie met 'n duikbril en 'n bruin boskaas wat aan 'n dread suig. Amper kyk weg. Die dread proe soos stof maar dis afwisseling – nog net haar duim- en wysvingernael sit. Die skren links van Meshitium se *Weigh in*-venster gaan aan. Jolige musiek. Noag rem aan sy leiband en blaf vir drie dansende blare op die skren. Die man voor haar buk by Noag en vryf aan sy lang ore. Die kwyl drup by sy mond uit op Noag se snoet. Amper trek te diep aan die lug. Die reuk van abses en drogies kom deur haar brilfilters. Sy blaas drie keer uit deur haar neus en katrol die hond in, maak die leiband korter waar dit aan haar belt vas is. Net liggies intrek, sodat die lug nie van verder as die streepsel aalwynvaseline onder haar neus kom nie. Verdomde neus. Verdomde man wat Noag se vel met sy oë afslag. Kan hy nie die ribbebene ruik nie? Hy kyk steeds agtertoe en steek sy arm uit om die mense te tel.

“Vyf, tien, vyftien, twintig, een-en-twintig. Meshitium het slim geraak met peak hour,” sê hy vir haar en wys na die skren.

Sy knik en probeer haar mondhoeke lig. Dis nie slimgeit nie; hulle het nie 'n keuse gehad nie. Drie MecSecs het seergekry in die chaos van die vorige LeegSkyt-kiem. Sy kou aan 'n velletjie langs haar duim. Sy kan nie onthou hoeveel sy geskryt het en of sy in die rye was met die bakleiry nie.

Sy onthou die dag van die inentloting. Die hele Kiefmor op die steeks teerstraat tussen die tentedorp en die biogastenke agter Meshitium. Amper se naam is dertiende getrek. Net na een van die Jafta-mans s'n. Haar ouma se naam het in die emmer gebly. “Bettina Moeletsi!” het Amper geskree. “Bettina Moeletsi!” Niemand het gehoor nie. Baie name is uitgeroep deur desperates. Afgekoude kneukels. Sonsteek wat onder 'n skedel inkruip. Mensvleisasem. Die reuke het haar huis toe laat hol. Daarna

onthou sy haar ouma se skedelgesig agter die kliniek se kwarantynvenster en haar laaste trooswoorde: “Jy moet weet, kindjie, ek sal lag soos wat ek my anderkant uitskyt. En as ek by die gooie aankom, sal jou oupa saam met my lag. Want om só te gaan in hierdie tye – jy maak wins en jy maak komedie en die geweld kom uit jou eie lyf.”

Daar’s ’n gejeuk waar die duikbril bo haar oog vassuig. Sy maak dit los en stoot dit af om haar nek. Haar tong vang ’n straal sweet en sy vee haar gesig met haar mou af. Die son se gluur maak dat sy weer die benouing van die duikbril kies. Wakinyan het gesê sy lyk soos ’n ruimtewese uit ’n pre-Hardskip comic boek wat hy iewers gesien het: met die grys dungaree, die duikbril wat donker raak in die gluur en die seekatarms in ’n poniestert.

“Hi there, Kiefmor-kids,” sê ’n groen monster op die skren. “I am Div and I am your friend. Together we will learn everything there is to know about diversity and how Meconium, together with all the div-enthusiasts from the settlements, want to protect it.”

“Ek kan nie sien nie,” hoor Amper agter haar. ’n Meisiekind trek aan haar rugsak. Noag lek die kind se wang en sy lag. Sy lyk nie ouer as drie nie, maar sy dra twee vol Shitesavers soos ’n baba in haar arms. Amper tel haar op. Sy’s ligter as die Shitesavers.

“Did you know that Kiefmor is the settlement where we’ve seen the most animals and plants come back after the Hardship?” vra die monster. “In 2081 alone you have rediscovered three species in this area. Keep your eyes open and report anything you find to one of the Meconium security guards at your biogas facilities. What’s in it for you? You and your mom or dad can win a trip to Meconium!”

Die man kyk weer om. “In die kakgaslorrie, ja. Daai’s ’n belangrike ding om by te sit.”

Hy grinnik. Die tande wat sit, sit agtertoe. Amper blaas deur haar neus uit totdat hy sy gesig wegdraai. ’n Reeks video’s begin: ’n tier en ’n hond wat saam speel, ’n kat wat toertjies doen.

“Kom, Ulet,” sê ’n vrou langs Amper en steek haar arms uit. Die kind klim oor. “Dankie,” sê die vrou. Amper knik en sit weer ’n dread in haar mond. Haar maag kramp van leeg en onlekker wees – sedert Wakinyan twee dae vantevore verdwyn het, het sy en Noag saam twee Shitesavers volgemaak.

“Ekskrementorium, ontlaswoning, opelyftoring, blertsorium, bolliewinkel, tjortstjoekie, poefsalon, poefieplaas.” Die professor kom om die hoek van die gebou gehuppel. Sy’t hom lanklaas gesien. ’n MecSec stap in sy rigting.

“Akkieshok, drolpaleis, strontsentrum, skytgebou, kakmansion.”

Die MecSec haal sy laserstok uit. Amper kyk weg en op. Weerskante van die “Meconium” hoog teen die gebou is twee ewigheidstekens met cob uitgebou. Sy volg ’n teken met haar oë. Die enigste een wat vir die prof tyd gehad het, was haar ouma. Haar ouma kon enige reuk uitstaan. Sy het ’n hand op die professor se skouer gesit en gevra waar hy laaste sy besigheid gedoen het. Na haar ouma mooigepraat het, het van die MecSecs opgehou om hom toe te sluit as hy nie in Meshitium geskryt het nie – hulle het haar kom roep. Dan is sy met ’n Shitesaver na sy skytplek en sy’t dit kom inruil en vir hom Staple en water gaan haal.

“Is daai nie Bettina Moeletsi se kleinkind nie?” hoor sy die MecSec sê. Die stywe lap van sy weather gear kraak soos hy nader kom. Noag brom.

“Kyk jý nou na die malle?” vra hy.

Sy roer nie.

“Hey, ek praat, meisie. Kyk jý nou na die malle?”

“Nee,” sê sy sonder om die dread uit haar mond te haal.

Sy het genoeg om na te kyk. Die sade, die hond, haarself. Dis dié dat sy vir Wakinyan moet kry: vir hom is sy nie net ’n flippieng oppasser nie.

“Next,” roep die MecRep agter die venster. “Gasnumber?”

“One-three-five-eight-eight-nine-five-eight,” antwoord Amper.

Sy stoot die vol Shitesavers onderdeur die tralie op die skaal.

“850 grams,” sê die man.

“Can I have five Shitesavers,” sê sy.

“That’s worth a 100 grams.” Hy wys na ’n plank bo die venster: *Cheaper to number two at a Meconium loo.*

“Yes. I want five Shitesavers.”

Hy tel haar koeponne af en gee dit saam met die Shitesavers aan.

“Standaardpakket?” vra die vrou agter die *Supplies*-venster toe Amper die koeponne, ’n bakkie en leë bottels ingee.

“Nee. Nie gas nie. Een porsie Staple-Protein mix. Helfte van die orige vir water en helfte vir hempklompe.”

Toe die bakkie kos, een liter water en een hempklomp voor haar op die toonbank lê, skrik sy. Sy’t vergeet hoe duur die klompe is.

“Hoeveel kred oor op die ... family account?” vra Amper.

“75 Biogrands.”

“Nog water en hempklompe. Asseblief.”

“Vir die hele lot?”

Amper knik.

“Wag.” Die vrou loop uit die hokkie en skree iets na agter.

Amper kou aan haar duimnael. Die laaste van haar LeegSkyt-erfporsie daarmee heen. Die vrou kom terug met ’n houer vol hempklompe. Sy kry nog drie daarvan en drie liter water.

Amper loop ompad terug winkel toe. Voor die tentedorp se ingang kry Noag ’n ruik en begin rondspring.

“Wat is dit, hond?” ’n Dassie wat gehou word vir die MecSecs se diepslaapyd? Sy loop vinniger. By die koorsboomlaning maak sy vir Noag aan die tyreswaai vas. Sy kyk op na Jafta Holdings en Dealings se tweede verdieping. Die gordyne is toe – Mev. Jafta het seker haar porsie uitloerdery vir die dag ingekry. Sy klim teen die hoogste van twee peperbome in die hoek van die erf op en gaan sit in die skadu van ’n paar steeks blare. Die humanureland en die hempland lyk naby. ’n Ent verder loop ’n groen skeur bergop na die dunblou lug. Daar waai haar ouma tussen die aalwyne en die bergsoutseepbos. Amper moes die as op die humanureland gaan gooi – oor dit te gevaarlik is om alleen berg op te loop. Maar sy kon nie. Vir vier maande het die Mayonnaise-bottel langs die music box in die winkel gestaan. Totdat sy dit een laatmiddag in ’n mik in die boom kom vasmaak het. Uit hierdie selfde boom het sy gesien hoe Wakinyan hom aan die koorsbome verkyk. Hy’t gevra of sy weet van blyplek en sy’t soos ’n mal mens gesê hy kan op die futon in die winkel kom slaap. Vir twee weke lank het sy die deur en hek na die slaapkamer agter in die winkel gesluit. Op die Saterdag van die tweede week is hy saam met haar teen die berg op en sy’t nie eers haar fluitjie en darts saamgeneem nie. Dit was die eerste dag wat hy haar teen hom vasgedruk het. Sy kon eers nie die reuk in sy nek plaas nie – dit was soveel anders as die geure in haar houertjies. Sy’t hom gewys hoe om die stof met seepbos van jou lyf af te skrop en dan met aalwynblaar jou vel in te smeer. Hy het drie aalwynkoppe gepluk en toertjies daarmee gedoen wat hy in die sirkus geleer het. Sy wou nie hê hulle moet te veel pluk nie, maar hy was so opgewonde en het ekstra blare saam met die parfuumbottel in sy rugsak gebêre. Amper het die storie van die Kanniedoodaalwyn vertel terwyl sy haar ouma se as gestrooi het en hy het haar weer vasgehou. Die aand het sy hom op haar ouma se bed laat slaap. Dit was snaaks en hartseer. ’n Man in haar ouma se bed. Haar ouma se reuk flouer as vantevore. Sy het die langwerpige pilhouer onder haar kopkussing

uitgehaal en dit vir hom gewys en laat ruik. Twee rye van sewe vierkante. M, T, W, T, F, S, S. Veertien dae waarin haar ouma parfuim of plantolies in 'n mengsel van vaseline en was ingelê het.

“Vir Ampertjie Stampertjie met die neus van 'n mol. Vir Amperlekamper wie se verneuklonge saam met die grootstof hol.”

Amper besef dat sy haar ouma se rympte hardop gesê het. Noag blaf vir haar.

Wakinyan kon niks in die pilhouer ruik nie. Hy't gesê sy verbeel haar. Hoe verduidelik jy vir 'n stofneus hoe skoon asem en die wêreld anderkant die stof ruik? Sy was vies vir hom. Behalwe vir die boek met saadstories was dit haar kosbaarste besitting. Die volgende oggend het sy daarvan vergeet: sy gesig was oor haar gebuk en hy't ritmes in haar nek geblaas. Mensasem. Onharde swart hare op haar voorkop.

Amper sak teen die hangkas af. Die nag is besig om stof op te tel. Die lig tussen haar voorkop en die houtrenoster langs die wiegstoel is korrelrig.

Vyf pakkies dooigoed in die mannekyn.

Die swart polonek en geel jas lê langs die pop en agter die ritssluiters op haar rug is net vyf pakkies dooigoed. Daar was twaalf – Amper is byna seker. Die dooigoed is nie die ergste nie – dis die oorblysaad waarmee haar ouma vir Sias Smous betaal het.

Die boek met saadstories is weg.

Sy was die hele nag besig met wegsteek en inpak. Sy het die goed in die pop vir laaste gelos. Dit sou die maklikste wees.

“Etter, Noag. Hoe nou? Om sonder die boek hier te moet weg.”

Die donnerse saadboek wat moes sorg dat die sade vrugbaar bly. Die hond is al om haar. Hy weet iets is fout. Sy hol kamer toe, stamp teen die rak met radio's en platespelers – iets neuk af – maar haal die oop Shitesaver langs die bed. Die vroegaand-Staple ruk deur haar lyf. Dan die water en die ingelegde froetangs wat Mev. Jaftha hier aangebring het. Noag kom ruik aan die kots. Met Januarie se LeegSkytkiem het sy begin opgooi wanneer haar keel huil trek. Van toe af is Noag nie meer 'n watse trooster nie. Agter sy nek trek sy die velle saam en stryk dit uit.

“Ja, hond. Jou ounooi is weg. Wakinyan is weg. Die saadboek is weg. Jy's oud maar jy bly. Wat ons iets terugkry ... Ek weet nie.”

Sy gooi haar koplign op die muur agter die twee beddens. Daar is lyste van diere en plante wat haar ouma bang was hulle sou vergeet. In die een hoek is Amper se lengtes tussen vyf en tien jaar oud ingestreep. In die ander hoek, agter haar ouma se bed, is die doodsbesoeke met kruisies langs jaartalle aangedui. Vir Wakinyan het sy gesê dit was familieledede en vriende. Dit was die kere van die eenskootsaad. Amper gaan op haar knieë nader. Laas in 2075. Ses jaar laas wat 'n saadsoeker op hulle spoor was. Nou's haar ouma nog nie ses maande weg nie en hoeveel is reeds onder haar uit? Dis toeval. Moet wees. Als wat gelyk soek is. Is Wakinyan deur saadsoekers ontvoer? Het hulle die saad kom soek en hom gekry? Dalk aan Meconium se diversiteitsentrum uitgelewer? Mev. Jafta sê dis die naaste ding aan 'n sirkus wat die Hardskip oorleef het, en Wakinyan het gesê hy gaan nooit terug sirkus toe nie. Plaas sy hom van die saad vertel het – dan het hy ten minste geweet waarvoor hy hom inlaat deur in die winkel te bly. Noag grom. Voetstappe voor die winkel verby. Sy moet opskud. Die oggend is naby as die MecSec sy rondtes doen. Sy kyk weer na die lysie wat Mevrouw Jafta gebring het. Sy't als gedoen en gepak. In die lessenaar se laaie begin sy krap vir flenters papier en druk dit saam met 'n potlood in 'n plastiekhouer wat sy raakvat. Sy prop dit in haar rugsak.

“Kom, hond,” sê sy en sluit die kamerdeur agter hulle.

Op die Welkom-matjie staan Amper en wag vir Sias Smous se toete. Sy kyk om na die winkel. Die vroegoggendlig is yl deur die donderstof en als lyk meer antiek as wat dit is. Die meubels, die bordspeletjies en beeldjies en juwele, die 2030-platespeler wat stukkend op die futon lê, die versameling fone en oorfone. Noag blaf en volg elke beweging. Hy's bang sy los hom. Sy buk, vryf sy ore en skuur haar neus teen syne.

“Ons sê vir eers baai vir jou ounooi se kierangkak. Niks hier hoef meer te kierang nie.”

Die saad is nie meer in die plastiekbaba se oë nie. Die konsertina se knoppies is leeg. Ook die Coke-doppies wat vir motorwiele op 'n skildery vasgeplak was. Die papierwerk van die pop-up boek oor insekte waaraan Wakinyan hom verkyk het. En die sleutelbord van 'n rekenaar waarop haar ouma gesê het 'n halwe leeftyd se gedagtes fossiele geword het.

Twee toete. Amper skuif die duikbril oor haar oë en neus voor sy die deur oopmaak. Sias beduie dat sy Noag agterop die bakkie moet tel. Tussen die donker lense van sy bril bult sy neus soos 'n uitdaging aan die stof. Sweerlik nuwe Mec-tech in sy neusgate. Sias maak die metaalboks waarin hy diere vervoer oop, maar wanneer Noag bo-op kom, mik hy vir die hoek by die drywerkant. Hy blaf. Hy grom. Hy krap met sy voorpote op die bak se vloer.

“Kry jou hond stil,” sê Sias. “Of hy bly.”

Amper klim agterop, kry die basterbasset beet en dwing hom op haar skoot. Sy oë is aan’t agteruit gaan, maar daar’s nie fout met sy neus nie. Sal sy oorgeërfde geheue weet watter diertjie Sias smokkel? Sias hou die hokdeur oop terwyl sy Noag indwing. Hy spin in die rondte en wanneer die deur toeklap, tjank hy. Eers wanneer Amper deur die gaasvenster loer, sien sy ’n stuk van een bruin oor sit in die deur vas.

“Etter!” Sy gryp oop en trek hom aan sy pote uit. “Sorry, hond,” sê sy en vryf haar wang teen sy kop. Sy sweer dit: Saam met die stof kom neuk haar ouma se as vandag hier rond. Oor sy nie ’n oppasser se gat werd is nie.

“Jafta wag,” sê Sias.

Nog een keer kyk Amper om. *Kierang Collectibles*. Vir sestien jaar lank was sy elke dag meestal net in die winkel, behalwe vir ’n trip na Meshitium, die kliniek, en in die laaste jare die Community Centre en die lande. ’n Bolling in haar derms wil nie weggaan nie, maar blý sit ook nie meer reg in haar lyf nie.

“Dooigoed,” sê Sias toe sy inklim. “Upfront payment.”

Dooigoed. Kodewoord. Sy haal die sade wat hy gevra het uit haar rugsak. Haar ouma het nooit die nederset se mense met saad betaal nie, maar sy het by Sias se diskreetheid gestaan. Hy maak die koevert oop. Daar’s kosbare goed.

“Dalk groei dit,” sê Amper.

“Die kopers verstaan dit so,” sê hy.

“Hoe’t jy met Jafta deurmekaar geraak?” vra hy terwyl hy die sleutel draai.

“Na my ouma se dood het sy by die winkel begin omkom. Iets gekoop, iets neergesit. Wat ek by die kliniek vra of ’n vriend opgeneem is, was sy daar.”

“En toe offer sy om jou te help om die vriend te kry?”

Amper knik.

“Wat’s haar agenda?”

“Sy sê sy wil weet wat met haar voorkindseun gebeur het en die antwoord moet iewers rondom Meconium lê.”

“As oppasser en chaperone het nie een van julle veel street cred nie.”

Amper is nie seker wat hy bedoel nie. Van agter sy oor tot by die swart stekels van sy baard loop ’n sytaklose litteken. Haar ouma het gesê ’n mens meet ’n Harde soos Sias se status en netheid aan die

littekens wat hy post-Hardskip opgedoen het. Sy't gesê Sias Smous is 'n presiese man. Hulle stop voor Jafta Holdings en Dealings.

“Wees versigtig,” sê hy voor hy uitklim.

Om in die bakkie te wag of vir Mevrouw Jafta? wonder Amper. Sy skuif oor na 'n stuk hout wat Sias in die middel van die twee sitplekke, maar na agter, geprakseer het. Dit was 'n gatsakknoop op die ruglening wat in haar linkerblad geboor het en sy weet nie hoe die ou vrou se beentjieslyf dit gaan hou nie. Alles is met stukke denimlap toegeplak. Selfs op die dashboard is daar laste van denim. Dis haar tweede keer in 'n motor. Die eerste keer was sy vyf of ses en sy en haar ouma het 'n lift saam met Jafta se seun gekry. Hy't hulle by die voet van die berg afgelaai om veldkos te pluk en teiken te oefen met haar fluitjie. Was hy toe al 'n daggaghoeroe? Dalk is hy na 'n plantasie toe. Sy bakkie se buitekant was in herfskleure met blaarpatrone beverf en die twee seats was heeltemal verskillend maar in 'n goeie kondisie. Nou ry hy met 'n motorfiets.

“So waar was jy plastiese chirurg?” vra Mevrouw Jafta. Haar spikkelswart vlegsel lê 'n pinkie breed langs haar arm af en haar regterwangbeen stamp teen haar sonbril wanneer sy praat.

“In die Kaap,” antwoord Sias.

Hulle ry wes. Kiefmor is agter hulle en die Sienhomsberge onsigbaar agter die stof. Die man by die Skotvry-deurgang duskant die nogozone het hulle 'n paar minute terug deurgelaat.

“En met die Hardskip? Toe's julle pc's seker nie meer in aanvraag nie.”

“Ek was toe al in die biodieselindustrie.”

“Watse soort? Wat het julle gebruik?”

Sias lag. Dis 'n geluid by sy kleintongetjie. Sy wangbene beweeg nie. Dis net sy neusgate wat rek.

“Eers vet van die skiereiland se lipo's. Loodsprojek.”

“Ggg-ggg-ggg,” lag Mevrouw Jafta.

Sy kyk om na Amper. Haar vel is bruingrys met die blou oë soos lugspieëlings.

“Wat weet dié lot van lipo's? Daai jare toe's die Wes-Kaap seker nog wêreldklas in vetsug.”

Amper wil vra, maar hou haar in. Oor die tyd voor die Hardskip het haar ouma nie sommer gepraat nie. Wanneer Amper haar oorreed het om wel te vertel, het dit gou 'n saadstorie geword. Kyk of jy iets in die *Kennisse* kry, was haar meer gereelde antwoord. Deur vyf volumes *Kennis Ensiklopedie* het Amper geheer en geweer. Vyf van die 17 boeke wat haar ma vir haar gelos het. Voorin elke boek is 'n sin of twee oor haar ma en pa se avonture op pad Kiefmor toe, kort voor Amper se geboorte, geskryf. Hulle

het die laaste aand in 'n ondergrondse biblioteek geslaap en vir mekaar uit *Vetplante van Suider-Afrika* voorgelees.

“A fairytale if I’ve ever heard one,” het Wakinyan gesê toe sy dit vir hom gelees het.

Sy’t opgehou en die boek toegemaak. Wat sou hy sê oor “Met liefde gebuit deur jou mamie, Sonjie”? Hy’t haar slaap gesoen en sy arm op haar opgetrekte been gesit. Hy’s jaloers, het hy erken, omdat hy nie iets soos familie geken het nie.

“That’s changing,” het hy gesê, en sy tong het soos altyd aan die einde van ’n gelaaide sin oor die moesie bo sy mond gelek.

Mevrou Jafta maak ’n kreungeluid. ’n Figuur aan ’n boom, voete ver van die grond, spokerig anderkant die stof.

“En wat die vettes minder geraak het?” vra die ou vrou, asof die gesprek nooit opgehou het nie.

“Toe was ek al in kookolie. En die rioolpype se aanpaksels.”

“En toe raak dié ook minder.”

“Die kookolie. Van die aanpaksels sit nou nog.”

Die opdraand raak steiler en die bakkie begin beur. Met die klim raak die stof minder en die draaie en gate sigbaar. Dan is dít Helshoogte. Die son se desembers klim saam.

“Kyk,” sê Sias en “Gods,” sê Mevrou Jafta tegelyk.

Sias trap die breek en sit die bakkie af. Voor hulle strek kilometers se stofvelde uit. Hier en daar steek ’n reep grond uit.

“Ja, kyk,” sê Mevrou Jafta. “Doer onder voed ons die biljuisendsterk mensdom.”

“Wat...?” begin Amper. Sy bly stil en knyp haarself op die sagte vel onder haar linkerduim. “Ggg-ggg. G’n wonder die kind weet niks nie. Ou Bettina het antieke juwele en Nobelprysboeke en sulke kak gebuit toe kos en water al was met waarde.”

Sias start nie, los net die breek om die afdraand te vat. Amper draai haar kop en kyk deur sy venster. Hulle begin verby gemuurtes ry. Die stukke wat staan, is skoon baksteen. Soos in Kiefmor ook. Gesandstroop. ’n Ent vorentoe lê ’n muur amper die hele pad vol.

“Fok,” sê Sias. Hy start en dit lyk of hy mik om op die sypaadjie te gaan.

Dan pluk hy die stuurwiel na regs. Amper val met haar bolyf agter sy sitplek in en haar bene oor en verstrengel met die ou vrou se sitplek en rolstoel daaragter. Hulle jaag. Wanneer dit soos reguit pad voel, sukkel sy regop en hurk agter Sias se sitplek. Steeds maak nie Sias of Mevrou Jafta ’n geluid nie.

Sy wil nie vra wat dit was nie. 'n Knoester barbare? Die ou vrou se kneukels slaan blou en wit deur soos wat sy aan die deurhandvatsel klou. Sias is rooi in die gesig. Sy was dom om nie banger te wees nie.

Hulle ry al die pad terug soos wat hulle gekom het. Tussen die Sienhomsberg en Banghoekberge deur en nog verder. Waar die pad doodloop, draai hulle links.

“Wat ons 'n ander pad?” vra Mevrouw Jafta.

“Dis hoekom ek donners nooit passasiers laai nie!” Sias slaan met sy plat hand teen die stuurwiel. “En vroumense! 'n Tiener!”

“Ja, ja,” sê Mevrouw Jafta. “Maar ons is ook gerekende kliënte. Ek vra oor die roete.”

Sias antwoord nie. Hy vroetel met 'n musikspeler langs die stuurwiel. Dit krrrrr net.

“Gaan dit nie die battery vreet nie?” vra Mevrouw Jafta.

Sias antwoord nie. Hy haal 'n klein flessie uit een van die twintig sakke op sy hempbaadjie.

“Wat de hel,” sê Mevrouw Jafta. “In dié kondisies.”

Mens kan nie sien dat Sias lag nie, maar Amper sien hoe sy neusvleuels rek. Hy sluk en draai weer die prop op. Trekkerige musiek begin speel.

“Made 'im outa mud an' a han'ful o' sand. These bones goin' to rise again,” val Sias in.

“Na watse kak luister ons?” vra Mevrouw Jafta. “Ek het gedog jy sal Jazz luister, met jou intellectual neus. Dié koorkak...”

Sias sing bo-oor haar.

“Tol' them to eat whatever was there. But to one tree they mus' not go. Must leave the apples there to grow. Serpent coiled...”

Die liggie vrek en die musiek hou op. Sias bly stil wanneer hy agterkom.

“Hou jy van musiek, meisie?” vra Sias.

“Ek ken nie veel nie,” sê Amper.

“My broer het gesing. Hy was in 'n gospelkoor” – Sias buig sy kop in die rigting van die musikspeler – “en in 'n band.”

“Ka-ka-ka,” lag Jafta en wys in die rigting van 'n muurtjie waarteen 'n paar verroeste letters hang.

“Sow livin,” lees sy. “Sow livin!”

Amper wil uitvra, maar sy's bang Mev. Jafta kom weer haar ouma by. Die stofwolke raak skielik 'n muur. Die pad en die vlak lyk soos een.

“So jy was anti-corporation?” vra Sias vir Jafta.

“So grootgemaak,” antwoord sy. “Maar ek was nie ’n vreeslike aktivis nie. My werk het my uit die moeilikheid gehou.”

“Watse werk?”

“Ggg-ggg-ggg. Klimatoloog. Spesialis in stof.”

Sias swaai uit vir ’n hoop rommel. Amper vermoed hulle is lankal nie meer op ’n pad nie.

“Wat het jou uit Meconium gehou? ’n Anti-corp klimatoloog – was dit nie een van die magic combos nie?”

“Fok, nee. Toe was Momberg en sy broer al klaar met hulle planne vir Kiefmor. En jy’t hom geken. Hy sou nooit. Ons sou al ons hulpbronne moes verklaar en opgee.”

Sias ruk weer aan die stuurwiel. “Detour,” sê hy.

“Waantoe nou?” vra Jafta.

“Oor die Breërivierloop. ’n Quaint nederset. Waar God en Priester Richards die stofstorms verstaan en volle advantage daarvan vat.”

“Is dit nodig?”

“Die bakkie gaan nie veel langer hou nie. Daar’s ’n spaarbattery by die winkel.”

Hulle ry deur ’n dooie rivier en vat ’n hoogtetjie waar die stof weer minder dig raak.

“Welkom op Godsakker,” sê Sias.

Hy stop agter ’n groot gebou wat soos Kiefmor se Meshitium lyk, net kleiner. Dit het dieselfde kleimure en ook die ewigheidstekens wat in reliëf uitgebou is.

“Jy sal onder dié moet wegkruip,” sê Sias vir Amper en gee ’n kakersak aan.

“Hoekom?” vra Mevrouw Jafta.

“Dié plek het ’n tekort aan die vroulike. Laas was ouderling Abraham die volgende een vir wie die Here ’n vrou sou stuur.”

“Kan ek eers vir Noag water gee?” vra Amper.

Jafta snork. “’n Blêrrie hond.”

“Ek sal as ek stop vir uitklim. Gee van jou water,” sê Sias.

Amper haal ’n 500 ml-bottel uit haar rugsak se kantsak.

“Net ’n kwart,” sê sy.

Sias ry ’n ent en stop.

“Ek’s nou terug,” sê hy.

Amper het aan die slaap geraak. Sy kom regop en stamp haar kop en veg met die duikbril. Wanneer sy dit afkry, is die lug grondrig en baie. In 'n droom het haar bors soos 'n duin geklim van al die stof, totdat sy versmoor het. Sy lê weer. Die droom ry haar omdat sy skuldig voel. Sy ken nie van asemnood nie. Haar longe is aangepas; die stof maak haar niks. Mev. Jafta snork. Dis die nagmerrie wat haar die kans laat vat. Met 'n gesukkel kry sy haar rugsak onder die sitplek uit. Sy voel na die koplug en plastiekhouer en haal een blad en 'n potlood uit. Sy druk op die houer en stut dit teen haar knieë. So klein as kan, skryf sy: *Eleusine coracana – African finger millet, osgras*.

Daar hou dit op. Die storie is weg. Hoe het haar ouma gesê? *Die stories gaan sit saam met die honger en dors in jou tong*. Amper se tong is niks sonder haar neus nie. Sy voel na die pilhouer in die rugsak se binnesak. Sy maak die boonste ry se “W” oop. Hierdie een is van ná die Hardskip. Sias het dit in Meconium vir dooigoed verruil: dít en nog vyf glasdruppels vol reuke wat haar ouma laat dans het. Hulle het 'n paar druppels van elk in haar pilhouer ingelê. Dis verslaan maar dis al wat oor is en Amper voel hoe dit eers teen haar kleintong vasslaan en dan op haar tong gaan lê. Melkkos met kaneel. Sy hoor haar ouma se stem. *Maak jou oë toe. Sien die brein in jou tong. Vat jou tong se brein in jou vuiste vas en pomp drie maal*. Sy bal haar vuiste en pomp. *Wat jou tong nog nie klap nie, doen jy dit weer*. Sy ruik en pomp en begin skryf.

Dit het begin by die vingers van god, die korakanaplant. God ontkiem tussen uitspansel en aardmantel, in die skedelgat waar die koggelmander rus en tong uitskiet na die hoop op lewe en die sekerte van dood. Die vingermannanna trek krom soos wat die hand sy kinders vashou in die oes. Die vingers skiet oop en kielie die kinders. Die korakana en die kosmos lag saam met die kinders.

Sy ruik weer voordat sy haar goed bêre. Wakinyan se parfuumbottel was sy kosbaarste besitting. *Bermuda Triangle*. 'n Ryk fan het dit vir hom gegee met 'n vertoning by die Chinese enklawe. Dit was nie aards of huislik nie en sy ruik dit nou asof hy saam met haar onder die seil lê. Eintlik asof hulle kruisbeen op haar bed sit, die saadboek tussen hulle. Sy knie was oor hare en wanneer hy oor die boek gebuk het, was sy hare en nek in haar neus. Ondergrondse water en 'n leerhoed. Sy vee oor die voorblad om die stof af te kry. Onder die skets: *Sonjie, 2063*.

“Dit was my ma,” sê Amper en wys na die naam.

Wakinyan trek die buitelyne van die jakkalskos met sy halwe wysvinger.

“Vertel weer vir my die storie van jou vinger,” sê sy.

“Tell me the story of this weird plant,” sê hy en vat met die halwe vinger aan haar lippe.

Sy sweer die vinger trek haar geheue deur haar lippe uit haar lyf. Sy maak die geswelde boek oop. Op die eerste bladsy is die vingermanna: die beskrywing en storie in haar ouma se handskrif, die skets deur haar oupa, die geparste saadvingers.

“Will this grow?” vra Wakinyan.

“No,” sê sy.

Hulle blaai verby die grys blare van die knokkers, die geparste blare van die maramaboontjie, die koenoekam, die ’nyttjie; die gedroogde blomme van die suurvy, die pietsnot, die baroe, die gifbol; die afgeknipte tande van die gemsbok- en doringkomkommer en die Karoo noemnoem. By die jakkalskos staan net die naam en “Skets: sien voorblad.”

“Where’s the story?” vra Wakinyan.

“My ouma het gesê sy sal die plant ’n onreg aandoen. Dis ’n parasiet en dit ruik soos ... shite.”

“It has no use?”

“Dit het. Kos, medisyne. Maar sy’t gesê die storie sal die storie van Meconium se amptelike plant word.”

Wakinyan lag. “What did she have against Meconium?”

“Baie. Maar veral – sy’t nooit daarvoor gepraat nie, maar ek dink hulle het iets met my pa se dood te doen gehad. Die nuus het Kiefmor net voor my geboorte gehaal en my ma... Sy was my ouma se enigste kind.”

Wakinyan skuur met sy skouer teen hare, blaai om na die Bi-plant en lees met ’n sterk aksent. “Bietjie was ’n kind van vele buitekante. Soms was...”

Amper laat sak haar kop teen sy skouer en voel hoe die las van die saad in die helfte skeur en na hom begin oorvloei. Sy raak aan sy halwe vinger op die blad en val hom in die rede. “Vertel weer vir my die storie van jou vinger.”

Hy kyk skuins na haar en maak die boek toe. “I was six years old. The circus tent had not gone up for fifteen days and the hunger and thirst gave the clown dustbrain and made the acrobats faint. We came to a small settlement close to the Chinese enclave and everybody who could still stand up straight had to help with the tent. I was helping the lion tamer to unfold the left wing when a pofadder slid from under the fold. He struck out in camouflaged lightning and the forked tongue touched my finger as if in a blessing. By the time the plant doctor got to me my finger was rotting and they chopped it off after they made me drunk on mampoer. And that’s how I lost my finger.”

“Jy weet hoe om ’n storie te vertel,” sê sy.

Hy raak weer met sy halwe vinger aan haar lippe en soen haar. Sy tong is 'n gekamoeefleerde weerligstraal wat haar lyf van elke soort honger, stof en stront laat vergeet.

Die deur gaan oop en Amper trek haar asem hard in.

“Wat was dit?” vra 'n vreemde stem.

“Sparries, Sparries,” begin Sias. Sy stem klink anders. “Jy vra nie na my secret compartments nie en ek vra nie na jou ways en means nie. Ek sal volgende keer meer kief bring.”

“Ja. En stuur die woord vir Priester dat kief die mense sal laat kak,” sê die Sparries.

“Krr-krr. Totsiens, Sparries.”

Die bakkie draai om.

“Krr-krr-krr. 'n MecSec het hulle GM-mielieland expose en nou's die pryse by die BioG met helfte gecut.”

Mevrou Jafta lag nie. “Kan jy nie rondom Meconium beter pryse vir ons kief kry nie?” Haar stem is diep van die slaap.

“Ek betaal wat julle vra. Hierdie mense kort ook kief.”

“Kan net dink watse gunste jy in hierdie gopse kry.”

Sias antwoord nie.

“Ampersand, as jy wakker is, kan jy regop kom,” sê Jafta.

Ampersand. Wanneer laas het iemand haar Ampersand genoem? Sy sit weer die bril op – haar ouma het gesê mens brag nie met longe soos hare nie. Sy stoot die seil eenkant toe. 'n Oomblik lank is sy verblind. Dit voel of hulle die son nou gaan tref. Die stof is minder. Die lug lyk soos 'n woestyn.

Mev. Jafta snuif 'n paar keer. “Ruik ek kaneel?” vra sy.

“Jy't gedróóm van kaneel,” sê Sias. “No smell, no taste, only the touch of a lover will survive. But what is that touch, but the touch of dust? If you smell, taste the dust...”

“Nee, fok tog. Laat ons nou nie soetsappig raak oor stof nie,” val Jafta hom in die rede.

Sias draai sy kop weg van haar.

“Dis 'n young poet wat open mic by die bar in Closies.” Hy krap in sy oor. “Hou jy van poetry, meisie?”

“Sy's Bettina Moeletsi se kleinkind. Sy kies die poësie bo blikkieskos.”

Amper lê terug teen haar rugsak. Op haar hoop boeke was daar nie gedigte nie en in die winkel se boekrak was daar net een bundel – *Hierdie mens* – en sy't dit te veel gehoor en te min geëet om dit bo blikkieskos te kies. Sy sê niks nie.

Die bakkie ry vinniger. Amper maak nie haar oë oop nie, maar sy raak bewus van wat aangaan. Daar's 'n geraas buite. Mense wat goed skree. Sias jaag.

“Wat de fok het jy gedink om 'n jong meisie op hierdie trip te bring?” vra hy vir Mev. Jafta wanneer dit weer stil raak.

“Jy weet ook nie alles nie, Sias Smous,” antwoord sy.

“Ek weet dis fokken gevaarlik vir haar en haar dooigoed om naby Meconium uit te hang.”

“Ek was bang sy vat op haar eie die biogaslorrie soontoe. Soos wat daai Indiaan haar getoor het.”

Amper spits haar ore.

“Weet sy hy's van Meconium se diversity centre?”

“Hy't vir haar gesê hy't uit 'n sirkus ontsnap.”

“Close enough,” sê Sias. “Behalwe hy sou nie ontsnap het nie. Het jy al van Specimen of the Year gehoor?”

Jafta wag te lank. “Ja,” sê sy.

“Meconium sê die contest is 'n celebration of diversity, maar die kere wat 'n Hardekraler of Close Enough gewen het, is dit altyd gedispute. Die afgelope paar jaar was dit mense uit Meconium se diversity centre wat gewen het. Met Meconium se 20th anniversary hierdie jaar moes die contestants aan Specimen of the Year vir 40 dae weg van Meconium en surrounds oorleef. Baie gerieflik om by 'n tienermeisie op 'n nederset te gaan skuil. Sê dit vir haar.”

“Dit sal nie help nie. Sy's 16 en verlief.”

Amper spring byna op om die vrou stil te skree – Wat traak dit haar? As Wakinyan haar nie alles vertel het nie, sal daar 'n rede wees.

Dis al donker toe Sias stop. Hy sit 'n sonlampie aan en hang dit aan die truspieël op. Mevrouw Jafta slaap. Haar mond is oop en 'n straal kwyl vlek haar donker ken wit.

“Hardekraal Hotel,” sê Sias na aan haar oor. Amper is nie seker of hy spot nie. “Sentraal geleë tussen die Kraalkombuis, die pad na Meconium en BioG-H – Hardekraal se Meshitium,” sê hy in Amper se rigting.

Die ou vrou kom regop soos een wat nooit geslaap het nie. Sy sukkel uit en Amper is agterna met die rolstoel. Sy kry haar rugsak en vir Noag. Die hond se tong hang laag.

“Sorry, hond,” fluister sy.

Sias bring Mevrouw Jafta se sak.

“Ek laat julle weet wanneer ek weer Kiefmor se kant toe gaan,” sê hy en lig sy hand. “Dalk oor tien dae.”

Amper kyk Sias agterna. Sy’t veiliger gevoel met hom in die omtes.

“Waar kry ons jou?” vra sy, maar haar stem verdwyn onder Mevrouw Jafta se kloppe. Hulle wag lank. Eers wanneer die deur oopgaan, trek Sias weg. ’n Gaslamp verlig ’n sinkplaatgesig.

“Ja?” sê die vrou, haar oë en haar lippe beur neus toe.

“Ek is Jemima Jafta,” sê Mevrouw Jafta, “dogter van Engela van Wyk. Hier op die genade van Johanna Josefs, dogter van Trein Josefs.”

Amper het die ou vrou se stem nog nooit so gehoor nie. Vol van geheime rituele.

“Kom in. Nosipho Coetzee.”


Nosipho staan opsy. Sy sien vir Noag en haar wenkbroue beweeg weer weg van haar neus.

“Binnehof,” sê sy, met haar duim en wysvinger wat in Noag se rigting klap.

Amper lê op die boonste van twee stapelbeddens in ’n hoekkamer van die hotel. Mev. Jafta is op die onderste een. Haar rolstoel en sak is onder die bed – anders was daar nie omdraaiplek in die vertrek nie. Amper wonder oor Mev. Jafta. ’n Week na haar ouma se dood het sy die eerste keer by die winkel opgedaag. Iemand het buite met haar rolstoel gewag en sy’t op die meubels gedruk en haar neus opgetrek en teësinnig gevra of sy die amberoorkrabbe kon kry. Daarna het sy weer gekom, met koeponne betaal én kos op die voetstoel by die deur gelos. Amper het nie geweet Mev. Jafta en haar ouma het mekaar geken nie. Haar rugsak hang by haar kop en sy haal die skryfgoed uit. Haar lyf is styf van heeldag se sit en rondval in die bakkie. Sy krap tot sy die pilhouer raakvat. Tweede ry se F: Sitrus en steranys. Tongbrein in vuiste: pomp – drie keer.

Pennisetum glaucum – Pearl Millet, babala, manna

Daar is sandkorrels wat binne skulpe uitpof tot pêrels. Hulle roep die stiefbroers van babala na die seebodem waar hulle blinkleeg word terwyl hulle mekaar vertel van die halse by Shanghai, Singapore en Hong Kong. Bloeders van babala, waar sit julle oë? Sien julle met die innegoed wat weeg met die geroffel van vesel, voedsel en minerale? Sien julle met die oog van die arshol? Die pêrelmanna is die geheue van juwele, die sintuie van ’n jonger god. Bloeders van babala, maak oop julle oë.



KAART VAN MECONIUM – INVADERS 101

- 1. Fort
- 2. No One's Ark
- 3. Recycling Plant
- 4. Food Science
- 5. Veggie Market
- 6. Portions Dining Halls
- 7. Hospital
- 8. Head Quarters
- 9. ComCare
- 10. Administration Building
- 11. Biogrand Control Centre
- 12. Security Centre
- 13. MecRec – Recreational Centre
- 14. Institute of Natural Health
- 15. Greenhouse
- 16. Centre for Medical Research; Morgue
- 17. Temp Residence
- 18. Independent Growing
- 19. School
- 20. Maintenance; Mec Cleaning
- 21. Discovery Flat Blocks
- 22. Inbetween Flat Blocks
- 23. Gaia Flat Blocks
- 24. KhayaGaia
- 25. Biogas facilities

- - - Atrem track

Verskiet: Georgie se kaart van Meconium en omgewing



- 1 – Hardekraal
- 2 – Hardekraal Permaplots
- 3 – Close Enough
- 4 – Meconium
- 5 – Meconium Kweekgrotte
- 6 – Ontsoeringsaanleg
- 7 – 12 Meconium – Lanings, boorde, lande
- 13 – Pompous Ruins

Verskiet**Meconium: Woensdag – Saterdag, 2-5 Julie, 2081**

Foos kyk op sy Pulse. Dis 10.30 en die hofstorie begin oor 'n uur. Hy't gehoop Julie sal hom vra om voor die tyd by haar aan te kom. Hy sit sy regtermiddelvinger op die Pulse se skren: Stofdigtheid – 55%. Dit lyk of 'n mens van die tien-meter-hoë muur kan aftrap en op 'n duin aanstap na waarookal jy wil wees: die Wessee, die Tafelberg, die Here-be-dragons-noorde.

“Kom nou, Georgie,” sê hy. Die seun staan teen die nanopexvenster van die uitkykpunt links van die NNW-biculus. Elke nou en dan vee hy 'n sirkel skoon teen die venster, asof dit hom gaan help om verder te kan sien.

“Wanneer kry ek weer oortjontie vir notas?” antwoord Georgie na 'n ruk. “'n Gids wat sy gat werd is, kan staaltjies vertel. Staaltjies werk net as jy die styfheid en kleur van die drol kan bylieg.”

Foos ignoreer die seun. Daar is geen details te sien nie en hy praat te veel. Die ander kinders wat vir die gids-briefing gekom het, is almal weg sonder om aan hulle Pulses te raak – almal Meconites en almal met die nuutste MecLenses en MecBreaths teen die stof. Maar dis die moeseliemummie-Hardekraler met die eenlenssonbril en oogklap wat sy tyd vat met 'n pre-Hardskip toyskren, 'n stuk papier en 'n halfgeëte pen.

“Georgie, ek het nie tyd hiervoor nie,” sê Foos.

“Ai, Foos, geduld man. Die stuk aan die anderkant van Meconium ken ek soos my handpalm: elke straat in Hardekraal, elke distrik in Close Enough. Maar see se kant van Meconium is 'n ou maar versigtig om te besoek. Of jy nou vreesloos én met 'n derde oog operyt of nie.”

Dis oor MaJo wat Foos ingestem het om al die admin te doen om vir Georgie op die gidsprogram vir Celebrate 20 se Opedae te kry. Die irritasie en spyt gaan sit saam met 'n sandkorrel onder die MecSpec10's se suiers waar dit op sy neusbrug sit. Hy krap sandkorrels uit sy snor. By MaJo's vergeet die wese soms dat hulle in 'Independent Growing', 'n Meconium institusioneel, bly en dat MaJo 'n Hardekraler is. Hy kan nie aan een majoër dink wat Meconium bo MaJo sal kies nie. En sý glo die Georgie verdien 'n kans, so Foos het by ComCare gaan verduidelik hoe die ander enklawes se besoekers die vorige jaar met die Opedae aangehou kerm het hulle wil Hardekraal en Close Enough besoek en dat die Meconite-gidse geweier het.

“Jy gaan net die Hardekraal en Close Enough part van die toere doen,” sê Foos. “Hierdie is net sodat jy 'n idee van die geheel kry.”

“Ou Georgie doen heeljaar toere. Groot in- en uitflux in Hardekraal en Close Enough – fokkollie nanopex-mure om die toeriste uit te hou nie. Ek lei sommer een van my chitters as bodyguard op en brei my besigheid see se kant toe uit. En volgende jaar? Jy sal weer vir my kan inkry, ou Foos?”

“Nee. Ek’s nie permanent nie – net toevallig nou my tydblok by ComCare.”

Georgie kyk op.

“Is jy dan ’n Inbetweener?”

Foos knik.

“Jy lyk ouer,” sê Georgie en draai weer sy kop na die stof anderkant die nanopex.

Foos loer oor sy skouer. Op die toyskren is ’n kaart van Meconium. Bo-aan staan *Invaders 101*. Die stuk papier is ’n uitgedrukte kaart van die area rondom Meconium. Met die hand is Meconium, Close Enough en Hardekraal ingeteken. Georgie is besig met die ontsoutingsaanleg see se kant toe; in sy bruin ink is die lande en boorde na die noorde, selfs die Pompous Ruins daartussen, reeds ingevul. Dit alles net van een keer se luister na Foos se verduideliking.

“Waar kom jy aan die goed?” vra Foos.

Georgie lig die toyskren op.

“*Invaders 101* is ’n game wat die goods by Close Enough se techtoring ontwikkel het. Very popular – jy kan imagine. En die kaart het my twee shots laxative op die swartmark gekos.”

Foos skud sy kop. “Ons moet nou gaan,” sê hy – die seun sien te veel.

Foos sal nie verbaas wees as Georgie ’n shitesmokkelaar is nie. Hy help graag vir MaJo, maar as ComCare uitvind hy’t ’n smokkelaar ingebring, gaan hy nie veel opsies hê wanneer hy met Inbetween klaar is nie. Hy sal reguit van MaJo’s af na ’n nederset of weerstasie uitgeplaas word.

“Wat maak jy met die kaarte?” vra hy terwyl hulle met die muur langs tot by die naaste Atremstasie loop.

“Dis vir my toere. Die volle prentjie.”

“Jy’s nie dalk een van die shitesmokkelaars nie?” Niemand kon nog agterkom hoe nie: maar daar word shite uit Meconium gesmokkel wat dan weer in Close Enough se BioG gededeposit word – dit kos Meconium glo baie.

“Nog nooit,” sê Georgie.

Die Atrem stop en Foos loer of daar ’n MecSec op is – hy’t nie vir Georgie ’n Atrem-pass gereël nie.

“Klim,” sê hy vir die seun en gaan sit langs die Atrem se deur.

Hy’s nie lus om al die pad saam met Georgie tot by Ingang 1 te loop nie. Die hofsaal sal reeds gepak wees.

Foos draf die ent tussen Ingang 1 en die Fort. Hy wil vir Julie sterkte sê voor die storie begin. 'n Klomp Divusites staan in die binnehof en chant en buig voor Divus. Hy bal sy vuiste en volg 'n paar Gais wat by die deur na *Justice* ingaan. As Inbetween was Foos die afgelope twee jaar baie in die Fort vir Further Development and Training, maar hier was hy nog nooit nie. Voor die deur van die hofsaal voer 'n skrywer van *Finger on the Pulse* 'n onderhoud met 'n Divusite-leier. Binne die vertrek is daar nie plek vir 'n stofkorrel nie en die extractors dreun harder soos wat die deur oop en toe gaan.

“We have to keep it closed now,” hoor hy iemand sê.

Hy klim oor mense in die paadjies na waar Urs vir hom plek hou.

“Ek dag jy kom nie meer nie,” sê sy toe hy gaan sit. “Dit gaan begin.”

Foos soek vir Julie in die voorste ry. Hy kry haar lang stofblonde hare langs haar ma se afgeskeerde kop en hy wens hy kan haar in 'n pre-Hardskip-move airlift en na 'n plek soos Skandinawie toe vat.

“Twee uur stoffasie wat vanmiddag om 16.00 op BioG:E sal begin. Die stofdigtheid is 71% so die hof stel Dokter Ty aan om uurliks seker te maak die oortreder se toestand is stabiel,” sê die regter.

Divusites jil en klap hande. Foos sit tussen majoërs en Gais – almal stom geskok. Hy speel met sy snor en kyk na Julie se regop nek. Sy sal nie wys hoe die uitspraak haar raak nie.

“The courts are corrupt!” gil iemand.

“Divusity is a sect!” gil 'n majoër agter Foos.

“En die aanklaer se versoek om 'n dooie slang om die oortreder se nek te bind?” vra Divusity se verteenwoordiger vir die regter.

“Dit word afgekeur.”

Foos sit sy MecSpec10's op en sy MecBreaths in. Die mense gaan 'n ry maak om met Julie te praat – hy sal haar by MaJo's kry.

In MaJo's se speelkamer sit Foos oorkant Maan met twee poppe in sy hande. Die kind kan al vir 'n paar dae lank regop sit en lag maklik. MaJo en Julie kom in. Foos staan op en druk Julie se skouer.

“Dis 'n outrage, Julie.”

Daar is pers kringe om haar oë en lyne langs haar mond af. Sy lyk nie meer 20 jaar oud nie. In een jaar het sy haar pa en haar beoogde verloofde en 'n kind en 'n brandmerk bygekry.

Sy knik. “Dis amper verby. Ek en Maan en my ma gaan Sondag met die biogaslorrie na ’n nederset noordoos hiervandaan. My ma ken die suster by die kliniek en sy’t gesê hulle kan plek maak vir ’n trainee dokter.”

Foos se linkerhand gaan op na sy snor. Hy gaan haar ’n tweede keer verloor.

“Ek kan nie hier bly nie, Foos. Mense skreeu vieslike goed. Ek sien heeltyd goed wat my aan Niel herinner.”

Die lafaard, wil Foos sê, wat soos ’n cliché op die Atremspoor gaan lê het. ’n Pynlose, spektak dood, sê die Hard-bornes: Jou longe bars uit jou bors van die lugdruk wat die trem laat vort. Foos tel vir Maan op.

“Maar ’n nederset? Dis tog...”

“Ek moet nomaad. Die tyd het net gouer gekom.”

Hy knik.

“Sal jy vanmiddag daar wees?”

“Ja,” sê hy, maar hy weet nie of hy dit sal kan deursien nie.

Foos stap saam met Julie na haar ma se eenheid in ’n Gaia-blok. Hy stoot vir Maan in die waentjie wat hy gemaak het. Drie maande lank vir elke moontlike FindItFirst-mission opgesign om al die regte parte te source. Hy’t sy tydblok by die Herwinningsaanleg gedoen en sy kollegas het hom gespot oor al die ekstra ure en die beertjielap wat hy by REVEMPIRE gekoop het. Onder die weather gear layer hoor hy klokkies en Maan wat lag. Sy vuiste verstyf om die waentjie se handvatsels. Nadat hy seker is hulle is veilig by die eenheid, loop hy onder die Inner Atremspoor langs tot by die KhayaGaia-stasie. Hy vat ’n systraat muur se kant toe en draai weer in die eerste steeg links. Anders as die res van Meconium, het meeste geboue hier net ’n grondvloer. Die deure is uitgekerf: bye, vlermuise, suikerbekkies. Hier en daar ’n aangepaste Earth Christian-sign. Aan die einde van die steeg, op links, is die cob-kamer waarvoor hy aan die begin van sy Inbetween-jare sy naam opgesit het. Die inwoner, een van die Hardstes, is oorlede. Dit staan al die afgelope ses maande leeg en Admin wil weet of hy dit gaan vat as hy aan die einde van die jaar by MaJo’s moet uit. Dis ’n eenvertrek, maar daar is ’n lapmuur wat dit in twee deel en aan die agterkant is ’n kophoogte platform vir ’n matras. Die twee vensters het luike met rubberseëls teen die stof. Die deur het die blaarspiraal van ’n kroonaalwyn op – Julie het dit herken. Dit sluk jou oë in en spoeg dit spikkelrig uit. Hy loop verder, deur die spikkels en die steekpyn waar hy ’n fantasie oor Julie op die platformmatras gestoor het.

Die suidooster pomp. Vlaag op vlag stof bombard die mense op die oopte tussen die kweekhuis en BioG:E. Omtrent die helfte van die mensgros – meestal Gais – sit kruisbeen in rye op die grond. ’n Divusite staan op die Atremstasie se platform en praat oor sy Pulse se voice enhancer:

“Fellow Meconites, we have always rejected the idea of purebred animals. In fact, it has always been clear that it goes against the guiding principle of our enclave: protecting and restoring diversity. But until recently, we have been blind to the sinfulness and threat of inbreeding. In a small community such as ours it is a real danger to the stronghold of our gene pool. Thank Divus that the undermining actions of this young offender was brought under our attention and that today an example can be set as to how this type of behaviour will be dealt with.”

Twee MecSecs maak Julie se middel aan die paal vas. Die stof maak dit onmoontlik om details uit te maak, maar Foos weet daar is net ’n langmoujurk tussen haar en die stof. Hulle sou seker gemaak het sy’t nie MecBreaths of plaklense in nie. ’n Ander Divusite praat van die BioG:E se dak af.

“We place these snakes at the feet of the offender” – sy en nog ’n persoon lig twee slange op – “to remind ourselves of the importance of this brave and noble mythical animal: not only did it open the tree of differentiation and naming to the human mind, it also opened up paradise to not only include Eden, but the deserts, the oceans, the mountains, the valleys.”

Hulle sit die slange neer en iemand begin skree. “In the name of Diversity! Ukungafani ya onke! In die naam van diversiteit!” Die frases word harder en mense rits hulle weather hoods oop en vat happe stof om daaraan volume te gee. Na ’n ruk gaan seek baie van die Divusites skuiling in Portions B. Foos sit weer langs Urs – sy’s ook ’n majoër en so oud soos hy en Julie.

Celebrate 20 is ’n siek grap. Niks om te vier in hierdie plek, kom ’n pulse van Urs deur.

Hy kyk na haar en knik sy kop. Die twee ure is uitgerekte gape van ’n gemene godheid. Wanneer dit verby is, help hy Julie se ma en twee huisvriende om haar hospitaal toe te dra.

Foos kyk vir die hoeveelste keer op sy Pulse. Dis net na half-nege. Hy’s te rusteloos vir *A history of the world in 100 Objects: Revisited* en staan van sy bed af op. Die ander majoërs is stil en hy is op pad om by die sydeur uit te glip toe MaJo hom kombuis toe roep. Sy sit met haar rug na hom en haar grys vlegsels hang tot net bo die grond. Op die tafel staan die skren waarop sy Independent Growing se admin doen – sy weier om ’n Pulse te dra.

“Het die kleinons genoeg geshite?” vra Foos. Hy’s oud genoeg om vir homself te shite.

Sy glimlag. “Nee. En die Biogrand Control Centre is onlus om die normale onder/16-subsidie te gee – oor hulle van die majoërs verdink van die shitesmokkalery. Maar ou Portions by Portions A sal nie laat die kleinons honger ly nie.”

“MaJo moet bossietee stook vir verhoogde opbrengs.”

Sy glimlag nie weer nie en vryf oor haar oë. Hoe lank sal sy nog kans sien om Meconium se wese groot te maak – supposedly onpartydig omdat sy as buitestander nie ’n Gai of ’n Discov is nie en omdat haar verbondsman een van die enklawe se stigterslede was?

“Foos, daar’s iemand wat dalk met Julie se saak kan help.”

Hy frons. Daar was niks fout met Julie se verdediging nie, maar drie getuies is geplant en die regter was partydig.

“Ek weet nie MaJo...”

“Hy het 16 jaar terug my Bert se moordenaar gevind, toe die MecPols ’n Close Enougher daarvoor wou stoffeer.”

“Ek is op pad MecShack toe,” sê Foos. Hy wil Dry Throats drink totdat die res van die dag wegskimmer.

“Kan ek hom vra om jou daar te kry?”

Foos sug en knik.

“Dis Dick Sweeney,” sê MaJo.

Foos mik vir Meconium se buitemuur. Dis ’n ompad na MecShack, maar daar’s uitsig. Met rotsklimsims klouter hy op en gaan sit op die Atremspoor. In die lig van ’n verstowwe sekel lê die kweekgrotte en die lande. Doerver is ’n verdwaalde vuur. Vroeërp pad het die majoërs op donkermaannagte die buitenste kom patrol vir ’n vuur. Dit was ’n teken van terugkeer na pre-Hardskip. Sommige Gais – MaJo sê hulle kom uit die ou Earth Christians – praat van ’n oranjeborssuikerbek wat met ’n wilde Erika in sy bek boodskap sal bring dat dit veilig buite is. Maar Foos weet: jy kan jou teken só kies dat jy nooit sal ontsnap nie. Vir die majoërs moes die nag tien vure bring. Nie die gasvlamme van Close Enough wat met mensuitlaat brand nie. Houtvure. Wat ruik, wat smeul. Hy was agt toe hulle een nag ses vure getel het. Toe kom die Tweede Toiloo. Hy moet die kleinons bring – die tellery moenie ophou nie. Hy staan op en stap rigting Gaia. In die Oos-biculus sit twee MecSecs en kaartspeel. Onder hulle is klosse jong mense van Close Enough af op pad na die tunnel wat hulle in die naglasers van Meconium sal uitspoeg. Foos spring van die muur af op die dak van BioG:A. Hy seil met ’n geut af tot op die grond. Agter ’n watertenk verlig twee gaslampe die ingang tot MecShack.

In die oopte agter die digester-tenks is die bar volgepak. Die dansbaan is leeg, maar 'n paar van die rusbanke teen die mure is besig. Foos het meer mense verwag, maar dis nog vroeg. Op die verhoog maak 'n mixed band van Meconium, Close Enough en Hardekraal reg om te begin: Chaosity. Foos loop om 'n drink te kry.

“Is daar nog Staple, Steen?” vra hy wanneer die barman 'n Dry Throat voor hom neersit.

“Nee. Portions was weer toehand vandag. Julle ouens moet uitbook, anders weier hulle om vir ons te gee.”

Foos knik.

“Peter het gesê hy kry 'n Close Enough caterer – hulle CookHub het 'n lerk kok, hy't al gaan proe. Maar dan gaan MecPol slash MecSec for sure nie meer 'n stofgoog gooi vir ons inclusive entrance policy en 'secret tunnel' nie.”

Steen skuif aan. Peter, die ou wat met MecShack loop, klap sy hande totdat mense in die verhoog se rigting begin kyk.

“There are no words, friends. Since we started MecShack two years ago, Julie was around. She is a full circle and a diverse soul and what happened to her today must be a wake-up call to us all.”

Die mense cheer.

'n Ou man kom na Foos aangestap. Mec Clean staan op sy bors en hy het 'n Cleanbot in die een hand, 'n Dry Throat in die ander. Hy gaan sit langs Foos op die rusbank.

“Dick Sweeney,” sê hy.

“Foos Jo.”

“Ek't nie van plek geweet nie – hulle maak goeie dop. Wat's in mix?” vra Dick.

“Mampoer gemeng met die Hardekralers se soetwater,” antwoord Foos.

“Mmm.” Hy bly 'n ruk stil. “MaJo sê jy en Julie is vriende.”

Foos vat 'n paar slukke en knik.

“Vandag is hartseer dag in Meconium se geskiedenis. Dit maak Celebrate 20 leeg en sonbetekenis.”

Foos kyk na die ou man.

“'n Vrou se lewe is opgefok en jy worry oor Meconium, die ... ding wat dit toegelaat het.”

“Kyk, seun, julle Hard-bornes sal nie ... álle Meconites moet verantwoordelikheid neem vir hoe baie mag Divusity oor laaste jare gekry het, maar meeste Meconites is teen hulle doktrine, so ons moet Julie se 'onskuld' bewys én Divusity impliseer.”

“Hoe?” vra Foos.

“Kom môre-oggend Mec Clean toe. Ons kan daar praat.”

“Ek is op herwinningsdiens tot 13.00.”

Dick sluk die res van sy Dry Throat weg. “Sien jou daarna.”

Foos wag in Mec Clean se voorste vertrek. Daar staan ’n paar Cleanbots voor ’n toonbank maar verder is daar nie veel nie.

“Middag, seun,” sê Dick. Hy bring ’n stoel in.

“Hallo. Hierdie was onder die deur.”

Hy gee vir Dick ’n brief aan.

“Ek sal nie jou tyd mors nie. Ek het *Fingers on the Pulse*-artikels oor saak gelees en verder het ek bietjie ... inside info, maar dalk is dit goed as ons deur ding praat.”

Dick gaan sit op die grond by ’n Cleanbot, haal ’n skroewedraaier uit sy sak en begin parte los skroef.

“Het jy geweet dat Julie iemand sien, ‘beoog’ soos hulle sê?” vra hy, oë steeds op die Cleanbot.

“Ja, maar sy was geheimsinnig en min mense het geweet. Dit het vir my sin gemaak toe ek uitvind dis Niel Jacobs.”

“Hoekom? Hoekom het dit sin gemaak?”

“Julie se ouers is – haar pa was – core Gais. Haar pa was ’n Gai-leier en hoof van die Instituut vir Natuurlike Gesondheid. Niel Jacobs se pa is die hoof van die Human Genome Project by No One’s Ark. Hy’s ekstreem Discov en verbond aan Noma Fuchs, ’n Divusity-leier.”

“En toe Julie swanger raak?” Dick blaas stof af en vryf ’n onderdeel skoon.

“Hulle het uitgekóm met die verhouding, maar dit steeds stilgehou. Hulle was van plan om te verbond sodra die baba gebore is.”

“Hoe het hulle ouers dit gevat?”

“Nie goed nie. Julie se pa het kort daarna die hartaanval gekry.”

“Wat van rumours dat Julie in geheim Hardekraler-besoeker gesien het?”

“Die getuies is geplant. Twee getuies het Julie en die mystery man kamtig by die ingang na die karoblaning gesien en ’n mede-student – ’n Divusite – het gehoor hoe Julie en ’n man wat dieselfde beskrywing pas agter die Close Enough-kliniek stry oor die issue van hulle bloedverwantskap.”

“En dis alles opgemaak?”

“Ja.”

“En dit het eers ná die geboorte uitgekom?”

“Ja. Die mede-student het ewe skielik gevoel sy’t ’n moral obligation teenoor Niel. Op grond van haar getuienis het Divusity ’n hofbevel gekry dat Maan – Julie se dogter – vir homozygotic toetse moes gaan. Dis hoe die bloedverwantskap tussen ma en pa bewys is.”

“Maar vaderskap...”

“Niel Jacobs is dood voordat sy vaderskap bevestig kon word en toe het sy pa se verteenwoordiger die regter oortuig dat die familie reeds hel ervaar het as gevolg van Julie se ontrouheid en nie verder by die saak betrek mag word nie.”

“Uh ...” Dick kyk vir die eerste keer op. “Ek dink jy moet in Divusity se sake gaan krap. Dalk kan George by bib jou help. Ek sal uitvind oor homozygotic toetse – iets klop nie. Duidelik MecPols het uit die saak gebly – Divusity is oral diep ingekruip.”

George is agter die toonbank by Taking Out en met ’n sky van sy oë oor die surrounds sien Foos dat hy die enigste een aan diens in die biblioteek is.

“Ek dink daaraan om ’n vryskut-pulse vir *Finger* te doen. Oor Divusity se groei die afgelope 15 jaar,” begin hy.

“Moet net nie te krities wees nie,” sê George. “Hulle het báie gegroei. If you read my full meaning.”

“Nee. Nee. Objektief en so,” sê Foos.

“So wat soek jy?”

“As daar ’n kopie van hulle missie, stigtingsdoks, sulke goed is?”

George wys vir Foos om te volg. Uit van agter die toonbank, lyk hy anders: Foos het vroeërpas sy breë skouers en lengte misgekyk. Die army-langbroek is ook onverwags. Hulle stap deur die fiksie-rakke. Teen die agterste muur van die groot saal kom hulle by ’n houtkas.

“Divusity het hierdie eikehoutkas spesiaal geskenk om hulle geskr-ífte” – George rek die woord – “in te bewaar. Want dis belángrík.” Hy rek sy oë.

Foos skud sy kop.

“Was jy al by van hulle byeenkomste?”

“Ja,” sê Foos, nou skaam daaroor. “Toe hulle ’n paar jaar terug Digital Jewels gewys het van die diversiteit van No One’s Ark in die wild.”

“Ek onthou die campaign. Op jongons gemik.”

“Ek het net vir die skrens en bonus BioG’s gegaan.”

George lag. “Good for you,” sê hy en haal ’n handgebinde dok uit die kas. “Kyk wat jy gespaar is.”

Foos vryf oor die leeromslag. *Divusity*, staan dit ingegraveer. Op die titelblad is daar ’n onderskrif. *Diversity IS God*. Die missie is in Xhosa. Die commandments in Engels. Die gedragskode in Afrikaans. Hy blaai na die wette. Daar staan dit.

Commandment 6: Do not enter into carnal relations with family members, going back at least four generations.

By die gedragskode is daar ’n inskrywing onder “Verhoudings”.

Enige Divusite sal onmiddellik geskors word indien die Sesde Gebod oortree word. Divusites moet alle kontak met Meconites wat hulle aan inteling skuldig maak, verbreek, ongeag daarvan of die Meconite ’n Divusite is.

Foos sit die dokument terug en haal ’n lêer uit waarop *Notules 2080* staan. Hy blaai rond, sky deur. Dan vang die woord “Inteling” sy oog op ’n agenda. Hy blaai om na die notule.

Lid 247 maak voorstel aangaande plan van aksie teen inteling. Gerugte, veral uit Gaia – Lid bedoel nie om Gai-lede te beledig nie. Wetgewing teen inteling moet opgestel word om in 2081 aan jaarvergadering voor te lê. Lid 107: Altyd goed om voorbeeld te maak van skuldiges. Lid 325 beaam; sal soek.

Foos lees weer oor die laaste woorde. *Lid 325 beaam; sal soek*. Hoe presies het Lid 325 sy voorbeeld gevind?

“Lyk my hulle lidmaatskapboek is die enigste een wat nie uitgestal word nie,” sê Foos vir George.

“Party lede wil hulle lidmaatskap geheim hou. Vir politieke redes,” antwoord hy. “Die skeptici het nog voting power.” Hy lig sy vuis.

Bly George in Gaia of Discovery? dink Foos op pad uit. Net die feit dat hy wonder, laat hom meer van George hou.

Op tweede verdieping van Mec Clean, in vensterbank van kamer, kry Dick sy koplige. Son was skraps – lig is flou. Vir oomblik gaan sit hy op sy bed. Duvetsloop wat MaJo vir hom vir sy 60ste gemaak het. Dieselfde patchlappe wat Independent Growing se leefkamer vol lê. Jare se issue-klere waarvan net gatsakgroottes nog hou. Nie een vierkant uit sy eie lewe nie, maar mens sou sweer ... Daar is een patch

met proteas wat nes Hanna Temba se bloes lyk soos wat sy haarself plattrek tussen wilde gras op Malmesbury se gholfbaan. En vale net langsaan – Verneukpan se krake. Hy frommel die twee blokke in sy regterhand. Dan is daar verbleikte koningsbloublok by voetenent. Sy pa het die kleur gedra om sy oë te laat uitpop – Tyron Ludlow was ’n ydel man. Saam met kleur kom sy pa se stemtoon en woorde ’n leeftyd terug: “Even your ignorance is second-hand.” Dick staan op. Soos altyd met aand van *The Hardship* screening is hy misvrede. Daar’s twyfel en selfverwynt. Wysheid het net spyt verdring. Sy Pulse vibreer. Dr. Cintsa. Die man is vinnig.

Bietjie rondgesnuffel. Alle babas gebore sedert begin van jaar het homozygotic toets ondergaan. Toets reeds op dag van Maan Ervin se geboorte gedoen. Net basiese verslag uitgebook as hofstuk. Gedetailleerde verslag: Persentasie genetiese ooreenstemming te klein vir pa van Maan om Julie se vader te wees. Te groot vir pa om neef of oom te wees. Lyk soos broer, dalk halfbroer.

Dick stap onder Inner Atremspore langs, reg rondom Meconium se sentrum. Ent tussen MecRec en kweekhuis deur sien hy reeds flitsende beelde op muur van No One’s Ark en twee mure van Fort. Dis hoë-definisie materiaal uit 30’s. Swartstorm iewers noorde toe. Dick se bors raak benoud. Sy regterhand skiet op, hy slaan liggies met sy vuus. Dis nie daardie storm se longe nie, herinner hy homself. Stap aan: links om MecRec, deur gaping tussen hospitaal en BioGrand Control, begin weer om sentrum stap. Hy draai links tussen Admin en ComCare. Twee kleinons kom op spoed om hoek van Admin. Hulle breek en wil weer omsit, maar Dick gryp twee uitgerekte t-hemde vas. Krag kom uit sy skrik.

“Hei!” Hy dwing hulle teen muur vas. Hy skyn sy lig eers op een, dan ander.

Voor hom vier ondeunde oë. Dis eerste ding wat hom opval. Dan: identiese gesigte.

“Wat maak julle?”

“Niks,” kom dit gelyk. Hulle kyk af.

“Is julle majoërs?” vra hy.

“Du-u,” sê hulle, weer gelyk.

“Hoe oud is julle?”

Een kyk op.

“Oud genoeg om daai movie al ses keer te gesien het,” sê hy.

Ander een se kop lig terwyl sy broer praat.

“Jonk genoeg dat ons dit nog ses keer sal moet kyk.”

Dick voel hoe krag uitsyfer. Wat het adrenalien hom wysgemaak? Dat hulle op pad is om formule vir anti-nanopex aan ander enklawe uit te lek? Hy laat los en draai om. Klank van vier jong bene wat weghardloop koggel verder terug.

Om die hoek van hospitaal kom dramatiese musiek wat begin van Hardskip aandui. Hy stap nader, al wil hy nie. Kwaliteit van beeldmateriaal is heelwat swakker – deel van effek wat Head of Edutainment wou hê. Skielik net foto's wat aanmekaargeryg is. Landerye gesaai met leegheid, hier en daar siek plant wat grond uitdaag om laaste stingel lewe te ondersteun. Lang ry van mense wat by sopkombuis in een van OuterCape-dorpe staan. Dan sypaadjie vol lyke. Dick onthou daardie foto. Dit was op voorblad van laaste koerant. Hy't een gekoop uit nostalgie en verlang na sy ma wat dieselfde jaar dood is. '33. Lank voor Hardskip. Sypaadjie was iewers langs die Ooskus. Hy draai weg en vat kortpad Mec Clean toe. Film bring elke keer skaamte. Woede – oor leuen onnodig is. Daar was genoeg dooies. Van sy eie span het net Gerwel oorgebly. Daardie mense se oorskot sou indruk kon maak, maar lasergate en af koppe is nie deel van boodskap nie. Die Hardskip is herskryf as planeet se wraak nadat mens dit opgefok het. Mens wat homself en mekaar opfok – dit word uitgelaat.

Net voordat hy by Mec Clean kom, kyk hy op Pulse. 21.00 Sal hospitaal hom nog inlaat? Gesigte van majoër-tweeling lug weer deur sy kop en hy weet nou hoekom. Hy gaan na kelder, druk twee foto's uit, en stap dan hospitaal toe.

Voorportaal ruik na wildemispelasyn. Dick buk by emmer met mop en trek reuk in. Ingekerf op emmer staan: 2 cups vin, 2 spoons salt, 1 spoon borax. Hospitaal het eie Cleanbot wat Dick nou en dan diens, maar hulle kry ook elke jaar grootste deel van mispeloes om asyn mee te maak. Met sy opstaan gly mop muur-af en val.

“Can I help you?” vra jong verpleër wat agter toonbank regop kom.

Dick tel mop op.

“Sorry to bother,” begin hy. “I know it's not visiting hours, but... could I please see a patient in quarantine?”

“Mr. Gerwel? He's the only one there.”

“Yes, Mr. Gerwel.”

“Just wait,” sê man. Hy pulse iemand. Lees verder. Minuut later kom pulse deur.

“It's fine. Do you...”

“I know my way,” sê Dick.

Op boonste verdieping stap MecSec op en af voor glasdeure na kwarantynsaal.

“Nou kan jý na hom luister,” sê hy. “Hy hou nie op praat nie en die glas hou net die kieme binne.”

“Dick Trick! Dick Trick!” roep Gerwel. “’n Man raak mal hier. Ek sê nou vir die Sec, as ’n man...”

“Laat my ingaan,” sê Dick vir MecSec.

“Nie toegelaat nie.”

“Ag, hulle weet verdomp grootmense kan nie Dikvel oordra nie. Dokters is net paranoïes en sy skoonseun wil hom uit hulle eenheid uit hê – ek’s seker jy ken detail.”

MecSec sluit oop. Dick het geweet hy sou. Hy’s Hardekraler.

“Gaan ’n Shitebag vul,” sê hy.

Dick skrik toe hy Gerwel van naby sien. Sy vel is uitgepof en rooi. Sy gesig is sonder plooi geswel. Hy dra net ligte kortbroek.

“Hoe gaan dit, Gerwel?” vra Dick. Hy wens hy kon dit herhaal en simpatie uit sy stem kry.

“Goed. Goed. ’n Man vrek net van die hitte. En fokkit of die staat energie op ’n ou man sal vermors met ’n devented aircon. Of ’n skren vir Digital Jewels. Ek is so bored, ou Dick. Ek vrek nog van boredegit voor ek vrek van die sweet wat my van binne af versuip. En jy? Daar by Mec Clean?”

“Ja. Ja... Met screening vanaand. Ek dink terug.”

“Ek ook. Dis hoekom ek die MecSec doof praat.”

Dick lag.

“Dis goed dat jy hier is, Dick. Wanneer laas?”

“Ja, dis goed,” sê Dick. “Ek het al gedink. Ons was te paranoïes iemand sal iets vermoed. Ons kon net sowel kontak gehou het.”

“Dis maklik om nou te sê. Daai tyd was daar te veel rumours oor die Secret Unit. En ou Alarm Smith by Sekuriteit. As jy jouself beskikbaar gestel het vir sy job, dan was hy óp die storie.”

“Maar later.”

Gerwel reageer eers nie.

“Ja,” sê hy dan. “Met Lia se dood. En Gina wat moes groot kom.”

“Luister, Gerwel,” sê Dick. “Hoekom ek eintlik hier is. Ek het jou hulp nodig.”

“Ja?” Gerwel lyk soos kind in popbabala ry.

“Ek kort face recognition expertise.”

“Hier sit jou man,” sê Gerwel. “Maar jy weet my toerusting was ook van die Devented.”

“Ek weet. Maar jy kon altyd met jou blote oog ... Kyk net wat jy kan doen.”

Dick gee twee foto's aan: Lwellyn Ervin en Stefan Jacobs se gesigte in hoë-resolusie.

“Jy't nog ink vir kleurprints? En BioG's vir papier?” Gerwel klink skielik suspies.

“Meer as tien jaar terug op herwinningsdiens – ek het dit uitgesmug; gedink ek mag dit dalk nodig kry.”

Gerwel kyk stip na Dick.

“Jy daar by Mec Clean. Maak jy nog al die jare skoon?” Sy stem is vol raaiskote.

Dick glimlag. “Wanneer vuilwerk met raaisels afgewissel word, kla man nie,” antwoord hy. “Hierdie is Lwellyn Ervin” – hy wys na een foto – “pa van Julie Ervin – die meisie wat...”

“Ek het gehoor van die inteelstorie. Daai Divusity se werk.”

“Dié een is Stefan Jacobs, pa van Niel Jacobs, Julie se beoogde en volgens haar die pa van haar kind.”

“Wat is jou vermoede?”

“Julie Ervin se pa was Gai tot in fondament. Stefan Jacobs – Niel se pa – was een van Disputed met enklawestigting in '61.”

“Nie oorspronklik 'n Meconium-lid nie?”

“Presies. En hy het ander dodgy staatskonneksies gehad. Ek het Bert vir paar jaar gehelp om van die Disputed te monitor – Jacobs het onder die radar gebly tot hy hoof van Human Genome geword het. Verder bly hy in Discovery en hy's verbond aan 'n Divusite.”

Gerwel kyk na die foto's.

“Ervin het destyds vir Jacobs as Disputed genomineer,” sê Dick, “– ek het paar toutjies getrek om daai doks te kry. Jacobs het genoeg geld gehad om homself in te koop. Elk geval. Hulle is in dieselfde jaar gebore. Wat is kans hulle is tweeling?”

“Hoekom 'n tweeling?” vra Gerwel.

“Julie en pa van haar kind moet broer en suster of halfbroer en halfsuster wees. Daarvoor om geneties sin te maak, moet dié twee tweeling wees.”

“Hoekom sou hulle so geheimsinnig wees daaroor? Hoekom alle spore uitwis?” Gerwel trek met sy wysvinger blokke op papier. “Sou hulle mekaar so gehaat het dat die een nie meer soos die ander wou lyk nie? En toe was hulle skaam oor die plastic surgery?”

“Dalk...” Dick dink na. Dis dun rede. “Kyk eers óf hulle tweeling kan wees, voor ons spekuleer.”

“'n Liniaal en skryfding sal help,” sê Gerwel, reeds besig om gesigte te lees asof dit biografie is.

Halfuur later het Gerwel foto's met soveel tabelle gevul dat Dick skaars nog gesigte raaksien.

“Okay,” sê Gerwel. “Dis net guess work en dis 'n ex-expert se guess work. Maar ek dink die twee gaan deur vir 'n tweeling. Ek sou sê Stefan Jacobs het plastic surgery gehad: neus, mond en ken. As hy dit op sy wange gehad het, sou ek minder seker wees.”

Gerwel beduie op foto's. Dick knik, maar kan nie sê dat hy dit sien nie.

“Dit sou vaderskap oplos. As hulle tweeling is, sou hulle kinders geneties soos halfbroer en –suster kon lyk,” sê Dick. “Dan sou Julie ‘onskuldig’ wees, want die konneksie was aan niemand bekend nie.”

Hy sit terug. Dis begin.

Gerwel sit steeds gebukkend oor foto's.

“Dick,” sê hy. “Dick. Dick. Dick. Hierdie raak interessant.”

“Hoe so?”

“Kyk gou hier. Net onder die regteroogbank. Sien jy die geboortemerk by Ervin.”

“Dis vaag.”

“Hoe oud is hierdie foto?”

“Meer as tien jaar.”

“Hy't dit obwis voor die Hardskip laat laser, maar dis van die tipe wat nooit heeltemal weggaan nie en terugkom as jy nie aanhou met laser nie.”

“Het Jacobs een?”

“Daar's niks op die linkerkant nie – waar ek dit nog heelyd soek, maar hier's dit op die regterkant. Ook vaag, maar daar.”

“Wat beteken dit?”

“Tweelinge is gewoonlik spieëlbeelde van mekaar,” begin Gerwel. “Hoe oud is hierdie mans?”

“Stelsel sê albei is 44. Maar dit beteken niks. Baie mense het ID's verloor en oor sulke goed gelieg.”

“By benadering is goed genoeg. Hulle is rondom '37 gebore.” Gerwel kyk na Dick asof dit alles moet duidelik maak.

“Ek was toe al ondergronds, Gerwel,” sê Dick. “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”

Gerwel sug teleur.

“Einde 30's. Die Clonagate-skandaal. Minister of Tourism het gedink dit sal first world couples na die Wes-Kaap lok as hulle kinders kan kom kloon. Dit was nog experimental toe dit oopgevelek is, maar daar was al 'n klomp kinders uit toetsfase.”

Dick sit weer regop.

“By die 16 rond,” gaan Gerwel aan. “Hulle identities is beskerm. Hulle uproar oor sanctity of life, bla-bla.”

“En jy dink Ervin en Jacobs ... Dit sál verduidelik hoekom hulle so geheimsinnig ...” Dick knik sy kop. “Stefan Jacobs is verbond aan Noma Fuchs, hoog op in Divusity. Hy sal nie wil hê sy moet hiervan uitvind nie. En met sy werk by die diversiteitsentrum...” sê hy. “En Lwellyn Ervin as leier by die Gais...”

“Ja, mens kan verstaan hoekom hulle hulle verbintenis geheim gehou het,” sê Gerwel. “Die clonism het baie toegeneem sedert die Hardskip.”

Dick staan op.

“Luister, Gerwel, ek weet nie hoe... Baie dankie vir jou hulp.”

“Jy’t ’n dikvellige se dag gemaak, Dick. Laat weet my. Kom vertel my as die saak eers sy gang gegaan het.”

Dick knik net. Met wysheid raak sy beloftes minder. Daar’s vreemdigheid in sy keel.

Dick sit sy regterhand op sy bors. Hulle moes vir hom nuwe hart ook gemaak het. Hy het verby Mec Clean se toonbank geloop, op pad kamer toe. Sy oog het op brief geval. Hy’t heel vergeet daarvan met dag se aks. Sal sy hart met tweede lees meer gewoon wees aan boodskap?

Dick Sweeney

As jy nog leef, sal jy dalk die brief kry. As die stoflong jou nie lankal aangeskuiw het nie.

Ek skryf nou eers omdat ek geweet het Gene Ludlow is dood. Eers op sy sterfbed het ek die moed gehad om Momberg te vra wat jou nuwe naam is. Hy het gelag. Hoe ons toe nog met woorde wou wraak neem, het hy gesê. Of iets van woorde en wraak neem – ek het die sin gemaak. Dit het hom baie plesier verskaf om te mompel oor hoe hy sy kontak by Identiteit & Reis op Vredendal se vorm ingevul het vir jou nuwe identiteit. Hy’t moeite gehad om die naam ordentlik uit te spreek, maar ek moes herhaal totdat ek dit reg verstaan het. “Dick Sweeney.” Hy’t gekraai. Dit klink mos soos saad se kjênd. Sy woorde. Daar het hy kom lê en praat soos hy op sy ouma se skoot geleer is.

Ek skryf nie om jou te skok nie. In ’38 het ek ’n kind gehad. Dit was jou seun. Ek het hom Barend genoem, na my broertjie. Ek en Momberg Jafta is later getroud en ons het ook twee seuns gehad.

Momberg het op sy manier probeer, maar Barend was gelukkiger by my ma. Sy Ouma Saad, het hy haar genoem.

Hy is al klomp jare dood. Dis hoekom ek skryf. Ek wil duidelikheid hê oor wat gebeur het. Dit was in '65. My ma het geskryf dit was 'n skermutseling met Meconites. Dalk het julle rekords. Dalk veg julle nog soos voor die Hardskip, met 'n drone-verslaggewer en -fotograaf wat die drone-manskappe se stories kan opteken. In die naam van sekuriteit kon beginsels nog altyd herbekyk word.

Ek weet hy's nie aan stof dood nie. Ten minste weet ek dit. Dit is nie genoeg nie. Nie as 'n mens vyf koorsbome (dit word 'n laning genoem) en twee skoolpouses uit jou venster kan sien nie. So kom haal al die dinke wat jy nie gedink het nie jou in. Dalk verstaan jy iets hiervan.

Van Jemima Jafta (Van Wyk)

Hy vou brief op en sit dit koevert-in. Dis ward om ingehaal te word sonder dat jy besef het jy word agtervolg. Deur dooie kind wat soos ou nuus in koevert kom. Anachro. Sy hart bedaar nie. Jaartal: 2065. Eerste Toiloo. Sal dit vrou tevrede stel? Om te weet hy's nie sommer net in enige skermutseling dood nie. Hy probeer haar sien. Jemima. Die stofmeisie, het hy later jare aan haar gedink. Ek het nie sneller getrek nie, dink hy. Praat hy met haar? Lasergeweer verseker akkuur skoot, pynlose penetrasie.

“Die tweeling het my gesê hulle't jou hier sien opkom.”

Foos skrik uit memorie. MaJo staan langs hom. Haar regop lyf is langer as syne. 'n Standbeeld van 'n vrou, behalwe dat sy nooit stil word nie. Sy sit haar arm om sy skouer.

“Het Julie nog steeds nie van plan verander nie?” vra sy.

Hy skud sy kop.

“Sy sê die skade is gedaan. Sy gaan nie haar ma verdere pyn veroorsaak of haar pa se naam in oneer bring nie. Oormôre is sy en Maan weg.”

Hy kyk MaJo in die oë. Daar is spanning in haar lyf. Sy het nie gekom om te troos nie, al wou sy dit graag so laat lyk.

“Hoekom soek MaJo my?”

Sy haak by hom in, begin stadig stap.

“Die daktuin is vaal,” sê sy. “Die gedruis van Opedag is aan't afneem.”

“Wat is dit, MaJo?”

“Die lewe se seityd, of dit goddigbepaal of lukraak is, is soms nie te bevraag nie.”

Sy stop, buk en pluk ’n paar skilpadsoutblare.

“Het ek jou ooit die storie van skilpadsout vertel?”

“Van hoe dit jou trane terugsit?”

“Nee. Die regte storie.”

Haar stem raak plat, die klanke wat uitkom is anders as waaraan Foos gewoon is. Dis steeds gestroop, maar dit word aanmekeargesit met die óú spoeg van iemand anders se praat.

“Twee luiperdskilpaaie, plat kant teen plat kant, gat by kop, het deur die uitpansel gedryf. Toe hulle oeroud was, skubberigheid dun geskaaf teen sterstof en meteoriet en komeet, sê die een vir die ander: ‘Vandag is ons ooroud en hierdie rugryers het my so laag af van maergeit, ek klim deur my eie gat en sê nie wederom nie. Ek’s klaar.’ Daarmee klim hy uit en verdwyn in die niet. Die ander skilpaai kruip toe uit sy dop en daar gaat hy ook. Dit was nie lank nie of die rugryers het die een skilpaaidop begin volstop: meestal blinkbuit. Maar in die ander dop het sewe saadsusters gewoon. Net saad het hulle in die dop gebêre. Een dag het die blinkgoeddop so swaar geraak dat die dopbol by die uitpansel se afgrond begin afstort het. ’n Skootster het verbygekom, die saadsusters se hulpskreeue gehoor en die twee doppe uitmekaar geskiet. Toe’t net die een sy moer gesien. Die ander dopkoepel het sondervoets deur die uitpansel gesweef en die sewe saadsusters het begin plant. Die eerste plant wat gesig gewys het, het hulle, ter ere aan die verskiete skilpaaie, skilpaaisterre genoem. Hulle het gehoop dat ’n ander skilpaai daaraan sou kom wei en sou bly – sy groot dop se plat kant teen hulle groot dop se platkant sou vasdruk. Terugkeer na ’n sirkelgang.”

“Wat gaan aan, MaJo?” vra Foos na ’n ruk se stilte.

Sy gaan sit op ’n bankie.

“Die susters van saad. Daar is goed wat meer belang as ons eie pyn is en as ons deel word daarvan, dan help dit met die pyn.”

“MaJo, jy praat in clichés.”

“Ek is verdeel. Ek wil nie...” Sy sug. “Die susters van saad het iemand met innebor en instink nodig en jy...”

“Wie is die susters van saad?”

“Dit kan ek jou nie sê nie. Ek weet self nie eintlik nie, al het ons in die Sederberge met die stories en die gerugte grootgeword. Ek weet net dat dit ’n belangrike taak is.”

“Vir MaJo sal ek...”

“Nee.” Die woord is kort en hard. “Moet dit nie vir my doen nie. Dit gaan gevaarlik wees...” Haar stem raak onvas.

“Dis elkval tyd vir my om te nomaad.” Hy kyk na waar die muur die lug ontmoet. Die horistof is daaragter. En iewers wag tien vure om getel te word.

Hoofstuk 2

Amper hardloop na 'n deur in die hoek wat nie heeltemal toe is nie, af met 'n stegie. In die straat stop sy. Waar begin sy soek? Die reuk tref haar – dieselfde ondertone as Kiefmor.

“Toet, toet,” sê 'n man met 'n peuter in 'n kruise. Die kind lag en maak die geluide na.

“Sorry,” sê Amper.

Die meeste mense loop met bakkies en lepels en is in dieselfde rigting op pad. Nosipho Coetzee kom met 'n skinkbord in die pad af.

“Dis nie 'n binnehof nie!” wil sy vir die vrou skree, maar sy hou haar in.

“Jy't nie die deur goed toegemaak nie,” sê sy. “My hond is weg.”

“Hy was nie hier toe ek uit is nie,” sê Nosipho. “Ek dog jy't hom kamer toe gesmokkel.”

Op die skinkbord is tien bakkies Staple. Dis die reuk. Staple en stof.

“Kom. Ontbyt.”

In 'n kamer met drie ronde tafels sit ses vrouens en twee mans, almal stokoud. Nes baie van die mense op straat dra hulle afwit katoenjurke. Mev. Jafta staan uit met haar jean en bruin bloes. Amper is bly haar dungaree en h-top is sonverbleik en vaal.

“Noag is weg,” sê sy.

“Môre, Ampersand,” sê Jafta.

“Jammer. Môre.”

“Wie is Noag, hart?” vra die ander vrou aan tafel. Amper sien haar nou eers raak – sy lyk jonger as Mev. Jafta.

“My hond. My ouma se hond.”

Die ander vrou se oë rek effens.

“Sjoe. Ja. Hierdie tyd van die jaar. Dit sal moeilik wees om 'n hond hier op te spoor met die opwinding van die Opedae.”

“Dis Johanna Josefs, dogter van Trui Josefs,” sê Mev. Jafta. “En hierdie is Ampersand.”

“Net Amper,” voeg sy by.

“Aangenaam, Amper,” sê Johanna Josefs. “Jy kan my Jo noem.”

Nosipho bring die skinkbord laaste na hulle tafel toe.

“Ons sal regmaak,” sê Mev. Jafta, en wys na die bakkie Staple.

“Ek weet,” sê Nosipho. “Ons het ekstra BioG's in die kietie.”

“My hond.”

Net Jo kyk op van haar kos.

“Waar begin ek soek?”

“Daar is ’n seun,” sê Jo. “Hy ken al die ins en outs van Hardekraal en Close Enough. Dalk kan hy jou help. Ek sal gaan hoor.”

“Jy moet my eers BioG-H toe vat – Hardekraal se Meshitium,” sê Jafta.

Amper sukkel met die rolstoel.

“Versigtig, kind!” roep die ou vrou wanneer die een wiel in ’n gat verdwyn.

Die Hardekraal Hotel is die enigste gebou in die straat wat nog ’n hele huis is. Verder is dit meestal enkelkamers – opgerig teen die buitemure van ou geboue – wat dakke op het. Meeste is kleikamers. Alles saam lyk tegelyk vervalde én netjies.

“Hier links het Johanna gesê.”

Om die draai doem ’n hoë toring voor hulle op. Die son weerkaats daarop en selfs met haar bril op is dit te skerp om na te kyk.

“Daai moet Close Enough wees,” wys Jafta.

Die vae buitelyn van hoë mure wes van die toring vang Amper se oog. Dis stofkleurig teen die agtergrond van die land en die presiese blou van die lug waar dit boontoe strek. Sy staan stil.

“Meconium. Waar high tech shit en high shit tech gelyke vennote is,” sê Mev. Jafta.

Iets beweeg op en om die muur van die enklawe.

“Wat was dit?” vra Amper.

“Hulle vervoerpyle. Want ’n kilo is te donners ver om te loop.”

Amper stap aan.

“Hoe ken jy vir Jo?” vra sy.

“Ons ma’s.”

Die BioG-H het trappe en dit bars om die rolstoel daar uit te kry. Mev. Jafta klik haar tong en gryp ’n reling vas en kom regop. Net haar linkerbeen vat elke keer die volgende trap – haar regterbeen moet sy met haar arms agterna bring.

“Los,” sê sy toe Amper wil help.

Die gebou is netjies ten spyte van hoe groot dit is. Minstens twee keer so groot soos Kiefmor se Meshitium. Die ewigheidstekens van die ander Meshitiums is deurgevoer, maar hier is meer skrens, ook binne die gebou, waarop sinne verskyn. *Biogas: From the people, for the people.*

“Jy sal my in ’n hokkie moet gaan los,” sê Mev. Jafta.

Wanneer Amper klaar op die toilet was, loop sy na ontvangs.

Die kassier is ’n jong vrou.

“Gas number?” vra sy sonder om na Amper te kyk. Haar vingers is gereed op ’n skren.

“One. Three. Five. Eight. Eight. Nine. Five. Eight.”

“Satellite facility 9?” vra die vrou.

“Yes,” sê Amper. “Satellietskyter.”

“Huh?” Die vrou frons. “Cubicle?”

“14.”

Die vrou druk knoppies. “290 grams altogether. That would be...”

“I have this,” val Amper haar in die rede. Sy haal ’n Shitesaver uit haar rugsak.

“Put it on then,” sê die vrou en wys na iets wat ’n skaal moet wees.

“Plus 210 grams.” Die vrou sug. “25 BioG’s.”

’n Laai klik oop onder die toonbank. Die vrou tel 25 muntstukke, verskillende vorms en groottes, af en laat val dit op die blad. Amper kyk daarna.

“Go on,” sê die vrou.

Amper kyk van die muntstukke na die vrou.

“They work with coupons in the settlements,” sê die wag wat teen die deurkosyn leun.

“Same thing,” sê die vrou.

Amper vat dit. In Kiefmor is muntstukke waardeloos. Sy gaan staan by die verste skren van die toonbank af:

Free Vision Clinic. Do you want to be an eyewitness? Come and join our free trials! Be a part of the science that will let us look the sun in the eye again.

Sy trek haar oë op skrefies. Met Meconium is die NB stront in die fynskrif.

At Meconium Health Care’s satellite clinics we hear heartbreaking stories of elderly people and children being robbed of their MecSpecs. Or being sold fake sunglasses with no real protection. That is why we have established the Free Vision Clinic. Mother Earth is busy healing the ozone layer faster than we anticipated. In the meantime, science can help our eyes to adapt to the current glare.

Die volgende een is vir Opedag.

Event of the year! Two open days when Meconium's diversity centre, No One's Ark, is open to all. Come and be a witness to the diversity that Mother Nature intended for us to see.

When: 4 and 5 July 2081

Where: No One's Ark, Meconium. Admission through Entrance 1.

Free entrance to a wide range of animals – from the farm to the jungle. As always, if you want to see the lion and some of his big friends, you have to help us feed the carnivores. Bring a little (moving) meat!

Dis die diversiteitsentrum. “No One’s Ark,” sê sy saggies. Dis waar sy na Wakinyan moet gaan soek. Sy sit ’n dread in haar mond. As sy net eers vir Noag kan kry. Sy gaan wag voor Mev. Jafta se hokkie. Twintig minute later, wanneer sy haar en haar ag muntstukke by die pad afstoot, kry sy die ou vrou byna jammer.

“En dís hoekom purgasie ’n bloeiende swartmark het,” sê Jafta. “Het jy toe van jou ouma se Fluksmaag gebring vir merchandise?”

“Ja.”

“Dit sal loop. Jy sal sien. Jy moet net die regte kopers kry. Dit sal loop.”

Langs die Hardekraal Hotel se deur staan ’n seun – Amper skat hom 12 – met ’n oogklap wat agter die leë linkerraam van ’n sonbril uitsteek. Hy leun teen die muur en het ’n toestel in sy hande waarop hy knoppies druk. Sy mond maak die geluide van ’n voertuig wat jaag. Amper maak die deur oop.

“Wag! Wag! Ek’s nou klaar.”

“Stoot,” sê Jafta.

“Poester!” roep die seun. Iets het op sy speelding gebeur. “Ek’s klaar.” Hy kyk op. “Ek moet jou Close Enough toe vat. Ma’Jo moes terug Meconium toe. Sy’t my gestuur.” Hy glimlag vir Mev. Jafta.

“Hy lyk onkans,” sê sy. “Stoot.”

“Ek’s tour bicus number one van Hardekraal – die enigste een hier rond wat jou Close Enough toe kan vat. Reguit na jou hond toe.”

“Ja?” sê Amper.

“Jy moet weet, meisie, met hierdie oog” – hy trap van die een been na die ander – “sien ek meer as meeste van die idiôts in die rondte.” Hy leun nader. “Ek het die derde oog. Soos Ma’Jo.”

Amper stoot vir Mev. Jafta oor die hotel se drumpel.

“Ek gaan saam,” sê sy.

Jafta antwoord nie.

“Ek kom later,” voeg sy by.

“Jy beter jou sak los!” kom dit van buite.

Die seun loop voor haar uit – verder weg van die hoë toring. Hy speel op die toestel terwyl hulle loop.

“Waar is Close Enough?” vra sy.

Hy beduie met sy duim na agter. “Maar ek moet eers my toyskren gaan drop. In Close Enough steel hulle jou skyt uit jou hol.”

’n Ent verder stop hulle voor ’n karavaan wat toegepak is met motorbande. ’n Ekstra sinkdak rus op die motorbande.

“Dis ek, Ma!” skree die seun soos wat hy die deur oopmaak. “Ek drop net my toyskren!”

’n Vrou kom om die hoek van die karavaan. Sy’s blind en druk-druk met ’n kerie voor haar.

“Daai duiwelsdrek van ’n ding.”

Sy stop en ruik.

“Wie’s die meisie, Georgie?” vra sy.

“’n New akwintis, ma. Ek’s uit op ’n tour. Ek kry die Staple op pad terug.”

“Nee,” sê die vrou. “Ek loop self Kraalkombuis toe. Het die uitkom nodig.”

“Dis by my ma wat ek gesien het ’n mens kort nie twee oë nie,” sê Georgie terwyl hulle met ’n ander pad terug loop.

Hy babbel onophoudelik. As hy sien sy kyk na iets, begin hy praat.

“As jy dink Hardekraal is erg. Wag tot jy Close Enough sien. Skwaller. Erg skwaller. Maar daar gaat meer aan. Koop, verkoop. So aan. Hardekraal is een groot distrik van tree huggers. In Close Enough het jy jou techdistrik en jou seksdistrik en jou kragdistrik en so aan – meer opportjoenties.”

“Doer is die in-uitgang, net anderkant die kliniek,” sê hy 500 meter verder, “maar hier wil jy nie afgaan nie. Dis Hardekraal se dikvel-kamp. Het jy al dikvel gehad?”

“Nee,” sê Amper. Ek’s dan hier, wil sy byvoeg.

“Ek het ’n repustasie hier rond. Ek het dit mos gemaak. Miracle. En sien jy hoe lyk hierdie vel. Dis van die Dikvel. My vel is ’n eelt reg rondom. Die son kan my fokkollie bykom.”

Amper kry lag. Sy kyk onderlangs na sy vel. Dit lyk hard en haarloos.

“En my sweetgaatjies is nog al die pad toegeswel so ek pie moers baie. KeGing! All round ’n score gewees vir my. Die Dikvel.”

Amper gaan staan stil anderkant Hardekraal se in-uitgang. Vir die eerste keer sien sy die berg wat see se kant toe 'n streep deur die lug trek.

“Dis die Tafelberg. Waar lê jou belangstelling: kuns, geskiedenis, volksverhale, kos?” vra Georgie.

Amper frons. “Kuns?” sê sy, al wil sy kos sê – sy’s honger.

“Dis ’n all-in-one ware verhaal. In 2078 het ’n Hardekraal-visionary “Die Laaste Maal aan Tafelberg” geskilder, dit tydens Opedag by No One’s Ark ingesmokkel en waar almal inkom, opgehang. Dit het gewys hoe Jesus – die profeet in wie die Earth Christians glo – saam met Van Hunks – die biljoenêrbaas van die laaste sigaretbrand in die wêreld – en die stigterslede van Meconium aan die Tafelberg sit en stront eet. Groot stir. En stoffasie vir die kunstenaar.”

Amper wil vra wat stoffasie is, maar hulle kom agter ’n paar halfdood bome uit en Meconium se verkleurmanmuur strek teen die hoogte uit.

“Waarvan is die muur?” vra Amper.

“Nanopex. Ondeurdringbaar.” Iets flits op die muur verby. “’n Atrem. Hightech. Gebruik amper niks energie nie. Beweeg op lug.” Hy rek sy een oog en knik, wag vir haar reaksie.

“Sjoe,” sê sy. Dis ’n stuk wêreld uit die pre-Hardskip.

“Dis nie waar ons ingaat vir Opedag nie.” Hy wys na ’n ingang. “Dis daai kant om. Dis die highlight of the year. No jokes.”

“Hoekom loop ons nie reguit Close Enough toe nie. Dis dan reg langs Hardekraal. Hoekom hier om?” vra Amper. Die voetpad draai nou eers in die rigting van Close Enough.

“Vir ons veiligheid!” sê hy, en maak weer sy oog groot.

Wanneer Close Enough se eerste huise ’n paar meter weg is, kry Amper reeds die reuk. Sy het ’n smeersel vanielje-vaseline onder haar neus én haar bril op, maar dit help nie.

“Die eerste deel is die ergste,” sê die seun. “Hier is baie meer mense. Rebels! Weier om BioG-CE te gebruik. As die MecSecs hulle vang, is dit fokol chitchat shitshat.”

Hulle skuur by ’n man en vrou verby wat mekaar rondstamp, albei kaalbolyf.

“Soos wat doen hulle?” vra Amper, gretig om besig te lyk.

“Stoffasie is die een ding.”

Sy wil weer vra, maar kry nie kans nie. ’n Vrou sonder voortande kom druk haarself teen Amper se sy vas, loop saam, met ’n baba in die arms.

“Biogrand for my beautiful? Biogrand for my beautiful?” sê die vrou. Haar asem ruik na vrotmondjie.

Georgie trek Amper by 'n systraat af. Die meeste huise is 'n mengelmoes van bougoed. Sinkplaat. Plastiek. Seil. Meer kleure as in Hardekraal.

“Business central is nie ver nie. Ons gaat hier om,” beduie Georgie.

Hulle kom uit op 'n oopte tussen die geboue. In die middel sit 'n klomp mense op kratte en speel kaart. Rondom is makeshift stalletjies.

“Daar kan jy jou BioG's gaan meer maak voor jy dropshop.” Georgie wys na die middel en soek dan met sy oë rond.

“Daar's jou man.”

Amper kyk na waar hy wys. 'n Seun, kort en fris, met moesies wat oor sy wange en neus patrone maak, staan agter 'n klomp opeengestapelde hokke. Sy draf nader. Daar is 'n dassie, twee hase, 'n paar rotte en muise, 'n kat. Hier en daar 'n diertjie wat sy nie ken nie.

“If it's for entrance, then the best deal for your BioG's: definitely rats or mice. You'll need three. And that'll cost half the price of a bigger ani. Only those six left.”

Amper luister nie wat die smous sê nie. Haar oë vlieg oor die hokke.

Noag. Hy lê plat, sy ore oor sy oë.

“You stole my dog,” sê sy, maar sy kyk nie na die smous nie.

Sy loop na die hok. “Noag, Noag,” roep sy. Hy spring op, stamp sy rug teen die hok se dak, gaan lê dan weer en gee 'n paar kort blaffies.

Georgie kom buk by haar.

“Wees chitters,” sê hy. “As hy weet jy wil die hond hê, sal hy jou nai.”

“Maar hy't hom gesteel,” fluister sy.

“Dear girl, dear girl,” sê die smous wat nader gekom het.

“Ek's nie jou dear girl nie!” kap Amper.

“You're interested in the dog? For you. Only 300 BioG's. Bargain. He's a purebred.”

“You're bullshitting,” sê Georgie. “Purebred means fokol. She can get dusted for purebred.”

Die smous lag. “Which is why their letting twó enter with a purebred.”

“That's not why she's buying,” sê Georgie.

“That's why I'm selling. That's why all my cages will be empty when the sun shits tonight.”

Georgie beduie vir Amper en draai sy rug op die smous.

“Wat het jy?” vra hy.

“25 BioG's. 'n Paar ander goed. Hy's nie purebred nie!”

“Soos wat? Wat het jy?”

“Goed.”

“Op jou?”

Sy knik.

“Ek weet waar ons 40 BioG’s kan maak. Tjoppers. Plus jou ... valuables. Dalk.”

Hy begin deur die stalletjies vleg en Amper hou by sonder om terug te kyk. ’n Man braai uie en gemaalde insek in ’n pan en maak ’n soort platbrood op ’n ander plaat. Haar maag grom. Sy rem aan Georgie.

“Wat moet ons doen?” vra sy.

“Pielsuig,” sê hy.

Amper kyk weer na die kos maar haar honger is weg.

“Hey, moenie jou bek so trek nie. Waarmee koop julle? Dis die tweede sterkste karringsie in Close Enough.”

Amper dink aan Wakinyan se mansdeel in haar hand die aand voordat hy verdwyn het. Sy was lomp en het gegiggel en op die ou end het hy gesê hy sal dit self doen as sy braloos sal sit en hom in haar mond laat klaarmaak. Sy’t dit in ’n Shitesaver uitgespoeg.

“Loop,” sê sy.

Die straat waarmee hulle uit business central stap, lyk heelwat anders. Bont vlaggies hang voor die geboue se ingange.

“Dis die services straat. Hier’s die club,” sê Georgie.

’n Ent verder sit ’n man en vrou in ’n groot, wit bad en speel op ’n kitaar en fluit. Agter Georgie aan duik Amper onder repe pers plastiek deur.

“Hier’s trappe,” sê Georgie.

Amper mis byna die laaste een. Sy gooi haar kappie terug, laat sak haar bril tot onder haar ken en knip haar oë om die skemer gewoon te raak. Daar staan twee gaslampe met ’n rooi en blou glasomhulsel op ’n toonbank. Agter dié is ’n man met baie tattoos en piercings besig om glase uit te vee. Twee mans in pakke sit op hoë stoeltjies voor die toonbank. Dieper in kan ’n mens nie sien wat aangaan nie.

“Georgie!” sê die tattoo-ou.

“Jis, Bar,” sê Georgie. Hy gaan leun teen die toonbank.

“Kyk hoe nonshas!” lag Bar.

Amper staan nader. Die ander twee mans kyk ook nou vir hulle. Hulle lyk nie soos die mense op straat nie.

“Kyk hoe snasty lyk Bruno,” sê Bar vir Georgie. “Nuwe hair gel. Product of Closies. Die Meconites vrek uit daaroor.”

Amper kyk weer na die mans. Meconites? In Close Enough?

“Al weet ons dis een of ander boomgom wat baie meer vir humanity kan beteken,” sê die een, dalk Bruno, en lag.

“But only where Sci-ence and Na-ture meet,” sê die ander een. Hulle skater.

“So?” vra Bar. “Bring julle service?”

“As iemand vra. En willig is om die keG’s te skit.”

Amper maak haar mond toe. Aan die deur se kant van Georgie gaan leun sy ook teen die bar.

“Waar’s die dread-ful beau-ty vandaan?” vra die man naaste aan hulle.

“Hardekraal,” sê Georgie voordat sy kan antwoord. “Pas geland. Sy en haar boetie het uit die Chinese enklawe ontsnap.”

“Die Chinese enklawe?” sê Bar. “Ek dog dis heel nice daar? Ver verwyderd van die res van civilization, maar nice, het ek gehoor.”

Hy kyk na Amper.

“Dit...ís,” sê sy. “Maar ons het. Ek het. Ons ouers is dood. En toe word ons slawe van ... die man wat die sonplaas besit.” Amper laat sak haar oë.

“Sjo, Angel,” sê die man. “Net jou sob story maak ’n man pyl.” Hy draai sy onderlyf sodat hulle kan sien hoe die ligte lap van sy pak tentstaan.

“Bruno. Bounce. Moenie greedy en presumptuous raak nie. Julle is verleë oor my merchandise?” ’n Stoel word weggestoot. “Of waarvoor is julle hier?”

Almal kyk om. Amper ken die stem, maar sy wag vir die voetstappe om lig toe te kom.

Sias Kgatla se groot gestalte troon oor die res van hulle uit.

“Sias Kgatla.” Georgie se stem is sag en vol respek. Vrees?

“No, come now, Sias. You know us. Our priorities are straight. You obviously have first choice. We’re here for what we came for. Your merch. No doubt.”

Die ander een draai terug na Bar.

“You could have told us Sias arrived before we did.” Hy lag, maar sy stem is dreigend.

Bar lig net sy skouers. “Hy’s die boss,” sê hy.

Die Bruno of Bounce naaste aan hulle draai na Georgie.

“So, George, are you up for the two of us. Seeing that we’re being deprived...” Hy kyk kamtig bedroef na Amper.

“Sure,” sê Georgie. “Maar die deal verander. You pay me in” – hy praat sagter – “kief.”

“Ag, fuckit,” sê die ander een en staan reeds op. “We’ll roll you two.”

“Two stiff ones,” lag Bruno of Bounce.

Georgie en die twee Meconites verdwyn in ’n gang af. Amper staan.

“As hulle uitkom, tel die BioG’s en gee hulle kief,” sê Sias vir Bar.

“Kom,” sê hy vir Amper.

Die gang is donker. Bruno of Bounce praat agter ’n deur. Sias maak ’n deur oop. Daar kom natuurlike lig deur ’n venster. Hy gaan sit agter ’n deurmekaar lessenaar en wys na ’n leerbank met denimlaste. Amper kry ’n gatsakknoop tussen haar vingers beet.

“Wat de fok maak jy hier?”

“Noag. Die hond is gesteel.”

“Luister” – hy sit vorentoe in sy stoel – “Meconium vra die afgelope tyd al hoe meer vrae. My kopers is nie altyd diskreet nie. Jafta se seun se kief – niemand in die skierland of surrounds kan dit naboots nie. Maar die eintlike ding is die dooigoed. Groot dele van Meconium se oorspronklike saadbank is deur verskillende faktore opgefok. Nou kom baie daarvan uit Skandinawie. Meconium is nie happy met hulle collection nie en ek word die afgelope tyd fyn dopgehou. Jy én Jafta hier op hulle doorstep is kaksoek.”

“Ek verstaan nie,” sê Amper. “Niemand weet tog...”

“MaJo was glo vanoggend daar by julle.”

Amper frons. Hoe weet Sias dit?

“MaJo is so goed soos ’n Meconite. Hardekraal en Meconium se presiese deal is duister. En MaJo. Sy maak daai Meconite-wese soos haar eie groot.”

“Ek verstaan nie,” sê Amper.

“Wees net versigtig. Nee. Wees slim. Hou jou bek. Soek jou ... vriendjie maar moenie te hard soek nie. As hy in No One’s Ark is, draai om en loop weg en wag totdat ek julle ’n lift terug Kiefmor toe kan gee.”

Amper kyk af.

“Noag is...”

“Hy weet nie dalk iets nie?” val Sias haar in die rede. “Die Indiaan?”

Amper dink aan die pakkies dooigoed en die saadboek.

“Nee,” sê sy. “Nee,” herhaal sy met meer oortuiging.

“Ek hoop vir jou part so. Jou ouma was nanopex as dit by die dooigoed gekom het. As jy dit nou weggooi vir Hard-borne love...”

Sias begin in sy laaie krap. Sy woorde eggo in haar kop.

“Jy het mos ruilgoed gebring? Nié dooigoed nie,” sê hy.

“Ja.”

Op ’n flenter papier skryf hy ’n adres.

“Laat Georgie die goed verkoop. Moet jý nie die vrou in die oë kyk nie.”

Amper vat die adres. Sy verstaan al minder, maar haar mond is ’n miernes en sy weet nie wat om te vra nie.

“Wag nog ’n rukkie,” sê Sias.

Georgie is al in die straat wanneer sy uit die klub kom.

“Wat het hy jou gegee?” vra hy.

Sy laat haar kop sak.

“Niks.”

“Poester! Jy moet vóór die tyd negosjate. Like it or don’t like it – basic charge. Ek het good shit gekry. Met die een subsidise ek my skytgeld by die Kraalkombuis. Of ek loop ruil ’n nuwe game met sound by die techtoring. Die ander een rook ek totdat ek dink die stof is sneeu en ek skaats langs daai blonde Viking van No One’s Ark in Skandinawie.” Hy lag en wil hê sy moet uitvra.

“Sal jy my hientoe vat?” Sy gee die papier vir hom aan.

Hulle loop met ’n opdraand tussen gehugte op, oor ’n breë pad, deur die skwaller waarvan Georgie gepraat het.

“Dis diep gopse,” fluister Georgie wanneer hulle uiteindelik voor die adres staan.

Daar is swart lap voor die twee vensters en die mure is vol graffiti: ’n ietermagog met vlermuise en skriftekens rondom.

Georgie klop.

“Kom ons loop,” sê Amper na ’n ruk. “Die plek is geesterig.”

“Wag.” Amper kan sien Georgie is nuuskierig. “Sias Kgatla sal nie ’n adres gee as dit nie solied is nie.”

Hy klop hard en lank.

'n Vrou maak oop. Daar's so 'n vrou in Kieffmor se tentedorp. 'n Sigeuner. Lang, oranjebont romp. Klomp krale om haar nek en arms. Sy begin lag toe sy vir Amper sien.

“Sorry,” sê sy. Sy wys na Amper se duikbril en sonkappie. “Dis cute. Old school.”

“Sias Kgatla is ons contact,” sê Georgie. “Ons het goed.” Hy klink senurig.

“Kom in.”

Die vrou bind een van die swart lappe op vir lig. 'n Sponsbank voor 'n vuurherd en 'n stel trappe in die middel van die vloer – die groot vertrek is verder leeg.

“Nou wys,” sê sy.

Amper buk, lig haar dungaree se pyp op en wikkel die drie paar aanmeakaargebinde handskoene los.

“Dis hempstof,” sê sy. “Lig maar kiembestand geweef.”

Sy keer haar rug op hulle. Twee koekies seep is toegedraai in haar bra. Nog een in 'n broeksak saam met die Fluksmaag. Sy voel vier botteltjies, maar haal drie uit. Een vir ou Jafta.

“Ek hou van jou styl,” sê die vrou wanneer Amper omdraai. Vir 'n oomblik kyk sy na die glimlaggende oë en die groot, wye mond. Weer af na die goed in haar hande.

“Hoeveel?” vra Georgie.

“Is hierdie laxatives? Ek soek alles wat jy het.”

Amper haal die vierde bottel uit.

“Hoeveel?” vra Georgie.

“Ek soek die res van jou merch.”

“Dis als.”

“Ek sien jou met 'n blow gun en darts. Jy oefen. Jy skiet raak,” sê die vrou.

Georgie kyk grootoog na Amper en staan 'n tree weg. Hoe kan die vrou hierdie dinge weet?

“Goggas skiet jy met 'n skoon dart. Maar soms is dit nodig om die dart potent te maak. Ek soek die potent stuff.”

Is dit die moeite werd? wonder Amper. Wat as sy vir Wakinyan moet bevry en sy kry dit nodig? Sy sien haar ouma op die bankie onder die koorsboom. Noag se kop op haar skoot. Agter haar dungaree se bo-pant haal sy die buisie gif uit 'n wegsteeksak.

“Hoeveel?” Amper vra hierdie keer self. Haar stem is beslis.

“Ek betaal nooit wat iets werd is nie. Ek betaal wat julle nodig het. Hoeveel is dit?”

Georgie kyk na Amper.

“300 BioG's,” sê sy vinnig.

“Sit my foi ook by, anders is sy empty,” sê Georgie vir die vrou. “Maak dit 340 G's.”

“Vir jou ander merch – ek sal betaal wat dit werd is,” sê die vrou by die deur.

Buite draai voëls in die lug. Krrr-krrr-krrr. Eggo’s van Sias wat lag. Sias die Barlord, nie meer Sias die smous nie. Hy lag oor sy verby dom en half doof is – sy moes geluister het. ’n Voël swiep naby haar kop verby. Sy gil maar versmoor dit met ’n hand.

“Dis net seemeue,” sê Georgie. Hy kyk haar skeef aan. “Oorgenoeg van hulle as jy dalk op moving targets moet oefen.”

Sy ignoreer dit en stop 40 BioG’s in sy hand. ’n Paar munte val op die grond.

“Ek sou jou nie laat betaal het nie, al is ek ’n offiesel tour bicultus. Maar daar was ’n opportoentie.”

Sy dink nie sy glo hom nie en hulle stap in stilte terug business central toe. Wat jy te veel van mense verwag, staan jy altyd met die dorings in jou vingers. Wat jy te veel van jouself verwag, sit die dorings in jou grysgoed vas. Haar ouma het gesê verwagting is soos ’n ghaapbos – daar kan sappigheid in die stam wees, maar jy beter versigtig met hom werk totdat jy weet of die sap vir jou bedoel is.

Puisiegesig tel die BioG’s twee maal voordat hy die hok oopsluit. Amper tel vir Noag op en druk hom vas.

“Hallo, hond,” fluister sy.

Sy ruik gebraaide vleis en soek die stalletjie. ’n Stukkie vleis aan ’n klein been kos 20 BioG’s.

“Koop jy vir die hond?” fluister Georgie.

Sy antwoord nie.

“As jy vir die hond koop, moet dit net nie hier vir hom gee nie. Die mense sal jou stoffeer.”

Amper sit vir Noag neer en wil die vleis laat val, maar Georgie is te vinnig vir haar. Hy gryp dit en druk dit in sy broeksak.

“Dom tref!” fluister hy. “Jy kry dit weer in Hardekraal.”

Sy dra Noag die hele pad.

“Ek kan help. Met die hond,” sê Georgie wanneer hulle na aan Meconium is en die draai na Hardekraal vat. Hy klink nie meer kwaai nie.

“Nee. Dankie. Ek het niks meer om jou te betaal nie.”

“Ouch,” sê hy. “Ek kan sien hoe jy vir ’n slagaar mik.”

In die binnehof met die buitedeur gee Amper vir Noag die gedagte aan vleis. Voordat hy die been begin kou, vat sy dit. Saam met haar pilhouer se Gebraaide uie-vierkant bring sy dit na haar neus. Sy suig 'n leksel murg uit en gee dit terug.

“Droom dis meer,” sê sy en vryf sy maag totdat hy plat lê en sy regtervoerpoot in die lug begin skop.

“Daar’s ’n kelder,” sê Mev. Jafta. Sy hou aan die deurhandvatsel vas. Amper is by Noag in die binnehof. Die hotel is aan’t skemer word agter die ou vrou en die reuk van asyn kom uit die kombuis – hulle sê dis wildemispel. Dit laat Amper na haar ouma verlang. Sy soek na haar wysvinger se nael, maar dis op. Mens kan hoor die straat is beweegrig. Mev. Jafta wag. Amper het gesê sy gaan nie na die Open Day Screening nie – netnou word Noag gesteel. Jafta het gedreig en gesê sy verbreek die ooreenkoms: sý is die oppasser – sy móét haar vat. Hulle wys ’n film oor die Hardskip – dié storie kan sy nie mis nie, het Jafta gesê.

“Nosipho sal ’n ou gordyn gee én daar’s ’n ketting en slot aan die luik. Nosipho sê die vertoning is verniet.”

Amper staan op. Sy’t nie vir Jafta gesê dat sy vyf Biogrands en baie min ruilgoed oor het nie.

“Kom, Noag,” sê sy. ’n Hele aand oorleef sy nie hier nie.

Sy’t ’n dread in haar mond en kyk na die skilfers in Mev. Jafta se grys hare. Daar’s ’n klomp mense wat by die voordeur in en uit en sy wag hulle beurt af.

“Hallo, Amper.”

Dis Jo. Dit lyk of sy reeds vir Jafta gegroet het.

“Noag is in die kelder. Dis donker. Maar daar’s ’n slot.” Dis so vinnig uit dat sy nie seker is wat sy gesê het nie. “Hallo, Jo,” plak sy aan voordat Jafta haar kan reghelp.

“Ek’s bly jy’t hom gekry, Amper. Ek het ’n ekstra sonlampie vir die kelder. Sal dit help?”

Amper knik.

“Blêrrie hond,” sê Jafta.

Amper stoot Mev. Jafta in ’n stroom van mense wat na die Velodroom anderkant Close Enough loop. Die son is onder en die sonbrille is af, maar die moeseliënbande wat sommige Hardekralers oor hulle

neuse en oë dra met stofweer, hang om hulle nekke – die gluur skuif voorspelbaar aan; met die stof weet ’n mens nooit nie.

“Dis die enigste dag van die jaar wat ons hierdie pad vat,” sê Nosipho wat langs Amper loop. “Ander tye is dit te gevaarlik onder hierdie brug.”

“T’ag, waar is dit nie gevaarlik nie,” sê Mev. Jafta.

Amper kry binnelag. Mev. Jafta was so suutjiespoep toe hulle hier aankom, maar nou word Nosipho nie meer die antwoord-op-alles gespaar nie.

Hulle loop met ’n pad wat regdeur Close Enough gaan. Aan albei kante sien en ruik mens die skwaller. Amper trek diep in vir ’n spoor van die vanielje-vaseline onder haar neus, maar dis ’n mengsel van verrottende vleis en spuitskyt wat haar kleintongetjie tref. Sy sluk en probeer om Wakinyan se parfuum te onthou voor die suur by haar keel opstoot. Sy ruik dit: ondergrondse water en ’n leerhoed. Die Hardekralers lag en gesels en baie van die mense uit Close Enough wat by die stroom aansluit, dra kostuums en maskers. Kinders slaan mekaar met kussings. Die koor wat die aand open, loop ’n ent verder en warm op. Amper is verlig sy het gekom.

In die velodroom sit mense groot stukke van die sementtrappe toe. Hulle kry plek aan die kant van ’n boonste ry waar Mev. Jafta se stoel nie in die pad is nie. Waar jy ook al sit, sien jy die skren goed – dit lyk vir Amper so groot soos die Community Centre op Kiefmor se hele vloer. Dit wys ’n foto van die aarde wat uit die ruimte geneem is. Die koor gaan staan voor die skren en sing. In die wit katoenklere lyk hulle soos wouwees engele. Amper sit ’n kneukel in haar mond. Die mense klap en klap.

“Dis van asprisgeit,” sê Nosipho. “Om te wys die film sal begin wanneer óns so voel.”

Wanneer die geklap ophou, is dit nie die film wat begin nie. ’n Man gaan staan voor die skren. Hy dra ’n swart pak en ’n masker en hy’s klein van waar Amper-hulle sit, maar sy stem is groot.

“Hardekralers! Enoughers! Before we start the annual screening of *The Hardship*, we have a wonderful surprise. On Sunday you can take your very same seats to watch an even more exciting event on our calender: Specimen of the Year!”

Mense klap en gil. Amper sit regop. Sias het dit genoem toe hy en Jafta oor Wakinyan gepraat het.

“Selfs ’n donnerse seremoniemeester,” sê Mev. Jafta.

“And to stir the excitement and help you choose who to bet on, we arranged – yes, wait for it – we arranged for the contestants to come and show off their physique!”

Die mense juig.

“Not that that’s important on Sunday. Sunday’s all about brains, strength and skill. But tonight, for

your enjoyment, welcome the ten contestants in the special Celebrate 20 Specimen of the Year contest.”

By ’n sy-ingang kom tien mense ingedraf. Hulle gaan staan voor die skren en die agtergrond verander. *Celebrate 20 Specimen of the Year 2081*, staan daar in ’n vreemde skrif.

“Ladies and gentleman,” begin die man weer. “This contest is not about crowning a specific gene pool or race as superior. We’ve had winners from Meconium, from Hardekraal, from Close Enough, from the Chinese city. It’s about celebrating diversity and the diverse gene pool that survived the Hardship. This year our finalists showcase this diversity. First in line...”

Amper skreef haar oë om beter te kan sien – haar maag skuif nader aan haar longe – maar die mense is klein en hulle dra kostuums en kopversierings.

“Giovanni, the Italian from No One’s Ark. Winner of the title in 2078 and 2079. It’s the last year he’s allowed to compete. Is there a last spark we can bet on?”

Die mense gaan mal wanneer ’n kaalbolyf man met ’n mantel vorentoe loop en dan ’n entjie draf en vir die mense waai.

“Our second contestant is Anita from Hardekraal.”

Die man hoef niks verder te sê nie. Die mense is op hulle voete, hande in die lug, gillend. ’n Blonde meisie kom vorentoe en gooi haar vuiste in die lug. Sy dra ’n afwit jurk met rooi detail.

“Now, the sensation of last year when he won the title in his first year of competing. Our third contestant: Wakinyan, the Red Indian from No One’s Ark.”

Amper se ore slaan toe.

“Dis hy!” Het sy dit hardop gesê?

Die dik swart hare. Die skouers. Sy sou hom vroeër herken het as dit nie vir die ding op sy kop was nie. Sy’t hom gekry.

“Hou jou kop,” sê Mev. Jafta en knyp haar skouer.

Amper ruk weg. Sy sien nie die res van die deelnemers raak nie.

Amper staan voor die spieëlkas teen die winkel se wesmuur. Sy’t wakker geraak en Wakinyan was nie in haar ouma se bed nie. Die winkel se vuilgeit het onder haar tong kom sit en sy’t vir die eerste keer sedert haar ouma se dood begin afstof en afkrap. Die stof is ’n dik vel op alles. ’n Growwe pêts op die spieël wil nie skoon nie. Haar groen oë beweeg op en af agter die ingeëtste sandkorrels. Sy kom tot stilstand. *Amper tjie Stampertjie met die neus van ’n mol. Amperlekamper wie se verneuklonge saam met die grootstof hol. Dís wat sy nog altyd gesien het: die neus wat net te ver na haar mond oorhel, en*

rooi Kennis-ensiklopedie-longe wat haar tepels insluk. Maar daar is breë wange, ’n puntige ken. Die klokkies by die voordeur lui en Wakinyan kom in. Sy begin weer skrop: hy kon gesê het hy gaan uit. Hy sit sy hande op haar heupe. Die reuk van toiboomblare aan sy vingers. Hy was net Meshitium toe. Hy skuif haar dreads oor haar skouer sodat dit teen die spieël skuur. Sy mond in haar nek. Sy baardlose wang. Daar’s ’n gevoelente tussen haar bene. Haar neus en longe krimp. Sy hande skuif op na haar dungaree se bopant. Sy draai haar rug op die spieël.

“May I stay?” vra hy.

“You áre staying, aren’t you,” sê sy.

“But may I stay until the shite dries up and the dust settles?”

“Please stay.”

Hy soen haar en sy tong maak haar mond en haar brein vol.

“Hou jou kop,” sê Mev. Jafta en skiet ’n elmboog in haar ribbes.

Amper skuif ’n ent verder van die ou vrou. Sy’s die tipe wat mooi herinneringe uit jou kop sal steel.

Die film begin met foto’s van voortye. Watervalle so ver die oog kan sien. ’n Majestueuse voël in ’n doringboom. ’n Trop bokke wat hardloop en spring – lyk byna soos vlieg voordat hulle weer afkom. Wit bere swem en die ma help die kleintjie op die ys. Blou lug met lang witlyfvoëls, hulle vlerke tonge, behalwe vir die swart soom.

“Kyk die monsters!” gil ’n dogter net voor Amper wanneer vier olifante in kniediep water, modderig maar met baie plante op die oppervlak, oor die skren loop.

Onheilspellende musiek. Die skren word swart. *The short-sighted civilization*, vlieg dit in hoofletters op die skren. ’n Vriendelike mansstem lees dit oor die luidsprekers. Vir die stofoë, die gluuroë en die onlesers.

This is not a history lesson, dear viewer. The lesson is still alive. This is a story of survival. How you and I survived this.

Die kamera fokus op stillewes van fabrieke, rye karre, rye huise, mielielande tot anderkant die horistof. *The monotony.*

Daar is foto’s van woestyne, massagolwe, storms, vloede.

The unpredictability.

Dit begin met ’n renoster. Dan is daar nege blokke met diere en plante op die skren. Dit word meer en meer totdat die blokkies soos spikkels lyk.

The extinction.

Die skren begin sneeu. Dit klink of iets ontplof. Dis swart en stil.

The Hardship.

Die letters is wit en sonder ronding of krul.

This is óúr story.

Dramatiese musiek.

Mevrou Jafta skud soos sy lag. Amper kyk rond of iemand anders oplet. Hier en daar staan 'n MecSec.

“Hou op!” fluister sy vir die vrou.

Mev. Jafta sit haar hand oor haar mond, maar hou aan skud.

Amper probeer op die film fokus. Die stem praat nou Xhosa. Haar ouma wou hê sy moes dit leer, maar kon dit self nie goed praat nie. Die foto's is van landerye en boorde wat geil staan. Daar is mense in winkels met rakke en rakke. Amper se mond val oop. Hulle volg 'n man wat 'n groot boks op wiele stoot en inlaai asof hy die hele Hardekraal wil voer. Daar is voëls sonder vlerke en eiers wat in tonnels beweeg. Daar is beeste wat maal in 'n klein kamp en hulle geskreeu is hoorbaar agter die man se stem. Die klem verskuif. Nou is daar foto's van robotte en holografiese diere wat langs kinders speel. Voertuie wat hulleself bestuur. Dokters wat operasies doen met behulp van fyn robotarms.

Die stem skakel na Afrikaans oor.

Dit was nodig om drasties op te tree. As dit van die gemiddelde mens afgehang het, sou ons die planeet leeg gesuig het. Daarom was dit nodig vir 'n organisasie soos Meconium om die visier te rig op multinasionale korporasies soos SeedSci. Wat ons moes doen, was nie maklik nie. Die voedselsekerheid van die hele mensdom is hierdeur bedreig – ons eie lede en leiers het geweet hulle mag dalk honger ly gedurende die maer jare.

Daar is foto's van dooie plante, rye en rye daarvan. Benerige mense staan in lang rye, wange hol.

Tog het ons deurgedruk en ons het geseëvier. Ons het die voedselmonopolie van SeedSci in flarde geruk.

Amper frons. Sy kyk om haar rond. Hiërdie mense het nie geseëvier nie. Min van die ouer mense kyk na die skren. Hulle het gekom vir die koor en die partytjie na die tyd. Hulle het gekom omdat die velodroom soos iets uit 'n ander tyd voel. Hulle het gekom om te ontsnap. Sý wil ontsnap. As sy vir Wakinyan kry, kan hulle saam planne maak. Dalk kan die saad 'n slag vir háár iets beteken.

Na die film word Staple met karob- en dadelous en fyn voëlvleis deur Meconium bedien. Die rye is lank en elke paar meter staan 'n MecSec.

“Is dit wragtig Shitesavers waarin hulle die kos opskep?” vra Mev. Jafta.

“Mens kan jou eie bak bring, maar dis nuwe Shitesavers wat die mense verniet kry en weer kan volmaak, so niemand gee om nie,” sê Nosipho.

Jafta snork.

“En die voëlvleis?”

“Seemeeue. Kraaie.” Nosipho lig haar skouers om te wys dit is soos dit is.

Amper stoot Jafta verby stalletjies waar maskers en ou speelgoed gesmous word. Vyf toyskrens lê op 'n tafel waaragter 'n jong man met ringe deur sy neus, ore en lippe sit. Kinders drom 'n entjie daarvandaan saam en kyk en kibbel.

“How much?” hoor Amper 'n meisie vra.

“That one? 999 BioG's. Without extras.”

Amper trek haar asem in.

“Hoe sou Georgie dit kon koop?” vra sy, eintlik vir haarself.

“Hoe dink jy het hy sy oog verloor?” sê Mev. Jafta met afkeer. “Gesmous by die kliniek.”

“Nee,” sê Amper.

“Jy moenie naïef wees nie, kind.”

Dis laat wanneer hulle by die hotel kom en dit vat lank om Mevrouw Jafta in haar nagrok te kry. Amper klim op die boonste bed en dink sy gaan dadelik aan die slaap raak, maar die opwinding knoop onder haar longe. Wakinyan... Hy voel nie meer ver nie en môre sien sy hom. Sou Georgie contacts hê om haar te help om hom uit te kry? Dalk tydens die Specimen of the Year-ding? En wat is sy bereid om daarvoor prys te gee? Die gedagte laat haar na die blaai en skryfgoed in haar sak voel. In die pilhouer kies sy die boonste ry se tweede “S”: haar ouma se eie aftreksel van 'n lemmetjiegeurmalva wat hulle die vorige jaar in die berg gekry het. *Gethyllis afra – Koekemakranka*, skryf sy. Haar tong kom nie los nie. Noag. Sy klim versigtig af en sluip uit. Onder 'n blikbeker in die kombuis kas kry sy die sleutel vir die kelder. Die sonlampie is flou en Noag se swaaistert maak skaduwees teen die muur. Sy gaan lê op die gordyn om te skryf. Noag lek haar deur die gesig.

“Nee, hond,” sê sy en kreukel haar gesig agter sy oor.

Sy gaan op haar hurke met haar voete ver van mekaar af geplant.

“Wil jy 'n storie hoor?” vra sy.

Sy wieg haar gewig tussen die twee voete en begin dan met haar lyf vertel.

“Drie jong gooie boer. Hulle goël as hulle boer.”

Sy bly stil. ’n Gat val in die storie.

“Die jongste gooi se hart sit vas aan ’n mensekind,” gryp sy ’n draad.

“Etter, hond. Waar is dit?” Sy haal die pilhouer uit en trek weer die soet reuk in. Haar lyf maak goëlbewegings en sy pomp haar vuiste.

“Die gooi roep na die stofduiwels se spirale,” – sy’t weer ’n stuk verloor, maar sy gaan aan – “die sespuntsterre van ’n verskiete melkweg, die borste van mensmoeders en die saadskierter van haar mensekind. Diep in haar ertse gaan soek sy na woorde vir die waarmaak: ‘Ke-oe-ke-e-makranka!’ skeur dit deur die droë stuk grond. En in die skeur verskyn kronkelblare. Dit word harig en ’n sesblaarblom kom uit. Dit verwelk en die soet reuk van ’n saadpypie tref die gooie.”

Amper gaan lê op haar sy met haar hand op Noag. Sy’t twee saadstories op papier en die res gaan verdwyn oor die ghaapdorings in haar grysgoed. Sy sit ’n dread in haar mond en skuif nader aan Noag.

Hoofstuk 3

Amper breek skerp.

“Foknaar,” swets Mev. Jafta en piets die vrou wat voor haar verby druk.

’n Mens sou kon lag as dit nie so ’n gesukkel was nie. Die ingang waar Amper en Georgie gister verby is Close Enough toe, is vandag gesluit. Bollings mense van Hardekraal en Close Enough word een stroom op pad na Ingang 2, Tafelberg se kant van Meconium.

“Bly by my,” skree ’n man vir vier kinders wat met ’n tou aan mekaar en dan aan hom vasgemaak is.

“Of een van julle dra die rotte.” In sy een hand het hy vier dooie rotte aan hulle sterte beet, ’n ou stuk lap daarom vasgemaak.

“Jy weet hulle moet lêwe, Jabu,” sê die ou langs hom.

“Probeer jy vier kinders én vier rotte lewendig by Opedag kry,” sê die Jabu.

“Gister sou mens sweer Hardekraal ken nie van fauna nie,” sê Mev. Jafta. “Nou is dit ’n gepiep uit elke vyfde hemsak.”

Amper antwoord nie. Die onrus maak dat sy alles ruik: Jafta se kopvel, die vrou voor hulle se onderarms, haar eie voete in die swart tekkies.

By Ingang 2 word die massa in drie rye forseer. Hulle staan agter ’n pa en seun in afwit klere. Die seun is besig met iets teen sy bors wat beweeg en fyn geluide maak.

“Dalk wil ek hom eerder hou,” sê die seuntjie.

“Nee,” sê sy pa. “Ek het jou van die begin af gesê. Ons het nie die BioG’s daarvoor nie.”

Die man beduie later see se kant toe. “En daar was ’n dam op stelte...” In ’n slingersak op die seun se bors slaap ’n kat.

“Ekskuus tog,” vra Amper. “Hoekom het so baie mense hulle troeteldiere gebring?”

Die man grinnik.

“Dis ’n woord wat moer toe is,” sê hy. “Troeteldiere. Nee, dis vir toegang.”

“Dis dan ’n Opedag,” sê Mev. Jafta, dadelik op die aanval.

“Dit is. Maar vir die middelste deel van No One’s Ark moet jy kos bring vir die karnivore.”

Die advertensie in BioG-H: dit het gepraat van moving meat.

“Wat is in die tweede deel?” vra Amper.

“Alles wat kinders wil sien. Die leeus...”

“Die olifant!” roep die seuntjie.

Amper begin naar voel. Die son bak deur haar sonkappie. Voëlblerts. Oorwas. Sout. Die man haal sy hand uit sy broeksak en vryf wit korrels teen sy broek af. Sout teen haar kleintongetjie. Hy sien sy kyk. “Na ’n paar skofte by Ontouting is dit hoe dit gaan.” Hy wys na ’n lang arm wat wes van Meconium see toe strek.

Jafta begin met hom gesels maar Amper hurk en sit haar kop tussen haar bene.

“Turn the bags out,” sê ’n MecSec by die hek en wys na haar dungareesakke. Dis net die botteltjie water in die sak op haar heup en hy laat hulle deur.

“Animal Intake to the left,” skree ’n ander MecSec wat aan die einde van die deurloop tussen twee geboue staan. ’n Ry by ’n toonbank. Die seun met die kat heel agter – hy versmoor die ding soos hy klou. Amper draai die rolstoel weg.

“Ma-a-ax!” roep ’n wag vanuit ’n uitkykpunt bo Ingang 2. “Maximum reached!” Die hekke word toegemaak.

“Wag,” sê Mev. Jafta. “Loop só om.”

Al met die piepende ry langs. Agter die toonbank sit ’n meisie ’n rot in ’n mandjie, ’n MecSec gee vir die kind ’n chap. Anderkant ’n drie-meter-hoë versperring steek stukke van Meconium uit. Elke paar meter staan daar ’n MecSec met ’n laserstok – bevele kom deur die horlosiegoed om hulle polse.

“Nanopex,” sê Mev. Jafta en wys na die versperring. “Dis waarmee Meconium voor die Hardskip geld gemaak het en dis hoekom hulle nou nog soveel mag het.”

Amper stoot Mev. Jafta al met die tydelike muur langs. Sy stop by ’n stalletjie waar wilde amandels in ’n groot pan op twee gasvlamme gerooster word.

“Sorry, you’re too old,” lag die vrou agter die pan. Op ’n skren teen die muur staan *GoNuts for Ages 2-4*.

“Sewentien!” skree ’n kind by die stalletjie langsaan.

“Jy wen ’n Div-pop!” roep die man agter die toonbank.

“Jippie!” skree die kind.

“Kan hy weer probeer?” vra die kind se ma.

“Nee, net een kans,” sê die bemanner. *Win Div, your toypal, or 3 immunisations for the next gastro season*, sê die skren teen die muur.

Amper loop vinniger. Sy’t gedog sy’t die gastro season met sy lotery en immuniserings in Kiefmor gelos. Bo hulle begin musiek speel. Op die Atrem-ding se spoor wat soos ’n slang bo hulle koppe sweef staan vier mense. Die twee meisies wat sing dra afwit maar dis nie gewone Hardekraal-jurke nie – die

rokke is vir hulle lywe gesny en hou bo die knieë op. Sonsambrele rus op hulle skouers. Die mense op die grond klap hande en jil.

Voor die groot sentrum gaan staan Amper stil. “No One’s Ark”. Daaronder op die skren volg die motto: “Diversity belongs to all.”

“Watse stront,” brom Mev. Jafta. “Dis net twee dae van die jaar die buitelikes s’n.”

Amper dink aan Wakinyan. Die diversiteit wat aan almal behoort. Sy skud haar kop en laat sak die duikbril voordat hulle by die gebou instap.

Animals Always, flits dit op ’n groot skren. Opgestopte diere staan in die voorportaal. Die olifant en renoster staan bo die mense uit en drie ander word deur kinders toegestaan. Die plafon is hoog en laat voel die plek groot; die mure wat van buite gewoon wit gelyk het, is vensters wat baie lig deurlaat.

“Gaan regs,” sê Mev. Jafta.

Amper wou eers die kaart bekyk wat op die *Animals Always*-skren verskyn het, maar die gemaal laat ’n mens nie toe om stil te staan nie. By die pyl na regs staan daar: *Insects*, *Reptiles*, *Hoofstock*, *Farm Animals*. Dit traak haar nie. Sy wil weet waar die mense gehou word. ’n Breë gang maak ’n kurwe rondom die ovaalvormige kern van die gebou wat Amper op die kaart kon uitmaak. Op regterkant verskyn die eerste ingang. Mev. Jafta lig haar hand en wys dat sy wil ingaan. Die ingang is ’n vertrek met glaskaste reg rondom teen die mure en teen die dak. Dit is vol skoelappers. Hulle druk deur en kom in ’n groot saal waarin insekte en ander klein diertjies in opgestapelde glaskaste gehuisves word. Die besoekers is heelwat minder. Mev. Jafta tik aan ’n glaskas. Amper kyk rond.

“Dis nie glas nie, dis nanopex,” sê Jafta.

Hulle stap in die gangetjie af en die ouer vrou lees die name hardop. *Great Karoo antlion*. *Stink bug*. *Southern green shieldbug*. Haar stem verander, begin futloos klink, en Amper stap vinniger.

“Striped tok...,” sê sy en dit klink of sy verstik en sy begin eers weer ’n paar glaskaste later die name lees.

Mev. Jafta is nie lus vir die reptiele nie en Amper is bly – sy wil so gou as moontlik deur hierdie deel loop. Hulle gaan by die hoefdiere in, loop verby die plaasdiere wat ’n mens uit die gang kan sien en haak dan vas in die akwarium.

“Ek wil nog kyk,” sê Jafta, maar Amper luister nie na haar nie – sy stoot.

Die ou vrou se oë was lank toe. Sy't na die walvisgeluide wat van iewers kom, geluister. Amper wil by die ingang na die middelste gedeelte van die sentrum uitkom. Hulle het om 'n groot deel van die ovaal beweeg, maar nêrens was daar nuwe borde oor wat waar is nie, net 'n baie lang ry mense wat saam met die kurwe gedraai en tot by die plaasdiere gestaan het.

“Taxidermy. Seed bank,” lees Mev. Jafta op 'n bord wat Amper nie raakgesien het nie.

Dis aan die agterkant van trappe wat na 'n tweede vloer van die akwarium gaan en daar is 'n pyl wat na onder wys.

“Ondergronds. Voorspelbaar,” sê die ou vrou, die bekende toon terug in haar stem.

Die ingang na die ovaal kern is drie meter breed en drie MecSecs staan breë been om die mense sonder chaps te keer.

Petting Zoo

Big Carnivores

Primates

Elephants

Cloned Rhino

Human Genome Project

Vullis onder 'n man wat kaalvoet staan se toonnaels. Etter onder 'n vuil moeseliënverband – die meisie se oë is geel en sy ruik dít ook. Bloed. Voer hulle die karnivore met die oggend se toegangsfooi?

“Ons kan nog sountoe,” sê Mev. Jafta en wys na die borde waarop *Birds* en *Not too big, not too small* staan.

Amper stoot. Die ou vrou praat nog harder as sy die name lees en wys na elke dier en vra “Het jy geweet...?” met iets by, maar Amper sê net elke keer, “Nee,” sonder om te hoor wat sy vra.

“Aardwolf. *Proteles cristata*.” Mev. Jafta se stem wieg. 'n Snik vibreer tot in die rolstoel se handvatsels.

Amper skrik en kom terug van die Human Genome Project. Sy wil verder stoot, maar Mev. Jafta steek 'n benerige hand na agter en gryp twee van Amper se vingers vas. “Het jy geweet,” vra sy, “dat my broertjie 'n aardwolfwelpie hans grootgemaak het?”

“Nee,” sê Amper.

“Niemand kon dit glo nie,” sê sy en los Amper se vingers.

Amper wil iets sê, maar Mev. Jafta lees die volgende dier se naamplaatjie en Amper stoot haar verder.

Die middagson is al oor sy ergste wanneer Amper en Mev. Jafta by die Hardekraal Hotel aankom. Amper gaan af kelder toe. Noag blaf. Sy gaan op haar knieë, maar hou hom 'n armlengte weg. “Dit sal nie nodig wees nie,” sê sy vir hom. “Ons sal 'n plan maak. Ek gaan nou 'n plan maak.”

Met Noag se leiband aan haar belt vasgemaak, gaan soek hulle vir Georgie.

“Agter die BioG,” sê die man by die Spazawinkel, maar hy's nie daar nie.

Hulle loop in die rigting van sy blyplek. Waar die Hardekralers se Permaplots begin, kom Nosipho met 'n sak vol groengoed aangestap.

“Mooi dag,” sê sy.

Amper knik.

“Hoe was Opedag?”

“Interessant,” sê Amper. “Weet jy waar Georgie-hulle se karavaan is?” Sy kan nie onthou in watter steeg om op te draai nie.

“Probeer Steeg 2,” sê Nosipho en wys waar Amper moet in.

“Dankie.”

Georgie en sy ma sit voor die karavaan. Hulle lyk gekief.

“Hey! What can I do for you?” Georgie klink ingenome met homself. Geen teken dat hy onthou dat sy nie gister lekker was vir hom nie.

“Ek het rotte of muise of iets nodig. Om môre by No One's Ark se middelste deel in te kom.”

Hy lag.

“Hoekom dink jy kon daai moesiesmous almal gister ontskyt?” vra hy. “Want pappas, mammas en young laffers het die afgelope maand al die rotte en muise in Hardekraal, Close Enough en seker nog vyf kilometer reg rondom gevang. Sý merch het van die nedersets af gekom.”

“Sal jy my help? Jy moet my help. Ek sal betaal.” Wat is sy bereid om te betaal? Sy't 35 BioG's die afgelope twee dae gemaak en nog nie vir Nosipho vir haar etes betaal nie.

Hy skud sy kop. Sy ma skud haar kop.

“Dis hopeless, meisie.” Hy lig sy skouers. “Maar kom ons kyk. Ek en my chitters kry dalk iets reg.”

“Dankie.”

“Gaan jy na Wys Amos toe. Van al die bidders. Hy't al 'n dikveller gesond gemaak. Nie vir my nie,” voeg hy vinnig by, “my derde oog het my genees.” Sy ma knik. “As jy sê ek is jou contact, vra hy net een teelepel purgasie – vyf BioG's by Spaza.”

“Is sy mooi?” hoor Amper Georgie se ma vra toe hulle omdraai om te loop.

“Sy’s ’n takhaar, Ma. Sy’s mooi maar nie soos die Viking in...”

“Kom, Noag,” trek sy aan die hond om vinniger te loop.

“Moenie die hond opoffer nie.”

Mev. Jafta het 2 liter water in die wasbak gegooi en haarself afgespons. Sy sit op die badrand en Amper droog tussen die dooie been se tone af en sê niks.

“Die hond is ’n luukse maar jy weet wat jy aan hom het.”

Amper fokus op die hemsokkies wat sy oor die knobbelrige voete moet trek.

“Daar’s ’n bietjie water oor,” sê Mev. Jafta en gryp die deur vas om by haar rolstoel in die gang te kom.

In die kelder gaan lê Amper op haar maag op die ou gordyn. Sy ruik aan die melkkos met kaneelvaseline in die pilhouer. Sy ruik die bloed van die toegangsprooi. Sy ruik ondergrondse water en ’n leerhoed. *Sceletium tortuosum* – Kougloed, kanna, skryf sy. *Die gooie raak verveeld. Sê die een gooi vir ’n ander een: “Wie sê hy kan groter snotbolle as ek rol?”*

Sy lees daaroor en skrik. Dis die verkeerde storie. Op haar hurke begin sy wieg en roep haar ouma se ritueel op.

“Die plant-van-geraamtes se blom lyk soos die skelet van ’n uitgebrande sonster en die ou blare se aar-draaisels lyk soos gebeendere wat lank met die Namakwa-son gespook het.” Sy luister na haarself en dit klink reg. Sy kom regop sodat haar lyf kan oorvat. “Toe Mikoog weer by die plek op die Droëkom kom waar hy die groot springbokbul se spermsak geplant het, het daar agt tonge uit die grond gewaaier.” Amper sak vooroor neer. Sy’s die stories aan’t verloor. Noag lek haar oor. Sy tong ruik soos gemufte kussingopstopgoed.

Skyt**Leipoldtville, 2065**

Engela van Wyk kyk na Barend se geliefde trans-bakkie: voor is sy twee donkies ingespan – vaal van die stof en koppe laag van die dors – en agter is die sitplekke en stert van sy oupa se Jipsuzu – goed vier keer oorgebou voordat Barend hom beetgekry het. Sy draai om en stap na die put. ’n Mens kan hoor hoe die nuus versprei – eers deur die huisies, dan die karavane, dan die omgeboude bakkiehuise.

“Ek sal, oudste,” sê ’n jong seun wanneer sy die vol emmer optel.

“Nee, kind,” antwoord sy.

Sy wil haar gesig wegdraai, maar keer haarself. Laat die kind die trane sien. In sulke tye moet ’n mens nie skaam wees vir of vergeet van eie smart nie – sy ken van daai klas nalatigheid en hoe dit jou inhaal.

“Drink ounooi se gehoefdes,” sê sy en vryf oor Kollig se maanhare.

“Moet ons hulle nie uitspan nie, oudste? Ek het bekwaam weiplek gesien,” sê die jongetjie wat langs die drywer gesit het.

“Laat ek hulle net eers afborsel,” sê sy, al weet sy die kind is reg.

Sy kry die borsel onder die drywer se sitplek. Haar gesig trek skeef teen die kussing wat Sonjie – seën haar onhandige hande – vir Barend gemaak het. Sonjie... Die kind gaan ver val as die nuus Kiefmor haal. En Jemima? Sal sy dit saam met die ander verliese in haar hartkop bolling?

Die donkies se flanke blink. Sy loop om na die bakkie se stert, lig die lap op en raak aan die hoë voorkop. Die laserwond is laer af, in die maag, maar dit wil sy nie sien nie. Hy’s nie haar enigste kleinkind nie, maar hy’s die enigste wat sy ken. Jemima skryf oor die ander twee as daar ’n geleë vir ’n brief is. Sy weet hulle het albei die saadsin, maar sal hulle Barend se innebor en gô hê?

“Ons moet vergader, oudste.”

Dis Hannes Cloete. Sy seun lê langs Barend.

“Ons moet hulle eers begraaf. Ons moet eers ’n stuk rou.”

“Ons kan later rou. As ons nie nou optree nie, het hulle verniet gesterf.”

“Hannes, het die Hardskip jou niks geleer nie? Óf almal óf niemand sterf verniet. Die aantal mense wat nóg sterf gaan g’n duit aan die wáarde van jou seun se dood maak nie.”

Haar vuiste is gebal en bewe. Hy draai om en sy keel skeur oop. Engela van Wyk soen haar Barend-kleinkind op die voorkop en stap af na waar sy en hy laas saam gewerk het: op die wouweesoewer van die wouweesLangvlei staan die kweekhuis met sandgroente. Sy sit in die bedompige lug van die groente-asems en gee die bietjies lyfwater wat sy kan spaar.

Die kerk sit vol. Engela van Wyk tik met 'n stok op die vloer. Die son se wegbrand kom deur die gebreekte vensters en die mense wat nie sonbrille aan het nie, is besig om lappe om hulle oë te drapeer. 'n Bolling verblindes.

“Môre, vriende,” begin sy.

“Môre,” sê enkeles.

“Wat ons vandag hier saam is, moet ons belangrike besluite neem. Ons het vyf jongmense van ons gemeenskap verloor. Tertius Cloete, Hildemar Moor, Lewies van der Heever, Salie Biko en Barend van Wyk. Die MO wys op Meconiumsoldate en ons het bevestiging van ons Hardekraler-vriende ontvang. Ook inligting wat situasie ontstof.”

“Meconium moet boet!” gil iemand uit die banke.

“Hoor, hoor!” roep 'n paar jong stemme.

Engela bal haar vuiste en haal diep asem.

“Ons moet doen wat ons verantwoordelikheid en ons werklikheid vereis en toelaat. Dink hieroor na terwyl oudste Kane die Hardekraler-brief voorlees. Oudste Tia sal die vergadering verder lei.”

Kane staan op waar hy in die tweede ry van voor sit en draai so dat almal hom kan hoor.

“13 Maart 2065, Hardekraal. Daar is medelye met julle verlies. Sedert die uitreiking van Wet 4.5, 'n toevoeging tot die Ontlastingswet, het 21 mense reeds gesterf in skermutselinge met Meconium en ons het enkele besonderhede oor die jongmense van Leipoldville. Julle afvaardiging het die Hardekraalvertegenwoordigers op die 5de Maart bo-op Piketberg ontmoet en die afgesproke transaksies is uitgevoer. Julle jongmense het aangebied om te help met die heropbou van komposttoilette nadat Meconium dit die vorige week afgebreek en met die bou van 'n biogasfasiliteit begin het. Die heropbou sou oor die loop van twee nagte geskied. Gedurende die tweede nag het Meconium wagte die bouers oorval. Volgens 'n amptelike Meconium-verslag waarvan ons die inhoud verneem het, het die opdrag nie van Meconium gekom nie, maar wou die Meconiumbevelvoerder op Piketberg 'n voorbeeld stel om verdere rebelle-aksie te verhoed. Ook hier in Hardekraal en die nabye Close Enough en ander nedersets het die skermutselinge sedertdien toegeneem. Die toiviste – soos hulle na hulleself verwys – is tans besig om ondergrondse aksies vanuit Close Enough te loods en sal enige hulp verwelkom. Hardekraal het besluit om die wet te aanvaar en eerder in die toekoms vir 'n groter persentasie humanure vir ons permaplots te onderhandel. Ons keer egter nie die Hardekralers wat by die toiviste wil aansluit nie. Geteken. Geert Hanoy.”

Kane gaan sit.

“Voorstel!” roep Hannes Cloete.

“Ja, Hannes?” vra Tia.

“Ons neem die helfte van ons weerbares en ondersteun die toiviste totdat Meconium hierdie wet terugtrek.”

“Voorstel,” sê Engela.

“Ons trek hier weg voordat Meconium ons dwing om te onderhandel. Ons stig ’n paar standplase waartussen ons beweeg en ons groei wég van Meconium, eerder as wat ons verder krimp in ’n hopelose geveg teen hulle.”

“Nog voorstelle?” vra Tia.

“Ons bly hier. Ons het al soveel opgebou en bereik,” sê ’n jong vrou.

Engela staan op. “Ek moet trek. Die wat moet bly, moet bly. Die wat moet veg, moet veg.”

Party mense haal die lappe om hulle oë af om haar in die oë te kyk. Daar’s koppe wat knik.

Al Engela se goed is op die trans-bakkie gelaai. Trui sit langs haar agter die donkies.

“Hier gaat ons, ou vriendin,” sê Trui. “Hoeveel is by die getal?”

“Seker 80 volwassenes, 20 kinders.”

“En van die oudstes net ons twee en Kane,” lag Trui. “Waarheen lei jy ons?”

“Ikabod toe.”

“Waar’s dit?”

“Dis oral waar ons gaan.”

Hoofstuk 4

Dié keer is die ry voor Amper baie langer as die vorige dag en wanneer die wag die eerste keer “Ma-a-ax” roep, is sy nog aan die berg se kant van Meconium. Noag grom vir ’n muis wat die seun agter hulle in ’n boksie het. Sonder om na die hond te kyk maak sy sy leiband korter by haar belt. Die vrou voor haar lig ’n spieëltjie op en Amper sien ’n kant van die Tafelberg en die rooigoed wat die vrou op haar wange insmeer. Die vrou vang Amper se oog en draai om.

“Two in one. Bietjie kleur én sunscreen. Product of Closies, maar ons source omtrent als van Hardekraal se permplots. Baie natural. Net 30 BioG’s vir ’n vyf gram-potjie.”

Amper probeer glimlag. “Ek kan nie nou...” sê sy.

“Ons kan bly wees die twee Opedae is so dustfree en stil,” praat die vrou verder. “Hulle sê tussen 20 en 30 mense het gister omgekap van sonsteek. En can you believe it, die Mec-medics het gekom. Hulle het sulke shots. Net op opedae wat ons sien hoe daai shots werk.”

Die vrou druk haar vinger in die potjie en bring dan haar hand vinnig na Amper se wang. Amper klap dit weg. Beet en ’n vrank olie. Noag byt aan die vrou se broek.

“Shit,” sê die vrou en skop vir Noag. “Bloody unthankful, bitch.”

Die mense kyk na Amper en Noag. Hy’s die enigste hond in die ry en haar duikbril en sonkappie staan uit. Sy hurk, kyk steeds voor haar, en vryf Noag tussen sy ore.

“Etter, hond,” sê sy.

Dis naby reguitson wanneer die hekke weer oopgemaak word. Die ry beweeg stadig. Amper wag vir ’n MecSec om “Ma-a-ax” te skree, maar dit kom nie. Sy moet haar sakke uitdop en dan is sy binne Meconium.

“Animal Intake to the right,” sê ’n ander wag as gister.

Sy gaan staan in die ry en trek diep aan die vars brood en botter-smeersel onder haar neus. Strontmerke op ’n ou onderbroek. Drie-dae oue Staple in ’n baard. ’n Maandstonde-panty wat vier ure in die son gestaan het. Voor in die ry tel sy Noag op en gee hom vir ’n jong man met ’n boggelneus wat die groter diere in hokke sit. Sy kyk weg en steek haar hand uit vir die chap. Noag blaf.

“He won’t fit,” sê ’n ander man wat op ’n stoel sit. “I’ll take him straight.” Noag blaf.

Sy loop weg en resiteer op een toonhoogte: “Marama vra ’n skootster om haar innebor in twee te skiet en vir Aarde om dit op twee duine te begrawe. Toe dit opkom, is die blomme sterre en die blare

bokmakierievlerke. Die rooi grond maak Marama se innebor sienliker as ooit: geverf met die kwaste van vlak vulkane. En die skaars leksels onder die grond laat dit opswel...”

Oor die drumpel van No One’s Ark. Ondergrondse water en ’n leerhoed. Sy vat die uitgang aan die linkerkant van die ingangsportaal: *Birds; Not too big, not too small; Aquarium*. Die ry na die middelste deel doem byna dadelik voor haar op en sy val agter drie giggelende meisies in.

“No, the Italian,” sê die een. ’n Antwoord in Xhosa. “Come on,” sê die derde een, “he’s not nearly as strong as the Hungarian.”

Vars laventel. ’n Bloubosasem agter geel tande. Kooigoedrook. Sy snuif twee keer hard en die meisies kyk gesteurd om en begin weer giggel. Hoe weet sy hoe kooigoed ruik as dit brand? Is dit ’n reuk uit haar vals geheue? Noag se pote vol Banghoekgrond en sy pels net ’n bergseepbos soos haar ouma hom gekrap het totdat sy linkervoorpoot in die lug begin skop – die reuk kom skielik en werklik en bly as ’n ondertoon.

Die ingang is langer as wat Amper verwag het en die stroom mense dwing haar oor die paadjie wat na links en regs ’n kurwe maak. Sy gryp ’n tralie by die Petting Zoo vas. Die ovaal kern het ’n deursigtige dak. Dis warmer as in die res van die Ark en die oorfloed van groen goed gee die gevoel van ’n oerwoud. Weerskante van die pad is daar dele afgeskort met die grootste kampe aan die buitekant. Amper stap stadig, maar staan nêrens stil nie en bly in die middel van die pad sodat sy nie teen die glasafskortings of relings vasgedruk kan word nie. Aan die binnekant van die ovaal: Bobbejane. Orangoetangs. Gorillas. Aan die buitekant is die wilde katte. Jagluiperds. Tiere. Leeus. Sy ruik mis en bloed, skaduwee, die stink vruggies van ’n grysblaarboom, die mannetjiesleeu se maanhare. Daar is ’n bord by ’n ingang na ’n ovaal binne-in die ovaal: Human Genome Project. Ondergrondse water en ’n leerhoed – die reuk word skerper en Noag s’n vervaag. Saam met ’n stroom druk sy na binne. Mense skree name uit, verklaar liefde, druk lippe teen glas. Agter die glas: ’n man met afgeskeerde hare en baie sproete; ’n donker man met dreads; ’n meisie met ’n soel vel en lang, swart hare. Hulle is nog net halfpad om die ovaal, maar daar is ’n gang wat nog dieper in lei en Amper swenk saam met ’n stroom. Dit loop dood teen ’n deur waarop *CREW* staan, *Center for Reproduction of Endangered Wildlife*. Dis die deur na ’n sirkelvormige vertrek met regte mure. Aan die buitekant van die paadjie rondom die vertrek is nog glaskaste. ’n Lang, blonde meisie.

“Wakinyan!” gil iemand by die volgende glaskamer.

Sy beur vorentoe en na die buitekant van die paadjie. ’n Jong man met ’n blas vel en donker hare tot op sy skouers. Daar is ’n belaglike tent in die middel van die vertrek en Wakinyan sit op ’n boomstomp by

'n gepakte vuur, kerwend gebuk oor 'n stuk hout in sy hand. Sy staan met haar neus teen die glas en kyk. Haar hart sit in haar maag sodat dit nie uitneuk nie. Sy tok aan die glas.

“Wakinyan,” sê sy. “Wakinyan, dis ek. Amper.”

Hy kyk op en hy kyk haar in die oë, maar hy sien haar nie. Sy tok harder. Eenrigting-glas om die inwoners teen die bewonderaars te beskerm? Klankdig. Nog meisies begin klop en druk hulle lippe teen die glas en gil sy naam. Hy kyk nie weer op nie, maar 'n MecSec beweeg nader en Amper duik weg na die kant van die glaskamer waar 'n Hardekraller met oorfone staan.

“Sy's volgende,” beduie die meisie na nog 'n Hardekraller wat wag.

Amper knik. Sy kyk in Wakinyan se rugkant vas terwyl sy haar beurt afwag.

Press 1 for Ana, the Viking Queen. Press 2 for Wakinyan, the Red Indian, staan daar op 'n plaatjie waar die oorfone se koord uitkom.

Amper sit dit op en druk 2. Haar oë bly op Wakinyan.

The different Indian tribes were indigenous to America. Due to colonisation and modernisation their numbers faltered drastically in previous centuries. We are lucky to have a specimen of such an ancient tribe with us. – Daar's 'n klikgeluid, dit klink asof die opname klaar is, maar dan begin dit weer. – In 2080, the year Wakinyan turned 18 and the first year he was allowed to compete in the Specimen of the Year-contest, he was crowned winner. – Weer die klikgeluid. – This year he was one of only two contestants who was able to meet the challenge of surviving in the wild for 40 days. In fact, Wakinyan gave all his mates back home a fright, when he didn't show up after 40 days. On the 41st day he arrived back with many tales to tell. Much to the relief of Ana, our Viking Queen who is lucky enough to be carrying his child. Score diversity!

Die vrot eiers van 'n platgetrekte patrysie. Kan nie wees nie. Twee broeksakke vol strontbesmeerde muntstukke. 'n Hand wat na 'n vrou se poesiegoed ruik. Onder die lang, blonde meisie se vol borste bult 'n klein boep wat sy soos 'n fortuin vashou. Twee seuns probeer haar aandag trek. Amper erken eers vir Georgie wanneer hy praat: sy hare is opgejel en hy't 'n nuwe oogklap aan.

“Congrats on the baby, your mavesty!” sê hy en buig diep.

Die blonde vrou lag en warrel haar hand deur die lug. “Thank you. Thank you.”

Bergsoutseepbos en aalwynsap – dit kom van agter die glas, dit klou aan die Viking se skoon lyf. Sy kry die oorfone met haar regterhand af en laat dit grond toe val. 'n Laaste keer kyk sy om.

“Amper,” roep Georgie.

Wakinyan sit nou met sy lyf na die venster gedraai en kyk na haar maar in sy oë lees sy niks nie.

“Amper.”

Sy ruik die boomgom in Georgie se hare, maar hy is net een van ’n klomp gesigte. Met haar rug teen die glas beur sy teen die stroom na die ingang en uit.

Kameelperde. Kloonsrenosters. Olifante. Sy gaan staan. Kremetartbas wat bloei. Platgetrapte olifantgras. Die koei se wens dat die jakkalsbessie gesond moet word. ’n Groot blerts kom uit die kleintjie se arshol en val soos ’n perfekte modderkoek op die gras. Hoeveel moet hy skyt om elke dag gevoer te word? Vir wie word die biogas gegee as hy die dag oorskot skyt? Vir ’n hardlywige, swanger vrou in die Human Genome Project?

“Dear visitors. We are pleased to announce that it is about to start raining.”

Amper kyk op.

“We will therefore open the roof above our restricted area so that the animals and plants can enjoy this wonderful surprise. You are welcome to enjoy it with them or to make your way to the protection of one of the other areas. Thank you.”

Die dak breek oop in geronde driehoeke wat terugtrek en in die res van die gebou se dak verdwyn. Druppels val. Die gooie se spoeg. Kinders begin gil en skree. ’n Olifant trompetter. Mense omhels mekaar. Sy stap met die ovaal langs na die uitgang. Die Duitse herdershond by die Petting Zoo se nat, dik pels. Bloed. Noag in die maag van ’n leeu. Sy ore onverteerbare flappe by die dikderm af.

Die onderdak gedeelte is leeg. Net hier en daar ’n groepie mense. Amper staan voor die aardvarke. Mev. Jafta se broertjie het een makgemaak. Sy gaan sit op haar hurke met haar kop tussen haar bene.

Iemand gryp haar aan haar bo-arm en ruk haar regop. ’n MecSec.

“Uhm,” sê sy. “Ek hét toegang betaal. I payed, but...”

Sy’s terug in die gratis deel.

“I don’t understand.”

Hy sleep haar saam. Deur die voorportaal. Sy wil skree, maar daar’s niemand wat kan help nie. Die mense dans buite in die reën. Georgie sal nog in die ovaal wees. Die MecSec druk sy polsding teen ’n flikkerende lig en ’n sy-ingang gaan oop. Skielik is sy aan die anderkant van die Nanopex-versperring. Sy’s in Meconium.

“Yes, Spec. I’m bringing her, Spec,” sê die wag in die polsding in.

Centre for Medical Research. Institute for Natural Health. Meconites staan voor die geboue en lag en gesels. Op 'n oop stuk grond na regs staan 'n groep van so 20 – maak geoefende bewegings.

“Divus. Diversity is God. Divus. Diversity is God. Let diversity reign. Bless diversity with rain,” sê hulle vinnig en ritmies.

Die MecSec stuur haar verby 'n massiewe tweeverdiepinggebou met groot stukke glasmuur en Amper kan sien hoe mense gemasseer word. Hoe hare geknip word. Daar is mense wat op een plek hardloop, maar hulle bewegings is wasig agter holografiese beelde van berge en riviere en fynbos.

Security Centre. Dis 'n groot grys gebou.

Die wag neem haar met 'n nou gang af en druk haar by die laaste kamer in.

“Hulle kom nou,” sê hy.

Die deur se slot klik.

“Hey!” gil sy en slaan teen die deur. “Hey! Kom terug!”

“Fok!” Sy kap met albei hande op die staaltafel in die middel van die vertrek. Die een muur is 'n spieël – hieër sekerlik eenrigtingglas – en sy kyk haarself en die persoon agter die glas in die oë.

“Die rooi grond maak Marama se innebor sienliker as ooit: geverf met die kwaste van vlak vulkane. En die skaars leksels onder die grond laat dit opswel soos die maag van 'n moerplaneet,” vorm haar mond die woorde.

In-ne-bor. In-ne-bor. In-ne-bor. Die wals sus haar én verklik haar. 'n Stuk van haar innebor is saam met Noag in die voedselketting af. Stadigaan maak dit plek vir haar ouma se wals – weg sedert die einde van Januarie. Saad-skie-ter. Saad-skie-ter. Saad-skie-ter.

Die deur gaan oop en 'n man kom in. Dit lyk of hy drie snorre het, so dig groei sy wenkbroue. Sy regte snor maak sy bolip toe. Amper kyk weg. Aan die begin was Wakinyan se gladde gesig vir haar vreemd. Al die mans in Kiefmor, al die mans wat sy nog ooit gesien het, het snorre en baarde gehad. Selfs vrouens koop manlike hormone op die swartmark as hulle gesigte van kankersny uitgehol is.

“Taal?” vra die man.

“Wat soek ek hier?” vra Amper.

“Afrikaans. Naam?”

“Wat soek ek hier?”

“Nul tyd hiervoor, meisie. We stick to procedure, ons kyk hoe ons mekaar kan help.” Hy wag dat sy hom in die oë kyk. “Anders het jy probleme.”

“Amper,” sê sy.

“Amper wie?”

“My ouma was ’n Moeletsi, maar sy’t nooit gesê ... sy’t nooit vir my haar van gegee nie.”

“Amper Moeletsi,” sê die man en tik op sy pols-ding.

“Gasnommer?”

“13588958.”

Hy tik die nommer in. Hy knik sy kop.

“Sê hier Moeletsi. Dogter van Sonjie Moeletsi. Gebore: 2 Maart 2065. Kiefmor. Hoe’t jy van Kiefmor tot hier gekom?”

“’n Geleentheid met Sias Kgatla.”

“Wie het saam met jou gekom?”

“Niemand.”

Die man sug.

“Wie was nog in die voertuig?”

“’n Mevrouw Jafta.”

“Waar slaap jy?”

Vir ’n oomblik oorweeg sy dit om ’n storie op te maak, maar sy besluit daarteen.

“Die Hardekraal Hotel.”

“Okay, ons vorder. Jy’s ingebring onder suspisie dat jy Wet 13.2 oortree het. Steeds oortree. Ken jy die wet?”

“Nee.”

“Volgens Wet 13.2 is dit onwettig vir enige inwoner van Meconium of enige nederset waarmee Meconium bande het om saad in hulle besit te hê of te kweek indien Meconium nie volle toegang tot hierdie saadvoorraad het nie. Is jy bewus van hierdie wet?”

“Ja.” ’n Kankermoesie. Popbabalapoep. Wie het haar verraai? Sias? Jo? Sy wil nie die naam dink nie: Wakinyan.

“As jy die saad in jou besit aan my oorhandig of vir my sê waar ek dit moet gaan uitkrap, sal ek jou laat gaan. Jy’s ’n eerste oortreder en minderjarig.”

“Ek het nie,” sê Amper. “Ek het nie saad nie.”

“Divus,” sê die man. Hy vryf oor sy boonste snorre en masseer sy slape met sy voorvingers.

“Iemand het vir u gelieg,” sê Amper. “Iemand wil ... iemand wil hulle eie spore ... doodvee of iets.”

“Kyk...”

'n Klop aan die deur en 'n jong man bars in.

“Spek, jy moet kom. Skielik wil Helena Fuchs en daai trainee dokter gelyk statements maak – ander Spek het jou nodig.”

“Divus!” sê die man. “Ek kom.” Hy staan op. “Meisie, dink jy solank hoeveel daai saad van jou werd is. Ek gaan iemand stuur om die hotel te deursoek en jy beter hoop ons kry niks nie.”

Amper wag vir die laaste lig om terug te trek deur die skerms voor die venster. Sy gaan sit onder die spieël met haar rug teen die muur. Haar vingers soek na 'n los steek in haar dungaree se soom. Die garing breek en sy trek dit met rukke uit en laat val vyf kapsules in haar hand. Dis die broodmanna – na aan die aarde gebêre. Een lig sy tot by haar oor. 'n Paar sade ratel. Sy sluk dit af met spoeg wat sy agter haar tande saamtrek. Die vingers van god kielie haar keel, maar sy lag nie. Sy sluk 'n paar keer. In die linkersoom: die uintjies. Raapuintjie, wituintjie, bobbejaanuintjie, 'nytjie, norra. Haar tong voel dun en dit vat lank voor die spoeg meer raak. Dis nie genoeg nie, maar sy begin sluk. Sy vryf oor haar slukderm. Die kots kom. 'n Bietjie suurwater van voor die middag. Haar lyf ruk, maar sy maak nie haar mond oop nie. Sy sluk. Die verligting is suur en branderig en sy gaan lê op haar rug. Haar keel en slukderm hou nie op brand nie – breek in haar innebor. Sy sluk die laaste twee uintjie-omhulsels.

Iewers gaan 'n buitelig aan. Amper kom regop. Die punte van die skouerbande gaan moeiliker. Sy gebruik haar tande en veterpunt. Drie kapsules in elke band. Kruie. Pietersielie, roosmaryn, tiemie, koljander, basiliekruid, kruisement. Sy hou een kapsule op. Dis te donker om deurskynend te wees, maar die saadskadus binne-in speel parte op haar oë. Soos 'n versplinterde gooi wat agter sy uitgetrekte vingernaels probeer oorleef. Nie veel groter as haar pinkienaels nie, al voel dit nie so wanneer die volgende kapsule met 'n spoegsel saam afhobbel nie.

Nog net dies agter die Dust Girl op haar bors. Die some was tweede some – niemand sal twee keer kyk nie. Die skouerbande se rafels het sy sover sien, netjies teruggedruk. Maar as sy die vasgewerkte prent lostorring, sal die ongebleikte jean-lap daaragter haar verraai. Met stewige hande trek sy haar tekkies uit en stroop die dungaree oor haar heupe en af. Sy hurk met haar rug na die deur. Die lig is flou en die superhero lyk hulpeloos. Die steke is onsigbaar. Een stofspiraal tussen wysvinger en duim. Sy ruk. Haar pinkie beur by die keel in. Dan kantel sy die meisie en begin die kapsules uitdruk. Daar moet sewe wees. Die sonder-nies. Die saadskieteer se saaigoed vir wanneer die komeet kom. Drie. Vier. Vyf.

Amper hoor eers die deur wanneer dit toeklik. Die sesde kapsule val op die grond. Haar hele lyf raak lam maar haar hand trek toe om die vyf voordat sy op haar hurke omswaai. Die dungaree knoop om haar voete. Haar arms gaan om haar knieë. Agter die koplug wat in haar oë skyn, staan 'n man met sy rug en oor teen die deur, 'n vinger vaagweg voor sy mond.

“Ampersand?” Dis nie regtig 'n vraag nie. “Ons is sontyd. MaJo het my gestuur. Sy sê jy moet die sewe susters van saad vertrou en jy moet my vertrou. Ek gaan jou eskort na 'n... veiliger plek.”

Amper se arms los nie haar bene nie. Die sewe susters van saad? Daar is net vyf kapsules in haar hand.

“Ek is Foos,” sê hy. Hy kom nader, maar sy lig haar hand.

“Nee,” sê sy.

Hy haal die koplug af en skyn dit vanaf 'n armlengte weg op sy eie gesig.

“Ek is Foos Jo. MaJo en Jemima Jafta het alles gesort.” Hy haal 'n plat sak van sy rug af en haal iets uit. “Sit jou klere in hierdie sak en trek hierdie aan.” Hy sit alles op die grond neer.

“Nee,” sê sy.

“Jemima Jafta het gesê ek moet vir jou sê dis nie die risiko werd nie. Jou ouma sal verstaan.”

“Jemima Jafta sal nie weet nie.”

Hy mik om haar dungaree op te tel, maar sy gryp dit vas.

“Nee.”

“As daar niks in jou klere is nie – die man wat ons help om weg te kom, hy sal nie gelukkig wees nie. Hy sal mense op ons spoor sit.”

“Gee die lig,” sê sy. “Draai om.”

Die kapsules lê sy op die Dust Girl neer. Sy swap haar t-hemp vir die langmouhemp, 'n stywerige broek en 'n oorgroot baadjie. Weather gear – dieselfde lap wat teen jou skuur wanneer 'n MecSec jou in sy greep kry. Sy moet die broekspye oprol en terwyl sy haar skoene aantrek, oorweeg sy dit om die kapsules daarin te gooi, maar sy weet nie hoe ver hulle gaan loop nie. Met die ander in die baadjiesak woel sy die laaste kapsule uit. Sy ruk met alles wat sy het aan die Dust Girl. 'n Stuk kom los, maar van die steke sit nog.

“Kom nou,” fluister hy.

Panikerig swaai sy die lig oor die vloer en gee 'n pluk aan die figuur. Die laaste steke gee mee. Sy kry die huissleutel en pen uit haar dungaree en prop dit in 'n broeksak. Terwyl sy die dungaree in die plastieksak druk, tel sy die sewende kapsule in die hoek van die kamer op.

Sy's besig om die lig van haar kop af te haal – iets haak aan 'n dread – wanneer die man van agter af sy hande in haar baadjiesakke druk en met 'n skepbeweging weer uitruk. Sy skrik vir die skielike gebrek aan afstand. Sy skrik groter vir die klank van kapsules wat op die vloer val.

“Nee!”

Maar sy kry nie omgedraai nie. Hy druk haar langs die deur vas.

“Dis nie die risiko werd nie,” sis hy, en maak die deur oop. “Links.”

Hy stamp haar voor hom uit. Uit die hoek van haar oog sien sy iemand langs die deur wag. Lank en maer.

“Van die goed het uitgeval toe sy uittrek,” hoor sy Foos sê.

Sy kyk terug. Bakore gooi skadu's teen 'n ganglig wat verder af brand. Foos gryp haar arm en trek haar om 'n hoek.

“Ons is sonyd,” sê hy weer. “Sonyd vir dom wees en sonyd vir kwaad wees.”

By wat 'n sy-ingang moet wees, hou hy sy pols-ding by 'n flitsende liggie. Die deur gaan oop en hy begin drafstap sonder om te kyk of sy kom. Musiek word harder, dan weer sagter. 'n Atrem flits bo hulle koppe verby, maar haar lyf absorbeer die skrik. Net die vinniger intrek van lug brand by die lang string kapsules in haar keel af. Sy voel in haar sakke. Geen kapsules nie. Net een Dust Girl wat sê dat daar nog stories behalwe die saadstories was.

Foos kom aan die donker kant van 'n pilaar tot stilstand.

“Dis nie meer ver nie,” sê hy en stap verder.

Die geboue lyk en voel nou anders. Dis van klei en platter. Hulle beweeg nader aan die buitemuur. Agter 'n biogastenk gaan sit hy op sy hurke. Sy sak neer.

“Water ... Jy't nie dalk...”

Hy haal 'n plat fles uit sy baadjiesak. Halfpad stop hy haar.

“Dis genoeg. Ons moet spaars drink.”

Hy staan weer op.

“Om uit Meconium te kom moet ons deur 'n nagklub gaan. Maak of...”

“Wie's jy en wat soek jy? Wat's jou agenda?”

Hy kyk net na haar.

“Jy's reguit,” sê hy. “Ek's sonagenda. Ek's klaar met Meconium en reg vir nomaad.”

Hy draai om.

“Jy praat snaaks,” sê sy.

“Uh,” antwoord hy. “Albert,” roep hy die donker in.

’n MecSec kom te voorskyn. Amper gryp Foos se arm en trek hom terug na die skadu’s.

“Dis lerk,” sê hy. “Dis Albert, MaJo se seun,” asof dit alles verduidelik.

Twee rugsakke kom van die man se skouers af. Die een is haar swart seilrugsak. Wanneer Foos dit vir haar aangee, trek dit haar hande grond toe – sy’t haar met die gewig misgis; dis nie háár goed nie. Vloeistof skommel soos wat sy dit op haar rug tel. Die Albert hou ’n rooi sakkie uit en Foos gooi sy pols-ding daarin en lig sy pinkie in wat ’n groet moet wees terwyl die groot man weer verdwyn.

Hulle gaan met trappe na ’n kelder waar tromslae deur die vloer aankom. Ewe skielik is daar flitsende ligte en mense wat op ’n verhoog rondspring en wriemelende figure in die middel van die saal. Amper versteen. Die energie. Polsende energie. Soveel lewe het sy nog nooit aanskou nie. Sonder die som van inname en verbruik en uitwerpsel. En die kleure. Die klere. Reg voor haar ’n meisie in ’n skelpienk romp wat opvlieg bo hoëhakskoene. Die kleur van tropiese waters maak skerp punte om haar hals. Die musiek stop. Amper ruk haar kop na waar Foos moet wees, maar hy is weg. Sy beland in die middel van ’n klomp mense wat kant toe beweeg. Die musiek begin weer. Sy beur na die dansers waar sy byna op die rand probeer om hulle bewegings te na-aap. Nie té op die rand nie, want sy staan uit. Haar dreads in die ponie, haar ronde gesig en haar groot oë – sy weet sy lyk te jonk vir die plek en sy sien niemand anders in weather gear nie. En haar bewegings. Sy sweer sy wals, al is sy nie seker waar haar voete in die duisendpoot om haar is nie. Dat sy nog kan beweeg, moet genoeg wees. ’n Arm kom uit die massa dansers en gryp haar hand. Sy sien die agterkop, maar dis die weather gear-mou wat maak dat haar hand vasklem. Anderkant die dansers kyk sy nie weer op nie. Sy loop vas in ’n baadjie. Skrik eers. MecSec. Maar dan sien sy ’n paar relings vol weather gear duskant die deur. Daar is ’n dun tunnel, ’n paar trappe na ’n uitgang en die reuk van ooptes.

Die nag vou oop. Net hier en daar word ’n ster van die stoflong skeefgetrek. Die res van die lug raak moeiteloos.

“Hou eers teen die muur,” sê Foos.

’n Ent weg is bollings jong mense op pad na die tunnel. Amper gaan staan agter ’n doringboom.

“Is dit Close Enough se techtoring?” Sy wys na die ligte in die verte.

“Ja,” sê hy, maar sonder om te stop.

“Gaan ons nie Hardekraal toe nie?”

Hy draai om.

“Nee, ek...” ’n Frons in sy stem.

“Wat jy my na Sias toe?” vra sy.

Sy oë trek skrefies.

“Nee, ek weet nie wie dit is nie. Ons gaan...” Hy haal ’n papier uit sy broeksak – “Iewers teen die kus op” – druk daarop, maar bodder nie met lig nie.

“Jy moet my eers terugvat Hardekraal toe,” sê Amper. “Daar is van my goed...”

“Wat verstaan jy nie van ‘dis nie die risiko werd nie?’” Sy gesig kom nader aan haar en sy stem styg.

“Die Jafta-vrou het gesê die saadsoekers sal begin sirkel sodra jy surface. Ons is sonyd om...”

“Het Mevrouw Jafta oor saadsoekers gepraat?” Wie is Mevrouw Jafta?

“Ja.”

“Wat het sy nog gesê?”

“Dat jy hardkoppig sal wees en nie sonder jou goed sal wil vort nie. Sy’t dit ingepak.”

“Wat...” Sal die storieblaai daar wees, en haar pilhouer? Amper swaai die rugsak grond toe en sak teen die muur af.

Foos kry haar arm beet en ruk haar regop.

“Ons rus by die Pompous Ruins. Jy kan dáár kyk.”

Met die techtoring regs agter, doem die velodroom voor hulle op. Foos hou spoed, maar Amper stop. Toe hy omdraai, dink sy eers hy gaan haar kom verder sleep, maar hy kom staan langs haar. Uit sy baadjiesak haal hy iets en gee dit vir haar.

“’n Staple-stafie,” sê hy.

“Is dit waar die Specimen of the Year môre is?” vra sy. Sy wil praat oor die ding wat Wakinyan môre hiernatoe gaan bring. Wakinyan wat aangehou het om uit te vra oor die saadstories en plante – asof hy deur haar ouma gestuur is om die saad te help beskerm.

“Ja,” sê hy in gedagte.

“Ek wens ek kon dit sien.”

“Nie regtig nie,” sê hy. “Of dalk een keer.”

“Jy sou nie môre gaan kyk het nie?”

“Nee,” antwoord hy. “Dit was anders toe ek klein was. Ons het maande gespaar om op ons favourites te bet. Nou... Dis die enigste event van die jaar waarvoor Meconites nie BioG’s kry nie. Hulle dink hulle doen ons ’n massale guns.”

“Is daar baie bloed?” vra sy.

“Soms.” Hy draai weg voordat sy nog iets kan vra.

Sy wil hê Wakinyan moet pappeslaan word. Hy sal besef hy het ’n fout gemaak en ’n boodskapper agter haar aanstuur om sy lewe met haar kennis van plante te kom red. Sy knyp die sagte vleis onder haar duim en stap aan. Karob. Grasse. Sy’s honger en vat happe van die stafie. Die digte heining bosse maak ’n hoekdraai. Bessiebome.

“Moet ons nie gaan pluk nie?” vra sy. “Het ons genoeg kos?”

“Nie in die donker nie. Eetbaar en giftig is deurmekaar. Dáár’s die Ruins.”

In die nag se lig lyk dit geesterig.

“Hier’s ’n drif voor. Sit aan jou koplamp. Sodra ons deur is, moet dit af.”

Soos wat hulle die Ruins nader, sien hulle vure wat aan die regterkant flikker. Foos beduie hulle gaan anderkant om. Daar is ’n groot stuk swart grond met vyf karwrakke. ’n Ent verder is twee oop verdiepings en nog karwrakke. Waar die Ruins ophou, stop hulle by ’n “Fuel/Recharge”-plek. Die woorde klou aan ’n venster vas, maar groot stukke het reeds afgedop. Teen die een muur staan ’n skuiling, oopkant teen die muur, kniehoog openinge reg rondom. Foos stoot eers sy rugsak en dan hare in. Hy beduie hulle moet inseil. Wanneer hulle kruisbeen sit, rugsakke teen die muur, kan daar ’n *Kennis* tussen hulle inpas. Uit sy rugsak haal hy twee silwer weerseile en met die swartkant na buite prakseer hy dit sodat die openinge toe is. Amper gooi haar koplamp oor die binnekant van die skuiling. Agter Foos is ’n advertensie vir NoChokes-pille. ’n Man wat knipoog en van sy middellyf af ondertoe soos ’n robot lyk, sê: “No more performance anxiety. I’m like a machine down there. A romantic machine.” Op die agterste afskorting is ’n skema van stasies en roetes. ’n “You are here”-pyltjie wys na die Ons Wêreld-transport stop.

“Ons kan nie lank rus nie,” sê Foos. “Ons moet inventory hou – ek weet nie watse supplies hulle kon spaar nie. Een sak op ’n slag. As iemand kom of... Ek sal die stasie omstoot. Jy gryp ’n Mylar” – hy wys na die silwer seil – “en watter rugsak ook al toe is en jy hardloop verder aan, tot teen die volgende lande, maar moenie ingaan nie, selfs al sien jy ’n gap – daar’s laserkappers. Hou wes tot jy op die hoek kom, dan draai dit noord en daar iewers kruip jy onder die heiningbome in, maar jy gaan nié in nie.”

Amper kyk hom eers net aan.

“Jy maak my bang,” sê sy.

“Jy moet bang wees. Is mens dan nie altyd bang in die nederset nie?”

Sy lig haar skouers.

“Inventory,” sê sy en rits haar sak oop. Sy soek eers net met haar hande, totdat sy die plastiekhouer voel. Sy pak alles uit.

drie een-liter-aluminiumbottels
drie Staple-stafies en drie hempklompe
halwe koekie seep
pilhouer met twee maal M,T,W,T,F,S,S
’n plastiekhouer van *Ice Age 10 - After the Ash. Collectors Edition*
haar fluitjie – ’n PVC-pypkontrepsie

Sy kyk op. Foos vra nie uit nie.

Belt, ekstra handskoene, ’n panty, droë sokkies

Foos kyk na die bril om haar nek. Sy haal dit af en gee dit vir hom.

“Dis lerk,” sê hy. “Dis ’n ou duikbril.”

“Die lensdeel kom uit Noorweë. Net so goed soos MecSpecs vir die son. En dit het ’n laag stof- en waterweerder op en dit suiwer die lug.”

“Waar kry jy dit?”

“My oupa het dit vir my ouma gemaak. In die Noord-Kaap het hulle dit nodig gehad lank voor die Hardskip.”

Hy gee dit terug met ’n streepglimlag.

“Dis lerk.”

Vir die eerste keer kyk Amper na sy gesig. Niks trek aandag nie, maar as hy glimlag skuif sy oë en mond só dat ’n mens twee keer wil kyk. Onder ’n byna perfekte neus is ’n ruie snor wat uitdun oor sy wange en ken.

Hy sien sy kyk en sy haal haar koplign af.

“Dit was ook my ouma s’n. My oupa het dit uit Kanada laat kom. Hy het sy laaste skaap verkoop. Dit het nanosonbatterye.”

Sy besef sy babbelen en sy spog en sy bly stil. Foos glimlag.

“Wat is daar nog in die sak?” vra hy.

Die laaste ding is ’n boksie, byna so groot soos die plastiekhouer, maar dieper. *Indestructable*, staan daarop. Binne-in:

’n biogas-lighter met refill
superglue
naald en ’n tol garing so groot soos ’n halwe pinkie

klein rol duct tape

twee kort potlode

'n sakkie saad

'n Leatherman

'n blikkie aalwynroom

“Sjo. Dis valuable goed,” sê Foos. “Watse saad is dit?”

“Gevaarlike saad,” sê sy sag en vou die sakkie in haar hand toe. “Het Mevrouw Jafta hierdie boksie gegee?”

“Seker,” sê hy.

Heel onder in lê 'n toegevoede leerlappie soos 'n ekstra bodem. Sy vou dit oop. Binne in twee lusse is twee blikkies. Die geel en rooi verf sit nog net plek-plek. *Lennon Doepa*, kan 'n mens uitmaak as jy die letters op albei saamsit. Sy hoef dit nie oop te maak nie. Die sewe darts waarvan die punte by afsonderlike sakkies uitsteek, gee dit weg. Dis presies die regte grootte vir haar fluitjie. Sy kyk op na Foos. Sy wil hê hy moet vra, maar hy bly stil. Het hy 'n wapen? wonder sy. Sy kyk weer na die binnegoed van die leerlap en skud haar kop – Mevrouw Jafta is 'n geheim. Sy weet als oor die saad en duidelik als oor die saadsoekers. Het haar ouma geweet Mevrouw Jafta weet alles? Sy druk drie darts, skerp kante eerste, versigtig in haar dreads waar die poniestert begin. Een van die blikkies in haar broeksak. Fluitjie onder die baadjie aan haar belt vas. Sy tel die Leatherman op. Daar's iets uitgekrap. Nader aan haar lig kry sy dit uitgemaak. SM∞BvW.

“Pak maar eers terug,” sê Foos. “Hou dalk die Leatherman ook op jou.”

Voor sy die laaste waterbottel bêre, draai sy die prop af en lig dit lank.

Sy sak is groter.

vyf liter water

ag Staple-stafies

kompas

first aid-kit

twee ontsoutingstablette

tou

'n vuursteen en 'n pakkie vuurhoutjies

handskoene, sokkies, onderbroek

“Daar's iets in die handskoen,” sê Amper.

Hy trek 'n foto uit. Wanneer hy dit oplig, lees Amper agterop: “Martin Kgatla, Fiona Nel 2060. Dick Sweeney stuur dit.”

Sy skrik vir haar eie stem.

“Ek’s jammer. Dis agterop,” wys sy.

Hy draai die foto vinnig om en sit dit dan in ’n sysak van sy rugsak.

Kompas en kaart in vervrepte plastieksakkie tussen hulle.

“Ons is hier.” Hy wys op die kaart. Sy buig nader.

Dis Ons Wêreld-mall wys ’n pyl na die plek onder sy vinger.

“Ons moet by die see uitkom. Die DD vir oormôre is erg en as ons nie na aan die water bly nie, kan ons verdwaal.” Hy trek ’n pad na die groot stuk grys op die kaart.

“DD?” vra Amper.

“Dust Density. Maar voor hiér moet ons weer binneland toe – dáár’s ’n kolonie.”

“Koeberg Clean Energy”, maak sy uit waar hy beduie.

“Dis min of meer sewe kilometer na die groot pad van hier af, en dan nog so ses see toe.”

“Wanneer rus ons weer? Slaap ons?” Met die stilsit besef sy hoe moeg sy is.

“As ons dit nie misloop nie – daar’s groot ronde sementtenks. ’n Ent voor die groot pad,” sê hy en begin die silwer seile opvou.

“Wag eers. Daar is nog goed. Ek wil weet...”

Hy skud sy kop.

“Ons is sontyd. En ek weet nie veel nie. Sit af jou koplug. Wanneer ons rus, praat ons weer.”

Hy loer onder die skuiling deur en verdwyn dan kop eerste. Sy hande kom terug vir sy rugsak en dan vir hare, maar wanneer sy aan die ander kant regop kom, moet sy hol om op sy hakke te kom.

Dit voel later vir Amper asof hulle nóg tien kilometer gestap het, maar Foos sê dis nie meer as vyf nie. Bessies, dié keer uit die noorde. Sy vra hom daarvoor.

“Ek ruik niks,” sê hy.

“Dis vaag.” Nog ’n stofneus wat nie weet hoe die wêreld ruik nie.

“Dan’s dit ’n decoy – slagysters of manne wat wag,” sê Foos. “Meconium wil inkommers net weghou van die kos, maar dié tipe boord is anders. Môre sirkel die seemeue en die kraaie... Dáár’s die tenke.”

Hy klink verlig.

'n Paar honderd meter verder begin die buitelyne van rye en rye ronde goed sigbaar word. Behalwe vir 'n paar fondasies en 'n halflyf-hoë woonbuurt wat 'n ruk terug aan linkerkant opgedoem het, is dit die eerste mensgemaakte konstruksie wat hulle teëkom. Dit lyk majestueus. Van nader is dit die kookplek van dooie gooie: die eens mildelike potte is verroes en raserig van leegstaan. Foos begin hardloop. Tussen die eerste en tweede ry tenke draai hy in. Hy hou vyf vingers in die lug. By die vyfde tenk van die tweede ry stop hy.

“Dit moet dié een wees,” sê hy. “Die Hardekralers hou dit reg vir noodgevälle. Daar's goed om 'n tent te praks.”

'n Ent om die tenk trek Foos 'n bos van die muur af weg en voel met sy hande daarteen. 'n Deurtjie gaan oop.

“Ek gaan net eers kyk,” sê hy.

Hy kom weer kop eerste terug en beduie dat sy moet inklim. Die tunnel is 'n meter of langer en die reuk is verstikkend – nie soos menspie of gooikots nie – dit maak jou lighoofdig. Amper gaan sit met haar rug teen die muur en wag vir Foos om te kom. Sy trek haar oë op skrefies om uit te maak hoe dit binne die tenk lyk, maar dan rek sy hulle weer: sy weet nie of dit die dampe in die tunnel of haar lyf se eie moegheid is nie; skielik is die vaak nader as die honger of die dors.

Skoot**Meconium en Hardekraal, 2061**

Dick Sweeney maak ’n kaart van Meconium op die kombuistafel oop. Hy en sy span is al vir die afgelope twee weke besig om Meconium te beveilig sodat die tydelike nanopexmure verder uitgeskuif en die permanente mure stuk-stuk opgeslaan kan word. Hulle bly by Bert en Jo in Hardekraal omdat net die topstruktuur van die Meconium-leierskap van sy unit weet. Dick wonder of Bert by Jo gaan aanbly – dit sal vreemd wees as ’n Meconiumstigter in Hardekraal bly. Van môre af kan hy en sy span tussen die res van die Meconites verdwyn terwyl almal begin om die ou woonstelblokke in wooneenhede te omskep en in te trek. Sy span staan met koppies koffie in die kombuis rond. Bert kom in en Ylan lig haar koppie in sy rigting.

“Thanks, Bert!” sê sy.

“You must thank Jo. Way she stocked up we will run out of tinned food before we run out of coffee. Hardekraler logic.” Die span lag waardierend.

“That’s because I can grow food, but I can’t grow coffee!” roep Jo uit die gang.

“We Meconites like your logic, Jo!” sê Brent.

“Okay, okay,” kry Dick hulle aandag. “Fiona, jy bly vandag by Jo,” sê hy.

“No way, man, Dick. Dis die laaste dag. Dié outjie wil nie uitmis nie.” Sy vryf oor haar boep. Agt maande, maar onder ’n oversized weather gear outfit is dit amper onsigbaar.

“Martin, praat met haar,” sê Dick.

Martin Kgatla sit sy arm om haar skouer. “Van wanneer af luister sy vir my?”

Dick lig sy skouers. Die ergste is oor. “Staan nader,” sê hy.

“Bert en Jake en die ander stigters sal Meconites tot 10.00 in die nanopexmure rondom die dieretuin en in die Fort hou. Die kinders sal van 08.00 af in die dieretuin besig gehou word.”

“Diversiteitsentrum, Dick,” korrigeer Bert.

Dick snork. “Ja. Daai plek.” Hy beduie op die kaart. “Dís die laaste hoek wat ons vandag moet clear: die Discovery-woonbuurt.”

“Yay!” sê Brent.

“Dis meestal single en family units,” sê Dick. “Geboue gemiddeld vier verdiepings hoog. Brent en ek sal die biogasfasiliteite cover – baie nooks en hiding spots. Ylan, Ron en Fiona cover hierdie drie blokke: A, B, C. Natalie en Dirk hierdie drie: D, E, F. Martin en Gerwel hierdie twee: G en H.”

Die span knik.

“Die permanente nanopexmure sal tussen 10.00 en 18.00 opgaan. Ons sal op die dakke hiér en die tydelike uitkykpunte hiér en hiér gestasioneer wees tot dit klaar is. Hou julle Pulses dop vir verpligte breaks.”

Die span vat laaste slukke koffie en strap hulle belde en wapens vas.

“It’s dusty out there,” kom rapporteer Dirk.

MecSpecs word opgestoot en baadjies word oor gesigte toegezip. Martin druk vir Fiona en soen haar deur die deurskynende weather gear.

“Enough already,” sê Brent. “Waar’s die dae wat julle all secretive was?”

“It disappeared with this boep,” lag Fiona.

“Kom team, ons het vier ure en lots of ground to cover,” jaag Dick die laastes by die kombuis uit.

“Cover my vir die eerste ry cubicles,” sê Dick vir Brent.

Die biogasfasiliteit naaste aan die dieretuin is reeds geclear en hulle begin met die boonste verdieping van die verste een. Dick se Pulse vibreer. 07.57. Bert.

“Jis, Bert.”

“Als volgens plan?”

“No surprises. Behoort 10.00 klaar te wees.”

“Ek het nou net met die nuwe sign ups vir MecPols gemeet. Telling you, dis ’n moerse pad voor...”

Noodsein op Dick en Brent se Pulses.

“Praat weer, Bert,” sê Dick.

Dis Ylan.

“Ron and Fiona in trouble. I repeat: Ron and Fiona in trouble.”

“Waar’s julle?”

“Block C. I’m meeting you at north western entrance.”

Dick en Brent begin hardloop. Dis die blok langs die biogasfasiliteit.

“Ylan,” sê Dick in sy Pulse in. “Moenie vir Martin laat weet...”

“Sorry, already did. Code Dust.”

“Shit!” sê Brent.

“Waarmee sit ons?” vra Dick vir Ylan.

Hulle hurk onder die trappe wat opgaan na die res van die gebou.

“First corridor of this building that we checked out. Third floor. I was at top of stairs. Fiona and Ron were going into units – one covering bedroom and shower, one the rest. Shouted clear within 30 seconds. Not with fourth unit. I shouted Clear? – no answer. Not a peep. It’s been” – sy kyk op haar Pulse – “four minutes and I’ve been trying to connect with their Pulses ever since. Nothing.”

“Fuck, we’ve been slacking!” fluister Dick en kap met sy vuis teen die muur.

Martin en Gerwel kom in. Natalie en Dirk kort op hulle hakke.

“Wat de fok gaan aan?” vra Martin.

Dick ignoreer die vraag. “We have to play this right,” sê hy en kyk na Martin. “Hulle het nie vir ’n shootout gegaan nie, wat maybe beteken hulle soek iets. Ek en Brent sal opgaan en kyk of ons hulle kan kry om te onderhandel.”

Dick haal die kaart uit.

“Which unit?” vra hy vir Ylan.

Sy wys.

“Ylan and Martin, gaan na die flat exactly opposite, hiér. Wees net versigtig. Ons weet nie of die res van die gebou clear is nie. Ek sal vir Bert vra om die radar motion sensor te stuur. We have to use what we’ve got. Laat weet as daar ’n view is op wat aangaan.”

Hulle knik en beweeg.

“Natalie en Gerwel. Ek gaan twee MecPol teams laat kom. Vat elkeen een en clear eers die res van dié gebou en dan die units waarby julle teams nie uitgekóm het nie. Dié kan ’n decoy wees terwyl daar iewers anders iets broei.”

Hulle knik. Dick pulse vir Bert.

“Luister, Code Dust. Twee members in gevaar. Stuur twee MecPol teams en die radar motion sensor – my ouens sal hulle by ingang by temporary nanostructures meet. Ek stuur audio clip van ons plan. Check in oor vyf minute.” Hy swipe die Pulse en stuur die clip.

“Dirk, kry radar motion sensor by Bert en neem dit na Ylan en Martin. Take care everyone.”

Dick beweeg met die trap op, Brent agter hom. Hulle hurk agter die deur na die gang en loer in. Dis stil.

“Bly hier en cover my,” sê Dick.

Hy hardloop tot by die derde eenheid, check vinnig daardeur en gaan staan in die deur.

“I’m Dick Sweeney. I want to know if we can negotiate.”

“We will negotiate, but not with you,” sê ’n stem met ’n aksent wat Dick nie kan plaas nie. “We will negotiate with Jake Louw.”

Dit beteken hulle ken Meconium se strukture. Hulle weet wie mag het. They mean business.

“Can I give him a message so long?” vra Dick.

“Tell him people on a suicide mission have plenty of time to wait.”

“Can you confirm that my team members are okay?”

’n Oomblik se stilte.

“I’m fine,” roep Ron.

“Fe ... ine!” roep Fiona.

“That didn’t sound so good, Fiona. You realise you need your hostages alive?” sê Dick.

“Is it part of Meconium’s inhumanity to use pregnant women as soldiers?!” skree die stem.

Dick beduie vir Brent hy kom terug. “Fuck,” sê hy en beweeg ’n ent af met die trappe. “Ek dink Fiona het in labour gegaan.”

Hy pulse vir Bert en Jake.

“Fuckup. Two hostages. One pregnant and possibly in labour. One hostile male identified – foreign accent. Wants to negotiate with Jake.”

“Ons is reeds by ingang by temp nanostructure. Twee MecPol teams en radar motion sensor deployed,” antwoord Bert. “Jake?”

“Which block are you?” vra Jake.

“Block C.”

“I’ll be there in ten minutes. I’m going to get the nano roof up over the southern quadrant. Keep this quiet,” antwoord Jake.

Martin se stem klink edgy oor die Pulse: “Daar’s drie mense in die leefarea – al drie beweeg van tyd tot tyd, so probably nie Ron of Fiona. Die radar is te swak om beweging in die badkamer op te tel.”

“Martin, Fiona is okay, ek het met hulle gepraat – ek dink dis beter as jy by die Fort gaan help,” sê Dick.

“Is jy van jou fokken kop af? Ek gaan nêrens nie. En ek gaan in as daar ingegaan word.”

Dick het die antwoord verwag, maar hy moes ten minste probeer.

Bert en Jake kom met die trappe op.

“IT is on it, but so far the only signals coming from that room, is the two Pulses,” sê Jake.

“I’ll introduce you,” sê Dick.

“First we must get them to release or trade Fiona,” sê Jake.

Dick knik. ’n Trade? Hy haat trade-offs.

“Jo wag onder om Fiona te help as ons lucky is,” sê Bert.

Jake activate sy voice enhancer.

“Hello again,” sê Dick. “Jake Louw is here to negotiate.”

“Mr. Louw, what was you Western Cape ID number pre-Hardship?” vra die stem.

“2410060018081.”

“And do you think it is wise for a powerful organisation like Meconium to be lead by the blind?”

Jake blaas sy asem hoorbaar uit.

“Hierdie ouens het hulle huiswerk al pre-Hardskip gedoen,” fluister Dick.

“Listen, I would be more comfortable negotiating if you release the woman,” antwoord Jake oor sy voice enhancer.

“I would be more comfortable releasing her once you’ve met my demands,” kom die antwoord.

“How ’bout a trade?”

“I’ll think about it. In the meantime you should send the anti-nanopex formula to the captives’ Pulse devices.”

“Is that all you want?” vra Jake.

“That’s everything.”

“We can’t give them the formula, but we can pretend to and buy some time,” sê Jake waar hulle onder die trappe in ’n kring hurk.

Hy soek rond op sy Pulse.

“Ek gaan Prof. Williams laat weet om by sy lab in die Fort uit te kom. Bert, sal jy hom daar kry, brief en die new and improved formula bring?”

Bert knik.

“I’m going back up,” sê Dick.

10.09. Fiona se kreungeluide word duideliker.

“Fuck, that Prof is taking his time,” sê Brent.

“He must make it look believable,” sê Dick.

Jo kom by die trappe op.

“Hoe klink Fiona?” vra sy.

“Krampe meer op mekaar,” sê Dick.

“Ek’s bekommerd. Met al die stres wat sy met die swangerskap gehad het. Julle beter haar daar uitkry.”

Hy pulse vir Bert en Jake: “Hoe loop dinge? Die tyd raak min.”

“Ek’s op pad met die formule,” sê Bert.

“I’m staying at IT, but I’m sending my Pulse to talk through – the Pulses in their possession might tell them whose Pulses are around,” antwoord Jake. “We’re gonna try and trace the info as they send it from the Pulses.”

Dick steek sy arm met Jake se Pulse in die gang uit.

“We will send you the formula once you’ve released the woman,” sê Jake.

“We’ll trade her for another Meconite,” sê die man.

“A young man is going to come in with a trolley attached to a cord that we can use to pull the woman through the passage way. Then we’ll send the formula.”

Dick knik vir Martin. Sy kake kraak. Hy stoot ’n hospitaalbed tot voor die vierde deur. ’n Paar sekondes later sukkel Fiona op die bed en Dick en Brent trek die koord sodat die bed met swaai by die gang afkom. Fiona kreun en huil en probeer tussendeur asemhaal. Hulle help haar by die trappe af en sy klim langs Jo in ’n Smartzipper.

“Ons gaan hulle uitkry, Fiona,” sê Dick.

“Asseblief, Dick,” fluister sy. “Hulle het gepraat van mense wat die formule binne 20 minute kan verify.”

“Kon jy agterkom wie hulle is?”

Sy skud haar kop. “Dit het nie geklink of hulle mekaar goed ken nie – hulle praat Engels met verskillende aksente.”

’n Internasionale aanslag? In hierdie tye?

“Jake, dit klink of die aanslag dalk van oorsee is. Moet ons nie met die ander Meconium-takke probeer kontak maak nie?” sê hy in sy Pulse.

“No, the embargo on communication will not be broken. We have to deal with it ourselves.”

“Nou moet ons move,” sê Dick. Almal involved is op hulle Pulses. “Die formula is gestuur en hulle is dalk reeds besig om dit uit te send. Kan IT iets optel?”

“No, nothing so far,” sê Jake.

“Right, the plan: Martin knows he and Ron have to stay in the bathroom if they can,” sê Dick.

“Dick, one of the perps is not in die living room anymore. Just saying.” Dis Ylan.

“Well, this is still our best shot to get them out alive. Ylan and Dirk will shoot at the guys in the living room. The rest of us will enter through the corridor. Wait for us to reach the third unit.”

“Go,” sê Dick.

Glas breek. Skote klap. Hy bars deur die unit se deur, sy vinger op die sneller. In die leefarea is twee ouens plat. In die badkamer lê Martin in ’n plas bloed, Ron stoei met die derde perp. Dick haal sy lasergeweer uit en mik dit na die vreemdeling se kop.

“Send in the medics,” sê hy oor sy Pulse vir Bert.

Die vreemdeling se greep verslap en hy gryp sy kop vas. Dick gooi vir Ron die boeie en buk by Martin. Sy oë is oop, maar die bloed is baie.

“Klou, Martin,” sê hy.

Martin se oë val toe. Die medics wil inkom. Dick maak plek. In die leefarea staan Brent by die een lyk.

“Neither made it,” sê hy. “Martin okay?”

“Don’t know,” sê Dick.

Hy hou sy oë op die badkamerdeur. ’n Medic kom uit. Hy skud sy kop.

“Too late,” sê hy.

Dick staan met die kind in sy arms. ’n Seun. ’n Weeskind. Op een dag is hy gebore en hy’t albei sy ouers verloor. ’n Klein revolusie.

“Sal jy na hom kyk, Jo?” vra hy.

“Ja. So het dit gekom.”

“Daar’s tien weeskinders van lojale Meconites wat die afgelope maande dood is. Jake praat van ’n Independent Growing-plek waar daar na hulle gekyk word. Dalk sien jy kans?”

“Is dit Bert wat jou opgesteek het? Is dit sy manier om my in Meconium te probeer kry?” vra Jo.

“Nee.” Hy’t die verkeerde tyd gekies.

“Ek is en bly ’n Hardekraler, Dick. Die Hardskip, al hierdie dinge” – sy waai haar hand in die lug, maar sy kyk na die baba – “het my oortuiging sterker gemaak dat Meconium nooit my tuiste sal wees nie.”

“Wat sal ons hom noem?” vra Dick.

“Hulle het klaar besluit. Vir ’n seun: Foos.”

“Foos,” herhaal Dick. Hy het nog nooit ’n baba vasgehou nie. “Dis vreemd.”

“Die kind het gekom omdat hulle voos was van veg en oop was vir nuwe lig.”

“Mense laai name te swaar,” sê hy.

Jo vat die baba om hom neer te sit.

“Sal jy weet, Dick Trick, sal jy weet.”

Hoofstuk 5

Bloed. Die hond se dood in haar neus – dis haar eerste vatplek aan die wakkerte. Haar heupbeen en die sementvloer voel soos een en haar slukke stamp. Sy steek haar kop by die driehoek tussen die tenkmuur en die silwerseil uit. Die lug begin wit al net bo die tenkwal. Sy trek haar rugsak saam met haar tot buite die skuiling, vat ’n paar slukke water en vroetel tot sy die pilhouer kry. Enige reuk sal help. Enige reuk wat die herinnering aan die hond sal uitdoof. *Ocean*. Parfuum wat haar ouma gebuit het. Sy voel ver van haar ouma se Ampie, maar sy voel vir die eerste keer in ’n lang tyd ná aan haar ouma: só moes haar ouma ook vlug en oorleef. Haar verliese het net anders gelyk: haar landskap, haar man. Het sy ooit haar innebor verloor? Amper weet nie of haar eie of Wakinyan se verraad haar die ergste gaan ry nie. Haar bors is ’n ghaapbos. Is die saadboek iewers in Meconium? Sy haal die plastiekhouer uit en kry ’n blaai reg. Sy ruik aan die Ocean en pomp haar tongbrein in haar vuiste: *Raphionacme burkei* – *BI*. *Bietjie was ’n kind van vele buitekante: meestal ’n wipgat skreefoog kind, maar soms ’n likkewaan, soms ’n witkruisarend en soms ’n bakoorkakkals. Wie sou kon dink dat Bietjie se wipgaai die sappigste Bi-boude sou maak?*

Sy lees dit. Dis die eerste en die laaste sin. Waar is die res?

“Hou jy dagboek?” vra Foos.

Hy’t aan die ander kant uitgekome en lyk verleë oor sy al op is.

“Nee,” is al wat sy sê. Wat sy hom iets kan terugvra, sal sy dalk sê.

In ’n lokval wat die Hardekralers daar los, kry Foos nege sprinkane. Hulle lyk al oud-dood, maar hy sê dis nog orraait. Sy kry fyn grassies en ’n paar takke en hy lê ’n sinkplaat skuins teen die muur neer en kry ’n vuur aan die gang. Met sy mes hou hy die sprinkane een vir een in die vlamme.

“Wie is die Hardekralers nou eintlik?” vra Amper. Sy wil weet wie Mevrouw Jafta is.

“Ek weet nie regtig nie. MaJo – sy maak die kinders wat sonouers is, groot – sý is ’n Hardekraller.”

“Ek het haar ontmoet.”

“Hulle leef baie na aan die aarde. Meconium beskerm hulle – in ruil moet hulle saadvoorrade en kennis deel.”

“En hoe het hulle geweet dat ek gevang is?”

“Baie MecSecs is Hardekralers. En majoërs. Hulle vind uit.”

“Gister – was jy in Hardekraal toe jy vir Mevrouw Jafta gesien het?”

“Nee, sy en Ma’Jo was nog in Meconium, op pad van Obees af terug Hardekraal toe.”

“Obees?”

“Dis wat die mense die vette noem en dis deur hom wat Mevrouw Jafta jou uitgekry het.”

“Wie is hy?”

“’n Relic. Vir ’n Mec-kind is ’n sighting van Obees lerker as ’n Class 1-vonds op ’n Find It First-mission. Hy’t BioGrands vir elke begeerte en baie vir skaars saad.”

Amper raak koud.

“Ek het meeste van die saad ingesluk.”

Hy sit die laaste sprinkaan in sy mond.

“Dink jy hulle sal ons agtervolg?”

“Ek twyfel.”

“Of vir Mevrouw Jafta...”

Hy lig sy skouers. “Sal okay wees.”

Hy begin die vuur blus. Sprinkaanderms. Verbrande fossiele. Sy begin verwoed torring aan ’n poot wat in die gaping tussen haar voortande vassit.

“Hey,” sê Foos. Hy maak die dooie vuurhoutjie met sy mes skerp en gee dit vir haar. Sy sien die ou vrou in Sias se bakkie met die kwyl teen haar wang. Nee, dink sy, die ou vrou het ’n vallei vol kief agter haar en twee kasteroliesade vir oë.

“Wat weet jy van die sewe susters van saad?” vra Foos.

“Niks nie,” sê sy. “Daar’s ’n storie...”

“Die storie van die skilpadsout?” onderbreek hy haar.

“Ja.” Sy’s verbaas. “Ken jy dit?”

Hy knik.

“Is MaJo en jou Mevrouw Jafta deel van die sewe susters van saad?”

“Ek weet nie.”

Hy glo haar nie. Sy kan dit sien.

“Het jy niks meer saad op jou nie?” vra hy.

“Nee. Jy’t die laastes uitgegooi.” Haar stem styg.

Hy lig sy skouers.

“MaJo het gesê ek moet ’n kosbare vessel saad eskort, so ek wonder maar net.”

“Sy moes gepraat het van dies wat ek ingesluk en jy uitgegooi het.”

Sy gooi die vuurhoutjie dat hy doer trek.

Buite die tenk is net nog tenke en stukke van die ooptes waar hulle gisternag vandaan gekom het. Foos staan nie rond nie. In die loop sit hy sy bril op en rits die kappie van sy baadjie aan die deurskynende voorpant vas. Sy volg sy voorbeeld al sukkel dit oor haar dreads – die winterson ken nie sy seisoen nie. ’n Soort van spies hang aan ’n toulus oor Foos se skouer. Die stok moes hy in die tenk gekry het – sy’t hom die vorige nag hoor vroetel nadat sy al gaan lê het. Die lem is klein en verroes met ’n skerp punt. Hulle bly langs die ruïnes van ’n pad, maar tussen die groeisels. Sy soek na goed wat sy ken – iets waarvan daar ’n blaar-, tak- of saadmonster in die saadboek was. Die omgewing marsjeer soos rye soldate deur haar neus, oë en ore. Waar die pad doodloop, wys Foos dat hulle nader aan die geboue moet gaan.

“Die grootpad is nie ver nie,” sê hy, senuwees in sy stem.

Hy stop haar by ’n kruispad.

“Daar’s die pad. Hierdie kant van die tenke.”

Sy sien nie die pad nie, net die vorige nag se tenke, asof hulle in ’n sirkel geloop het. Hy stap oor ’n kol fyn wit sand, maar waar die grond weer harder raak, begin hy draf. Sy wil hom keer, maar haar lyf val in. Op dae wat dit soveel moeite is om die son in te asem, is dit soms die enigste manier om nie in slowmo te gaan nie. Op die wal na die pad gaan lê Foos vir ’n oomblik. Hy kyk links en regs. Aan die oorkant van die pad sit die seemeue soos wit skuimkringe om die tenkrande. Van hulle duik uit die lug die tenke in.

“Ons hou weg van die tenke,” sê Foos. “Dié kant,” beduie hy.

Hulle klouter op en oor die korsrige swart pad – Amper kyk nie links of regs nie – en begin weer draf. Die 20 meter tussen hulle en die tenke is soos niks vir die reuk van dooiwater nie.

“Wat dink jy?” vra sy vir Foos wanneer hy stop en agtertoe kyk.

“In die tenke?”

“Ja.”

“Dalk diere,” sê hy, maar die hoek tussen sy wangbene en wenkbroue sê iets anders.

Hy begin weer draf. Amper sien die drie saadsoekers opgeblaas op troebel reënwater in die tenk dryf; hulle oë is uitgepik en hulle tande wys al soos wat die wangvleisies geaas is. Dis die enigste lyke wat sy ken. Van die ander dooies het sy net gehoor.

Hulle gaan oor nog ’n pad, maar waar hulle oorsteek is dit nou ’n donga.

“Ek dink ons moet stap,” sê Amper.

“Kom ons rus.”

Sy volg hom deur die vensteropening van 'n klein een-vertrek-gebou wat op die hoek van 'n groot stuk oop grond staan. Die vloer is vergroei en Foos spring 'n paar keer op en af. 'n Skerpioen skarrel onder 'n ander bos in.

“Een stafie en 'n koppie se water,” sê Foos.

Hulle sit rug teen rug op 'n krat.

“So jy weet iets van ... oorlewing?” vra sy.

“Ons het 'n paar klasse gehad.”

“Ek ken die prente van baie veldkos,” sê sy sarkasties maar kry spyt. “Ek bedoel nie...”

Hy lag. Om dit te sien staan sy op en loop om. Sy mond gaan wyd oop. Die tande is gelerig, maar beter as meeste mense op Kieffmor s'n. Witter as hare. Sy lippe verdwyn nie in die lag nie. Sy voel hoe haar eie mond trek en haar wange bol. Verleë gaan sit sy en kou die stafie klaar.

Die pad lê dynserig voor hulle wanneer hulle weer aan die gang kom. Nog nooit was sy so na aan die see nie.

“Daai woonbuurt is te groot en die paaie maak nie oral blokke nie. Kom ons bly in die pad,” sê Foos en wys vorentoe. Hy het nie weer begin draf nie. Die son se plat pad trek die lyfwater uit jou uit.

Hulle sien die bus van ver af. Dwars oor die pad. Net anderkant die begin van die geboue. Foos wys hulle moet 'n ompad vat. By 'n erf met 'n draadheining wat plat lê, gaan hulle van die pad af. In die agteryard lê twee halwe motorbande op die grond onder 'n galg. Die lus is leeg, maar Amper stap vinniger. Waar die bus weer deur die geboue sigbaar raak, sien hulle die graffiti. R27 is op 'n paar plekke gevef. Skaatsplanke en skedels tussendeur. Meestal rooi, swart en wit.

“Wat beteken dit?” vra Amper.

Foos lig sy skouers, maar hy loop vinniger. Hy loer by elke venster in. Op die hoek van 'n blok staan 'n dubbelverdieping twee erwe vol. By die agterdeur hang 'n halwe konsertina deur aan 'n laaste skarnier.

“Ek gaan kyk,” sê hy.

Amper loop agterna. Die eerste vertrek is die kombuis. Die laaie lê oral op die vloer en Foos kyk nie rond nie. Hy stap met die gang af na 'n draaitrap waarvan daar nog net die ysterraamwerk oor is. Sy wag totdat hy bo is voordat sy dit soos 'n leër begin klim. Op die boonste verdieping kry sy hom in die groot slaapkamer. 'n Klein yskassie staan oop en leë drankbottels lê rond. Hy gaan deur die laaie. Sy begin die kaste oopmaak. Daar hang 'n enkele rok in die een: 'n swart blinke met growwe tekstuur, vormloos gevreet. In die tweede is daar 'n ketel en twee koppies met wat lyk soos dooie skrens langs

die ore. Sy tel die een op en druk op die swart skren. Vir 'n oomblik flits 'n foto van 'n laggende vrou met twee dogters weerskante van haar op die skren, vrek weer dadelik. Foos bevoel die oppervlaktes rondom die ketel. Sy sien hoe sy vingers aan iets haak en 'n klein laai wat nie van voor af sigbaar is nie, gaan oop. Daarin kry hy 'n skerp spiraalading, 'n blikooper soos die een wat haar ouma gehad het, 'n klein geriffelde mes en iets wat soos 'n miniatuur swaard lyk. Hy gaan sit op die vloer en begin om die spiraalading en geriffelde mes se handvatsels af te haal. Kort-kort hou hy dit na aan sy spiespunt. Sy kyk rond. Al wapen wat sy ken is die fluitjie, maar op Kiefmor het sy gehoor van mense wat in die tentedorp gebottel is. Sy tel twee gebreekte bottelkoppe op. Wanneer Foos opstaan, ruk sy die swart rok van die hanger af, draai die bottelkoppe daarin toe en prop dit bo-op alles in haar rugsak.

'n Hele ent anderkant die bus steek hulle die pad oor. Sy kyk terug. Net die R27 in groot letters is nog sigbaar. Foos sê hulle moet met 'n pad parallel aan die groter een langs loop, maar op die erwe probeer bly. Die woonbuurt het bome ook, maar veral bosse en huise, meestal sonder dakke, maar nog te hoog vir ver sien. Al die inwagplekke maak dat hulle baie stop, luister. Hulle praat nog minder.

Dis 'n reuk wat haar dieper 'n hoekerf invat. Langs die huis groei 'n wildekanferbos.

“Kom kyk,” roep sy vir Foos.

Aan die rant van die boom, maar steeds beskut deur die blare, staan 'n leer teen die muur. Terwyl hy opklim, pluk sy van die blare en bas en druk dit in haar rugsak se kantsak. Dit ruik soos dood, maar soos lewe na die dood.

“Daar's 'n toringgebou vorentoe. In daai straat moet ons regs en regs hou totdat ons noord van 'n majest ruïn by die see kan uitkom.”

Tussen reguitson en sonsak beweeg hulle 200 meter noord van die massiewe konstruksie verby. Behalwe dat dit drie keer hoër as die ander geboue is, verbreek dit die groen en grys van die woonbuurt. Weer in swart, wit en rooi: R27 op 'n paar plekke.

“Dis die laaste grootpad voor die see,” sê Foos.

Hulle hou al met 'n strook bebosheid langs wat weer verder van die pad af kronkel. Dis meestal turksvye en dieper in sien Amper 'n strook waarvan dele met plastiëksakke toegeknoop is. Agter 'n plat, lang gebou begin Foos weer nader aan die pad beweeg. Hy kyk deur die vensters, voel aan die deur. Hulle staan lank en luister. Sy moet eers langs die gebou wag, wys hy. Hy beweeg deur die ruigtes tot waar 'n mens die pad na albei kante kan bekyk. Soos wat hy uit sy hurkposisie opkom en

haar nader wink, kom 'n suisgeluid uit die noorde. Dit klink soos die see wat nader kom. Foos val plat en sy sien dit ook. Aan die voorpunt van 'n stofwolk ry vier ouens op skaatsplanke. Agter hulle is nog 'n stuk of 20. Almal is bebaard en rooi maskerserpe bedek die koppe van die neus af boontoe, met 'n reghoek uitgesny oor die oë. Hulle het stofwit langbroeke en langmouhemde aan. Op die bors is 'n sirkel met iets daarin geskryf en op die heupe blink wapens uit die arsenaal van mopgaaie. Die eenderse hoeke tussen uitgestrekte arms en pad, bobene en kuite gee grasie aan die dans tussen die makeshift vaartuie en die stamperige pad. In die stofwolke rondom die wiede lyk dit of die hele padskip gaan opstyg. Amper se voet begin kramp. Sy wag tot die laaste skaatsplank verby is voordat sy regop kom om daarop te trap. Haar oë soek na Foos, maar vind 'n agterryer wat trap om weer spoed op te bou. Die bo-lip is opgetrek en die mond donker behalwe vir twee voortande wat nog net-net by die tandvleis uitsteek. Alles gebeur in slowmo.

Foos waai vir haar dat sy kan kom. Die skater pyl op hom af met die vreugde van nuwe haat op sy gesig. Sy wil skree, maar dink aan die army net 'n ent verder. Sy beduie en Foos kyk op net soos wat die skater van die pad af gaan en deur die lug trek. Dit lyk of hy Foos teen die bors gaan tref, maar net betyds val Foos teen die wal terug. Die skater land op sy wiede en ruk die plank – sonder dat oë dit kan volg – sywaarts om te breek. Amper begin haar kappie losrits en afhaal. Die skater se mond bly groot oop en sy tong beweeg koggelrig onder die stomp tande.

“Hêghêghê,” lag hy. Die klank is krakerig, maar hoog vir die grootte van sy lyf. Hy's ten minste 'n kop langer as Foos. Wanneer Foos opkom, kruis die skater sy arms om sy middel en ruk swierig 'n kort swaard en 'n stekelrige bal aan 'n kort ketting uit. Foos sukkel om die spiestou van sy arm af te kry. Hy hardloop na die huis, maar na die ander kant sodat die skater nie meer in Amper se rigting kyk nie.

Sonder om af te kyk, kry sy die fluitjie van haar belt af en hou dit met haar mond vas. Sy buk en haal diep asem om haar hande beheer te gee. Die blikkie ruik na veld en niks meer nie. Sy haal 'n dart uit haar hare, doop dit in die salf en sit dit in die fluitjie, versigtig om nie van die gif te laat afkom waar sy dit in haar mond gaan sit nie.

Om die hoek van die huis is daar geen teken van Foos en die skater nie. Sy gaan by die voordeurgat in. Gehurk en met die muur langs loop sy na die syvenster. 'n Bolling mens tussen die ruigtes. Tien meter ver. Die twee mans is so op mekaar en laag af dat Amper nie kan sien of een al bloed getrek het nie. Dan sien sy Foos se spies eenkant lê. Die skater kom boontoe met sy rug na haar. Sy sit die fluitjie in

haar mond, haal die doppie voorop af. Elmboë op die vensterbank. Haar hande bewe. Die skater kantel weer. Iets blink in die bolling. Amper verwens haar onseker hande en traagheid om te oefen na haar ouma se dood. Met sy hand om Foos se keel kom die skater bo-op Foos se bolyf te lande. Dié keer met sy gesig na haar. Amper hoop dat haar kop en bolyf só is dat die weerkaatsing van die stuk oorblywende venster dit in die agtergrond versplinter. Dit lyk nie of daar beweging onder die skater is nie. Hy gebruik sy los hand om sy swaard van die grond af op te tel. Amper verskuif sodat sy kan mik. Die beweging laat hom opkyk. Fe-oeiiiiii, fluit sy.

Fok! Waar skouer en nek bymekaarkom, moes dit net gemis het. Hy laat los Foos se keel en voel met sy hand na sy nek.

“Ghêghêghê,” lag hy en staan op.

Amper sak neer op die vloer. Haar hande bewe so dat sy nie die tweede dart gevat kry nie. Dit val langs haar op die grond en sy begin met die blikkie sukkel. In die vensteropening regs van haar verskyn die skater op sy hurke. Hy spring na binne. Sy kom regop. Hy moet die vrees in haar oë kan sien en lag weer. Sy staan stil teen die muur en wag. Op sy bors is die sirkel ’n ronde gat: R27 staan dit getatoeër. Hy kom tot teen haar en druk sy onderlyf teen hare. In die stoeiery met Foos het sy masker afgekom. Die merke van ou en nuwe sonwonde en stofpokke lê rooi en ontsteek tussen sy baard en haarlyn. Hy leun nader en bring sy mond tot by haar oor.

“You will be the purest whore the R27 has delivered to us,” fluister hy.

Die reuk van etter slaan saam met sy hare teen haar neus vas. Sy probeer dit inhou, maar sy nies. Die slierte waai weg en voordat dit terugkom, sien sy die plastiekent van haar dart in die sagte nekvleis skuins agter sy oor. Sy kyk oor sy skouer en trek haar asem skerp in. Hy kyk om en sy lig haar regterknie so hard as wat sy kan in sy eiers in, begin voordeur toe hardloop terwyl hy dubbelvou. Hoe meer hy beweeg, hoe beter. Sonder om te kyk of hy kom, hardloop sy na waar Foos se spies lê. Sy gryp dit in die hardloop en draai dan eers om. Geen skater nie. Met die vensteropening twee meter van haar af, kyk sy na binne. Hy’s nie daar nie. Stadig begin sy terugstap soos wat sy gekom het, maar ’n ent verder van die muur af, vir ingeval hy om die hoek wag.

Hy is nie ver van die deuropening af nie. Nog op sy voete, maar met sy hande wat teen ’n onsigbare muur druk om sy balans te behou. Hy wieg vorentoe en agtertoe. Amper draai om en hardloop na waar Foos lê. Eers die fokken kappie afhaal – haar vingers sukkel met die rits. Daar’s ’n pols in sy nek. Die

wond aan sy kop lyk diep en bloei erg. Sy vat 'n bietjie water in haar mond en spoeg dit by syne in. Hy begin verstik en sy draai hom op sy sy.

“Foos,” sê sy. “Foos, ons beter move.”

Wanneer hy die eerste keer regop kom, verloor hy weer sy bewussyn. Mondvol water in sy mond. Dié keer hou sy sy kop vas toe hy opkom en sy hou die bottel sodat hy kan drink.

“Ons sal moet move,” sê sy. “Waar's jou rugsak?”

Hy kyk rond. Sy sien dit 'n paar meter pad se kant toe lê. Met 'n paar stukkie gaas uit sy noodhulpsakkie en sy ekstra paar sokkies probeer sy die wond toemaak. Sy sny repe van die swart rok af en prakseer 'n kopverband so stewig as wat sy kan.

“Wat het gebeur?” vra hy.

“Die skater is aan't vrek,” sê sy.

Hy kyk op na haar. Sy oë trek skrefies.

“Ons moet move. Later kyk ek ordentlik na die wond.”

Sy help hom op. Sy tel die spies en die skater se swaard op. Die ketting-ding los sy oor dit swaar is.

“Ons sal stadig loop,” sê sy.

“Ek's lerk,” sê hy, maar sy glo hom nie.

Die skater lê en ruk. Sy oë is omgedop en daar's skuim om sy mond. Amper trap sy kop na links en buk om die dart uit te ruk. Hulle stap aan deur die ruigtes en oor die pad. Nou's sy die een wat rondkyk. Die spies is Foos se kruk.

Dis skemer en sy kan al die see proe wanneer hulle na stroke murasies by 'n stuk onbeboude grond aankom. Sy sien 'n melkhoutboom bo die kleiner bome en struik uitsteek.

“Soontoe vir die nag?” vra sy, maar sonder om vir 'n antwoord te wag.

Hy gaan sit teen die boom en haal 'n bottel water uit. Sy stop hom eers 'n paar slukke nadat hy moes ophou. Sy drink minder as waarna haar lyf vra en nadat sy haar handskoene uitgetrek het, was sy haar hande met seep en 'n paar druppels water.

Hy beloer haar terwyl sy in sy sak krap.

“Ek soek die noodhulp.”

Die wond het ophou bloei.

“Kon dieper gewees het,” sê sy. “Byt hierop.” Sy gee vir hom 'n stuk melkhoutbas.

Die alkohol loop oor die wond en met sy voorkop af. Hy beweeg nie. Sy sit anti-septiese salf in en dan drup-drup sy die superglue daarin en druk die wond toe. Nog anti-septiese salf bo-op. Dié keer verbind sy die storie beter met verband en 'n haakspeld.

Sy pluk van die melkhoutbessies en gee vir hom daarvan. Aan die kant van die boom waar die takke die laagste hang, hark sy die grond skoon.

“Jy sal onder moet slaap,” sê sy. “Gee die wapens aan.”

Sy klim op om die spies en swaard aan te vat en hoër op in 'n mik te bête. Dan klim sy weer af en help hom om 'n silwer kombers om hom te draai. Hy gaan lê dadelik.

Die nag se omdraai is nog ver oos en Amper sien op. Noudat sy stilsit, kom neuk die skater se songepikte gesig en omgedopte oë heeltyd vorentoe. Reuk van doodskuim. Sy voel nie skuldig nie. Sy is skytbang. Wat as die volgende keer mis is? Sy trek diep aan die seelug en soek die dread met die silwer ring, sit dit in haar mond. Haar ma se trouing. Vir die soveelste keer voel sy na die fluitjie aan haar belt en skuif die plastiekhouer op haar rugsak reg. Sy ruik aan die pilhouer se onderste ry se tweede “S”: Kakao. Saam met die seelug verdoof dit die doodskuim. Sy skryf:

Sutherlandia frutescens – kankerbos, blaasgans, hoenderkokkenennetjie. Die blaasbossie bête sy saad én sy asem in die peulvrugte wat aan sy takke ratel. Haar reis huis toe was 'n geveg met die nie-saad. “Prammara, jy moet die vlakmense hier uitlei. Die tye gaan tongloos voortsleep.” Toe nog net die Bi se bitterlywe oor was, was haar hond se tong die skadu van 'n waterval waarvan daar nog 'n skadu op die grond geval het.

Sy klim af en skud aan Foos, maar keer hom voordat hy kan regop kom.

“Ek wou net kyk of jy nog wakker raak,” sê sy.

Sy pie aan die anderkant van die boom. Sy skat dit nie meer as 30 ml nie, maar dit klink soos 'n reënbus wat die droogte wil breek.

Dié keer maak sy haar een been met Foos se tou aan die boom vas. Sy eet bessies om wakker te bly maar die moegheid kom met die kraak van die branders nader. Ondergrondse water en 'n leerhoed. Sy mis vir Wakinyan. Sagte, olierige hare waaruit sy die stof gekam het. As hy nou vir haar die saadboek gee en sê dat hy moes teruggaan sodat sy kind nie soos hulle twee vaderloos grootword nie, sal sy hom vergewe en vir altyd na hom verlang. Sy lees nie weer oor haar skryfsel nie – dit sal nie sin maak nie. Sy weet nie hoekom sy nog probeer nie. In die middel van die nag word sy wakker van Noag wat onder

die boom staan en blaf. Sy word regtig wakker wanneer sy hardop sê: “Nie nou nie, Noag.” Daarna slaap sy nog onrustiger.

Hoofstuk 6

Sy is verward. Die smaak van stof is op haar tong, maar die winkel was nou net wit van die son se gluur. Haar ouma het 'n blinkoog teen die muur rondgejaag en sy moes mik en skiet, totdat die dart eers sy stert en daarna sy kop deurboor het. Die blinkoog raak Noag. Noag raak die skater en skuld word vrees. Sy maak die tou los en klim af. Vuurstof. Soos vlamme deur die warm wind aangewaai. Daar kom asem by Foos se neus uit, maar hy't nie sy asemhaalgoed in nie – sy kan hom nie meer lank laat slaap nie. Sy voel of die wapens nog in die mik is en gaan deur alles: sy't net minder as twee liter water oor; twee Staple-stafies en twee en 'n halwe hempklompe; ses darts. Dies wat in die leerlap oor is, druk sy ook in haar dreads.

“Ampersand?”

“Hoe voel jy?” vra sy terwyl sy afklim.

“Beter. My MecBreaths...” Hy begin hoes.

In sy rugsak is daar net meer as drie liter water. Ses Staple-stafies. Voor hulle loop, eet hulle soveel melkhoutbessies as wat hulle kan en Amper maak haar kantsak vol.

“See toe,” sê hy.

“Was jy al daar?”

Hy skud sy kop. Dis dan so naby, wil sy sê, maar sy sluk haar woorde: dis etter ver van Meconium.

Die see is 'n teleurstelling anderkant die stof. Foos sê hulle moet eerder op die pad bly terwyl die sig so sleg is. Die helfte van die pad is weggevreet. Plek-plek is daar niks pad oor nie. Hulle loop dan teenaan die hoë torings waar die seewier en –slakke tot halflyf teen die mure vasklou. Wanneer val die res van die torings? Net voor die middag spoel die hoogwater branders om hulle enkels en dit voel later asof die water nie gaan ophou styg nie.

“Pasop vir jellievisse,” sê Foos. Hy stoot een met sy spies van hom af weg.

“Kan ons nie maar verder van die see af stap nie?”

“Nee, hier is ons kans om iemand raak te loop minder.”

Haar voete is swaar en koud en begin op plekke skaaf.

“Ons slaap vannag waar die huise weer begin,” sê Foos wanneer dit lyk of hulle vir eers die stad agtergelaat het.

“Sal ons kan sien?” vra Amper. Sy’s geïrriteerd omdat hy nou weer in beheer is. En die sekerte van gevaar en onsekerte van wanneer hulle dit gaan inhaal, voel soos ’n blinkoog agter haar oë.

Eers raak dit rotserig teenaan die strand en die pad swaai verder weg van die see. Geleidelik stap hulle weer nader. Die strand raak breër en dit lyk of die son van die water saam met hom agter die horistof ingetrek het. Amper trek haar skoene uit en gaan af na die sand. Foos volg haar. Sy begin hardloop. *Carpobrotus edulis – sour fig, suurvy, ghaukum*. Sy hardloop totdat haar bors brand. *Ghaukum was ’n visterman. Langs die Weskus het hy harders getrek*. Sy kan nie meer vir Foos agter haar sien nie. *Hy was ’n knewel van ’n man en taai, maar sy hart was anemonerig*. Sy val op haar knieë en die oggend se bessies kruip stadig by haar keel op. *Al wat hy ooit in sy hart gevang het, en al wat hy ooit wou vang, was Marja met die soutwimpers en die seewrak in haar oë*. Die klank van een wat gewurg word kom by haar uit. Een rukking bring alles op. Sy lê plat wanneer Foos by haar kom.

“Ons kan stop as ons nou ’n plek sien vir die nag,” sê hy. “Dit sal nagenoeg wees aan waar ons land-in moet gaan.”

’n Ent verder kry hulle ’n halwe bootjie en sleep dit na waar daar ’n holte onder die pad ingekalf is.

“Ons moet langs mekaar lê. Een Mylar,” sê Foos.

Elkeen grawe ’n lêplek voordat hy die ander silwer kombes prakseer om die skuiling toe te maak. Wat sy sien hy het die bloedtaai sokkies van die vorige dag aan, is sy nie meer vies vir hom nie.

“Sal jy vir my op die kaart wys hoe ons moet loop?” vra sy.

Hy wys die bakens wat dalk nog daar kan wees, beduie waar hulle moet links of regs. Nie een van hulle sê iets van inventaris nie – die water en kos wat minder raak, is die sekerste van die gevare. Wanneer Foos sy liggie afsit, draai Amper op haar maag met die plastiekhouer tussen die blaai en die klam sand. *Carpobrotus edulis – sour fig, suurvy, ghaukum. Visterman. Marja*. Sy sit die potlood saam met ’n dread in haar mond, maar sonder hoop op nog ’n woord of flenter ... Die potlood se stompkant tref haar verhemelte en sy ruk wakker. *Vir ’n plantgod is hy te mensrig: om hom so van ’n sawwe hart te laat staan en moeg maak*. Sy skryf dit neer en voel effe meer gerus om haar kop op die rugsak neer te sit.

Die koue maak haar in die middel van die nag wakker. Sy skuif met haar rug nader aan Foos s’n en probeer om die silwer laken stywer om haar lyf te trek. Later praat hy in sy slaap en sy kan dit nie meer hou nie en draai om sodat haar gesig en voorlyf teen hom warmer kan word. Sy verbeel haar dis Wakinyan en dat Noag by hulle voete lê.

“Wat skryf jy neer?” vra Foos.

Sy’t die plastiekhouer uitgehaal om die res van haar goed beter te pak.

“My ouma se saadstories. Die boek het weggeraak ... dis gesteel.” *Wakinyan*, maar sy los die gedagte.

“Jy’t in jou slaap gepraat,” sê sy.

“O.”

Hy’t oor die skrywery gevra, so sy wil ook iets weet.

“Wie’s Julie?”

“’n Vriendin.”

Hulle vou die lakens op en as hulle weer die punte na mekaar toe bring, lyk dit of net die wit van sy oë agter die bril oorgebly het.

“Hoe voel jou kop?”

“Lerk,” sê hy. “Jy’t ’n goeie job gedoen.”

Die skoene is nog diepklam toe hulle dit heel laaste aantrek.

“Kan ons eers op die sand bly?” vra sy.

“Nee. Ons moet land-in.”

Die wind het gaan lê. Hangstof. Die see lyk donkerbruin en skuimerig. Hulle klim op die halwe pad en begin aanstap.

“My ouma het gesê. Die lewe is een lang string verliese. Sodat mens lig word om saam met die gooie te dans.”

“Wie’s die gooie?”

“Hulle is. Hulle is die amper-gode.” Sy bly stil. “Jy moet iets kry om jou weer swaar te maak.”

Hy swaai sy kop na haar.

“Ek is nie deur daai massive goods uitgeslaan omdat ek wóú hê hy moet my doodmaak nie.”

Amper skrik vir sy stem. Hy dink sy wou hom klein maak.

“Dis nie. Ek bedoel nie. Ek praat van. Ek het gedog die Julie ... het jou dalk lig gemaak. Jou oë het vanmôre lig gelyk.”

“En jy? Ek dog jy’t al jou saad verloor.”

Dan het Mev. Jafta niks oor *Wakinyan* of Noag gesê nie.

“Hoe’s jy ’n ekspert in swaarwees?” vra Foos.

“Ek het die stories.”

Hy snork. “Sorry,” sê hy dan.

“Ek sê nie dis waar nie. My ouma het geglo: as die stories oorvertel word, sal die sade dit maak.”

“Dis mooi,” sê hy, “maar jy klink oud as jy so praat.”

“Ek sê nie dis waar nie. Ek moet gaan pie.”

Sy loop ’n ent weg. Wat weet hy van haar en haar ouma en die saadstories? Wat weet hy van oudklink? Sy trek haar broek af en hurk agter ’n bos. Haar lyf maak nat. Haar lyf gaan oop. Haar lyf bemes. Saad-skie-ter, saad-skie-ter, saad-skie-ter, sing sy terwyl sy haar bekkenspiere afdruk.

Die buurt waarby hulle uitkom se buitemure is twee verdiepings hoog. By die ingang is ’n paar letters nog teen die muur vasgebout: lantic beach olf esta. Binne lyk die geboue beter en nuwer as dies wat hulle al gesien het. Amper gaan staan.

“Dink jy hier bly nog mense?” vra sy.

Foos kyk rond.

“Twyfel,” sê hy.

“Daar’s baie vensters,” sê sy. Baie daarvan is donkerbruin. Mens kan niks daardeur sien nie.

“Kom. As hier mense is, is hulle banger vir ons.”

Hy druk nie meer op die spies nie, maar haal dit nou van sy skouer af en dra dit in sy hand. Die swaard – wat hy ook aan ’n lus gesit het – hang agter hom. Op ’n hoek kom hulle by ’n groot winkel. Daar’s dik kettings om die handvatsels van die dubbeldeur, maar al die vensters is uitgeslaan. Leë rakke staan regop en in rye. Dis té netjies. Dit laat haar ingewande bolling trek.

“Daar’s ’n djim,” sê Foos. Hy wys na die tweede verdieping en stap om die gebou. “Kom,” roep hy.

Met trappe op. Vreemde goeters. Sy weet nie wat ’n djim is nie en sy wil nie vra nie. Dan sien sy ’n fiets wat stilstaan – leeggesteel van amper alles wat fiets was behalwe die raam – en sy kan raai.

“Kom,” roep Foos vanuit ’n gang. “Kyk jy aan daai kant.”

“Waarvoor?”

“Water.”

Daar’s ’n stokvrou op die deur. Vyf toilette. Drie wasbakke. Amper draai die krane oop en wag lank, maar daar’s nie ’n druppel nie. Wat het hy verwag?

“Niks nie,” sê sy toe hy inkom.

“Het jy in die toilets gekyk?”

Hy wag nie vir haar antwoord nie en begin om die deksels op te lig. In die hoekste een lê die water handhoog in die boonste bak. Daar’s muf teen die kante en mos op die water.

“Kan ek jou boksie se deksel gebruik?” vra hy.

Versigtig vang hy die water op en gooi dit in ’n leë bottel.

“Mens kan dit seker nie drink nie,” sê sy.

“Net tot mens desperaat is,” sê hy beterweterig.

Sy haal haar leë bottel ook uit.

Hulle loop met die muur verste van die see langs totdat hulle ’n oorklimplek kry. Aan die ander kant is ’n sandduin baie nader as met die opklim. Die bosse is dig, maar Amper sien nie iets wat sy ken nie. In ’n wit oopte lê ’n bord. Dis sonder kleur, maar in reliëf staan die letters nog uit. ’n Pyl na links sê “Melkbosstrand”. Die pyl wat reguit aan wys: “R27”.

“Nee,” sê Amper toe sy dit sien.

“Ons loop oor en hou net oos daarvan. Hierdie kant is ons te na aan die Koeberg-kolonie.”

“Die Clean Energy-plek?” vra sy, maar hy is al aan’t beweeg.

Oor die R27. Iemand roep van die stad se kant af. Amper gryp Foos se arm vas. Haar instink is om terug te hardloop soos wat hulle gekom het.

“Moenie hol nie!” ’n Seun kom nader gedraf. Sy hare hang oor sy oë en daaronder lyk dit soos gelooide leer. “Ons het gestop vir eet en doer sien ons julle aankom – eintlik Lies, hy’t oë soos ’n valk – en my pa sê kom ons wag, ons doen ons good deed of the day.”

Hy wys na waar ’n voertuig langs die pad staan. Twee donkies. Stowwerig en maer. Agter hulle ’n halwe motorkar. Twee figure op sitplekke.

“Ons kyk net,” sê Foos vir haar.

Hulle stap nader en groet. Dis ’n middeljarige en ’n jong man. Die jonger een het die leisels. Soos die kleintjie het hulle ook lappe oor mond en neus gebind. Die ouer man het ’n dun sonbril op. Die ander een het een met groot, ronde rame, maar die een glas is uit.

“Nice te meet. Ek’s Jona. Dis my twee seuns,” sê die man. “Lies en Tang.”

“Ek’s Foos en dis Amper.”

“En waarheen is julle tweetjies op pad?”

“Verder noord. Van ons mense is ’n paar maande terug op om te gaan plek maak,” sê Foos.

Die man kekkel.

“O, jong. Julle sal beterder af wees om om te draai, maar kom, maar kom, ons maak julle pad korter.”

Foos kyk na Amper. Sy sê niks. Hy knik vir die man.

“Dankie,” sê hy. “Tot waar gaan julle?”

“Verby die Koeberg-afdraai. Ons plek is op regs.” Dan vir die seuntjie: “Tang, maak plek daar agter.” En weer in ’n soeter stem: “Verskoon tog die turksvye, meisie.”

Die seun gooi die seil waarop hy gesit het, groter oor die hoop turksvye. Hy glimlag breed en wys hulle moet weerskante van hom opklim, rugkante na die drywer en sitplekke.

“Sou op my sak gesit het as ek een gehad het,” sê hy.

Foos draai sy kop vorentoe.

“Lerk voertuig,” sê hy.

“Dankie, ja, ons geniet hom. Net mooi genoeg sitplek dat die vroumense nie kan klim nie.” Hy kekkel weer. Sy kop is na aan Amper s’n en die reuk van vrotmond dring deur die lap.

“Julle het stofgear van Meconium?” vra die man.

“Close Enough,” sê Foos. “Toe dit regtig die purpose geserve het, was dit Meconites s’n.” Hy lag stram.

“Jy sê hom soos hy is.” Die man draai weer vorentoe.

Glo die man vir Foos? wonder Amper. Sy MecBreaths is nie sigbaar nie, maar nie eens op ’n dag soos vandag sien jy mense sonder bedekking nie.

“Deesdae dra die Meconites nie meer stofbrille nie,” sê Foos.

Sy wil vir hom beduie om stil te bly. Sy praat klink soos verduidelik.

“Daai Mecoshites!” kekkel die man, maar sy stem is nie meer so hartlik nie.

“Waarvoor gebruik julle die plastiekbottels?” vra Amper vir Tang en wys na ’n klomp agter hulle.

“Ons maak mos die nebulizers,” sê hy. “Vir die Koeberg-klonge en die Skater-skobbejakke, né, pa.” Hy draai om met sy mond groot oop, gereed om te lag, maar as die man nie reageer nie, praat hy aan.

“Ons het ’n factory line en als.”

“So moet elke familie hulle niche claim in dié tye,” sê die man. Hy draai nou weer sy gesig na Foos en die lagplooie trek dik om sy oë. Amper kyk onderlangs na die ouer seun. Al geluid wat hy maak, is sy tongklappe vir die donkies.

“As ’n man ’n honest living wil maak met ag kinders, moet jy jou niche goed uitkyk, en as die tyd kom, moet jy dit claim.”

Foos knik. Die man los nie sy blik nie. ’n Walgbewing gaan deur Amper se ruggraat.

Die pad raak meer skutterig. Amper lê terug teen die man se sitplek en maak haar oë toe. Hulle draai regs. Sy skiet regop en soek Foos se oë. Hy skud sy kop liggies.

“Ons klim hier af,” sê hy hard genoeg om oor die donkiepote en wiele gehoor te word. “Baie dankie.” Niemand hoor nie. Selfs Tang kyk net voor hom waar die pad van voor af onder hulle verbyspoel. Turksvyeleis. Piespatsels op seunsbene. Ou bloed in spons. Agter Tang se rug beduie sy vir Foos hulle moet spring. Hy kyk rond en sy sien dit ook: die ruigtes is kniehoog en die wêreld is plat. Hy wys hulle moet rustig bly en haal sy sak onder sy boude uit. Terwyl hy water drink, verskuif hy van sy kleiner goed van die rugsak na die binnesakke van sy baadjie. Sy wil dieselfde doen, maar voel Tang se blik. “Water hê?” vra sy vir hom.

Hy drink gulsig en sy probeer die boksie binne-in haar sak oopmaak om van die goed op haar te versteek. Die man draai sy kop vir die eerste keer al die pad om na haar. “My dogters gaan so bly wees vir ’n maat,” sê hy. Dan vir Foos: “Môre bring ons julle weer R27 toe. Een aand moet julle goed rus en eet.”

In ’n half-daklose vertrek is ’n ronde vuurmaakplek met bakstene uitgepak.

“Sit, sit,” sê die man en wys na kratte en stoele daar rondom. “Hierdie is my tweede oudste mooimeisie. Sy is ons kok na die ou vrou na die beterder plek geneem is.”

Die meisie is skaam. Sy kyk net onderlangs na Amper en Foos. Die man haal die serp om sy mond af en soen die meisie in haar nek. Net een van sy vier boonste voortande sit nog.

“Die turksvye lyk goed,” sê hy vir die meisie. “Ek moet die factory line gaan inspect en dan’s ek weer hier by julle as ons almal saameet,” sê hy vir Foos. By die deur draai hy om. “Wil jy sien?”

Foos knik en stap agter die man aan.

“Kan ek help?” vra Amper nadat hulle uit is.

“Nee. Als is klaar.”

Langs ’n wasbak in die hoek lê groente opgekap. Die meisie gooi vleis in die pot op die vuur.

“Is dit dassie?” vra Amper.

“Seker,” sê sy.

“Plant julle self die groente?” vra Amper.

“Van dit. Van dit pluk ons. Soos die suurvye.”

“Suurvye?” Amper staan op en stap na die wasbak. Suurvye. Die meisie beweeg tussen haar en die groente in en met haar rug op Amper gekeer, begin sy iets opkap.

“Ek het dit nog nie langs pad gesien nie,” sê Amper.

“Jy moet weet waar om te kyk,” sê die meisie bot.

Amper stap om die vertrek en kyk na die skilderye. Sy skat daar's by die veertig. Die bietjies stof sê dat dit elke dag skoongegee word. Sy gaan staan voor 'n stormagtige see met 'n bootjie wat ronddobber. Eintlik kyk sy by die venster langsaan uit. So kies sy 'n paar om te bekyk – 'n saaiër, 'n seun wat touspring, vrouens wat tee drink uit porseleinkoppies – totdat sy voel sy het 'n idee van die erf.

Amper tel sewe van die kinders om die vuur. Sy dink dis die oudste dogter wat kort, maar daar staan nog twee bakke met kos op die wasbak.

“Die kos is baie lekker,” sê Amper vir die kokmeisie.

“Vandat ons sout by Koeberg kry, kan ons nie kla nie,” sê die man.

Een van die seuns is geselserig. Hy en Tang vra vir Foos uit. Foos maak stories op oor sy lewe in Close Enough.

“Daar kry jy nie sommer 'n dassie nie,” – die seuns proes – “ons eet net insekte vir vleis,” sê Foos.

“Kom jy ook van Close Enough, meisie?” vra die man.

“Hardekraal, maar ek bly nog nie lank daar nie.”

'n Voertuig met 'n enjin word hoorbaar, harder, stop dan. Deure klap. Dit moet voor die groot skuur wees. Sy wag vir die man om op te staan en te gaan kyk, maar hy lyk net geïnteresseerd in sy kos. 'n Paar minute later kom 'n meisie, omtrent Foos se ouderdom, en 'n man met 'n wit jas, lê oë en goeie tande by die vertrek in. Hulle gaan kry hulle borde en kom sit op kratte. Die man met die jas knik in Foos en Amper se rigting, maar die meisie staar na die vuur terwyl sy eet.

“Dis nou my oudste.” Die dogter rol haar skouer waar haar pa sy hand daarop gesit het. Hy staan agter haar en kielie haar oor, kekkel en breek 'n wind op. “En dis ons dokter. Ons geluk om 'n dokter by te hê met so baie kinders in die boendes. En hy's ons raadgevende konsultant op die nebulizers. Hy's die breins; ons source en sorg vir die work flow.”

Die dokter kou en kyk na die vuur.

“Julle mooimeisies moet vir die meisie plek maak; en julle seuns vir die klong. Ek gaan nou slaap.” Hy breek weer 'n wind op en soen die kokmeisie in die nek. “Compliments to the chef.”

Wanneer almal opstaan, kom die twee jongste dogters na Amper toe.

“Ons sal jou wys,” sê hulle.

Foos help haar kamtig om haar rugsak op te sit.

“Probeer om nie te slaap nie,” sê hy.

Sy kry die bed verste van die deur, langs haar kom lê die twee kleintjies op een bed. Al die beddegoed is deurgewas en net hier en daar kan 'n mens 'n blom of 'n skulp uitmaak.

“Wat is julle name?” vra Amper.

“Ek is Tia en dis Toekie,” sê die oudste.

“Ons het 'n boek,” sê Toekie.

“Kan jy lees?” vra Tia.

Amper knik.

Onder die kussing haal hulle *Die Kinderbybel* uit.

“Die eerste storie,” sê Tia.

“Jy kies altyd,” sê Toekie.

“Jy't gisteraand gekies,” sê Tia.

“Maar toe't jy net die storie uit jou kop vertel. Dis anders.”

“Dalk is daar tyd vir twee,” sê Amper.

Sy begin. “Die skeppingsverhaal.” Sy lees van die lig en die donker, die see en die land, die diere van die see en die land en die lug, die stof en die tuin en die God wat goed uit stof kon maak.

“Dis 'n mooi storie,” sê sy aan die einde. “Dis 'n mooi tuin.” Sy vee oor die glansprent.

“Mamma het gesê dalk kom God weer en vat al hierdie stof en maak nuwe mense,” sê Toekie. “Dan het ons baie maatjies en almal kan hulle lange hou.”

Tia stamp aan Toekie en maak haar oë groot.

“Kom ons lees nog 'n storie,” sê Amper – haar oë trek toe en sy wil nié aan die slaap raak nie. Die plek sit nie goed in haar ruggraat nie.

'n Gesteun kom deur 'n duisend stofduiwels by haar aan. Sy voel langs haar vir Noag. Sy kyk en sy kyk, maar sy kan niks sien nie. Dan besef sy sy kyk teen haar ooglede vas. Sy lig haar hand op en trek haar oë oop. Daar's 'n skerp lig reg bo haar en 'n bom in haar kop. Stadig kom sy regop. Sy's nie in die Hardekraal Hotel se kelder nie. Noag is dood. Foos lê 'n meter verder. Haar oë sukkel om op sy mond te fokus en op die ou end gaan lê sy eerder weer plat met haar oor by sy mond. Die gesteun kom nie uit sý mond nie.

“Foos.” Sy druk aan hom, maar dis te veel moeite. Haar oë gaan toe.

“Amper. Ampersand.”

Foos skud aan haar. Hy help haar om teen die agterste muur te sit. Die ander drie sye is tralies.

“Waar is ons?” vra sy. Haar lyf staan hoendervleis van die koue vloer.

“Dit moet in die skuur wees. Die vertrek agter die nebulizer-fabriek.”

Sy kyk rond. Nou sien sy waar die gesteun vandaan kom. In ’n glasvertrek in die hoek lê ’n meisie op een van twee hoë beddens. Haar arms en bene is met leerbande aan die bed vasgebind. Amper trek haarself teen die tralies op.

“Moet dalk nie...” sê Foos, maar dis te laat.

Met elke steun probeer die meisie regop kom en elke nou en dan, kom haar kop op. Waar haar oë moet wees, is twee rooi gate en dun stroompies bloed loop oor haar wange.

“Etter.” Amper sak neer. Sy kyk na Foos. “Wat gaan hier aan?”

“Ek’s nie seker nie, maar ... dit lyk nie of hulle klaar is met haar nie.”

“Haar longe.”

“Wat?” vra Foos.

“Die kleintjie het iets gesê. Hulle gaan haar longe uithaal.”

Amper staan regop en begin die vertrek van deur tot agterkant bekyk. Hulle baadjies hang oor die stoel agter ’n lessenaar nie ver van die deur af nie. Aan die een kant hang haar stofbril oor ’n baadjieskouer. Sy voel op haar broeksakke. Niks.

“Het jy nog iets op jou?” vra sy.

“Nee,” sê hy. “Ons goed lê op die tafel.”

Sy sien haar Leatherman, die pen en twee blikkies gifsalf en daaragter seker Foos se goed.

Sy soek verder.

“Ons rugsakke is nie hier nie. Nie sover ek kon sien nie,” sê Foos.

“Fok.” Sy slaan haar vuus teen die tralies. “Fok.”

“Dit gaan nie help nie. Ons moet aan ’n plan dink.”

Sy gaan sit.

“Was hier al iemand vandat jy wakker is?”

“Nee. Maar ek het al mense in die voorste vertrek gehoor.”

“Dink jy daar’s ’n wag snags?”

“Die oudste seun het nie gisteraand saam met die res van hulle kom slaap nie,” sê hy.

Amper trek haar skoene uit.

“As jy my kan help om my skoene se sole af te haal.”

“Huh?”

“Dis nie ’n plan nie. Dis ’n moontlikheid. En as dit werk, moet ek kaalvoet van hierdie erf af kom.”

“Hoe laat dink jy is dit?” vra Amper.

“Ek weet nie.”

Vir die eerste keer hoor hulle iemand by die deurslot. Amper kyk na haar voete: mens kan nie sien die sole is los van die res nie. Sy sit haar kop op haar skouer en maak haar oë toe en haar mond oop. Foos gaan lê plat. Die deur gaan oop en toe.

Iemand loop verby die hok na die glasvertrek. Dan nog iemand. Na ’n paar sekondes loer Amper onder deur haar wimpers. Dis die dokter en die oudste dogter. Hulle was hande by ’n kommetjie water langs die glasvertrek, trek jasse aan en sit maskers op. Daar is drie kloppe aan die deur en die dogter lig haar masker en fluit.

Die geraas begin. Amper wil in ’n bondel gaan lê en haar ore toedruk. Bloed. Beensaagsels. Sy kan dit nie meer hou nie en gaan lê teenoor Foos op die vloer en vat sy hande in hare. Die klank van die saag. Saag deur been. Borsbeen teen saag. Sy pars elke bietjie mensrigheid uit sy hande. Mens en mens. Sou hulle die meisie verdoof het? Mens kan haar nie hoor steun of skree nie. Dit voel of die kloof in die meisie se bors alles rondom laat kraak en deur die sementvloer tril – die geweld en die stank moet opstyg tot by die gooie.

Dit hou op. Sy maak haar oë oop en sien Foos kyk na haar. Die dogter fluit, dié keer nog harder. Die deur gaan byna onmiddellik oop. Dit klink soos ’n paar mense wat inkom. Vier of vyf. Die oopgesaagde meisie begin kerm, maar saggies soos ’n hond op wie se stert getrap is. Noag. Gedroogte hondbloed in leeumaanhare.

“Only the best for the Koeberg Captain.” Dis die Jona-pa se stem.

“Look at this cute couple,” sê hy. Hy tik liggies aan die tralies. “They can’t handle our magic.” Hy kekkel.

“You’re not gonna harvest hér, are you?” sê ’n hees stem. “I want her for our harem,” sê hy deur hoese.

“One deal at a time, Captain. One deal at a time,” sê Jona.

Hy praat sagter en na die deur se kant toe. “Jy beter goed kyk, verstaan jy, Lies?”

“Ja, pa. Kan ek kom eet?”

“Not ’n fok. Moenie met jou gat dink nie. Ek sal kos laat kom.”

“En, wat van...”

Klappgeluid, 'n hand teen 'n wang.

“Jy raak hans, mannetjie. Kont kry jy wanneer ek dit aanbied.”

“We’re ready for the Captain,” sê 'n mansstem van die glaskamer af.

Amper wag 'n hele ruk voordat sy onderdeur haar wimpers loer. Die hok se lig is afgesit. Net die glasvertrek is belig. Sy kan twee figure na aan die glasvertrek uitmaak. Een staan en een sit. Wagte? Lies moet aan die ander kant van die vertrek wees. Dalk agter die lessenaar. Die gesaag begin weer. Dié keer is die koggelmander in haar brein reg daarvoor. Mag hulle die man van die harem se hart raaksny. Mag daar 'n wurm in sy nuwe longe wees. Mag hy infeksie kry en vrek. Sy los nie Foos se hande nie. Hoeveel mensrigheid kan jy uit 'n ander tap?

Wanneer dinge stil raak, maak Foos sy oë toe. Sy asemhaling verander nie en sy voel dit aan die adrenalien in haar bolyf: hier slaap hulle nie vannag nie. Die kans is reeds te klein. Die tyd – al voel dit soos 'n regte god se ewigheid – gaan min wees. Stadig kan hulle dinge begin afmerk: Lies het al sy kos gekry; die dokter en sy handlanger is weg en het al weer gekom.

“It’s almost twelve.” Dis 'n stem wat hulle nog nie voorheen gehoor het nie.

“You go check if the van’s ready. And let that half-jack help you with the stretcher,” antwoord 'n ander een.

“It’s check-out time,” sê Lies. Sy stem is skoorsoekerig.

“We know, fuck-head. We’re on our way.” Die tweede wag – die een wat bly.

Voete kom en gaan. Die dokter gee instruksies. Iets word teen die tralies gedruk – dalk sy lyf?

“Remember, doctor, if something happens, we’re coming back.” Weer die tweede wag. Sy stem is dreigend en vol beloftes.

'n Stoel beweeg.

“Hey. Fuck off now,” sê Lies.

Amper wens sy kan sy wapen sien, want daar’s geen terugkappery nie. Vroeër het sy niks sien rondlê nie, maar in die lig van die glaskamer het dit gelyk of die wagte se belde swaar behang is – Lies moet iets besonders hê.

Nadat 'n klomp voete uit is, bulder Jona van die deur af, “Jy bly vannag hier. Daai lot try nog hulle luck en kom steel die meisie.” Die deur klap.

Foos kom regop.

“Ek sou nie wakker geraak het as ek jy was nie,” sê Lies.

“Weet jy hoe laat dit is?” vra Foos.

“Om die tyd te weet beteken fokkol in hierdie plek. Dis twaalfuur.”

“Dag of nag?”

“Nag, jou dom kontkop.”

Amper strek haar uit en sit regop.

“Foos? Wat? Waar is ons?”

Lies begin lag.

“Shame, sý moes régtig nie wakker geword het nie.”

Amper staan op en kyk rond. Sy begin by die deur.

“Wat ís die plek?”

Sy eindig by die glaskamer. ’n Laken is oor die meisie getrek, maar ’n rooi skoenlapper syfer deur.

Amper buk en kots. ’n Hopie groente en maagsap anderkant die tralies.

“Fok, ek is ’n wag, nie ’n skoonmaker nie,” sê Lies.

Hy staan op en gaan na die voorste kamer, maar los die deur oop.

“Die sleutel is om sy nek,” fluister Foos.

Amper knik. Sy haal die twee sade wat sy in haar broeksak gebêre het uit en sit dit in haar mond. Lies kom terug en gooi ’n lap oor haar kots. Sy begin kou – só dat hy die kraakgeluid kan hoor.

“Wat het jy daar?” vra hy.

Amper draai haar rug op hom, kou verder. “Niks nie,” sê sy soos ’n stout dogter. Sy steek haar hand onderdeur haar hemp by haar bra in, haal nog ’n saad uit en sit dit in haar mond. Plat op die grond gaan lê sy en wapper haar arms op die sementvloer.

“Wat het jy daar, meisie?” Lies staan teenaan die tralies.

Amper maak haar stem klein.

“Wil jý hê, Foos?”

Foos skud sy kop.

Sy kom op haar hurke, haar bene wyd oopgesper. Met haar hande druk sy op die vloer, bring haar knieë net bo haar elmboë en lig dan haar voete van die grond af. Na ’n sekond val sy sywaarts en begin giggel. Dan gaan staan sy reg voor Lies. Sy hou aan die tralies vas en hang na agter.

“Julle kan my lyf hier inhok. Maar my innebor sal nie hier bly nie. Die plantgooi het my liéf. Die plantgooi laat my opstyg saam met die blouvalk.” Sy wieg heen en weer op die ritme van haar lokval.

“Waarop is sy?” vra Lies vir Foos.

“Datura something,” sê Foos.

“Hey, meisie, gee daai goed.”

Sy gaan sit met haar arms om haar bene.

“Nee,” sê sy saggies. “Dis myne. Dis my sleutel uit hierdie hok. Dis my leer na die gooie se kampvure waar die vet van bokribbes op die kole drup en die mensmeisies bemin word.” Haar oë gaan dak toe.

Lies loop na die lessenaar. Daaragter gaan tel hy ’n kanongeweer op. Dis ’n meter en ’n half lank en die loop is groot genoeg vir ’n man se vuus.

“Meisie, vir jou sal ek niks aandoen nie. Ou Jona sal my vrek maak. Maar ek blaas jou kêrel se balle stukkend as jy nie die plante vir my gee nie. Die skrapnel sal tot net onder sy longe gate blaas.”

Amper kyk onderlangs na Foos. Sy gesig wys niks. Sy trek haar lyf in ’n bolling.

“Ek hóór goed, Foos, ek hóór goed. Daar’s ’n man met ’n slang wat jou gaan pik. Ek’s bang, Foos, ek’s bang.”

“Dit gaan nie werk nie, goods,” sê Foos.

Hy staan op en kom sit sy arm om haar.

“Amper,” begin Foos, “die meisie in die glaskamer...”

“Die meisie met die skoelapper op haar bors?” vra sy.

“Ja. Ons moet haar gesond maak.”

“Is sy siek?”

“Ons moet jou pitte en jou bra vir hulle gee. Hulle gaan haar heelmaak met die pitte in jou bra.”

“Regtig, Foos?”

Amper trek haar hemp uit sodat dit nog net om haar nek hang. Sy maak die bra agter haar rug los en buk stadig vorentoe met haar hande oor die bra gesprei. Dan lig sy die bra op en kyk na die pitte en glimlag breed. Sy kyk op. Lies se oë is op haar borste. Foos kyk weg.

“Hier,” sê sy. “Soen die meisie se lippe met die skerptongbek van die gooie – sy sal opstaan, sy sal ... vlieg.”

Sy is op pad om die bra vir hom deur die tralies te gee, toe sy vries.

“Sy’t die mooiste skoelapper op haar bors. Hiérdie is my skoelapper.”

Deur die tralies gooi sy die pitte uit die bra op sy twee uitgestrekte hande. 17 pitte. Sy het drie gekou en nou net sal sy dit uitspoeg vir wat dit werd is. ’n Paar pitte val en hy vat eers dies in sy hande na die lessenaar en kom tel dan die res een vir een op. Sy oë vlieg tussen die pitte en haar borste.

“My skoenlapper,” sê sy en hou haar bra in die lug op. Dan steek sy haar arms met vliegbewegings deur die bande. “Kyk my skoenlapper!” Sy trek die bra oor haar bolyf en kry die knippie met ’n geluuskoot dadelik vas.

“Dis koud!” sing sy. “Dis koud, dis koud, dis k-ou-oud!”

“Trek weer jou hemp aan, Amper,” sê Foos.

Sy kyk na haar hemp en begin giggel.

“Ek dog dis ’n slang. Ek dog dis die slang van netnou wat vriendelik geraak en my kom omhels het.”

Terwyl sy haar hemp aantrek, kyk sy onderlangs na Lies. Hy sit agter die lessenaar. Die pitte lê daar iewers voor hom, want hy’t nog nie begin eet nie. In die hoek van die hok vanwaar sy duidelik kan sien wat hy doen, gaan hang sy aan die tralies en wieg. Sy neurie.

“Hoeveel het sy geëet?” vra Lies.

“Ek weet nie. Sy’t ’n handvol in haar mond gedruk terwyl jy uit was. Seker so 15.”

“Het jy dit al gevat?”

“Een keer.”

“Hoe lank is die trip?”

“Hang af of jy geëet het, water in jou lyf het. Met dit wat jy daar het. Twee ure. Hoogstens drie.”

“Hoekom het jy nie nou gevat nie?”

Foos kyk na die glaskamer.

“As daar genoeg was om my weg te vat totdat my beurt kom, sou ek.”

Lies staar na die pitte op die tafel. Met ’n skielike beweging tel hy ’n handvol op en begin kou. Amper gaan sit. Sy voel moeg en koud en kaal. Die wag kan lank wees.

“Ek voel niks,” sê Lies ’n ruk later.

“Dit kan ’n ruk vat as mens nie genoeg pitte het nie,” sê Foos.

“Maar sy’t dan amper dadelik getrip.”

“Sy’s klein en het gisteraand laas geëet of gedrink – en dit opgegooi,” antwoord Foos.

Pitte kraak weer tussen sy tande. Mag dit die lot wees, dink Amper. Sy en Foos kyk na mekaar. Dis steeds net die lig in die glaskamer wat aan is en hy sit met sy rug daarna. Bo-op is die kappelhare. Dan die ore en wangbene en skouers: buitelyne wat oral waar sy nog was, inheems sou lyk: Kieffmor, Hardekraal, Close Enough, Meconium. Waar kom hulle uit as hulle vannag hier ontsnap?

“Ek voel niks,” sê Lies.

“Die gooie is op pad na jou, Lies. Die gooie is op pad. Ek sien hulle aankom.”

“Is daar ’n saadstorie oor Datura?” vra Foos vir Amper.

“Aa, ’n storie. Is dit tyd vir ’n storie? Die storie van *Datura stramonium* – Common thorn apple, gewone stinkblaar, malpitte.” Amper staan op. Om ’n storie neer te skryf is een ding. As sy dit met haar lyf vertel, vloei die hele storie dalk deur haar. “In die voortyd het ’n broertjie en ’n sustertjie wat in die binneholte van die aarde gebly het, soms na die buitewêreld gekom.” Sy klim saam met hulle uit en kyk rond. “O, hoe het hulle van die ooptes gehou.” Haar droë mond is dankbaar vir die storie se spoeg. “Hulle het hier aangekom met die blare van net nog ’n adams- of evaskind. Maar toe. Die meisiekind het ontpop – wye rok wat opskop tot waar haar geheimenisse begin ritsel. Die jongetjieskind – hare opgepronk met die aarde se diepgom. Die aardses is geïmponeer. Die broer en die suster het hulle verkyk en verluister en dan van die bogrondse dinge teenoor hulle moeder gaan praat. Die verleiding en die gepraterij het nie die tweelingseuns van die Sonvader aangestaan nie. Toe die kinders weer hulle verskyning maak, is hulle deur die tweeling voorgekeer. ‘Hoe gaan dit met julle?’ het die jong mans gevra. ‘Ons is gelukkig,’ het die broer en suster gesê. En toe het hulle die Sonvader se seuns vertel hoe hulle mense kon laat ronddwaal, en geeste kon laat sien, en aan die slaap kon maak. Die tweeling het besluit dat die kinders te veel weet en dat hulle vir al die kom-tye uit die bo-wêreld verban moes word. Hulle het die broertjie en sustertjie in die aarde laat verdwyn. Maar: twee plante het daar opgekom en oor die wêreld versprei – die wit blomme en die stekelrige saadhouer eggo’s van die suster en broer. En wanneer die tyd kom?” Sy kyk Lies in die oë terwyl sy die laaste stuk vertel en beduie. “Dan rek die kruistongdraak sy bek in die wraak. Sy woorde is van manteldraaiers en wisselwesens, van hooggeleerdes en laagvatters, van stofskoppers en skaduknopers. Hy weet van als iets en van die dood baie. En die seuns van die Sonvader druk hulle ore toe en verwens die beterweterigheid van hulle jongenstyd.”

“My mond is droog,” sê Lies. Hy begin sy oë knip en hou sy hand op asof die lig uit die glaskamer ’n skerp straal is.

“Die gooie is dors,” sê Amper sag. Sy weet dit kan nog ’n rukkie neem, maar sy haal haar oë nie van hom af nie.

“Lies.”

“Ja?”

“Lies, hoekom bly jy in die hok? Hoekom laat jy toe dat hulle jou innebor plattrap en jou lyf inhok?”

“Ek weet nie. Ek weet nie.”

Amper knik vir Foos. Lies staan op en kom staan teenoor Amper.

“Help my. Help my,” sê Lies.

Amper vat die tou waaraan die sleutels is in haar hande.

“Ek sal die hek oopsluit,” sê Amper. “Sodat jy saam met ons vry kan wees.”

“Jy’s ’n boom,” sê hy. “Jy’s ’n stokou boom wat met die Hardskip jou takke in die grond gedruk het en nou groei jou wortels na bo. Jy’s die boom in *Die Kinderbybel*.”

Amper begin die tou oplig om dit oor sy kop te kry.

“Nee!” Hy gryp die tou vas. Sy raak koud. Haar ongeduld het alles opgefok.

“Ek moet dit self doen,” sê hy dan. Hy bring die sleutel nader en sluit die hekdeur oop. Sy treë na binne voel soos ’n daglangreis. Amper neem sy hande in hare.

“Jy’t dit gedoen, Lies. Jy’t dit op jou eie gedoen.”

Hy glimlag. Hy sou pre-Hardskip-handsome kon wees, soos haar ouma sou sê. Foos kom van agter en bring sy hande saggies om die nek, druk dan sonder om rond te voel op die drukpunte wat Lies sy bewussyn laat verloor. Amper help hom om die pap lyf op die grond neer te lê.

Hulle sê nie ’n woord nie. Amper gryp haar skoene en prop die sole in haar broeksakke. Haar stofbril gaan om haar nek, sy knoop die tekkies se veters daaraan vas. Hulle trek die baadjies aan en daaronder is ’n onverwagse present: haar fluitjie aan die belt. Alles wat op die tafel lê, prop hulle in hulle sakke en Amper rits die baadjie bo-oor haar skoene toe. Sy kyk vir oulaas rond: die rugsakke is nêrens.

Die deur na die nebulizer-vertrek is gesluit en Foos hardloop terug om die sleutels te kry.

“Shit,” sê hy nadat die tweede sleutel ook nie werk nie.

“Dink jy dis al oggend?” vra Amper. As hulle hier moet uitloop en dis daglig en die Jona-pa staan en pie voor die kombuiskaia ...

Dis die laaste sleutel wat draai.

In die volgende vertrek is dit donker. Die verligting gaan lê saam met die malpitsmaak op haar tong.

“Wag,” sê Foos naby aan die deur. Hy beweeg na ’n hoek en voel rond.

“Twee plastiekbottels,” sê hy as hy terug is.

Die dubbeldeure van die skuur is ook gesluit. Hulle albei voel, maar daar’s nie ’n sleutelgat nie.

“Ketting en slot buite. Kom,” sê Foos. “Venster agtertoe.”

Sy stamp teen ’n tafel en die klank tril al die pad na die woonhuis.

“Dit gaan oop,” sê Foos saam met die dreuning van stram skarniere.

Hy klim eerste uit. Die grond is 'n bodem nadat hulle vir lank in die lug rondgeswem het. Dis grof en punterig, maar dit beweeg onder haar. Het die pitte haar aangetas? Die gekoues is in haar broeksak en sy gooi dit in die hardloop neer. Sal dit met die wonderwerk saam saadskiet? Lies kan dit kweek en die malpitkoning van die R27 word. Foos struikel voor haar. Later struikel sy weer. 'n Stofwolk of 'n waterwolk beweeg en die maan maak bietjie meer lig. Haar voete pyn, haar mond is droog en haar lyf is óp. Die Jona-pa sal sy gat met haar saadstories afvee. Waar sal sy papier kry om weer te probeer? Haar lyf mag nie op wees nie. Die stories sit nog almal in haar lyf. Sy steek Foos verby en stop.

“Is jy orraait?” vra sy.

“Ons moet aanhou beweeg. Die pad kan nie meer ver wees nie. Oor die R27 kan ons dink aan ontspoed.”

Vet

Kaapstad, 12-13 Mei, 2057

Dr. Sias Kgatla se G-laze lê sonder flikker op die lessenaar, maar hy tel dit op om seker te maak: Maria het nog niks laat weet oor Hannah se opvolg nie en Martin is steeds lizenot. Drie dae terug was daar 'n kort lapoz van sy broer: iets oor game changing stuff waarvan hy Sias moet vertel. Daarna geen kontak nie. Die werkers by Cooking Oil! het laat weet Martin het nie opgedaag vir werk nie en sy flat was die vorige aand leeg en vreemd netjies. Sias skakel die masseerfunksie van sy stoel aan en gaan na die Western Cape Police Service se website. Hy volg die skakel na die Missing Person's Report op wcps.letuslook.co.za en vul Martin se details in.

Do you want us to assign a private investigator to this case at your expense?

Hy merk die blokkie en onmiddellik verskyn 'n raam waarin sy bankbesonderhede gevra word.

I give permission for a deduction of R30 000 as deposit and will settle the account within a month of final news.

Sias skud sy kop en raak aan die blokkie.

Thank you for trusting us with finding your loved ones. Your case will be handled by the Woodstock Station and Trevor Jacobs is the assigned private investigator. Your reference number is OTA 314 REF. We will contact you at the soonest available time once we have news. In case of URGENT enquiry, you can contact our helpline. 0800 WCPD 505505.

Cheryl steek haar kop by sy spreekkamer in.

“Twee goedjies voor ek gaan,” sê sy. “Ta-rá!” Sy hou 'n gelamineerde lemmetjiegroen blad in die lug: *Dr. Kgatla – Plastiese chirurg. Geregistreerde biodiesel tegnikus. Plastic surgeon. Registered biodiesel technician.* Hy knik.

“Ek laat maak weer 'n bronsbordjie as ons offices in Durbanville kry,” sê sy. “Dáár sal 'n properse security company ons én jou property beskerm.”

“Een van die dae,” sê hy vaag.

“Én...” 'n Wit vel met krullerige pers letters daarop. “From Fat to Fuel! Do you want to earn money while losing weight and improving your health? It's not too good to be true at Dr. Kgatla's practice in Cape Town. As an experienced plastic-surgeon he will perform liposuction on those areas where unwelcome fat assembles. And yóu will get paid! Why? Dr. Kgatla's practice is part of a new generation of bio fuel. Visit www.gov-fuel-alternatives.co.za for more info on our partnership with the

Departments of Energy and Health. Visit our offices at Hoopstraat 17, Flat 211 for consultation and procedure. Phone 0219594237 for appointments, Tuesdays & Wednesdays.”

“Cheryl, ek het vir jou gesê pamflette is geldmors.”

“Jý het gesê jy sal die Vivox op my doen as ons volgende maand ons target oorskry. Ek ken die outer suburb mark – hierdie kom uit my pocket. Ek sal jou wys.”

Sias sug. Hy het ’n ruk terug die flirtasie aangemoedig. Die afleiding was ’n uitkoms. Daarná is sy daarop uit om hom te irriteer.

Cheryl kyk na die pamflet en giggel: “Thank Oprah ek het nie vir ‘Fat for Cash!’ gegaan nie. Soos in geldwolwe!”

Sias se G-laze kom regop. ’n Foto van Maria en ’n Jimi Hendrix solo. Hy kyk na Cheryl.

“Fine,” sê sy. “Lekker naweek vir jou ook.”

“Hallo, Maria. Hoe gaan dit daar?” antwoord hy.

“Goed. Ek wou net sê Hannah se scans was skoon.”

“Dankie,” sê hy. “Dankie vir die laat weet.”

“Jy onthou van die naweek?” vra sy.

“Ja. Ek sal haar tussen ses en sewe kom oplaai.”

“Okay dan. Bye.” Sy lui af voordat hy kan groet.

Hy sit terug teen die masseerstoel. Hy’s moeg. Drie dae per week voldag by drie verskillende hospitale. Twee dae in die praktyk. Oortyd in die lykshuis. En hierdie week nog die onsekerheid van Hannah se scans en Martin wat net weg is. Hy laze die lykshuis.

“Middag, Dok,” groet hy.

“Sias, ek wou juis laze om te hoor of ek nie vir jou kan wag nie. Hoe lyk dit met ’n potjie skaak voor jy begin frack?” vra Dokter Murray.

“Dis my naweek om vir Hannah te gaan haal, Dok. Ek’s haastig om daar te kom – sy was vandag vir die scans.”

“Skoon?”

“Ja, Dok.”

“Bly vir jou, ou Sias. Die vetfonds is in elk geval skraal vandag.”

“Dan sien ons weer volgende week,” sê Sias. “Dankie, Dok.”

Dis die tweede dag wat dit sonder ophou reën en Sias kan niks deur sy voorruit sien nie. Om in sulke tye sy Merc Genie te vertrou kom nog nie maklik nie. Hy besluit daarteen om weer by Martin se flat in Woodstock om te gaan.

“Maria’s house.” Hy oorartikuleer na aan die dashboard – kan homself amper nie hoor nie. “Safetown Six Three, 21.8 kilometres, 23 minutes,” reageer Genie.

“Correct!” Hy klap op die dashboard.

“Buckle up, Sias,” sê Genie. Sy praat met die stem van ’n minderjarige wat die beoordelaars bedank nadat sy ’n Embracing the Icebergs wet t-shirt-kompetisie gewen het. Hy het dit al probeer verander.

In Durbanville se Safetowns het die wolke nog nie gebreek nie. By Maria se huis sit Hannah op die boonste trappie, ken in die hand. Haar Mickey Mars-rugsak langs haar. Hy moet homself keer om nie uit die motor te spring en na haar te hardloop nie.

“Mamma!” roep sy na die oop deur. “Ons ry nou!”

Sy kom spring in, gryp hom om die nek. Maria kom uit. Haar uitkom is altyd só dat sy nie hoef te praat nie, net beleefd kan waai.

“Hoe’s dinge hier?” vra hy soos wat hulle wegtrek.

“Ek gaan ’n hondjie kry vir Kersfees. Hy kom uit ’n lab. Hy verloor niks hare nie, so mamma sal nie hooikoors kry nie.”

Hy lag.

“Gaan mamma ’n hondjie uit ’n lab koop? Wat van diereregte?”

Hannah frons. “Ek werk nog daaraan,” sê sy.

“Kersfees is nog ver. Hoe gaan dit nou? Hoe was jou week?”

“Mamma het Woensdag en Donderdag migraine gehad. Ek dink dis oor ek vir die checkup was. Dinsdag het oom Martin kom kuier. O ja. Ek het iets vir jou.”

“Stop!” sê Sias vir Genie. Hy draai na Hannah.

“Het oom Martin ’n boodskap vir my gestuur?” vra hy.

“Nee, maar ek sê mos. Ek het iets vir jou.” Sy krap in haar sak.

“Ons het lekker gespeel,” sê Hannah. “Hy’t my gehelp om ’n tent te bou. Maar hy was funny.” Sy gee ’n stukkie papier vir Sias.

“Hoe funny? Funny snaaks of funny vreemd?”

“Funny soos wanneer Mamma vir ’n groot hofsak oefen,” sê sy.

Sias kyk na die papiertjie.

“Turn back,” sê hy vir Genie.

“Hannah. Pappa gaan jou eers weer by Mamma aflaai. Ek moet iets vir oom Martin gaan doen. Het Mamma planne vir die aand?”

“Nee. Maar kan ek nie maar saamkom nie? Ek het oom Martin se papiertjie geheim gehou. Ek het niks vir Mamma gesê nie.”

“Nee, Hannah,” sê Sias. “Ek kom haal jou nou-nou.”

Wanneer hulle voor Maria se huis stop, skeur hy die papiertjie in fyn stukkies op en sit dit in ’n foamalite-koppie wat in die cup holder staan.

“Jy moet seker maak elke stukkie van oom Martin se geheim kom in die vullisblik,” sê hy. “Ek is oor ’n halfuur terug. ’n Uur maks.”

“Ek sal eers ’n bietjie water daarop gooi,” sê sy. “Ek sal die evidence destroy.” Maar aan haar stem kan hy hoor dat sy vies is.

In die middeoord stop Genie voor die naaste onafhanklike Connecting Cafe. Die strate is stil al is dit nog nie ses-uur nie. In die SafeTown-malls sal dit wel ’n vertrapping wees. Hy weet dis paranoia, maar die risiko om van sy G-laze af te werk is te groot. Agter die getinte vensters van die kafee, is daar drie ander mense: twee tieners en die eenaar, ’n Chinees. Hy mik vir ’n stasie in die middel rond, een waarvan die skren na ’n muur sal wys. Eers gaan hy na sy eie Goohoo-adres op die filtered web, steeds met die hoop dat Martin iets van hom sou laat hoor het. Niks. Net drie e-posse van reps wat hy ignoreer. Dan probeer hy wat hy vermoed ’n username en password is. Hy het dit gememoriseer. Goohoo lewer niks op nie. FriendsAnon ook nie, maar daar het hy nie regtig iets verwag nie. Die Spinning Spider waarvan Cheryl al gepraat het, herken ook nie die username en password nie. Hy goohoo “newest social networks”, net om iets te doen. Terwyl hy deur die resultate scan, onthou hy van die spatie op Pluto – sy pa se present vir sy sestiende verjaarsdag. Sias het onder andere porn daar gebêre en die jonger Martin het hom afgepers vir sy username en password. Later het Martin sy eie spatie gekry. Hy gaan na sss.pluto.ss, tot ’n paar jaar terug nog die veiligste stoorplek op die internet. Hy tik in:

Username: h@h@h@p0rn; Password: sh@r1ng1sc@r1ng.

Welcome user, sê ’n vrou met ’n Indiese aksent.

Daar is een video gelaai. Sias maak seker dat die klank af is en begin dit speel. Hy kyk na ’n couple wat mekaar uittrek. Is dit ’n kriptiese leidraad? ’n Flashing ad kom onder op die skren ingevlieg. *Join Now! Discount! Hottest BDSM at www.coldheartedbitch.com*. Hy maak sy goohoo-rekening in ’n nuwe skren

oop. Gaan na die trash. Hy't reg onthou. Twee dae terug het hy 'n boodskap deur dié webtuiste ontvang. Hy maak dit oop.

Hi Hottie.

Wanna use me? Go Ahead. Make a pass: NoSeedsAttached.

Take care.

Sias gaan na die www.coldheartedbitch.com. Hy klik op “Sign in”. By username tik hy “Go Ahead”, by password “NoSeedsAttached”.

Welcome Stranger, sê die skren. Your subscription expires tomorrow.

Dit hou aan flash. Sias gaan kyk in die “Private porn favourites”-lêer. Daar is vier dokumente. *Project Sower. Agenda and notes. Prototype. How to destroy files permanently.* As dit nie vir die laaste een was nie, sou hy nie vermoed het hy het op die regte goed afgekom nie. Hy sit terug, strek sy arms bo sy kop uit en kyk in die kafee rond. Die tieners het simulation headsets op – hulle koppe en lywe beweeg in 'n ander wêreld. Die eenaar praat met iemand in 'n ander land. Sias begin bo. *Project Sower.* 'n Drie-bladsy dokument. Dit lyk soos foto's van die oorspronklike. Met die hand geskryf bo-aan elke blad staan, Strictly confidential. Hy vluglees. Die eerste paar paragrawe handel oor 'n beplande infiltrasie in SeedSci. Sias maak nog 'n venster oop, goohoo “SeedSci”. Op die korporasie se webtuiste maak die slagspreuk die boonste blok van die skren vol: *Food, Freedom, Forward-thinking. The biggest manufacturer and distributor of seed and agro-chemicals in the World,* skryf 'n onsigbare hand onderaan die skren. Sias weet Martin is betrokke by omgewingsgoed, maar waar kom die game changing stuff vir die besigheid in? Hy klik op die Around the World-link en dan op “South Africa”. SeedSci verskaf 99% van saadvoorrade. Hy gaan terug na *Project Sower*, lees verder, tot by die slotparagraaf:

“In the last year, much has been achieved. The Recruit has qualified as Bio-technician, top of his class. He has successfully gone through the screening and application process at SeedSci Inc. and was busy with induction at the time of the last contact session. We are now in a position to move on to Project Sow. The Recruit has his own ideas of how to go about the mission and has asked permission to attend the next meeting.”

Sias vryf met sy hande oor sy bobene. Sabotasie van SeedSci – afhangend van die aard daarvan – kan tot landwye oesmislukkings lei. Grootskaalse hongersnood. Die uitsterf van vettes. Is dit veronderstel om dinge duidelik te maak? wonder hy. Hy maak die tweede dokument oop.

Meconium. Agenda and notes. 30/03/57. Hy vluglees oor die verkiesing van ’n nuwe grondwerkkoördineerder. Bespreking van die nuutste generasie genetically modified organisms wat pas deur die Departement van Landbou goedgekeur is. Daar word hulde gebring aan twee jong lede wat gearresteer is, maar eers nadat hulle reeds 24 grondmonsters van CropLife-plase veilig by die laboratorium kon afgee. Die ontleding van die grond deur ’n lid en gerespekteerde wetenskaplike sal by die volgende vergadering aandag geniet. Dan vang Sias se oog die woorde “Project Sower”.

Chair: *Welcome, Recruit. We’ve all read the report. The progress has been faster than anticipated. Are we in a position to implement Project Sow?*

G.V: *I propose that we wait at least two more years. By then samples of the new-generation seeds tested for DUS, will be small. And I could be in a leading position in the Crops Department, which would make execution of any plan much easier.*

Chair: *What do you propose? In layman’s terms, please.*

G.V: *Something we call gene silencing. An unwanted gene is switched on during splicing. It shuts off the plant’s access to its own resources. Guaranteed crop failure.*

Chair: *Let’s open that up for the floor.*

B.J: *Can’t we sabotage the pesticides, instead of the crops themselves?*

Chair: *Your thoughts, Recruit?*

G.V: *As some of you might know, it has become a trend within Big Ag to “empower” the third world by selling the chemical side of their corporations to local business. We don’t think this is without agenda. We expect the next generation of GMO’s won’t need any chemicals. Targeting the chemicals could therefore jeopardise the whole plan.*

Sias rits sy reënbaadjie oop. Sweet loop by sy rug af. Hoe het Martin hierby betrokke geraak? Meconium klink nie bekend nie, maar hy het al gehoor van radikale groepe wat landerye afbrand en execs van groot korporasies uitvat. Sias onthou iets van ’n CropLife CEO ’n klomp jaar terug. Hierdie mense speel nie. Hy maak weer ’n nuwe venster oop en goohoo “Meconium”. Hy gaan eers na die definisie wat opkom – “Meconium: newborn baby’s first feces” – dan beweeg sy oë oor die ander resultate. Die opskrif van ’n Son-artikel uit ’50 vang sy oog: “Meconium vati kaki”.

Hierdie ouens is rad. Ecological issues en mother nature is way more important as human rights en sulke shit. Nog ’n corporate ou het die afgelope naweek afgekak. Tertius Amelam, CEO van CropLife, SeedSci se farm-arm, is in stukke gehack en op ’n mielieland gesaai. Sy body parts is gechap met die woorde “Sowing Life”. Sarcasm? wil die Son weet.

Dr. June Kylemore, expert op Northern African rites en traditions, sê dié MO gaan terug op 'n Tanzanian fertility rite, "Wanyambuda", waar human body parts saam met sade en bloed oor die velde gestrooi is om 'n goeie oes te ensure. Die Son dink 'n lekker klompie kak en genoeg son en water is dalk 'n beter idee. Maar met dié dat bloed meer ready at hand as water is, wie is ons om te judge?

Sias se lugpyp knoop. Is Martin één van hierdie mense of het hy hulle afgepis?

Hy gaan terug na die dokumente. *Prototype*. Dis 'n ontwerp vir 'n fat extractor. Martin het al gesê dat hulle Cooking Oil! moet uitbrei en begin om die vet- en olie-aanpaksels in die stad se afvoerpype te herwin. Die munisipaliteit het dit al self 'n keer of wat probeer maar dit kon nooit volgehou word nie. Met hiérdie ontwerp... Sy oog val op die regterkantste hoek. 'n Patentregnommer. En dis geregistreer onder Sias Kgatla. Hy bal sy vuiste en slaan op sy bobeen. Dan probeer hy om te doen wat Genie voorsê wanneer sy bloeddruk te hoog raak. *Take a deep breath. Let your jaw relax. Tell your shoulders to say goodbye to your ears*. Daar hou hy gewoonlik op met luister. Hy moet logies wees. Dit beteken nie noodwéndig iets nie. Martin het nog altyd gesê hy wil Sias terugbetaal vir die aandeel in Cooking Oil! wat hy vir hom gegee het. Hiérdie is dalk net sy manier om dit te doen. Maar hoekom nou? Sias neem 'n foto van die ontwerp en lees die ander twee dokumente weer deeglik deur. Die "How to delete"-dokument is 'n lang lys instruksies wat hy een-vir-een volg. Martin ken hom goed genoeg om hom nie hiérmee te vertrou nie.

Sias vat Hannah Burger God toe vir Funny Friday-night en kyk na die clips van drone-peuters wat tantrums gooi, honde wat miaau en dwerg-Alsatians wat deur worshonde gejaag word.

"Dit werk nie as jy nie saam lag nie, Pappa," sê sy vir hom.

Hy laat gly sy hand oor haar kop en glimlag.

Terwyl hulle draairoomys eet, begin 'n realiteitsprogram. "The Funny Fatsos".

"Is jou werk snaaks, Pappa?" vra Hannah.

"Nee, Hannah," antwoord Sias. "Hoekom?"

"Want vet mense is snaaks."

"Hierdie mense probeer snaaks wees omdat daar kameras is," sê hy.

"Mamma sê julle het nie uitgewerk nie, omdat sy dink jy moet werk met siek mense en jy het eers met mooi mense gewerk en nou met vet mense."

"As dit is wat mamma sê..." begin hy. Hy sug. Maria sal hom nooit vergewe nie. Dit was met die griepseisoen twee jaar terug. Haar suster se man het 'n vreemde virus opgetel en sonder medies gesit.

In die High Rises tel 'n mens al wat kiem is op en Sias het geweet hy sal niks kan doen nie. Die man het gesterf en Maria het na die spaarkamer getrek.

Die Saterdag gaan hulle na die Dis Ons Wêreld-mall om vir Hannah spesiale beddegoed te koop vir die bed in die spaarkamer. In die jaar wat Sias in die huis bly, kon hy dit nog nie regkry om iets van die plek te maak nie. Die enigste rede waarom hy dié naweek iets daaraan doen, is omdat hy weet Hannah gaan teen die Saterdagand begin vrae vra oor oom Martin en hoekom hy nog nie kom inloer het nie.

“Kan ons nie maar Under Durbs Mall toe gaan nie?” vra Sias wanneer hulle in 'n lang ry karre staan om by die mall in te kom.

“Nee, Pappa. Ek sê dan. En daar's die ad!” roep sy opgewonde uit.

Die advertensieskren by die ingang wissel tussen *Ons Dorp – Leef veilig, slaap vas. Nuwe eenhede vir 2058!* en 'n advertensie vir die bekendstelling van die Nuwe Groot Vyf: *Ons bring die boendes na die veiligheid van Ons Dorp! Bring die gesin. Datum: Saterdag, 13 Mei. Plek: Dis Ons Wêreld Sentrum.*

“O ja,” sê Sias. “Die holografiese boendes.”

“Take a deep breath,” begin Genie.

“Hou jou krit, Genie!” skree hy.

“Please repeat,” sê Genie.

“Sorry, Hannah,” sê hy onmiddellik. “Ek is jammer, Hannah.”

Hy steek sy hand na haar uit, maar sy kyk by die venster uit.

“Jy moet luister vir Genie,” sê sy.

Terwyl Hannah na die holografiese diere kyk, bly hy op die G-laze. Sewentien minute later is daar steeds nie antwoord by die polisie-hulplyn nie. Hy laze die Woodstock Station, maar al wat hy uit die konstabel kan kry, is 'n nuwe verwysingsnommer en Trevor Jacobs se details. Die man antwoord die tweede keer wat hy laze.

“Nee, no worries,” sê Trevor as hy om verskoning vra oor die tyd. “Working hours is 'n luxury wat 'n ou in my poz nie kan afford nie.”

Maar hy kan Sias ook niks vertel nie.

“Luister, duke, ek sal jou sê. Moenie 'n fout maak nie. Ek maak al die pad enquiries, maar my list strek van Kayamandi tot in die Kalahari and back. But I'll keep you informed. I'll keep you informed.”

Sias is lus en vee die man se details uit nadat hy afgelui het. Donnerse geldmors! Hierdie ouens reken daarop dat 'n vermiste iewers op die grid moet uitslaan – het nie die hulpbronne om op lazenots se

spore te kom nie. Hy kyk na Hannah. Haar hare is in 'n kort ponie en haar lyfie is nie meer so uitgeteer nie. Dinge gaan uitfok. Hy moet die strandhuis op Yzerfontein inrig, dalk nog 'n stuk grond of 'n skuur iewers op die platteland koop. Sonder om dit te oordink, laze hy sy prokureur, Bart Heinemann.

“Luister, Bart,” sê hy. “Ek het gewonder of jy kan help?”

“Sure, Sias, sure. Dis mos waarvoor ek hier is.” Sias kan nooit aflei waar Bart hom bevind nie. Hy klink dieselfde by die hooggeregshof in die Paarl én die eksklusiewe ondergrondse Cut Above-gholfbaan/casino buite Stellenbosch. Bart Heinemann is dié man in mediese regsake. Hy het Sias in twee sake verdedig.

“Man, daar het 'n ander besigheidsproposisie oor my pad gekom. En ek soek iemand wat in die posisie is om my praktyk oor te koop. Jy't nie dalk 'n kliënt of twee wie se name by jou opkom nie?”

“Man, uit die vuus. Laat ek dink. Daar is 'n Dr. Gericke, Stellenbosch. Hy gaan groot compensation moet opdok. Hy't die vrou eers verneuk en toe 'n gat in haar gesig laat val. Dis common knowledge, maar confidential. En dan... Dr. Toko. Vrou. Business minded. Sal nie mind om nie meer onder Hippokrates te werk nie.”

“Hoe so?” Sias sit die twee name op sy G-laze.

“Sy't 'n almost lethal dose botox in 'n pasiënt se knieplooië ingespuut. Sy't die pasiënt gewaarsku dis outdated stuff, maar die vrou het daarop aangedring – cheaper, jy weet. Anyway, ek dink nie sy sal sit nie.”

“Nie as dit van jou afhang nie,” sê Sias, en lag waarderend.

“Jy weet mos,” sê Bart.

“En waar praktiseer sy?”

“Malmesbury.”

“Okay. Baie dankie, man, Bart. Ek skuld jou,” sê Sias.

“Anytime. 'n Kliënt bly 'n kliënt.”

“Ag, thanks, man,” sê Sias weer. “En jammer vir die ongeleë tyd.”

“Hoop jy kom reg, ou Sias.”

Regkom. Dit gaan nie meer vir lank genoeg wees nie. Oorleef.

“Kom, Hannah,” roep Sias.

“Kan ons nie nog 'n rukkie bly nie, seblief?”

“Wil jy nie see toe gaan nie? Strandhuis toe.”

Hy hoor die opgewondenheid in sy stem en Hannah reageer daarop.

“Jippie! Gaan oom Martin saam?”

“Nee,” sê hy, maar daar is ’n moontlikheid: Dalk sit Martin met ’n boek voor die kaggel.

Die Weskuspad is stil.

“Open the windows,” sê hy vir Genie.

“Pollution levels: High,” antwoord sy.

“Open the windows,” sê hy harder. “Ons wil die wind voel, nè Hannah?”

“Ons wil die see ruik!” roep sy.

Die vensters gaan oop en hy lê terug. ’n Lamte het hom die afgelope tyd beet en dis besig om plek te maak. Oorleef. Die woord is ’n pad uit die lamte.

Hoofstuk 7

Dis die onpadste stuk pad wat hulle nog teëgekom het en hulle is byna oor hom sonder om dit te weet, maar dan trap Amper in 'n vlak gat en haar voet haak vas en haar groottoonnel bly byna agter en sy tuimel gat oor kop by 'n duin af.

“Etter,” sê sy. Sy hou haar voet vas. Die bloed brand teen die koue vel. “Fok!” Sy't uit 'n longfabriek ontsnap, net om 'n smetdood te kom tart.

“Is dit erg?” vra Foos. “Ek dink dit was die pad.”

“Dis 'n stukkendplek. Dis niks én dis die dood.” Sy laat sak haar kop. “Sorry. Dis net. Om so ver te kom vannag en nou dít.”

Hy buk langs haar. Iets skwoesj onder sy voet.

“Sal jy kan loop? Wanneer dit lig raak, kan ons dit versorg.”

Sy trek haar asem diep deur haar neus in en steek haar hande uit na die grond onder hom. As sy stip kyk, sien sy die puntige blare. Foos staan op.

“Wat's dit nou?”

Amper pluk twee hande vol van die plant en druk dit in haar mond.

“Dis suurvygies,” sê sy. “Maak jou sakke vol. Kom ons prop die bottels vol.”

“Net nie te lank dool nie,” sê Foos.

“Nee,” sê sy en gooi hom met 'n hand vol blare.

Hy stap aan.

“Die plantgooie pas die stories op,” sê sy, buk en soen vir Ghaukum.

Teen ligdag is hulle op 'n duin vanwaar hulle die see kan sien.

“Ek hoop die platstof hou,” sê Amper.

Die see is bruiner as wat dit blou is en dit lyk glad nie soos op die prente in die *Kennis* nie.

“Dink jy hulle sal ons agternasit?” vra Amper.

“Ek twyfel. Hulle het nie resources om te mors nie.”

“Dalk vrek die Koeberg Kaptein en dan gaan maak sy onderdane al die Jonas dood.”

Foos kyk vir haar. Is hy geskok?

Daar is nog 'n laaste duin om te oor voordat hulle op die strand kom. Hulle gaan sit see se kant van 'n rots en eet suurvygies.

“Ons moet inventory hou,” sê Foos.

Amper het: stofbril, fluitjie, ses darts, twee blikkies gif, Leatherman, drie kleiner darts wat saam met die pitte in haar skoensole versteek was en in die pen pas. Ook ’n paar sokkies en skoene.

Foos druk sy hande in sy sakke en begin uitpak.

“Kaart en kompas. Twee ontsoutingstablette. Leatherman. Salf. Superglue. Vuursteen en vuurhoutjies.”

“Die gom. My skoene.”

“Dit was in die first aid-kit – een van die goed wat ek raakgevat het toe ek uit my rugsak oorgepak het.”

“Jy’t jou bril en asemhaalgoed verloor,” sê Amper.

“En my wapens.”

“Dalk kan ons op pad goed kry vir ’n kettie. Ketties is bekwaam wapens.”

Hy lig sy skouers.

“Ons moet jou voet dokter en aanbeweeg.”

“Die vygies,” sê sy.

Sy vryf gekneusde blare oor haar seer voetsole en druk van die vygiesap op haar stukkende toon uit om dit af te was. Foos sit van die salf op en sy draai twee blare in die lengte deur geskeur om die toon voordat sy haar sokkie aantrek.

“As ons vanaand stop, sal ek jou tekkies regmaak,” sê hy.

Sy wil sê sy kan dit self doen, maar los dit. Hulle eet nog vygies.

“Dis nie vir volkom nie,” sê Amper.

Foos trek sy tekkies op die strand uit en loop met sy voete in die water; sy bly net bo die branders se breek. Nog voor die son hoog is, draai die dag teen hulle. ’n Bergwind kom op en bring ’n hele binneland se stof saam. Foos kan net sy baadjie toerits en wanneer hulle met reguitson stop, kan sy sien hy sukkel om asem te haal. Sy haal haar stofbril af.

“Ek het dit nie nodig as ek die baadjie toerits nie.”

“Wat bedoel jy?”

“Die stof doen niks aan my longe nie.”

“Wat?” sê hy.

“Dis geneties. Of iets. My longe is aangepas.”

Hy skud sy kop. “Wat van jou oë?”

“Ek sal die baadjie toerits.”

Sy kan sien hy wil nog redekawel, maar hy weet: hy kan aan die einde van die dag met stoflong sit. Hy sit haar bril op.

Hulle vorder stadig, maar hou aan beweeg totdat daar niks meer son van die see se kant af deur die stof beur nie. Hoog op teen die strand bou hulle 'n muur van nat sand om die ergste wind en stof af te keer. Net bo die muur begin die ruigtes en sonder om diep in te gaan, kry hulle 'n paar los bosse vir kussings. Die laaste vygies voel soos niks in hulle mae en om van die honger te vergeet, gaan lê hulle. Amper lê met haar rug teen die muur en Foos met sy rug na haar. Haar toon klop. Sy hoor iets en kom regop – was dit 'n hond se tjank? Dalk, maar nie haar hond nie. Sy lê weer. Die een oomblik hoor sy nog hoe Foos hande vol sand nader sleep en die volgende oomblik hoor sy niks meer nie.

Toe sy met die rooidag wakker word, slaap Foos nog. Die wind het gaan lê. Die see lyk soos 'n kruibrousel wat die hele aarde kan heelmaak. Hulle het sonder om dit te weet net duskant 'n klein baaitjie gestop en daar is heelwat rots 'n ent verder. Sy gaan trek haar klere agter een uit en skrop haar hele lyf met seesand, spoel dit met hande water af. Met haar rug na die son se gluur wag sy om droog te word.

Sy klim op 'n rots om te kyk of Foos al wakker is en sy beduie vir hom sy kom nou. 'n Ent na die binneland trek sy haar broek af en hurk. Elke oggend hierdie ritueel om die skuld van die verlore saad te demp. 'n Pêtsie grond. Haar lyf maak nat. Haar lyf gaan oop. Haar lyf bemes. Gisternag was die saadskierter in haar slaap. Saad-skie-ter, saad-skie-ter, sing sy. 'n Teleurstellende een, 'n wouwees een, maar tog. Sy druk hulle in die ooptes uit – sy't hulle nie sonder gô aan Meconium oorhandig nie.

Toe sy by Foos kom, is hy besig om haar tekkies reg te maak. Hy't klaar die twee plastiekbottels vol seewater gemaak en die ontsoutingstablette ingegooi. Sy dokter haar toon en kry haar pen en darts reg. “Dalk kry ons insekte of iets,” sê sy wanneer hulle begin stap.

Vir haar voete se onthalwe en in die hoop op iets om te vang, loop hulle net bo die rotse, tussen die bosse.

“Suurvygies?” vra Foos en wys na 'n duin.

“Ja,” sê Amper.

Hulle eet en pluk vir die pad, maar dit lyk vir Amper minder soos 'n plantgooi en meer soos 'n plant.

'n Ruk na reguitson kom hulle by 'n stuk land wat punt staan in die see, daar anderkant 'n ou kampterrein of plaas.

“Dit lyk soos 'n vakansieplek,” sê Amper.

“Ons moet omloop,” sê Foos.

“Nee. Wat daar iets is om te eet...” 'n Leë maag is al wat van haar oorgebly het.

“Soos wat? 'n Kolonie miere?” vra hy.

“'n Kolonie miere sal 'n wonderwerk wees.”

“Ons loop land-in om en dan kyk ons.”

Amper antwoord nie. Hy praat asof hý die besluite mag neem. Net voor sy kan begin hardloop, of strompel, vat hy haar aan die elmboog vas.

“Wat van swaar wees?”

Sy verslap.

“Dit voel of 'n seemeeu my aan my neus hier kan wegvlieg.”

“Dis die honger,” sê hy. “Dis net die honger.”

Hulle stap bo-om. Dis 'n halwe kampterrein. Die boonste helfte daarvan. Halwe huisies. Die dak en stukkies ruit van 'n voertuig. Wat lê alles onder die sand? wonder Amper. Wanneer hulle verby die laaste gebou is, strek 'n groot sandstrand na onder voor hulle uit.

“Kom ons gaan af,” sê Amper.

“Wag. Kyk.”

See se kant van die gebou skitter oranje vruggies. Amper knip haar oë. Dit lyk of dit uit 'n groot silwer pot groei.

“Kom kyk,” roep Foos.

Sy loop agter hom aan. Hy krap sand voor 'n venster weg.

“Dis 'n karavaan,” sê hy met eerbied. “Om mee te nomaad.”

Die grootste deel is toe onder die sand, maar deur die venster kan 'n mens sien die sand binne-in is vlakker. Byna 'n armlengte van die plant is binne-in die karavaan en dit steek tot by Amper se middel bo die opgeroeste dak uit. Sy pluk 'n blaar en vryf dit tussen haar vingers.

“Is dit eetbaar?” vra Foos.

“Ek dink so. Ek dink dis bietou. Bosluisbessies.”

“Ek sal twee eet,” sê Foos.

“Ek sal ook twee eet,” sê Amper.

Dis moeilik om nie nog van die soet vrugte in hulle monde te prop nie.

“Ons sal weer vygies kry,” sê Amper. Sy eet van die orige vygies en gooi die res op die grond om plek te maak vir nog bessies. Hulle drink van die ontsoute water, maar Amper moet haarself keer om dit nie uit te spoeg nie.

Wanneer hulle by die einde van die lang strand kom, gaan sit hulle sonder om af te spreek. Sy haal die skoene om haar nek af.

“Môre kan ek dalk my skoene aantrek,” sê sy en wys na die rotse wat noordwaarts strek.

Foos knik. “Ek voel orraait,” sê hy. “Jy?”

“Ja.” Sy weet waarvan hy praat. “Kom ons eet nog.”

Die oranje druppels lyk soos die amberkrale in Kierang Collectibles.

“Ons moet seker vir môre hou,” sê Foos, maar sy antwoord hom nie en hulle eet alles op.

“Is daar nog gom?” vra Amper.

“Ja.” Foos krap in sy broeksak en gee dit aan.

Sy soek die lapprent van die Dust Girl tussen haar sakgoed. Dit was nie eers op die lessenaar in die longfabriek nie – hulle het dit misgevat toe haar sakke leeggemaak is. Sy plak dit op haar baadjie se linkerbors.

“Wat’s dit?” vra Foos.

“Sy’t my leer lees. Superhero wat my ouma opgemaak het.”

“Lerk.”

“Dust Girl. Stofstraal in Afrikaans.”

“En wat kan sy doen?”

“Sy asem stof in en suurstof uit en sy het groenvingers – alle plante waaraan sy raak, raak weer lewendig. En as ’n goeie mens siek is, kan sy die saad van ’n plantgooi plant en dit kom binne sekondes op. Sy bêre die stof wat sy inasem in haar boude en dan.” Amper begin giggel. “Sy poep dit in die skobbejakke se gesigte.”

Foos glimlag.

“Ek is jammer oor jou saadstories,” sê hy.

“Dankie, Foos. Maar dit was in elk geval net twee en ’n paar deurmekaar sinne.”

“Dalk kan jy nog ’n storie vertel?”

“Ek sal probeer. Kan ons ’n vuur maak?”

Hy dink eers. “Goed,” sê hy dan.

Hulle sleep bosse, stompe en takke nader. Hy maak ’n klein vuur, blaas dit aan en begin takke opgooi.

“Dis soos ’n droom,” sê hy, “om vuur te maak onder die sterre.”

“My ouma het gesê vuur en stories is gooie. Sy het vertel hoe hulle om die vuur gesit en stories vertel het.”

Hy gaan sit na aan die vuur, maar Amper bly staan.

“Dis die storie van die *Viscum capense* – Cape Mistletoe; lidjiesstee, voëlenttee.” Sy maak haar oë toe. Brandende hout. Rook. See. Geen verbeelde reuke nie. Sy pomp haar tong in haar vuiste en rek haar oë.

“Die gooie raak verveeld. Sê die een gooi vir ’n ander een: ‘Wie sê hy kan groter snotbolle as ek rol?’ ‘Gie!’ roep die ander gooi. ‘Jy daag my uit!’” Amper trek haar kop na agter. Haar vuurskadu rek die storie dóer boontoe. “Hulle begint grou, bollings maak, en rol. Nou kyk, dit moet jy virrie gooie gee: hulle snot is nie menskindsnot nie. As die son dit daglang vang, so gebolling, dan lyk dit soos glasbasters lig. So sit die twee gooie totlat hulle neusgaaie tot by hulle kleintonge leeg is van slymgoed. Net toe kom die owerste van die gooie daar aan. ‘En julle wil regte gode word! En julle wil uit hierdie niemandsland bevorder word! Maar kyk hoe julle die dag laat volkom!’ Die gooie laat hulle koppe sak. Almal behalwe die een wat die plan vir tydverkorting gehad het – hy is nie op sy bek gevalle nie. ‘Owerste, u vat vir ons laag. Net die ophéffing van die niemande het ons in die oog!’ Die gooi maak sy arm lank, strek aarde toe en breek die eerste tak wat hy raakvat af. ‘’n Parasiet en niks meer nie,’ wys hy vir die owerste. Toe plak hy snotbolle aan die tak vas. ‘Nou is daar voedsaamhede vir die niemande.’ Hy swaai die takkie spogrig deur die lug en toe buk hy af en sit dit weer aan die koeniebos vas. Toe die eerste ma en haar jongetjieskind by die voëlent kom om takke vir lidjiesstee te pluk en ’n houtroos vir hulle ou ma se pyp te soek, sien hulle die deurskynende vruggies. Die ma dink: ‘Die gooie is genadig: iets vir die kind om te eet.’ Die jongetjie dink: ‘Daar groei glasbasters aan die bome – vandag het ’n gooi ’n god geword.’”

Amper gaan lê plat langs die vuur. Nog een van die stories is veilig in haar lyf.

Stof

Tulbach, weerstasie naby Verneukpan, Kaapstad – 2037-2038

Die ring tone bring net vir 'n oomblik verligting. Hy gryp die Nokia Now uit sy sak, maar die skerm is donker.

“Shit!”

Dis die verkeerde device. Hy stoot sy mou op om by die Gwatch se touch screen uit te kom.

SeedSci Medical Scheme, flits dit op die skerm. Hy oorweeg dit om die gwatch te block, maar dis nou al die hoeveelste keer hierdie week wat hulle gwatch – uitstel sal nie langer help nie.

“Gene Ludlow.”

“Hi Gene,” groet 'n gladde stem. “Dis Marli van SeedSci Medical Scheme. Ek is hier by die TrustTech Centre. Het jy tyd om oor 'n kernsaak te praat?”

Sy wag nie vir 'n antwoord nie.

“Op jou posvlak is jy bevoorreg om vir die BrainyBoxer en SharpShirt te kwalifiseer. Soos jy weet, is ons al die afgelope vier jaar en 11 maande besig om senior personeel se mediese voordele met behulp hiervan te maksimaliseer. Jy het al vier afsprake gekanselleer, so ons moet 'n finale datum vasmaak en daarby hou voordat die vyf jaar verby is. Daarna raak dinge meer gekompliseerd.”

Gene haal diep asem. Hoeveel meer gekompliseerd kán dinge raak?

“Op die oomblik is ek in die OuterCape, Marli.”

“Wanneer kom jy terug Centre toe? Ons het 'n opening vir hierdie Vrydag oor twee weke, 16 Oktober, 10.30. Gee dit jou genoeg tyd?”

“Goed,” sê Gene. “Maak dit dan.”

“Dankie, Gene. Jy sal 'n gwatch ontvang om jou te herinner. Geen verskonings die keer nie, nè.”

Hy verbreek die konneksie. *Between the dust and the devil*. Dít sal hom verrai: die smart clothes wat gesondheidsorg na 'n whole new level toe neem. Hy kan SeedSci se leuenverklikkertoets – die “Loyalty Test” – een maal 'n jaar slaag, maar om 24/7 vir jou eie hartklop en bloeddruk en sweetgate oor jou leuens te lieg – dit sal sukkel. En die Meconium-leiers wéét dit. Hulle gaan nie die kans vat nie.

Hy staan van die enkelbed af op en loer deur 'n skrefie in die blinding. Voor die *Wholly Holiday* staan daar steeds net drie voertuie, al drie op charging bays, al drie *SeedSci Military – Protecting your food, protecting your future*. Sy E-Shell staan by 'n garage wat nie ver van die suidelike ingang na die dorp geleë is nie. Tussen die hotel en die vrugteboorde is daar net 'n grondpad. Anderkant die boorde is die grens waar 'n heining gifnoemnoems, lasersproeiers en SeedSci-soldate die weathergees uit die Kaap

probeer hou. Dis nie noodwendig veiliger hier as in die Centre nie, maar hy het nodig gehad om daar weg te kom om sy opsies te oorweeg. Hy het die vorige week agtergekom dat iemand hom agtervolg en dit geïgnoreer. Die naweek het dit gelyk of hy sonder skadu is, maar toe hy die vorige middag van Bert af huis toe ry, het hy weer die wit SuperSmartie in sy truspieël gesien. Dit het hom ontsenu – om op ’n Sondag agtervolg te word – en hy het die Tulbach Lab se krisis onthou en gery totdat hy die voertuig afgeskud het. Hy’s Wellington toe en het die Nokia Now by Pep Stores gekoop. Nadat hy die wag met sy SeedSci Sec Card en ID oortuig het dat hy Tyron Ludlow se seun is en hom kom verras, het hy op die SeedSci Retirement Village se parkeerterrein sy E-Shell gecharge en oornag. Die oggend het hy dit oorweeg om sy pa te gaan wakker klop voordat hy verder ry. Hy’t die ouer man laas by sy ma se begrafnis gesien – vier jaar terug. Dit was dalk sy laaste kans, maar hy’s daar weg sonder om te groet.

Voor hy bly raak, maak hy eers seker. Weer die fokken Gwatch. *Zietske Molte - Tulbagh Bioneering Lab*.

“Hi, Zietske.”

“Gene, fuck man, I’ve been leaving messages since last Tuesday, man.”

“Sorry, Zietske, two big clean-ups in the Centre and InnerCape last week. But I’m here. I’m in Tulbach till we sort this thing out.” Of totdat hy sy eie planne agtermekaar het. “What happened?”

“We need a Trouble shooter, big time, Gene. Fuckup on our hands. Fuckup on our hands.”

Haar boodskappe het ook niks meer gesê nie en Zietske Molte is bekend vir stories opblaas. Dis hoekom hy nie teruggebel het nie.

“Are you at the lab?” vra hy.

“Yes, yes. I haven’t left since last Tuesday.”

“Kay.” 08.55. “I’ll be there at 09.15.”

Gene haal die Nokia Now uit sy sak en sit dit af – as Bert bel terwyl hy by die Lab is ... ’n Tweede foon kan agterdog wek.

“Dankie tog. Dankie tog,” sê Zietske met ’n sterk aksent. “Dankie tog you’re here. Biggest fuckup...”

“I need details, Zietske,” sê Gene voor sy verder kan praat.

“I need a sigaret,” sê sy en maak ’n groot opskuif-venster oop en klim deur na ’n balkon wat op die boorde uitkyk.

“Our poison num-num has lost its stability,” sê sy na haar eerste trek.

Hy raak koud. Hy mag 'n spioen en saboteur wees, maar hierdie tipe krisis bring geen satisfaksie nie. Daar is altyd onskuldiges betrokke. Hy klim ook deur die venster.

“What? Do you mean that...”

“The fruiting season started late this year. Some of the local children ... Three of them died.”

“How do we know it's not from the thorns?”

“Blood and intestines showed high levels of Manchineel toxins. And a soldier saw them eating it.”

Gene skud sy kop. Hy was nie self betrokke by die proses nie, maar hy het van die verslae gelees. Die Manchineel giwwe was veronderstel om beperk te wees tot die noemnoem se dorings.

“Such a pity.” Sy wys na die gifnoemnoemheining wat in die verte 'n lyn trek. “Kept the weathergees out, I can tell you that.”

“What were your quality control measures?” vra hy.

“We fast tracked the plant through the growing process five times. Ten specimens each time. One real time season with no problems; no signs of toxicity in any other parts except the thorns.”

Hy knik.

“Have you tested more fruit specimens after the ... deaths?”

“Yes. 40% shows signs of toxicity. Weird right?”

“Show me what you've got,” sê Gene.

Hulle klim terug en stap met 'n lang gang af na Zietske se lab waarop *Innovative Life Lab* staan.

“Publicity on your case?”

“Like you wouldn't believe. They're stalling Human Rights Watch but we need an explanation A.S.A. fucking P.”

Gene kyk op sy Gwatch. 17.32. Hy stap terug *Wholly Holiday* toe. Nou en dan kyk hy na 'n blom of kar langs die pad sodat hy sy oë na agter kan gooi. Van die nagskof-soldate is reeds op pad uit wanneer hy by die voordeur ingaan. By die bar bestel hy twee double whiskeys op ys en dra dit op na sy kamer toe. Hy't lanklaas so intensief met die geen-konkoksies van 'n SeedSci-slicer gewerk. Gewoonlik is die trouble shooting-gevalle eenvoudiger: 'n uitgeskakelde trait wat terugslaan, sabotasie deur amateurs wat maklik uitgefigure kan word. Dis presies die posisie waarheen Meconium gesê het hy moet mik toe hulle hom amper 15 jaar terug gewerf het. En nou is hy waar hy moet wees, maar die timing is horribly verkeerd. Hy sit die foon aan – niks van Bert af nie. Hy begin wonder of Bert sy boodskap gekry het.

*Thus we have to accept that the project was a failure and that the poison num-num trees will have to be removed as soon as possible. Please see Addendum A for instructions on safe removal. Please note: **Burning the plants is out of the question and the overseer must sign Adden...***

Die Nokia Now lui. 20.42.

“Waar is jy?” vra Gene.

“Edgemead. *The Millennials*. Ek bel van ’n random se foon af. Wat gaan aan?” vra Bert.

“Nano se manne was gister weer ’n nuisance.”

Gene wil nie te veel sê nie. Op die oomblik is SeedSci nie sy grootste worry nie, maar al die kamers is dalk *gebug*. Worst case het hulle reeds ’n oog en ’n oor op hom oor hy die smart clothing dodge.

“Jy seker dis hulle?”

“Redelik.”

“Gene, ek kan nie dink dat hy...”

“Daar is ’n patroon. Jy het dit self gesê. Ek wil reg wees vir wanneer dinge gebeur.”

“Sure. Sure, maar...”

“Ás ek teen die naweek toegelaat word om terug te kom Kaap toe ... As jy die nodige mense kan kontak wat kan help met... vakansiereëlings – ek sal dit waardeer.”

“Sure. Sure. Waar is...”

“Thanks,” sê Gene en druk dood.

Bert is die enigste een wat hy kan vra om te help – hulle is in hulle matriekjaar saam deur Meconium gewerf en Bert is ’n undercover bio technician by ’n government organisation. Maar selfs hierdie vriendskap gaan hy op die oomblik net toets as dit doodsake is. Hy haal die kaart wat hy in Zietske se lab gevat het, uit sy sak: Afrika anderkant die OuterCape. Dis nou al ’n paar maande sedert hy agtergekom het dat sekere faksies in Meconium hom as ’n risiko begin beskou – spesifiek Nano, die leier en face of Meconium, een van die min ouens wat nie ’n geheime lid is nie. Dit het gemaak dat hy meer geïnteresseerd is wanneer kaarte oor sy pad kom. Hy was nog net een keer anderkant die grens. 2019. ’n Jagvakansie naby Beaufort-Wes saam met sy pa. Dit was ’n jaar voordat die land se patchwork van plase opgeëis en as ’n herenigde koek aan SeedSci oorhandig is. ’n Jaar voordat hy anders na sy pa begin kyk en aan die sisteme rondom hom begin poke het. Hy’t die gevaar leer ken en daaraan verslaaf geraak. Hy’t die vyand bestudeer en vir elke moontlike scenario beplan en getrain. Maar dié ding dat die bedreiging tussen sy fellow pokers skuil – dit gooi hom van sy game af.

Die speellys op haar G-tuner is al reg vandat Geert weg is – ’n mengsel van klassieke Grindcore uit die vroeë 2000’s wat GodfleshEater404 op payww.deathmetal.org gelaai het. Sy sit dit aan en draai haar stoel na die stofmuur. Die Cnomad vibreer en sy pause die musiek.

“Hallo, Ma,” sê sy.

“Hoekom antwoord jy nie, Jemima? Is die stof al daar? Hoekom antwoord jy nie die eerste keer nie?”

“Ma se eerste konnek was seker...”

“Nie vandag nie, Jemima,” val haar ma haar in die rede. “Ek wil my nie vandag opwerk nie.”

Jemima sug. Sy’t vergeet. Saadwyse, woestynzen Engela van Wyk. Dis die 15de Desember as die paniek haar só pak.

“Ek kyk nooit op die kalender as hier nie studente is nie,” sê sy.

“Ek sou nie so... Dis oor daar ’n stofstorm Verneukpan toe beur. Oos van ons verbygetrek.”

“Ek’s veilig in die weertoring, Ma. Die...”

“Vyftig lae duct tape gaan nie hierdie een uithou nie. Jy beter...”

Die Cnomad word afgesny. Die oorblyfsels van klippe, opgeknipte bankkaarte en kopvelle verbreek die onsigbare sein. Jemima kyk hoe die wêreld oorgee: die grensdraad 500 m weg, die windpomp en die sementdam, die aluminiumtorings met haar meet- en monstervanginstrumente. Die son brand uit nog voor sy dag begin het. Sy sit weer die musiek aan en dié keer nog harder. Dit moet die aggressie teen die vensters eggo. Daar is die hoop dat die storm se spoke buite sal bly.

Dit kom wel. Die vorm van haar broertjie se bakbene en die overallpype wat om sy enkels bondel. Sy bors wat soos ’n duin begin klim, totdat sy mond oopgaan en hy aan die modder in sy keel verstik. En sy? Die stof het haar stembande toegewaai maar verder makeer sy niks. Sy haal diep asem. Haar longe sê die storm wil net sy storie vertel. Die storie van sterre wat ineenstort. Klavierklawers en tande wat verweer. Goudstof. Verassings. Sampoenspore en mierbrood. Haar broertjie is ’n storie en sy kyk stemloos toe. Skielik is hy nie meer ’n storie nie – die modder peul by sy mond uit.

“Moerskont! Poesgesig! Saad se kjênd!” skree sy op die storm.

Haar tong sit teen die storm se spoke vas. Ouma Kalahari se vloekpes maak dit los. Dit laat haar ontspan. Die onmag laat haar altyd ontspan. Sy maak haar oë toe en haar lyf slap sodat sy deur die storm meegesleur kan word.

Sy skuld GodfleshEater404 'n konnek, maar dit sal moet wag tot die sein weer deurkom. Op haar ou Real Screen Retro Tech maak sy haar Post-dok-folder oop en klik op haar nuutste artikel, "Dust concentration and particle-size characteristics of an intense dust haze event: Boesmanland Middleveld". Opteken is al lankal 'n poep teen die noordoos, maar dit hou haar hier. Haar kontrak verstryk aan die einde van Maart. Sy wil nie weggaan nie.

Abstract – An intense dust plume was monitored in the Boesmanland Middleveld, south-west of Verneukpan, during the period 27-30 April 2037. The plume was generated by thunder cell downdraughts 300 km from the study site and subsequently carried by low-velocity winds to arrive approximately 18 hours after its generation. Particle size features of the plume dust indicated a distant source.

Sy kontroleer die bevindinge in haar artikel teenoor haar oorspronklike aantekeninge.

'n Klop aan die deur. Sy draai die musiek sagter. Dis onmoontlik. Sy wag. Die storm se egalige geraas is nou gelaai. Weer 'n klop. Sy staan op, stap deur toe. Die naaste plaashuis is 80 kilo's weg en laas wat hulle daar was, was die boer aan't oppak. Sou iemand op pad na Vanwyksvlei se noodkampe verdwaal het? Geert sal nie terugkom voor sy Nuwejaar by die New South Agulhas nie. Hoe lank woed die storm al? Twee ure? Op die staalkabinet naaste aan die deur tel sy 'n puntige stuk melkkwarts op en draai die slot om die deur se magnetiese veld te deaktiveer. Dit vat haar hele gewig om te keer dat dit nie oopwaai nie. Op die boonste trap hurk 'n man met sy kaal rug na die storm gedraai. Hy lig sy kop wat tot bo sy neus met 'n hemp toegedraai is. Sy voorkop is rooi geskaaf, dit sien sy selfs deur die stofwaas. Sy help hom oor die drumpel.

Die man se asem gaan nie verder as sy kleintong nie. Hy kyk op van waar hy op die vloer lê.

"Water," sê hy. "Seblief."

Jemima staan op, gooi 'n bietjie in 'n kleiner bottel en hou dit teen sy mond.

"Stadig," sê sy.

Hy drink gulsig en maak sy oë toe.

Die man se rug, nek, die agterkant van sy arms en kuite is gaar en blaserig – wat beteken hy kom uit die noord-ooste. Die voorkant van sy bolyf en bene lyk soos sy voorkop – rou geskaaf en rooi. Sy longe is heel waarskynlik klaar gefok. Op die minste het hy stoflong, as sy longe nie platval nie. Sy kop is te lank vir sy bonkige lyf, die wydte van sy kakebeen meer in proporsie. Sy mond is oop. Dis te breed na die kante, maar die onderlip is vlesig onder die spierwit tande. Wanneer laas het sy so na 'n man gekyk? Geert tel nie. Hulle het een keer genaai toe albei mampoerdronk was. Nie een kon genoeg

daarvan onthou om dit op te haal nie. Nou is hier 'n man in die weertoring. Wat van hom laat haar lus opstaan? Sy magteloosheid? Die asem skeur by sy keel af.

Met die Cnomad neem sy 'n foto van die vreemdeling se gesig en stuur dit vir haar ma.

As daar sein, kyk of man se gesig op G-faces. Deur storm aangewaai.

Wanneer sy *Send*, beweeg die sirkel om en om op die skerm.

“Foknaar,” brom sy.

Sy haal die noodhulpboks, twee sponsmatrassies, 'n kussing en 'n laken uit die trommel. Met die noodhulpboks en 'n beker vol water gaan sit sy kruisbeen agter die man se rug. Só het haar ma by haar pa ook gehurk en geblaas en skoongemaak. Die man kreun in sy beswyming. Sy trek sy oë een vir een oop en gooi oogdruppels in. Groen oë. Die ooglede fladder soos 'n verdwaalde versamelvoël. Roosmarynolie in die oliebrander. Later weer bietjies water. Oogdruppels. Alles vir wat dit werd is.

Sewe-uur kyk sy op die Cnomad – die boodskap aan haar ma het nog nie deurgegaan nie. Sy kook water op die gasstofie en trek kanferfoelietee vir die pasiënt en rooibos vir haarself. Sy is besig om karobkoekies daarin te doop, wanneer hy begin hoes en regop kom. Hy spoeg die slym wat loskom in sy hand uit, kyk daarna en vee dit aan sy broek af. Hy gaan lê weer op sy sy, maar maak nie sy oë toe nie.

“Hallo,” sê Jemima.

“Hallo,” sê die man.

Jemima sit die tee voor hom neer.

“Dankie,” sê die man.

“Wie is jy?” vra sy.

Die man vat 'n paar slukke en wys na sy keel.

“Ek is Gene Ludlow,” sê hy na 'n ruk, “en ek skuld jou. As jy nie 'n metal party gehou het nie, het ek nou begrawe gelê.”

“Ek is Jemima van Wyk. Jy skuld my niks, behalwe 'n verduideliking. Wat het jy in die storm gesoek?”

Hy kyk na die vloer.

“Niks. Glo my. Niks.”

“As jy hier wil bly, herstel, moet ek iets van jou besigheid weet. Anders wys ek jou die rigting na die naaste plaashuis.”

“Ek het gedog jy sal dalk self die afleiding maak. Ná laasjaar se geval spesifiek,” sê hy.

Jemima skud haar kop, probeer dink waarna hy verwys.

“Ek volg nie,” sê sy.

“Iemand van hierdie stasie het ’n lyk hier naby gekry.”

“Die biodiv-student wat ’n dooie man naby die Kaaiingbulte gekry het?”

“Ja,” sê hy.

“Die polisie het gesê hy was ’n Kaapse vrywilliger by ’n noodkamp wat gaan duinski en verdwaal het.”

Gene skud sy kop.

“Die vermoorde was ’n high flyer in die corp world.”

Sy lig haar skouers. “Wat is die verband?”

“Hy is een van ’n lys slagoffers wat die afgelope paar jaar deur ekstremistiese omgewingsgroepe en anti-corporate faksies getarget en iewers in die Noorde gelos is.”

“So hulle word in die middel van nêrens afgelaai, in die middel van die stormseisoen?”

“Ja,” sê hy, “exposure to extreme weather word gesien as ’n fitting death.”

Jemima lig weer haar skouers. “As jy nie vrek nie, sal jy ten minste nooit die tekstuur van die dood vergeet nie,” sê sy.

Sy dink oor die man se ompadstorie en kyk hom ’n paar sekondes in die oë. Besef hy wat op die oomblik in sy lyf aangaan? wonder sy. Die cilia wat soos oorwerkte weathergees vee en afstof en veg om die Kaapse rykmanswoning stofloos te kry.

“Is jy een van hierdie slagoffers? ’n High flying corp-slaaf?”

Hy grinnik. Sy is onmiddellik spyt oor haar woordkeuse. Sy haat dit as sy haar ma napraat. Corp-slaaf!

“Ek is en ek is ook nie. Dis complicated. Ek’s definitief nie ’n high flyer nie.”

“Dis gerieflik. Gooi ’n woord soos ‘complicated’. Dit sal ‘ek is en ek is ook nie’ verstaanbaar maak.”

Hy lag weer. Sy mond is ’n onheilspellende spleet wanneer hy lag, maar die klank is ongeforsierd.

“Jy’s te vrolik vir een wat dit deur ’n stofstorm gemaak het,” sê sy. Sy sal aanhou karring. Anders kan hy nie bly nie.

“Ek moet ecstatic wees. 12 uur gelede het ek nie gedink ek gaan dit maak nie. As ek nie die afgelope tyd hierdie omgewing bestudeer het nie, as ek nie met die sterre kon navigeer en reeds hier naby was toe die storm my tref nie...”

“Dis blote geluk,” sê Jemima. “Mense kan navigeer met die son, sterre, die landskap, hulle gene. Dis net ’n vloekskoot as jy in dié weer iewers haal.”

Sy besef sy raak driftig.

“So jy’t vermoed hulle gaan jou hier kom aflaai?” vra sy.

“Ek het vermoed ek raak ’n risiko.”

“So, jy is by ’n korporasie?”

“Ja, ek werk by SeedSci.”

Jemima knik. Volgens haar ma die ergste klas corpse.

“Van waar?” vra sy.

“Kaapstad,” antwoord hy. “En jy? Wat doen jy hier in die middel van nowhere?”

“Ek is ’n klimatoloog / konioloog. Ek doen ’n post-dok aan UniCa.”

“Konioloog?”

“Ek spesialiseer in stof.”

Hy lag.

“Sorry,” sê hy. “Ek lag nie oor jou werk nie. Dis ironies.”

Hy kyk af na sy tee, maar met die laat sak van sy oë kyk hy na haar lyf. Sy wonder wat hy sien. Sy weet sy’t te maer geraak vandat sy op die weerstasie bly, maar daar is darem nog Ouma Kalahari se boude en borste.

“So wie werk saam met jou hier?” vra hy, en kyk in die vertrek rond.

“Nog ’n klimatoloog – biodiversiteit.”

Sy voel nie bedreig deur die man nie, nog nie – hy is nog te swak.

“Hy’s nie op die oomblik hier nie. Hy’t gaan voorraad kry,” lieg sy in elk geval.

“Dra jy nie stof gear nie?” vra hy wanneer sy terugkom van die toilet.

Sy’s geïrriteerd met hom – as hy nie hier was nie, sou sy op die piepot gesit het.

“Nee,” sê sy. Sy gaan nie vir hom probeer verduidelik hoe haar lange aangepas is en sy toe-oë op hierdie werf kan loop nie. Nadat sy bedgemaak het, sukkel sy om aan die slaap te raak.

Dis nie vir die man wat sy bang is nie. Al is dit dalk van koppigheid en nie mensgewoond wees nie. ’n Paar jaar terug was hier gereeld diefstal. Sonpanele en toerusting en kragdrade en drank en kos. Maar vandat sy hier is, is dit stil. Haar ma sê dis oor niemand meer vervoer het nie. Die brandstof is op of te duur, die donkies is vrek of sonder fut. En daar is die stofbuie om te uitoorlê. Die stof. Op 15 Desember is sy bang vir die slaap omdat dit haar broertjie opnuut aan die stof uitlewer.

Ouma Kalahari se oudste suster, Klara, doen die slagwerk. Sy ken van slag. Sy saag Broertjie Barend se bors oop. Jemima druk haar ore toe. Sy kyk weg. Die lug is weer deurskynend. Dit ruik na moerbeie. Sy loer. Klara hou 'n long in die lug.

“Dis net 'n modder,” sê Klara. “Dis God se modderkoek.”

Jemima se wakkerword en regop kom is een beweging. Die rug van haar h-top is deurnat en haar kopvel krioel van druppels. Die verdomde vlegsels is veronderstel om droomvangers te wees, maar dit was die ou droom.

“Dis verby,” sê Gene. Hy sit in Geert se stoel.

Die son is in haar oë en sy vryf hulle asof die valse herinnering soos die stukke slaap sal afkom. Gene is bleek en daar is blou sekels onder sy oë.

“Môre,” sê sy en staan op. Die gesigsveld strek nog nie so ver soos voor die storm nie. Maar die son sal die stof deur die dag platbak. Die Cnomad flits met 'n boodskap. Dis haar ma.

Hy werk vir SeedSci. Pasop. Ook ander faktore – Momborg gids stadsmense wat vrae vra – ek vermoed van Meconium. Alles verdag.

“Ons kan barakke toe gaan,” sê sy.

In die skadu van die trappe na die weertoring wys Jemima vir Gene waar die komposttoilet en die put se kraan is en sy tap stortwater in die emmer. Sy wys vir hom waar om van Geert se klere te kry en hoe die stort werk. Buite sleep sy die hoenderhok uit die waenhuis.

“Onkans!” raas sy. “Geert gaan skel oor julle sy parkeerplek beskryt het.”

Sy gee water en pitte. Sy ruk die stukke duct tape wat sy rondom die kweekhuis se deur geplak het af. Wanneer sy nie meer die stortwater hoor nie, gaan sy in en begin met koffie, roereier en roosterbrood. Gene kom by die kombuis in met sy eie kortbroek en 'n t-hemp van Geert wat vreemd lyk sonder dié se FuntaSA-boep. Hy gaan sit by die kombuistafel.

“Jy't my nooit gesê waar jy vandaan kom nie,” sê hy.

Hy kyk na die kaal mure, sy vingers maak patrone op die linoleumtafelblad.

“Ek is van die Noord-Kaap, of Noorde, soos die mense deesdae praat.”

Sy bly stil, maar is bang sy klink kortaf, wat haar verbaas.

“My ouma-hulle het in die Noord-wes Kalahari geboer. Ons gesin het redelik rondgetrek, maar nooit vreeslik ver nie.”

“Waar was jy op skool?” vra hy.

“Upington en die laaste drie jaar Kimberley.”

Sy neem die twee koppies koffie tafel toe.

“Jy? In ’n private prestige college?”

Sy kan sien hy’s verleë.

“O, jammer,” – sy lag – “jy wás in een.”

Hy knik.

“Behalwe matriek. Ek was matriek op Malmesbury.”

“Watse jaar?”

“’23.” Sy werk uit hoe oud hy moet wees. Rondom 32.

Sy skep op en vat die twee borde tafel toe.

“Baie dankie,” sê hy.

Albei vat te groot happe. Jemima kou nie ordentlik nie. Daar word niks verder gepraat nie.

Daar is ’n ritmiese geklop aan die deur. “Jemima, dis Momberg Jafta! Maak dan oop, man!”

Sy hardloop na Geert se kamer oorkant die gang om Gene wakker te maak. Hy staan reeds by die venster.

“Ek ken die man,” fluister sy. “Hy’s ’n wheeler-dealer. As iemand jou soek, is hulle by hom.” Sy het hom nie van haar ma se boodskap gesê nie.

“Een van die ouens het reeds om die huis gegaan,” sê Gene.

Die kloppe raak harder.

“Jemima! Dis Momberg! Maak oop!”

“Wie is dit?” vra sy. “Wie soek jou?” Dan in die gang af: “Ek kom!”

“Meconium,” sê hy. Haar ma het die naam genoem, maar sy ken dit nie.

“Klim deur my venster wanneer ek die kombuisdeur oopmaak.”

“Ek dink nie...” begin hy.

“Op die waenhuis se dak is ’n skuilplek. Reg in die middel tel jy ’n plaat op,” sê sy en stap na die kombuis.

Sy's nie bang vir Momberg Jafta nie, maar sy vertrou nie sy toeriste nie – hy meng met enigeen. Sy los die lig af en kan vaagweg uitmaak wat buite aangaan. Voor haar staan Momberg, 'n twee meter lange stuk sproet. Agter hom is twee figure en 'n boksvoertuig.

“Wat kom soek jy hier?” vra sy. “Dié tyd van die nag?”

“Is jy alleen hier, Jemima?” vra Momberg.

“Jy weet ek is alleen hier, Momberg. Geert het gesê hy gaan op pad Kaap toe by jou aan. Watse verkaktheid is dit hierdie? Huur my ma jou om op my te kom spioeneer?”

“Ons soek 'n ou wat verdwaal het. Hy was deel van 'n groep uit die stad.”

“Die noodwerkers moet hulleself beter oppas,” sê sy. “Hier's nie terapie vir ons studente wat op die lyke afkom nie.”

“Die man is nie 'n relief worker nie. Hy's 'n valuable asset in die business community.”

“Watse kak, Momberg. Valuable asset in die business community. Sê dit asof jy dit glo.”

“Jemima, ek het nie gekom vir jou opinies nie. Het jy die afgelope dae niemand gesien nie?”

“Daar was 'n donderse storm, Momberg. Selfs die stof het gesukkel om deur die duct tape-fort te kom.”

Hy kyk net na haar. Sy weet nie hoekom sy hom altyd probeer afpis nie.

“Kan ons inkom vir koffie?” vra hy. “Ons wil bly tot dit lig word. Dan verder soek.”

Sy gooi die deur oop en sit die lig aan. Terwyl sy water in die ketel gooi en met die gasstoof sukkel, kyk sy onderlangs na die twee ander mans. Die een is glad, die ander een grof. Die gladde het nie 'n stoppel van 'n dag oud nie – seker weg gelaser – en sy oë is goudbruin. Wanneer Jemima na hom kyk, kom sy vir die eerste keer agter dat hy blind moet wees. Sy wonder wat sy lense hom van haar vertel. Die rowwe is nog jonk, maar by sy haarlyn raak dit yl – iets wat sy selde in die Kaap gesien het, die een keer wat sy daar was. Albei dra OWE: *Outweathering earth*-smart gear. Ingeboude stofmasker en oogbeskerming.

“Die keer het jy gebotterde kliënte,” sê sy vir Momberg. “Nie aldag wat ons in dié geweste hierdie graad van fok-jou-moeder-natuur sien nie. Is dit van daai droul wat jou sweet en jou pie absorbeer sodat jy nie jou penisparte hoef te ontbloot nie?”

Die gladde lyk geamuseerd. Die growwe is emosieloos.

“So you do it aux naturel? You are hoping that the human body can adapt faster than predicted?” vra Gladde.

Hy kyk so amper in Jemima se oë dat sy vir 'n oomblik dink hy kan tog sien.

“Die mense wat hier bly móét aanpas. Meestal vrek hulle soos vlieë. Maar dis weer die genade van natuurlike seleksie.”

Sy vra nie hoe hulle hulle koffie drink nie – hulle sal nie weet hoe hulle SoJaKoffie drink nie. Sy gooi ’n lepel poeiermelk en ’n halwe lepel suiker in elke beker.

“And natural selection has been kind to you?” vra die sliche.

“Ek het dit makliker as meeste.”

“Understatement. Die stof maak haar niks,” sê Momberg.

“Wait, so your lungs need dust like ours need oxygen?”

Jemima ignoreer die vraag. Sarkasme is een ding. Maar Gladde kyk neer op haar. Op Momberg. Ruggraatlose idioot wat hy is om vir sulke mense te werk. Sy gaan sit die koffie in die middel van die tafel neer, laat dit mors, en sit haar hand op Momberg se skouer.

“In hierdie stofland is dit net die longloses wat meer geseënd as ek is.”

Sy loop kamer toe vir haar kopligh en plakkies en dan weer deur die kombuis.

“Waantoe gaan jy?” vra Momberg.

“Weertoring. Kan net sowel werk.”

Sy probeer met haar ma konnek, maar daar is nie antwoord nie.

Wat is Meconium? tik sy.

Die Cnomad vibreer nadat sy vir ’n ruk na die Real Screen gestaar het sonder om werk te doen. 05.30.

Die skemer gooi al skaduwees.

“Hallo, ma,” antwoord sy.

“Wat gaan aan? Het Momberg met daai skuim daar opgedaag?”

“Ja. Wie is hulle? Wat is Meconium?”

“Ekstreem-ekstreem. Het rondom 2020 hier opgedaag, kamtig leergierig en behulpsaam. Baie geld en mag. Internasionale konneksies.”

“So hulle is nie ondergronds nie?”

“Amptelik is hulle, maar meeste lede loop breed met die konneksie. Baie akademici. Hulle het destyds jou pa probeer werf.”

“’n Engelse dosent?”

“Hulle was agter my aan. Het gedink ek het saad!” Haar ma praat kliphard. Dink weer sy word afgeluister. “Hulle kom skiet nou en dan filmmateriaal vir dokumentêre – sê hulle gebruik dit om befondsing vir ons *cause* te kry. Maar eintlik kom vis hulle oor een of ander geheime saadbank.”

“Is hulle gevaarlik?”

“As hulle dink jy weerhou goed. Of as jy nie diversiteit ernstig genoeg opneem nie. En ek meen érnstig.”

Jemima sug.

“Hulle doen goed ook,” voeg haar ma by. “Dis hulle wat die diversiteitsentrum naby Vredendal befonds. Maar dis vir ligloop. Kýk na jouself.”

’n Rumoer laat haar opkyk. Deur die venster sien sy twee skaduwees van die torings se kant af aankom: die voorste een spartelend met sy arms agter sy rug.

“Ek moet gaan,” sê sy.

Gee sy om vir die complicated corpse? Nee. Maar die storm het hom gespaar en nou wil ’n klomp ekstremiste dit ignoreer. Sy hardloop met die trappe af al weet sy sy kan niks doen nie. Voor die kombuisdeur staan Momberg en rook. Dis ’n liggaamsbouer wat Gene in sy greep het en vorentoe stoot. Binne druk hy vir Gene teen die grond vas, in die hoek waar die kombuiskas die muur ontmoet. Growwe staan in die gangdeur. Jemima bly naby die buitedeur.

“Thank fuck he’s not in shape,” sê die liggaamsbouer.

Gene se lyf raak slap. Hy kyk in die kamer rond. Sy oë rus vir ’n oomblik op Jemima. Sy weet nie hoekom sy skuldig voel nie. Wat kon sy nog doen? Hulle sal lag vir die rewolwer in die kluis.

“Relax, Gene,” sê die gladde. “We’re not here to finish what Nano and them started.”

“Ons het gekom om te kyk of ons kan help,” sê Growwe.

“Ag thanks, guys,” sê Gene. “How thoughtful.”

Die gladde lag.

“Come on, you know we’re not all...”

“Fucking spare me, Jake,” sê Gene vir Gladde. “Third in command. Nano ass licker. But you, Bert, I didn’t expect this of you.” Hy kyk na die growwe en sy stem klink teleurgesteld.

“You can sulk in the corner or you can get over yourself and listen,” sê die Bert-ou. “We came as soon as we suspected what happened.” Dan teenoor die liggaamsbouer: “Bring him over and cuff him to the chair.”

Wanneer Gene by Jake aan tafel sit, gaan sit die ander twee ook.

“Jy speel met vuur,” sê Momberg wanneer hy agter haar met die trappe na die weertoring oploop. “Die ouens wat hier gelos word vir dood, is die stad se dooies.”

“Dis ons stof wat hulle as sluipmoordenaar gebruik,” sê sy. Sy sluit die deur oop en gaan sit op haar stoel met haar rug na hom.

“Fok, vroumens. Jou ma is reg. Sy worry haar vrek. Ek meen ék worry en ek kan nie minder omgee nie.”

Jemima wil haar oorfone insit, maar Momberg vat die stoel en swaai haar om om na hom te kyk.

“‘Ons stof!’ Waar kom jy daaraan? Dis niemand se stof nie. Dis ’n fokop. Maar jy’s mal genoeg om blêrrie besitlik te wees. Oor stof!”

“Momberg,” sê sy. Haar stem is ongeërg. Sy weet dit sal hom gekrenkvies maak. “Momberg, Ontspan. Sit. Hou jou oordeel vir die dag wanneer jou wheelings en dealings rein is in die oë van jou Hemelse Vader.”

Sy weet sy vat dit te ver. Haar ma het vertel Momberg het homself bekeer, ’n Earth Christian geword. Jemima haal die bottel mampoer uit haar laai. Wanneer sy na hom kyk om dit vir hom aan te gee, is sy gesig stil. Hy vat ’n sluk. Sy neem ’n sluk. Dan nog een.

Haar Real Screen se sonbatterij is pap. Sy druk die kragprop by die muur in en skakel dit aan. In haar Pictures-lêer gaan sy na “Laerskool”. Sy maak ’n aanbieding oop wat sy in Graad 7 vir ’n mondeling gemaak het. Daar is foto’s van die Noord-Kaap aan die begin van die 2000’s. Die Oranjerivier in vloed. Namakwaland toe onder die blomme. Verneukpan na die somerreëns. Haar ouma en oupa se plaas in die Kalahari – die duine getem deur fyn wortelstelsels. Die laaste foto is een van hulle klas. ’n Wasigheid omring hulle soos wat die riviersand in die wind beweeg. In die agtergrond loop ’n stroompie wat vir hulle ’n gebeurtenis was, maar wat die groot vrouens laat huil het vir die verbye dae. “Onthou jy daai dag?” vra Jemima.

“Ja, Jemima,” sê Momberg.

Hy moet weet dis so na aan ’n verskoning as wat sy sal kom. Behalwe vir haar ma kan sy niemand onthou wat meer opgewonde as Momberg was oor dié bietjie reën nie. Die skooltuin, waarvan hy die meeste beddings geplant het, het skielik oopgebreek om vir groenigheid plek te maak. Die volgende jaar het die vloed al die bogrond weggespoel.

“Wanneer laas was die Gariep in vloed?” vra sy.

“Watter jaar het ons by UniCa begin?”

“2030.”

“Dan was dit 2030.”

“Is jou ouers nog daar? Naby Upington?”

Hy skud sy kop.

“My broer in die Kaap het hulle kom haal.”

“Sal jy ooit gaan? Dalk kan jy daar iets met jou plantkunde doen. Ophou met hierdie...”

Hy snork.

“Vir wie dink jy werk plantkundiges in die Kaap? Onafhanklike botaniese tuine?” Hy snork weer. “Ek het planne. Ek het my planne.”

Die Green 4 Green Toyota ry net na halfses weg. Momberg waai vir haar. Sy lig haar hand. Hy en Bert kom oor ’n paar dae vir Gene haal. Sy moet brood bak. Gene sit by die kombuistafel. Daar is ’n houer moerbeisap voor hom.

“Ek het ’n paar goed hier gehou. Ek weet jy’t gesê...”

Jemima lig haar skouers. “Ek wou net nie jakkals Jake se goedhartigheid aanvaar nie.”

“Charity of nie. Jou kaste sou nie meer lank vir Geert se stock kon wag nie.”

“Geert? Ek het nooit sy naam vir jou gesê nie.” Sy kyk hom agterdogtig aan. “Wat het Momberg als bygelieg?” vat sy ’n kans.

Gene kyk weg.

“Jake het background checks op julle gedoen.”

“Goeie fok. Moenie ons privaatheid respekteer nie. Waar het hy ’n internetkonneksie vandaan getoor?”

Hy sug.

“Hulle het ’n baie sterk sein aan die voertuig.”

“Hoe kan ondergronds só lyk? En ek moet jou wóórd vat oor wie jy is!”

“Dis... Jy’t dit seker nou uitgefigure. Dis hoekom ek gesê het...”

“Jy neem weer aan ek moet afleidings maak” – sy raak driftig – “maar ek weet fokkol van julle wêreld. Die enigste rede hoekom ek belangstel, is omdat jy onder my dak is.”

Hy sprei sy hande oop op die tafel.

“Ek is Gene Ludlow. Ek is ’n lid van Meconium – ’n groot anti-corp organisasie. Ek was undercover by SeedSci, maar dinge was aan die gebeur. Ek sou likely in die volgende maande expose word. Van die Meconium-leiers was bang ... Ek het ’n risiko geraak en hulle wou van my ontslae raak.”

“Dit is complicated,” sê Jemima. Sy’t genoeg gehoor. “Ek moet brood bak,” sê sy en draai om na die kaste.

“Ek sal sop warm maak.”

Gene haal twee blikkies uit ’n boks vol goed, gooi dit in ’n kastrol en gaan sit weer.

“Wat het hulle nog gelos? ’n Jaar se energiestafies?”

“Daar is ’n paar. Hulle het ’n nebulizer gelos. En ’n suurstoftekn.”

“Dis hoekom jy beter lyk.”

“En slaappille.”

“Jy’s net duskant gesond,” sê sy, die sarkasme trekkerig soos deeg.

“Ek sal dit hier los as ek gaan,” sê hy. “Die suurstofgoed.”

“Gaaf,” sê sy. “As die volgende SeedSci-corpse hier opdaag, sal ons uitgekit wees.”

Hy ignoreer haar.

“Hulle sal my op Vredendal by ’n dokter kan kry wat spesialiseer in stoflong.”

“Dis goed,” sê Jemima. “Ek is bly.” Sy is verlig dat sy opreg klink.

Jemima wys vir Gene hoe om die skottelgoed in ’n bak sand skoon te maak. Hulle het omelet en krapvleis en van die vorige aand se brood geëet. Sy’t genoeg van die whiskey wat Gene se redders gelos het in om ’n fok te voel. Sy draai na hom. Sy hoef nie nader te gaan nie. Haar borste is teen sy arm. Hy lig sy hande uit die bak sand en kyk na haar. Hulle gesigte is dieselfde hoogte. Hy kom vir haar nek, nie vir haar mond nie. Sy hande gaan teen haar rug onder haar h-top in. Dis skurf van die sand. Sy raak versigtig aan hom, bang sy maak sy vel seer. Dan trek sy haar eie klere uit – die h-top, die kortbroek, die panty – en gaan sit op die tafel, maak haar bene oop. Hy kyk na haar. Sy begin aan haarself vat. Hy kom nader, maak sy gulp los, laat sak sy broek en onderbroek. Om die gebrek aan intimiteit te respekteer, klim sy weer af, sonder om haar regterhand van haar klit af te haal, draai haar boude na hom.

“Kom net iewers anders,” sê sy.

Die volgende aand kom hy na haar bed toe.

“Raak ek vooraan?” vra hy in die donker.

“Nee,” sê sy.

Sy lig die dun laken van haar lyf af. Sy’t kaal gaan lê en draai haar rug na hom. Sy druk haar boude teen sy lyf wanneer sy sy styfheid teen haar voel. Sy wieg, vat sy piel vas en stoot dit by haar in.

“Fok dit,” sê sy na ’n rukkie.

Sy gaan sit bo-op hom sodat sý die loop kan bepaal. Net nadat sy gekom het, begin hy onder haar ruk en sy klim af, loop badkamer toe. Wanneer sy terugkom, het hy op haar bed aan die slaap geraak. Sy gaan lê op Geert se bed en staar na die dak.

“Hulle kom seker môre,” sê hy die volgende aand terwyl hulle aan tafel sit en kapoksoja en soja eet. Sy steek ’n vurk vol kos in haar mond en knik net.

“Net Bert sal hierdie keer kom. Hy’t my dood gaan uitsort.”

Jemima wil nie weet wat sy reëlins met die ekstremiste is nie.

“So jy gaan nie meer Gene wees nie,” sê sy tog.

“Nee. Bert sal seker vir my ’n spooknaam kry.”

“Wel, ek hoop jy bly weg van die stofland. Jou geluk hou dalk nie ’n tweede keer nie.”

Hy glimlag.

“Ek wens ek kon vir jou sê jy kan my kom opsoek as die shit die fan strike.”

Jemima wil lelik lag. Sy hou dit in.

“Maar ek weet nie waar ek sal wees nie. Ek weet nie wat my naam sal wees nie.”

“Jy weet nie óf jy sal wees nie,” sê sy. “Buitendien, die stof verder suid is nog te vervelig.”

Dalk is dit uit ordentlikheid dat hy homself wil verontskuldig. Dalk kan sy dit vir hom makliker maak.

Sou dit vreemd wees om dit te oorweeg?

“Kom ons gaan sit buite,” sê Gene wanneer hulle klaar is met die skottelgoed.

Hy loop vooruit na ’n gehawende bank wat Geert agter die barakke teen ’n muur gesleep het.

Gene gaan sit met sy kop agteroor teen die ruglening. Jemima gaan sit met haar bene opgetrek in die een hoek. Sy dink aan die volgende storm.

“Wanneer kom daar weer ’n storm?” vra hy.

“Die konneksie was vanmiddag onbruikbaar. My ma sal laat weet.”

Sy draai na hom.

“Wat is hulle idee met jou? Is dit dan nie die baas van Meconium wat jou van kant wou maak nie?”

Sy is spyt sy’t gevra. Dit was nie haar plan nie.

“Jake sal eendag die topman wees. Hy dink ver. Hy en Bert wil hê ek moet iets soos die checks en balances wees. Met insae in die inner workings. Ek en ’n baie klein span sort die ouens uit wat die cause verraai. Selfs base. Of ouens wat inkom onder false pretenses.”

“Dis gevaarlik.”

“Dis minder gevaarlik as undercover by SeedSci.”

Jemima bly stil.

“Waar kom jou ding met stof vandaan?” vra Gene, asof hy weet dis afgeskorte goed.

Het Jake se navorsing iets oor haar broertjie opgelewer? Dalk ’n artikel uit die *Gariiep Times* se argief oor die tragiese stofdood van Barend van Wyk?

“Dalk voel ek dis my plig omdat my longe immuun is,” sê sy na ’n ruk.

Hy bly eers stil. Sy dink: die stofding en die onsaadsinnigheid is een.

“Van wanneer af is jy op die weerstasie?” vra hy.

“Amper twee jaar.”

“Jy bly al te lank hier, Jemima.” Sy stem is sonder oordeel, eerder vol kommer, maar sy vervies haar.

“Fok jou,” sê sy. “Jy en jou ondergrondse organisasie. Julle is so vasgevang in die wêreld van korporasies en monopolieë dat julle nie die eindtye op julle tonge kan proe nie. Julle wil oorleëf. Teen alles in.” Haar stem is wrewelrig. “Vloed en stof is nie vir uitoorlê nie.”

Sy bly stil. Uit die hoek van haar oog kan sy sien dat hy met sy kop weer agtertoe geleun het. “Jy’s ’n ekspert sterrekyker vir een uit die sterrellose stad,” sê sy.

Hy draai sy kop na haar en lag uit sy maag.

“Jy’s ’n teef,” sê hy.

Sy ontspan, glimlag.

“Geitjie is die mooier woord. So het my ouma my geleer om vir die kinders by die skool te sê. En my ouma het copralalia gehad.”

“Wat?”

“Vloekpes.”

Hy leun oor en vat een van haar vlegsels, vryf dit tussen sy vingers.

“Die stowwerige tonge van ’n geitjie,” sê hy.

“Mooipratery val op klipore. As jy my naai, verstaan ek dalk iets.”

Hy kom nader. Wanneer sy mond na aan hare is, gaan sy af na sy gulp.

Jemima stap na die aluminiumtorings. Sy dra swaar aan die afgelope agt maande.

“Jemima!”

Sy maak of sy nie hoor nie. Haar ma is orig. Dis oor die hitte. Die vrouens in die kampe loop selde meer as agt maande. Haar ma sou haar op die bed vasbind as sy kon.

“Jemima, jy vat nie eers die onderste spoor nie!” skree haar ma.

Sy wil lag. Dis onnodig om haar ma so te tart. Hoeveel weke terug kon sy nog die eerste vyf spore uit? Net vir die entjie se uitkyk.

Dan sprei die nattigheid in haar panty. ’n Kramp laat haar amper struikel. Sy kyk terug. Wéns haar ma om nog in die deur te staan, maar hoeveel van haar stront sal die ouer vrou nog opvreet?

Sy gaan lê op haar rug. Wag vir die eerste krampe om verby te gaan.

Die kind skree.

“Daarsy,” sê die vroedvrou. “Jy’t jou ma se longe.”

Jemima voel bly. Sy was nie voor die tyd seker of sy wou hê die kind moet dit maak nie. Sy draai haar kop na die muur.

“Dis normaal,” sê haar ma waar sy tussen Jemima se bene was. “Om emosioneel te wees.”

Jemima antwoord haar nie.

“Wat roep jy hom?” vra die vroedvrou.

“Ek het nog nie sover gedink nie,” sê Jemima. “As dit ’n dogtertjie was, het ek haar Engela genoem.”

Haar ma kyk verbaas op. Jemima kyk weg.

“Nou moet ma die naam kies.”

Haar ma loop na die rooi bondel in die vroedvrou se arms.

“Barend?” vra haar ma, haar oë op die seun.

“Barend,” sê Jemima.

Hy pause die beeld. Die vrou is ouer en haar vel donkerder en growwer, maar verder is die ooreenkoms met Jemima so groot dat sy hart op sy maag druk en die ongemak hom laat opstaan. Bert het die documentary hier aangebring. Eintlik al drie maande terug. Toe hy ná die operasie heeldag in die bed moes lê. Maar toe het hy Mars Mission Seasons 1-4 gekyk of GalaxGuard gespeel en nooit by enige Meconium-stuff uitgekom nie. Hy’t homself afgegee. Nou is hy uiteindelik op die punt om Bert se

solderkamer vir die secret unit se nuwe quarters te verruil. Dis een van die laaste Meconium-funded films wat hy wil kyk: *The Walking Desert*. Sy copy sluit ook al die ekstra onderhoude en footage in – ’n soektog na leidrade oor die ligging van ’n skynbaar kosbare saadbank in die Noorde, die eintlike doel van die film.

En toe verskyn die vrou ewe skielik op die skerm met die naam onderaan gevries: Engela van Wyk. Hy gaan sit en druk Play. Die vrou is stokkerig voor die kamera en sy lyk kwaai. Sy is nie soos Jemima gebou nie. Die los rok hang sonder die bult van bors of boud. Sy dra ’n kappie wat haar gesig in skadu’s laat verdwyn wanneer sy nie reguit na die kamera kyk nie en haar seningrige hande speel met ’n getinte sweisbril.

“We try our best,” sê sy, “but we’ve lost a lot of seeds.”

“Engela, tell us, I look around and I see ... desert. How do you get anything to grow? It’s a miracle, right?” vra die aanbieder, ’n vrou in weathergear wat soos ’n cat suit pas.

“Amongst other things we use plants that evolved to survive in drought-ridden areas. We try to assist – if you like – in further adaptation so that some of the diversity that this part of the world once held has a chance of surviving.”

“Wow. Amazing.”

“Actually, no, we do it so that wé have a chance to survive.”

“So true. So true. Wow. Amazing. Such candour.”

Die scene word gecut en verskuif na ’n skemertoneel.

Die aanbieder fluister in haar voice enhancer: “We’re here at a little celebration that they put together for us especially. We had” – sy sit haar hand langs haar mond asof sy skinder – “some of us had a porcupine dish with some sort of porridge.” Haar mond trek skeef en sy maak haar oë groot. “Apparently it’s a once in a blue moon-treat. Now we’re waiting for the seed ceremony that they promised. Apparently we’ll séé some of the plants from their arsenal against a desert death – so far they’ve been very secretive.”

Die aanbieder draai na die vuur en die kamera verskuif sy fokus na ’n man met ’n ligbruin jean, ’n ligbruin t-hemp en ’n goiingjas wat die trom liggies slaan. Langs hom wieg ’n jong vrou in ’n wye ligbruinbont romp en ’n stywe langmou-h-top. Net bo haar oë sit ’n ou duikbril. Iemand begin praat en Engela van Wyk kom weer in die shot.

“Bettina showed up here a few years ago with her voice recorder and her paper notebook. She has recorded and written the stories of many of our precious seeds – lost and planted. Her words on our

ears are like the texture of the seeds between our fingers and our teeth. Specially for our guests tonight: she will show you the seeds that feed us, that heal us, that comfort the collective memory of loss and shortage.”

Die mense klap. Die vrou in die wye romp begin na die vuur beweeg. Sy gaan op een been, trek haar lyf krom, haar kop op haar bors, en lig haar arms asof sy vlieg.

“Dicoma schinzii. Kalahari koorsbos. Vaalplatblaar,” begin sy. “Wat die blouvalk se skadu oor die jongetjie val, moet die moedertjiema die gooie aan’t gang sit. Die slaplyfie sal voor julle kykgoed begint voël word. Arms sal fladder asof dit vanuit die doertes op die prooi kom toeslaan. En die donsies sal begin prik, eers op die armpies, dan die lyf.” Sy bly stil, draai na die mense agter haar en begin sagter praat. “Nou voorlat die eerste vere flap, moet die koorsbos se brousel al by die bekkie ingekry word. Vir die vel kan ’n mens ’n pap aanmaak of dit net so aansmeer en sommer so met die vaalplatblare die vere begraaf. O, wat die kleinding eers die lug so ge-uit het, hy vat moeilik weer die plattigheid. Maar die koorsbos – hy’s al wat só werk dat jy van hom kan praat.”

Die mense klap en fluit. Die vrou buig laag.

“That was one about one of our healing plants,” sê sy.

“Die NARA-eeen!” skree iemand.

“Nee, Oukossies!”

Die mense se lawaai vervaag en die aanbieder se stem word hoorbaar al kan ’n mens sien dat sy saggies praat waar sy nou ’n entjie van die vuur staan.

“And so we see what is install for us. We are long passed the time when stories can bring us together, but that’s one of the few things these people have left. And the only thing they are willing to share. This region – once known for its hospitality, friendliness and sharing – has been the victim of desertification on so many levels. These people walk with the desert, their stories and their secret seeds. Is this the package deal we can expect from fate?”

Dramatiese musiek begin en hy sit die film af. Die beeld van Engela van Wyk soos sy in die lig van die vuur staan, neem hom terug na die paar dae naby Verneukpan. Hy het eintlik al Jemima se gesig vergeet, maar nou is dit weer helder voor hom. Hy wens hy het hierdie film gesien voordat hy haar ontmoet het. Haar ding met stof maak nou sin. Sy’t dit gekies om die politiek van haar ma se lewende saad te vermy. Daar’s geen skaarsheid nie, geen geheime om te hou nie, geen versamelaars om te dodge nie. Dis oral en almal s’n en niemand wil dit hê nie.

Hoofstuk 8

Amper word eerste wakker. Die vuur brand en langsaan sit 'n ou vrou die sandmuur plat. Sy lyk ouer as 'n maramaknol. Haar mantel is grof en bruin en haar jurk is sag en gevlek soos haar vel: bruin en rooibruin en donkerder skakerings daarvan. 'n Fluit hang aan 'n belt om die vrou se middel. Op die belt is klein velsakkies waarby die vere van darts uitsteek. Daar is 'n velsak om haar lyf. Amper beseft sy staan en kyk na die vuur.

“Môre, kind,” sê die ou vrou. “Hier sit Engela van Wyk en sy bekyk jou vir tekens van haar komgeslag. Maar daar's later baie tyd. Julle moet eet.”

Sy sit 'n plat pot op die vuur.

“Foos.” Amper druk met haar voet teen hom. Die hitte is naby sy gesig. Hy kom regop en sy oë rek as hy die ou vrou sien.

“Wat julle die vuur aansteek, was ons darem bly,” sê die vrou. Sy roer iets papperigs in die pot. “Ek is Engela van Wyk, seun. 'n Tak in die meisiekind se vandaanstam. Wat is julle bogkinders se name?”

Amper se oë plooi nader aan mekaar.

“Wie is jy?” vra sy.

“Ek is jou oumagrooi. Jou pa Barend se Ouma Saad. Maar jou naam het ek nooit gehoor nie.”

“Ek is Amper. Ampersand.”

Die vrou lag. Peule wat ritsel; nie laag of hoog nie, net ritme.

“Dis daai onkruidsigte Jemima. Seker suur oor sý jou nie kon grootmaak nie. So 'n lang naam.”

“Jemima?” Die woorde van die eerste aand voor die Hardekraal Hotel: ‘Jemima Jafta, dogter van Engela van Wyk.’

“Ja. My dogter. Sy't jou toe nooit gesê sy was jou pa se ma nie?”

“Nee.”

“Seker beter. Met daai Momberg se dagga. Dit sou te gevaarlik wees om die sade ook nog met Jemima verbind te hê.”

“Ek het die sade ... Ek het dit geëet in Meconium. Met die see langs. Dis uitgeskei.”

Peule wat ritsel.

“Dan groei dit dalk,” sê Engela van Wyk. “Of nie. Koproliete vertel ook stories. Dis nie meer in ons hande nie. Jy sal namens die saad moet praat.”

“Ek verstaan nie. Ek verstaan nie hoe ek namens die saad moet praat nie en ek verstaan nie hoe Mevrouw Jafta my ouma is nie.”

“Eet eers kind. Eet en drink ’n bietjie.”

Die pap is sag en soet, maar dit stoot in Amper se keel op. Mevrouw Jafta is haar ouma. Sy het nog ’n ouma gehad, al die jare op Kieffmor, al die maande wat sy alleen was. Dis nie reg nie. Dis nie reg dat sy nie geweet het nie, want nou het sy nie reg gemaak of reg gedink nie. ’n Hand kom rus op haar rug.

“Kom kyk,” sê die vrou.

Sy teken op die sand. “Ek gaan nie te ver teruggaan nie. Ek’s ver genoeg. Engela van Wyk en Tertius van Wyk het twee kinders gehad: Jemima en Barend. Jemima van Wyk het ’n voorkind gehad, vernoem na haar oorle broertjie: Barend van Wyk. Jou ouma aan moederskant was Bettina Moeletsi. Haar man was Vincent Moeletsi en hulle dogter was Sonjie. Nou Sonjie Moeletsi en Barend van Wyk het so met die Hardskip saam verlief geraak en saamgekom en hier sit jy: Ampersand.”

Nadat Foos klaar geëet het, fluit Engela van Wyk. Twee mans wat ’n ent verder op die rotse gesit het, kom nader.

“Ons het ’n slee met donkies anderkant dié rotsuitspoegsel. Ons kan soveel rus as wat nodig is.”

Die twee mans stap vooruit. Amper se sokkies is nat in haar skoene en haar groottoon klop. Dit voel of sy Foos en die ou vrou terughou. Die vrou loop stadig, maar haar treë is wipperig.

“Hoe oud is jy?” vra Amper.

“Oe, kind. Wie hou by met die jare. Negentig?”

“Sjoe.”

“Het Bettina jou ooit die storie van die kanniedood vertel?”

“Ja.”

“Daai storie het sy vir my geskryf. Sy’t jou al die stories geleer?”

“Ek het die boek ... Die boek is weg.”

“Ek weet nie van ’n boek nie,” sê Engela. “Kén jy die stories?”

“Ja. Ek het. Dit kom weer terug.”

“Dit was die groot ding tussen Bettina en Jemima. Bettina het in die krag van die stories geglo. Jemima het dit geminag.”

“Ja,” is al wat Amper sê. Mens kon dit sien, dat Mev. Jafta ’n lot goed minag. Sy gaan sit op ’n rots om te rus.

“Wat was die eerste storie wat jou ouma jou geleer het?” vra Engela. “Kan jy onthou?”

Die eerste Dust Girl-storie, wil Amper sê, maar die wals begin draai: Saad-skie-ter. Saad-skie-ter.

“Die profesie van die saadskieder.”

“Aaa. Jy moet dit vertel.”

“Nou?”

Twee donkies draf. Hulle pote bly in die nat sand agter. Daar is ’n briesie, maar sy en Engela sit onder ’n velkometers en die soutigheid kom pak op haar lippe saam. Foos sit agterop – sy voete in die lug om nie op die grond te sleep nie.

“Die profesie. Hoe gaan die profesie van die saadskiet?”

“Só,” sê Amper, en haal haar hande onder die velkometers uit sodat sy kan begin.

Fosfor. Bamboes. ’n Seemeeukarkas waarin Staple ontbind.

“Die geweene wat uit die aardplaneet opgewarrel het, was flenters. Sy’t haar laaste kragte bolling getrek en vir Melkweg laat weet: ‘Die stof-tot-stof het alles stof gemaak. As die kosmos my eien as ’n taailing – sê ek smee vir een seisoen se stersaad.’ Die melkweg het sy kop geskud. Het die groen suster dan nie geweet dat die res van die Melkweg ’n dorswêreld was nie? Maar hy’t niks gesê nie. ’n Ruk daarna het ’n komeet verbygekom. Die komeet het ’n stuk van sy stert losgeskrik vir die gesig van die aardplaneet. Hoe kon sy in een-en-sewentig jaar soveel verander het? Die losgeskrikte komeetstof het ’n maalkolk op die aarde se oppervlak gemaak. Van naby en van ver het dit sade aangetrek: sade wat vlak in die grond gelê en wag het, sade wat al diep in die mantel afgesak het. Die maalkolk het ’n boom geword. Die boom van saad en nie-saad. Die boom het ’n mens geword. Mens van saad en tot saad. Die boommens het aangestap. Die takhaarmens het swaar gedra aan die tonge van miljuisende spesies. Sowat van blomme en peule en vrugte. Die saadskiet se las het ligter geraak soos wat sy aangestap het en toe sy by die laaste uithoek van die aardplaneet aankom, het sy weer ’n boom geword en wortelgeskiet.”

Engela se wange is nat. Sy raak aan Amper se hare.

“Die takhaarmens het swaar gedra aan die tonge van miljuisende spesies.” Sy vat Amper se kop in haar hande en soen haar op die voorkop. “Kind, jy hoef nie meer so swaar te dra nie.”

Hoofstuk 9

Die slee stop by die punt van die baai en hulle klim met die rotse op land se kant toe. Hulle loop 'n paar honderd meter en kom om die punt van 'n sekel kleihuse – boep na die binneland. See se kant en noord van die sekel is make-shift wonings soos wat Amper nog nie gesien het nie. 'n Matjieshut bo-op 'n boksvoertuig, 'n laslappientent agterop 'n bakkie, 'n rietdak met klei geseël bo-oor motorbandmure. Oral pêtse tuin. Suurvygies, skilpadbessies, 'n noemnoembos. In die middel van die strukture is 'n groot kookskerm van bosse, klei en klip wat oor die see uitkyk. 'n Ou vrou kom nader gehardloop.

“Ja-nee, dis Sonjie se kind. Kyk die oë.”

“Trui, sal jy 'n kommetjie ontsmetwater bring, seblief man? Ek vat haar Diepaarde toe,” sê Engela.

“Hugo!” roep sy 'n seun nader, “dis Foos. Wys hom rond.”

“Ek moet gaan lyf wys by pedaalkrag,” sê die Hugo.

“Maar vat hom saam. Moet net nie laat hy trap nie – hy's aan die dun kant.”

'n Ent verder is 'n ronde kleiskuur en 'n ondergrondse gebou waarvan die plantdak 'n heuwel maak. Hulle gaan af met trappe. “Diepaarde” staan op die deur.

“Ons moet daai voet ontsmet kry,” sê Engela. “Laat jy by die getal is as die feestlikheid begin. Jy hoor mos hoe woed dit.”

Hulle gaan by die eerste vertrek in. Engela wys sy moet op 'n bed gaan sit.

“Watse plek is dit?” vra Amper.

“Die siekekamer.”

“Nee, ek meen die hele plek.”

“Ikabod. Waar ons leef asof die einde gekom het en daar nooit weer 'n begin sal wees nie.”

Trui kom in met 'n bak water, 'n dogter saam met haar dra nog een.

“Warm én koue water,” sê Trui. “Goed vir óp voete.”

Engela was haar voete. “Dit gaan brand,” sê sy. Sy laat drup 'n deurskynende vloeistof op die stukkende toon. Amper voel niks. Sy ruik net. Boegoebrandewyn.

“Ons draai albei voete in kanferlappe toe en jy vat 'n sluk van dié: dis vir jou maag en somer vir slaapmaak,” sê haar oumagrootjie.

Haar tongbrein ruik en proe die vloeistof al die pad na 'n storie. Ke-oe-ke-e-makranka.

Amper word wakker van Engela wat haar toon verbind.

“Trek dié aan,” sê sy. “Dis my feesrok. Sonjie het dit aangehad toe sy en jou pa mekaar gevat het. Mens kan nie loskom in ’n Meconium-pantser nie.”

Die rok se boonste laag is motgevreet, maar die romp het drie sagte lae van skakerings groen. Die gehekelde moue kom tot by Amper se kneukels.

“Vat maar die baadjie saam. As die dag afslaan, raak dit koud.”

Die ander kinders in die ry is jonger as Amper, maar sy gee nie om nie. Haar beurt kom en sy klim op een van vier kruiwaens met een groot wiel in die middel en ’n seil wat bol staan in die wind.

“My ouma het hierdie seil gemaak,” sê die kind wat haar stoot. “Vir hoeveel jarre moes almal lappe bymekaarmaak. Maar sy’s die mooiste, nè?”

Amper knik wild. Dis ’n laslappieseil met vier blokke waarvan die kleure soos somer, herfs, winter en lente lyk. Seisoene van voor die Hardskip. Die ander seile is effe geel, blou en rooi. Die meisie begin spoed optel. Hulle gaan tot by ’n ry motorbande waarin kruie en grasse groei, laat sak die seil en draai om. Foos staan by die opklimplek. Dis Amper se beurt om te stoot en hy klim op.

“Hie-ha!” roep Foos. Die seil dryf hulle vorentoe. Amper stoot nie – sy word saamgetrek en dit voel of die wa gaan opstyg. Dit bots teen ’n plat band en Foos trek deur die lug.

“Etter!” sê sy.

Musiek begin by die kookskerm speel. Grond. Gekneusde kruisement. Gate in Mec-gear. Stukkende knieë. Foos skud sy klere af.

“Waar was ons brieke?” vra hy. Hy klink nie kwaad of verleë nie.

“Jammer, Foos.”

“Ek sal terugstoot,” sê hy.

Die son is byna onder en die lug lyk soos ’n kokerboomstam.

By die kostafels is daar ’n gedruis van reuke. Ligte gaan bo die gedrom aan. Grypkos is wilde agurkies en agorkies uitgepak op suurvyblare. Rondom ’n ronde tafel hardloop die kinders op die maat van bekfluit- en trommusiek. Die musiek stop en elkeen lig die groot skulp waarby hy te lande kom op, en kies ’n lekkerding daaronder.

“Aaa!” gil die een, “iemand het vir my die noem-noem gelos!”

“Ek het ’n suigstokkie!” roep ’n ander een.

Vyf gegote yster- en kleipotte word van die vuur na verskillende tafels gedra. Iemand stop vir Amper ’n skilpaddop in die hand. Van die ander mense eet uit blik, porselein, skulp, onkenbare holgoed. Foos

het 'n glasblaar gekry. Die skeppe is klein, die kouery stadig en almal beweeg en gesels tussen die potte.

“Jy mág maar, Walter,” sê iemand vir die lang man agter 'n vleispot. “Mens sou sweer daar's meer as 'n gedagetjie vleis by hierdie groente.”

Die kos is ryk en geurig. Daar's uintjies in melk gestoof. Marog met vet en heuning.

“Amper, Foos,” roep Engela. Sy sit gehurk langs 'n vuur. “Kom kry askoek!”

Sy breek vir elkeen 'n stuk af en stuur 'n potjie konfyt om. “Ons bêre hierdie kooksel van Trui al van die lente af,” sê sy.

Terwyl grootmens en kind met 'n stuk askoek rondstaan, word 'n lot kleipotte aangedra. Grootmense jil. Die orkes raak groter: makeshift instrumente voeg hulle by die tromme en bekfluit. 'n Boog en ander goed met snare, verskillende ratels, 'n regte fluit van dieselfde PVC-pype waarvan Amper die tekstuur ken. Nou's dit glase wat uitgehaal word. Amper en Foos kry elkeen 'n gooisel van iets. Foos trek sy gesig. “Dis gif,” fluister hy vir Amper. “Iemand hier kan stook.”

“Daai's dalk vir die oudstes,” sê Engela. “Loop kry eerder vir julle van die bier.”

Engela knip Amper se dreads een vir een af. Die snare en die tromme raak stil. Gryses – maar nie Engela nie – lig die haarlokke na die gooie se verhemelte en dans daarmee. Die digte matstringe word oopgeknip. Saad ratel in die kapsules en die tromme val in. Dis veilig. Die saad is veilig. Amper het gedog die saadskierter was haar ouma se manier om die saad die begin en einde te maak en haar aan die saad te verbind. Nou is sy bly dit was 'n leidraad, eerder as 'n profesie. Profesieë verbind; leidrade loop verder.

“Bettina Storie se kleinkind is tussen ons,” sê Engela.

Amper se lyf wieg, haar lyf is vol en haar neus is vrede. Sy voel kaal sonder haar hare maar dis die tonge van haar ouma se stories wat moes loskom.

“Aloe variegata, partridge breast aloe, kanniedood, bontaalwyn.” Sy buig haar kop vir 'n paar sekondes en begin dan met haar lyf en haar gesig beweeg. “Die mense het haar Bitterbloed begin noem. Nie 'n muskiet of 'n vlieg of 'n koorsigheid het aan haar vat gekry nie. Toe die tyd kom om die Kanniedood in haar hut te hang, het dié woes aan't blaarstoot en blom gegaan. Was van haar voormense dan aalwyne? het die mense gevra. Sy't man gevat, die huis het vol kinders geraak en steeds was die Kanniedood se wortels soos uitgesteekte tonge in die lug: tartend teenoor die tydelikheid. Toe Bitterbloed se kinders en van dié se kinders al begrawe gelê het, het haar opheid uiteindelik die dood voel aankom. Sy't die

Kanniedood afgeruk en daarmee vlak toe geskuifel. ‘Dis nog nie tyd nie, Ouma Bitterbloed,’ het die jonges haar gekeer, ‘maar wanneer dit is, sal die Kanniedood op Ouma se graf groei en Ouma in die ewigheid wortel.’ Bitterbloed se oë het soos spreu-eiers in haar kop gaan staan. ‘My hele lewe lank vloei die vrees dat ek nooit gaan vrek nie saam met die aalwynbloed deur my hersings. Verbrand die Kanniedood voordat hy weer my rus verwilder.’ ’n Meisie het agterlangs die plant wat blomloos in haar hut gehang het, vir Ouma Bitterbloed s’n verruil. Die Kanniedood het nooit weer geblom nie, maar hy’t ook nie gevrek nie. En niemand kan sê wat aan die anderkant met Bitterbloed gebeur het nie.”

Die musiek begin weer. Amper kyk na die mense om die vure. Foos sit oorkant. Sy oë is toe van moegheid en bier. Daar is ’n groot gemis in haar derms. Die gemis na ouma Bettina ken sy. Die gemis na Jemima Jafta is verwarrend. Ander stukke van die gemis maak haar skaam. Maar vir die eerste keer in ’n lang tyd voel dit vir haar of haar innebor weer sy lê in haar lyf gekry het. Dalk sal sy in Ikabod bly, of dalk gaan sy na waar die sade onder die grond vir die stories lê en wag.

Bronnelys:

Vergelyk die storie van *Datura Stramonium* (bl. 225) met die Zuñi-Indiese legende in Schultes, Hofmann & Räscht (2001:106); die storie oor die Kalahari koorsbos (bl. 265) met die verwysing na 'n San-legende in Van Wyk & Gericke (2000:144); die storie oor die *Aloe variegata* (bl. 271-272) met die kulturele gebruike daarvan soos opgeteken deur Werner Voigt (2008: <http://www.plantzafrica.com/plantab/aloevariegata.htm>).

Die abstrak van Jemima se artikel (bl. 249) stem grootliks ooreen met die abstrak van die volgende bron:

Gillies, J.A., Nickling, W.G. & McTainsh, G.H. 1996. Dust concentration and particle-size characteristic of an intense dust haze event: Inland delta region, Mali, West Africa. *Atmospheric Environment*, 30 (7): 1081-1090.

Boeke en webtuistes wat meermale geraadpleeg is, sluit in:

Coetzee, Renata & Volker, Miro. 2009. *Koekemakranka. Khoi-Khoin-Kultuurgoed en Kom-Kuier-Kos*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Schultes, R.E., Hofmann, A. & Räscht, C. 2001 (1998). *Plants of the Gods. Their Sacred, Healing, and Hallucinogenic Powers*. Lucerne: EMB-Service for Publishers.

Van Wyk, Ben-Erik & Gericke, Nigel. 2000. *People's plants: A Guide to Useful Plants of Southern Africa*. Pretoria: Briza Publications.

<http://www.plantzafrica.com/>

<http://www.biodiversityexplorer.org/>